

Die invloed van verwerping op 'n individu se Godsbeskouing – 'n pastorale verkenning

D Geldenhuys 25750178

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir
die graad *Magister Artium* in Pastoraal aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr P A Rousseau


Medestudieleier: Dr R A Denton

November 2016

Studentenommer 25750178

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Daphne Geldenhuys, die ondergetekende dat die verhandeling getitel, *Die invloed van verwerping op 'n individu se Godsbeskouing – 'n pastorale verkenning*, wat ek hiermee by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, indien ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste van die Magister Artium in Pastoraal my eie werk is, dat dit volgens die vereistes taalversorg is, en nie reeds by 'n ander universiteit ingedien is nie.




Daphne Geldenhuys


VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Clarina Vorster (ID: 710924 0034 084),
Taalversorger en Vertaler en lid van die Suid-Afrikaanse
Vertalersinstituut (SAVI lidnommer 1003172) dat ek die verhandeling
van me D Geldenhuys van die Noordwes-Universiteit (studentenommer:
25750187), taalkundig versorg het.

Titel van die verhandeling: Die invloed van verwerping op 'n individu se
Godsbeskouing - 'n pastorale verkenning



C Vorster



Datum

(BA (1992), NDBI (1993), Hons Translation Studies (2015))

La Rochellestraat 17
Berg-en-Dal
WELLINGTON
7655

22 Maart 2017

HEIL DIE LESER:

Hiermee bevestig ek dat hierdie verhandeling van Daphne Geldenhuys na die beste van my vermoë taal- en tekshanteer, geproeflees asook tegniese versorg en herverpak is, insluitend voorstelle vir herformulering en stilistiese veranderings.

Ds Claude Vosloo
Taal- en kennispraktisyn en konsultant

South African Translator's Institute reference no: 100 2432
Associate Member of PEG (Professional Editor's Group)

Kreatiwiteitshuis/Home of Creativity
<http://homeofcreativity.co.za/info>

Home of Creativity LTD 

Don't think outside the box, reinvent the box

ERKENNING

Mense verwys nie sonder rede of toevallig na verwerping as moontlik die grootste oorsaak waarom vele met persoonlikheid- en verhoudingsprobleme worstel nie. Sommige persone bevind hulle in hierdie onbenydenswaardige omstandighede. Vele van hierdie mense het ook nog te kampe met iets wat selfs erger kan wees as die ervarings waaraan hulle blootgestel was of dalk steeds is. Die verdere gevaar is die begrip of beskouing wat hulle van die Here met hulle saamdra, deur die genoemde verwerping aangetas is. Sodanige omstandighede was die dryfveer vir hierdie studie.

Sonder die volgende bystand sou die studie nie 'n werklikheid kon word nie. Ek betuig my opregte dank aan die volgende:

My hemelse Vader wat my in staat gestel het. Ek is bevoorreg om Hom as Reisgenoot te kon hê om hierdie studie te voltooi. Aan God al die eer en lof vir die uitsonderlike manier waarop Hy my lewensreis gerig het. Hy het my daagliks deur sy Woord geïnspireer en gelei om my akademies beter voor te berei vir my roeping om persone by te staan wat verwerping ervaar het en wie se Godsbeskouing daardeur geraak is. As hierdie gene gehelp kon word om, deur die werking van die Gees met God se Woord in hul lewe, hulle identiteit in Christus te vind, beskou ek hierdie harde werk meer as beloon.

My studieleiers, drr. Pieter Rousseau en Rudy Denton, het my deurgedra met hulle positiewe gesindheid en aanmoediging, geduld, wyse kommentaar, telefoongesprekke en onontbeerlike leiding. Baie, baie dankie.

Dankie aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, en in besonder dié van die Teologiese-biblioteek, vir die professionele diens en buitengewone hulpvaardigheid. Die hulp van hierdie personeel onder leiding van Mev. Hester Lombard het dié studie makliker help maak.

Die Noordwes-Universiteit vir finansiële bystand. Clarina Vorster vir haar grondwerk van die taalhantering en haar insette asook ds. Claude Vosloo vir die finale taal- en stylversorging asook voorstelle vir tegniese afronding.

Dankie aan my huisgesin vir julle ondersteuning, bemoediging, verdraagsaamheid, gebed en begrip in tye toe ek dit so nodig gehad het. Sonder julle opoffering, bystand, insette, raad en geduld sou hierdie werk nie afgehandel kon word nie.

Aan my vriende en familie vir getroue voorbidding, aansporing, inspirasie, belangstelling, telefoonoproepe en insette tydens hierdie studie: julle hulp en bystand was onmisbaar.

Opregte dankie aan dr. Gafie van Wyk wat deur die jare van studie my met inligting, kennis, wysheid en raad bygestaan het. Sy vriendelikheid en behulpsaamheid as ek vasgedraai het, was onontbeerlik.

Laastens die respondente wat inderwaarheid my medenavorsers is: sonder julle was daar nie 'n studie nie. Julle insette kon my laat ontdek wat gebeur met iemand wat verwerp is of word se Godsbeskouing. Innig dankie dat julle bereid was om julle lewensverhale te vertel, julle hart teenoor my oop te maak en julle seer met my te deel. Dit is 'n voorreg om elkeen van julle te ken en saam met julle te kon werk. Vir hierdie samewerking is my gebed dat die resultate in die Here se hand bruikbaar sal wees om mense wat dieselfde as julle moes ervaar, se beskouing van God na sy Woord toe sal laat terugkom.

OPSOMMING

*Hy was verag en deur die mense verstoot,
'n man van lyding wat pyn geken het,
iemand vir wie die mense die gesig wegdraai.
Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.*

Jesaja 53:3: NAV

Verwerping – daardie liefdelose verskynsel dat mense ander verstoot – is nie iets nuuts nie. Die meeste mense kan in mindere of meerdere mate iewers in hulle leeftyd verwerping ervaar. Hierdie beleving is selfs nie ongekend tussen Christengelowiges nie. Ten spyte van die tweede gebod oor liefde vir ander soos 'n mens jouself in elk geval liefhet, bly verwerping 'n tragiese werklikheid. Hierdie misdryf word tereg beskou as die algemeenste oorsaak van emosionele ontwrigting by mense. Iemand wat verwerping ervaar, se gedagtes en gevoelens word in so 'n mate geraak dat daardie persoon se emosionele gedrag, verhouding met die self, met ander en uiteindelik ook met God, daaronder ly.

Mense reageer emosioneel verskillend op hierdie liefdelose optrede van ander. Sommige word oorpresteerders, wat onrealistiese hoë eise aan hulleself en ander stel in hul poging om aanvaarding te verwerf. Ander stel eise en verwagtings aan God: hulle wil weet waarom die verwerping hulle oorkom; nog ander verwag dat God hulle uit daardie omstandighede moet red. 'n Ander reaksie van emosioneel verwonde persone is 'n oorsensitiwiteit of veeleisende manipulerings waardeur hulle ander misbruik om hulleself gelukkig te hou. Die algemeenste reaksies op, of hantering van, verwerping is om *die* "siele-seer" agter voordoens-maskers te probeer wegsteek of emosionele pyn te onderdruk en mense op 'n afstand te hou. Verworpenes vertrou ander moeilik.

In hul verhouding met hulleself beleef mense wat onder verwerping gebuk gaan dit as erg verwarrend. Hierdie ervaring kan 'n sterk invloed uitoefen op verworpe persone se bewuste omgewing, denke, beskouing van God, hulleself en ander asook van godsdiens. Die mees ingrypende gevolg is egter dat dit 'n uiters negatiewe uitwerking kan hê op hoe so 'n persoon oor God dink, of God beskou.

Waarskynlik die ergste vorm van verwerping geskied deur diegene die naaste aan die individu, hulle eie mense (ouers, gesinslede, familie). Juis in daardie ruimte waar die persoon die

beskerming, aanmoediging en omarming van geborgde liefde moes ervaar, word hulle hierdie ondersteuning ontnem.

Wanneer mense van kleins af verwerp word, kan dit lewenslank 'n invloed hê op hulle psigiese funksionering. Dit kan meebring dat hulle óf geen godsdienstbewussyn ontwikkel nie óf dat hulle die een of ander tyd vir God blameer en glo dat God hulle ook in die steek sal laat. Eindelik word 'n verwerpe persoon iemand wat ander, ook vir God, verwerp.

Die empiriese ondersoek met mense wat verwerping ervaar het, het nagegaan op watter *manier* en in watter *mate* hierdie ervaring die respondente se beskouing van God beïnvloed (het). Die ondersoek het sonder uitsondering aan die lig gebring dat verwerping mense se Godsbeskouing nadelig raak. In gevalle waar mense tydens of vanaf die vroeë kinderjare verwerping beleef het, het 'n beskouing van God gevorm wat strydig met die Woord se openbaring is, met ander woorde, ontoepaslik. Daarteenoor is mense wat in 'n geborge gesinsomgewing gekoester is en later in hul lewe deur die trauma van verwerping moes gaan, se Godsbeskouing wel beïnvloed, maar dit het nie tot vervreemding van God gelei nie.

Die huidige studie is vanuit 'n pastorale paradigma benader. Gevolglik was die navorsing ook daarop ingestel om perspektiewe uit die Skrif aan te dui en toe te pas waardeur verwerpe persone tot 'n Bybelse beskouing van God begelei kan word. Die feit dat die mens na die beeld van God geskep is, is 'n kragtige waarheid om mense hul unieke identiteit te laat insien. Aangesien God die mens eerste liefgehad het, en hierdie liefde onvoorwaardelik is, kan individue deur 'n herstelde verhouding met God hierdie pyn van verwerping oorwin. Só 'n herstelde verhouding gee mense helderder begrip vir die ruimheid van God se liefde en goedheid (Ef 3:17-18).

Soli Deo gloria

Sleutelwoorde:

Verwerping, Godsbeskouing, Godsbeeld, verwerpe persone, godsdienstigheid, pastorante

ABSTRACT

*He was despised and rejected and forsaken by men,
A Man of sorrows and pain, and acquainted with grief and
sickness; And like One from Whom men hide their faces He was
despised, and we did not appreciate His worth or have any
esteem from him.*

Isaiah 53:3, AMC

Rejection, a loveless phenomenon of people spurning others, is nothing new. Most people may experience rejection to some degree in their lifetime. This experience is also not unfamiliar amongst Christian believers. Despite the second commandment demanding love for others as one normally loves oneself, rejection remains a tragic reality. This misconduct is rightly considered as one of the most common causes of emotional disruption. When people experience rejection, their thoughts and emotions are impacted to such an extent that these individuals' behaviour, relationship with themselves and others, and ultimately, with God, suffer.

Emotionally, people respond differently to a loveless behaviour by others. Some become over-achievers: setting unrealistic goals for themselves and for others in their attempt to gain acceptance. Some will make demands and expectations to God: they want to understand why they are being rejected; others expect God to deliver them from their situation. Another reaction to rejection is hyper-sensitivity and an imposing manipulation by misusing others to keep themselves content. The most common response in dealing with rejection is trying to conceal their inner hurt by pretending all is well, repressing emotional pain and shutting people out. Rejected people find it hard to trust others.

In their relationship with themselves, people suffering rejection, experience it as highly confusing. This experience may impact a person's conscious environment, thoughts, perceptions of God, of themselves and others, as well as religion. The most far-reaching outcome is possibly an utterly negative impact on the way the rejected person thinks about God, or views God.

The worst form of rejection probably occurs from the people closest to the individual (parents, family members, relatives). The sphere in which everybody actually should feel protected, experience encouragement, and enjoy the embrace of secure love, they are deprived of this support.

When people are rejected from an early age, it can have a life-long impact on their psychological functioning. This may hamper them from either developing a religious consciousness, or in time cause them to blame God and expect that God will also leave them in the lurch. Eventually, a rejected person turns into someone who rejects others, even God.

Empirical research involving people who suffered rejection, examined in what *manner* and to which *extent* the rejection influence(d) respondents' view of God. Without exception, the investigation showed that rejection negatively impacts a person's view of God. In cases where people suffered rejection at or from an early age, they formed an understanding of God that conflicts with the Biblical revelation (i.e., inappropriate view). Conversely, people who were nurtured in a secure family environment and had to suffer the trauma of rejection at a later stage in life, found their view of God was influenced, but it did not lead to alienation from God.

The present study was approached from a pastoral paradigm. Therefore, the aim of the research was to indicate and apply Biblical viewpoints to guide rejected persons to embrace the Biblical view of God. The biblical truth that humans were created in God's image, is a powerful means helping people realise their unique identity. The fact that God loved human beings first, and this love was unconditional, can restore individuals to a relationship with God that overcomes the hurt of rejection. Such a restored relationship promotes clearer understanding of the limitlessness of God's love and of His goodness (Eph. 3:17-18).

Soli Deo gloria

Key terms:

Rejection, Godview, image of God, rejected persons, religiosity, pastorants

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	I
ERKENNING	IV
OPSOMMING	VI
ABSTRACT	VIII
HOOFSTUK 1.....	1
INLEIDING TOT DIE NAVORSING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 NAVORSINGSTITEL	2
1.3 ORIËTERING	2
1.4 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	3
1.4.1 Agtergrond	3
1.4.2 Probleemstelling	4
1.4.3 Stand van navorsing	4
1.4.4 Motivering vir keuse van navorsingsarea	6
1.5 NAVORSINGSVRAAG	6
1.5.1 Vrae wat uit die navorsingsvraag spruit	7
1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE	7
1.6.1 Doelstelling	7
1.6.2 Doelwitte	7
1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	8
1.8 METODOLOGIE	8
1.8.1 Beskrywend-empiriese taak	10
1.8.2 Interpreterende taak	11
1.8.3 Normatiewe taak	11
1.8.4 Pragmatiese taak	12
1.9 ETIESE ASPEKTE	12
1.10 DEELNEMERS AAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	12
1.10.1 Deelnemerprofiel	12
1.10.2 Aantal deelnemers	13
1.10.2.1 Demografiese profiel van deelnemers	13
1.11 AKSIES EN BEVOEGDHEID VAN DIE NAVORSER	14
1.11.1 Kwaliteit van navorsing	14
1.11.2 Publisering van inligting	15
1.12 HOOFSTUKINDELING	15
1.13 BIBLIOGRAFIESE GEGEWENS	16
HOOFSTUK 2.....	17
BESKRYWEND-EMPIRIESE TAAK.....	17
2.1 INLEIDING	17
2.2 EMPIRIESE NAVORSING	19
2.2.1 Doel van die empiriese ondersoek	19
2.2.2 Metodologie van empiriese navorsing	20
2.3 NAVORSINGSMETODE	20
2.3.1 Keuse van navorsingsontwerp	21
2.3.2 Analise en interpretasie van die navorsingsontwerp	21
2.3.3 Navorsingsparadigma	22
2.3.4 Kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese ondersoek	22
2.3.4.1 Die voor- en nadele van kwalitatiewe navorsing	23

2.3.4.2	Die plek en rol van die navorser in die kwalitatiewe benadering	23
2.3.4.3	Beskrywende navorsing	24
2.4	ETIEK IN NAVORSING	24
2.4.1	Etiese riglyne	24
2.4.1.1	Inligting aan die deelnemers	25
2.4.1.2	Vrywillige deelname en ingeligte toestemming	25
2.4.1.3	Reg tot privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid	26
2.4.1.4	Geen nadeel vir deelnemers	26
2.4.1.5	Potensiële risiko en ongemak	26
2.4.1.6	Potensiële voordeel vir deelnemers	26
2.4.1.7	Vergoeding	27
2.5	METODOLOGIE VAN DATA-INSAMELING	27
2.5.1	Gevallestudie	27
2.5.1.1	Doel van 'n gevallestudie	28
2.5.1.2	Keuse van gevalle.....	28
2.5.1.3	Getal deelnemers.....	28
2.5.1.4	Skending van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid	29
2.5.2	Selfpersepsieskaal en pastoraal-semantiese differensiaalanalise	29
2.5.2.1	Gestandaardiseerde selfpersepsieskaal.....	29
2.5.2.2	Pastoraal-semantiese differensiaalanalise	30
2.6	DATA-ANALISE	32
2.6.1	Data-analise en interpretasie	32
2.6.2	Rapportering van data	33
2.7	EMPIRIESE BEVINDINGS.....	34
2.7.1	Inleiding.....	34
2.7.2	Deelnemers se besonderhede.....	34
2.7.3	Onderhoude.....	35
2.7.3.1	Doel van onderhoude.....	35
2.7.3.2	Die onderhoudskedule	35
2.7.3.3	Semi-gestruktureerde een-tot-een-onderhoude.....	36
2.7.4	Datagroepering	37
2.7.4.1	Hoofteema 1: Verwerping	39
2.7.4.1	Hoofteema 2: Gesinsverhoudings	47
2.7.4.2	Hoofteema 3: Selfkonsep	49
2.7.4.3	Hoofteema 4: Godsbeskouing	53
2.8	SAMEVATTING	60
2.8.1	Die wyse waarop (hoe) verwerping 'n Godsbeskouing kan beïnvloed	61
2.8.2	Die graad waartoe (hoedanig) verwerping die Godsbeskouing beïnvloed	62
HOOFSTUK 3.....		64
INTERPRETERENDE TAAK.....		64
3.1	INLEIDING	64
3.1.1	Doelstelling	65
3.2	DIE INTERPRETERENDE TAAK	66
3.2.1	Teoretiese raamwerk.....	67
3.3	LITERATUUR VANUIT DIE AANGRENSENDE VAKWETENSKAPPE	67
3.4	WAT IS VERWERPING?.....	68
3.4.1	Etiologie van verwerping	69
3.4.2	Definiëring van verwerping.....	69
3.4.3	Hoe geskied verwerping?.....	70
3.4.3.1	Die basiese behoefte van die mens	70
3.4.3.2	Wanneer verwerping voorkom	70
3.4.3.3	Verwerping deur ouers.....	71
3.4.3.4	Verwerping deur ouers se woorde, dade en aangewakerde skuldgevoelens	73

3.4.3.5	Verwerping deur die grootouers	77
3.4.3.6	Verwerping deur 'n onderwyser	77
3.4.3.7	Verwerping deur portuurgroep	77
3.4.3.8	Verwerping deur kollegas.....	78
3.5	GESINSVERHOUDINGS	78
3.5.1	Funksionele gesinsverhoudings.....	78
3.5.2	Disfunksionele gesinsverhoudings.....	79
3.5.3	Onderlinge gesinsverhoudings.....	80
3.5.4	Patologiese gesinsverhoudings	80
3.6	DIE ONDERBEWUSSYN SE ROL	81
3.6.1	Breinontwikkeling.....	81
3.6.2	Die onderbewussyn	82
3.7	SELFKONSEP	83
3.7.1	Negatiewe innerlike belewenis.....	84
3.7.1.1	Vrees (innerlike onsekerheid).....	84
3.7.1.2	Skuld.....	85
3.7.1.3	Skaamte (nikswerd/waardeloos)	85
3.8	FASETTE VAN 'N GODSBESKOUING	86
3.9	PERSPEKTIEWE OP DIE BEGRIP "GODSBESKOUING"	87
3.9.1	Teologiese perspektief	87
3.9.2	Psigologiese perspektiewe.....	87
3.9.2.1	Geloofontwikkelingsteorie.....	88
3.9.3	Sosio-maatskaplike perspektiewe.....	96
3.10	PASTORALE DIAGNOSE EN DIE ONTWIKKELING VAN GELOOF	97
3.11	GODSKONSEP	97
3.11.1	Die vorming van Godskonsepte	98
3.11.2	God as bindingsfiguur.....	99
3.11.3	Die <i>manier</i> waarop verwerping die mens se Godsbeskouing beïnvloed	99
3.11.4	Die <i>mate</i> waarin verwerping die mens se Godsbeskouing beïnvloed	100
3.12	SAMEVATTING	101
HOOFSTUK 4.....		102
NORMATIEWE TAAK		102
4.1	INLEIDING	102
4.2	METODOLOGIE	104
4.2.1	Metodologiese vertrekpunte: werklikheidsbeskouing	104
4.2.2	Benaderings vir interpretasie: normatiewe fase.....	105
4.2.2.1	Profetiese waarneming of onderskeiding.....	105
4.2.2.2	Etiese refleksie.....	105
4.3	DOELSTELLING	106
4.4	SKRIFTUUR EN TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE.....	106
4.4.1	Hermeneutiese vertrekpunt.....	107
4.5	SKRIFPERSPEKTIEWE OP VERWERPING.....	108
4.5.1	Die eerste verwerping.....	108
4.5.1.1	Die rol van ouers.....	109
4.5.1.2	Die voorkeur vir een kind (voortrek)	110
4.5.1.3	Verwerping deur woorde en dade	111
4.5.2	Sosiale verwerping	111
4.5.3	Sosiale jaloesie en afguns.....	112
4.5.4	Gesinsverhoudings.....	113
4.5.4.1	Disfunksionele gesinne in die Skrif beskryf	113
4.5.4.2	Goeie praktyk.....	114
4.6	TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN GODSKONSEP	115
4.6.1	Die doel van 'n teologiese antropologie.....	116

4.6.2	Die verband tussen teologiese antropologie en pastoraat	116
4.7	TEOLOGIESE GRONDMOTIEWE IN DIE PASTORAAT	117
4.7.1	Die mens as beeld van God	117
4.7.1.1	Versoening van die mens as beeld van God	118
4.7.2	Die mens as verbondswese	118
4.7.3	Die mens as verhoudingswese	119
4.7.4	Verhouding tot God	120
4.7.5	Verhouding tot die self	121
4.7.6	Verhouding tot die medemens	122
4.7.7	Verhouding tot die omgewing	122
4.7.8	Die mens as sonbaar	123
4.8	DIE BREIN AS GODGEGEWE DENKMECHANISME	124
4.8.1	Emotiewe breinboodskappe	124
4.8.1.1	Emosies	125
4.9	SELFKONSEP	126
4.9.1	Negatiewe innerlike belewenisse	126
4.9.1.1	Vrees en skuldgevoelens	127
4.9.1.2	Skaamte	128
4.10	VERSOENING EN VERGIFNIS IN DIE SKRIF	128
4.11	GODSBESKOUING	129
4.11.1	Die name van God	130
4.11.2	Metafoor en titel	132
4.11.3	Eienskappe van God	134
4.12	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	135
HOOFSTUK 5.....		137
PRAGMATIESE TAAK.....		137
5.1	INLEIDING	137
5.2	DOELSTELLING	138
5.3	BEVINDINGS UIT DIE NAVORSINGRESULTATE	139
5.4	HOE BEHOORT OPGETREE TE WORD?	139
5.4.1	God Drie-enig in die pastoraat	140
5.4.2	Vertroue in die Heilige Gees	141
5.4.2.1	Die Heilige Gees se metode van berading	141
5.4.3	Gebed in die pastoraat	142
5.4.3.1	Gebed as kommunikasie in die pastoraat	142
5.4.4	Skrifgebruik in die pastoraat	142
5.5	PASTORALE RIGLYNE	144
5.5.1	Keuse van gesprekstegniek	144
5.5.2	Fase 1	146
5.5.2.1	Ontmoetingsfase en doel	146
5.5.2.2	Antropologie: affektief	147
5.5.2.3	Menslike funksionering	150
5.5.2.4	Respons: empatiese ondersteuning	153
5.5.2.5	Slotsom oor Fase 1	153
5.5.3	Fase 2	153
5.5.3.1	Probleemverheldering	154
5.5.3.1	Slotsom van Fase 2	160
5.5.4	Fase 3	160
5.5.4.1	Doel	160
5.5.4.2	Antropologie – kognitief	163
5.5.4.3	Godsbeskouing:	166
5.5.4.4	Innerlike funksie	171
5.5.4.5	Respons	172

5.5.4.6	Slotson van Fase 3	172
5.5.5	Fase 4	173
5.5.5.1	Doel	173
5.5.5.2	Antropologie: normatiewe fokus	175
5.5.5.3	Innerlike funksie: geloof hoop en liefde	176
5.5.5.4	Respons: Opbou, ondersteuning en Skrifgebruik	176
5.5.5.5	Slotson van Fase 4	178
5.6	SAMEVATTING	178

HOOFSTUK 6..... 181

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN BEVINDINGS 181

6.1	INLEIDING	181
6.2	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING OOR TAAK EN UITKOMS	182
6.2.1	Die beskrywend-empiriese taak	182
6.2.2	Die interpreterende taak	182
6.2.3	Die normatiewe taak	183
6.2.4	Die pragmatiese taak	184
6.3	BEVINDINGS	184
6.4	STERK PUNTE VAN DIE STUDIE	185
6.5	MOONTLIKE BEPERKINGS	185
6.6	TEMAS VIR MOONTLIKE VERDERE NAVORSING	186
6.7	TEN SLOTTE	187

BRONNELYS 188

BYLAES EN ADDENDAS 222

Bylaag A:	VERSOEK OM DEELNAME AAN NAVORSING	222
Bylaag B:	VRAELYS: EMPIRIESE ONDERSOEK	225
Addendum A:	TOESTEMMINGSBRIEF EN SELFPERSEPSIESKAAL	230
Addendum B:	PASTORALE SEMANTIESEDIFERENSIAAL ANALISE-	233
Addendum C:	OORSAKE VAN VERWERPING	234
Addendum D:	TUISWERKOPDRAGE TEN OPSIGTE VAN VREES, SKULD EN SKAAMTE	235
Addendum E:	PRIMÊRE EN SEKONDÊRE BINNEPRENTJIES	236
Addendum F:	TUISWERKOPDRAGTE TEN OPSIGTE VAN EMOSIES	238
Addendum G:	BSN, AAS, LPW PRENTJIES	240
Addendum H:	GEDAGTEBEHEER	241

FIGURE EN TABELLE

FIGURE

Figuur 1.1:	Skematiese voorstelling van Osmer (2008:11) se model	9
Figuur 2.1:	Beskrywende empiriese taak (Osmer, 2008:11)	18
Figuur 3.1:	Interpreterende taak (Osmer, 2008:11)	65
Figuur 4.1:	Normatiewe taak (Osmer, 2008:11)	103
Figuur 5.1:	Pragmatiese taak (Osmer, 2008:11)	138

TABELLE

Tabel 2.1:	Lys van deelnemers	34
Tabel 2.2:	Skematiese voorstelling van hooftemas, sub-temas en kategorieë	38
Tabel 2.3:	Skematiese voorstelling van hoofteema 1, sub-temas en kategorieë	40
Tabel 2.4:	Skematiese voorstelling van hoofteema 2, subtemas en kategorieë	47

Tabel 2.5: Skematiese voorstelling van hooftema 3, subtemas en kategorieë	50
Tabel 2.6: Skematiese voorstelling van hooftema 4, subtema en kategorieë	53
Tabel 2.7: Skematiese voorstelling van die pastorale semantiese differensiaal- analise	54
Tabel 3.1: Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling	89
Tabel 3.2: Erikson se agt stadia van ontwikkeling	90
Tabel 3.3: Kohlberg se morele-ontwikkelingsteorie	92
Tabel 3.4: Fowler se geloofsontwikkelingsteorie	94
Tabel 3.5: Trent se geestelike ontwikkelingsteorie	95
Tabel 4.1: God se karaktereienskappe	135
Tabel 5.1: Aangepaste skematiese voorstelling van Louw (1999a:399) se pastorale fasemodel	145

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE NAVORSING

1.1 INLEIDING

God se hoogste skepping volgens die skeppingsverhaal, is die mens by uitstek 'n verhoudingswese wat vanaf geboorte 'n basiese behoefte aan aanvaarding binne verhoudings met ander mense het. Dit sou veral binne die familie geld dat 'n mens bemin word (Prince, 1993:7-8). Volgens die Bybelse vertelling is hierdie verhouding betreklik kort ná die sondeval radikaal versteur. Dit het gebeur toe daar tussen die eerste nageslag wat uit die mens gebore is, die ergste moontlik gebeur het – die eersgeborene het sy broer doodgemaak (Gen 4:8).

Ten spyte van die genoemde sondeval en dat die mens in sonde ontvang en gebore word (Ps 51:7), het mense 'n behoefte aan liefde, sekuriteit en aanvaarding. Die klem val op ekspressiewe liefde. Liefde wat sigbaar, hoorbaar en as reële ervaring betoon word tussen mense in 'n hegte verhouding, soos in die gesin of familie. Sodanige liefde is dus noodsaaklik om van iemand 'n geborge mens te maak wat die wêreld met vertroue kan binnegaan. Waar liefde en aanvaarding ontbreek, kan 'n mens sensitief vir verwerping raak, maar in 'n omgewing waar persone liefde ontvang, verskaf dit aan hulle die sekuriteit waarbinne hulle hul potensiaal kan ontwikkel om tot volwassenheid te groei (Erozkan, 2009:2-5). In die hoedanigheid as pastorale berader kry die navorser egter te doen met mense wat vanweë verwerping hierdie sekuriteit ontbeer en weens hierdie onsekerheid, pastorale hulp benodig.

Pastorante (ontvangers van pastorale sorg) meld meestal nie vir pastorale hulp aan vanweë 'n verwerping-probleem nie. In soveel gevalle is hulle nie eens daarvan bewus dat die probleme waarmee hulle worstel wel verwerpingverwant is nie. Tog kom hierdie feit in die pastorale interaksie na vore (Prince, 1993:10). In etlike gevalle sukkel mense ook met hulle begrip (of, dan eerder, wanbegrip) van God. In feitlik al die gevalle het dit geblyk dat 'n ontoepaslike Godsbeskouing aan verwerping te wyte kan wees – wat veral tydens die vroeë kinderjare plaasgevind het (Hepden, 1992:29). Die gebrek aan demonstratiewe liefde rig soms lewenslange skade aan. Die huidige studie handel oor die feit dat verwerping iemand se Godsbeskouing kan beïnvloed. Binne God se genade en die vertroostende werk van die Gees van die Here is so 'n toestand omkeerbaar as iemand vanuit die Woord begelei kan word om God volgens die riglyne in sy Woord te ken (Prince, 1993:69-70; vgl. Rom 5:5).

1.2 NAVORSINGSTITEL

Die titel vir die huidige navorsing lees soos volg:

Die invloed van verwerping op 'n individu se Godsbeskouing – 'n pastorale verkenning.

1.3 ORIËTERING

Vanuit 'n algemene perspektief het hierdie studie die fenomeen van verwerping gehanteer. Die spesifieke fokus is om pastoraal te verken: die *manier* waarop (hoe) en die *mate* waarin (hoedanig) verwerping individue se Godsbeskouing kan beïnvloed. In pastorale berading blyk kliënte se aanvanklike aanmeldingsprobleem selde verwerping of hul Godsbeskouing te wees. Algaande word dit egter duidelik dat die verhoudingsprobleme wat hierdie persone met hulself, ander mense en met God ervaar, oorheersend aan verwerping te wyte is.

Die twee vernaamste elemente in hierdie studie is die volgende:

Verwerping is nie 'n nuwe verskynsel nie, en gebeur ook nie slegs met sommige mense nie. Elke persoon kan in 'n stadium gedurende hulle leeftyd die een of ander vorm van verwerping beleef, en by sommige kan dit 'n vernietigende uitwerking hê (Anderson, 2000:172; Hepden, 1992:29; Pieterse, 2006:4; Prince, 1993:7). Die belewenis van verwerping se oorsprong lê merendeels daarin dat iemand as kind 'n gebrek aan demonstratiewe liefde of aanvaarding van ouers, vriende, skoolmaats, of (in die later lewe) van werkgewers, kollegas of lewensmaats ondervind het (Prinsloo, 2012:11). Verwerping kan 'n ingewikkelde trauma behels wat sulke persone tot in hulle diepste wese kan knou en terughou (Els, 2006:49-50).

Godsbeskouing is 'n omvangryke onderwerp wat in die konteks en vir die doel van hierdie studie nie volledig gehanteer kan word nie. Van beslissende belang is egter die verweefdheid van die Godsleer en Skrifleer as die bron en basis van mense se Godsbeskouing (Swart, 2009:92). Die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping iemand se Godsbeskouing kan beïnvloed sou van individu tot individu kon verskil omdat elke mens se siening van God uniek is (Kuburié, 1998:471; Louw, 1999a:388). Binne die konteks en vir die doel van hierdie studie is die verweefdheid van die Gods- en Skrifleer uiters belangrik omdat die studie binne 'n gereformeerde Gods- en Skrifbeskouing van stapel loop om sodoende 'n pastoraal-normatiewe begeleiding aan die hand te doen (vgl. Osmer, 2008:175 e.v.).

1.4 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.4.1 Agtergrond

Verwerping vind plaas wanneer onder andere, iemand 'n ander persoon nie aanvaar nie, hom as afstootlik beskou, verneder en sleg behandel (vgl. HAT, 2005:1307). Hierdie belewing word op verskillende maniere omskryf en die Groot Tesourus van Afrikaans (1997:585) dui verwerping as beide 'n werk- en naamwoord aan:

[Om] teen iets [te] wees, teen iets gekant wees, oordeel, veroordeel, dissosieer, distansieer, nie gediend wees met iets nie, afkeur, afwys, kritiseer, afskud, versaak, afsien van, uitsluit, 'n plan laat vaar, afwysend staan teenoor, ongeskik vind, verstoot, verban, weggooi, wegwerp ... en ... afkeur, dissosiasie, kritiek, weerstand, teenstand, teenkanting, weiering, versaking.

Die Engelse werkwoordvorm dui verwerping aan as: “dismiss as inadequate, unacceptable, or faulty” (Oxford Dictionary of English, 2015) en, hoewel met geringe betekenisverskille, stem dit met die Afrikaanse omskrywing ooreen.

Mense ervaar en reageer nie dieselfde op verwerping nie, en die emosionele verwonding kan lei tot lewenslange gevoelens van onwaardigheid (Pieterse, 2006:4, 5; McAdams III, Dewell & Holman, 2011:28). Wanneer 'n kind deur 'n ouer of ouers verwerp word, is dit waarskynlik van die ergste vorms van hierdie verskynsel. Dit kan nie net 'n kind se lewe verwoes nie, maar uiteindelik 'n uiters ongelukkige volwasse mens voortbring (Ansari & Qureshi, 2013:553; Hartwell-Walker, 2010; Loh, Calleja & Restubog 2011:2245). Sodanige verwerping veroorsaak feitlik deurgaans 'n afname in die persoon se godsdienstigheid (Bierman, 2005:349). Dit gebeur veral wanneer 'n pafiguur by die verwerping betrokke is omdat God as pafiguur vergestalt en voorgehou word (vgl. Gen 1:26-27; 9:6; Ps 103:13; Bierman, 2005:349; Mc Donald, 2015:120). Persone wie se pa's hulle mishandel het, distansieer hulle in sulke gevalle dikwels van godsdiens (Bierman, 2005:349; Mc Donald, 2015:144). Daarteenoor geld egter ook die positiewe werklikheid: waar ouers koesterend optree en deur hul kinders met God vereenselwig word vind daar by sulke persone se godsdiensbelewing

groei plaas (McDonald, Beck, Allison & Norsworthy 2005:21).

Verwerping is 'n bekende verskynsel en empiriese studies daarvoor is reeds vanuit die 1890's bekend (Rohner, Khaleque & Cournoyer, 2012:19). Huidige beskikbare studies toon heelwat resultate, merendeels oor die psigiese gevolge van verwerping. Die onderwerp van die huidige studie, naamlik die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping 'n persoon se Godsbeskouing kan beïnvloed, het 'n unieke studiefokus. Die spesifieke verband tussen verwerping en Godsbeeld is tot dusver vanuit 'n pastorale perspektief nog nie binne die Suid-

Afrikaanse konteks bestudeer nie. Gevolglik fokus die huidige studie nie (weer) daarop om die *psigiese* gevolge van verwerping na te vors nie. Dit wil eerder die gaping in die navorsing aanpak deur *teologies* te bepaal op watter manier (hoe) en tot watter mate (hoedanig) hierdie beleving die Godsbeskouing van verwerpe persone kan beïnvloed.

1.4.2 Probleemstelling

Bestaande navorsing stel praktykteoretiese riglyne voor vir die hantering van verskillende vorms van verwerping asook hoe om die pyn daarvan te genees (Denton, 2005; Hepden, 1992; Herbst, 2008; Hoefner, 2009; Kruger, 2007; Kruger, 2010; Naudé, 2006; Pieterse, 2006; Pieterse, 2010; Prince, 1993). Die navorser het 'n intensiewe literatuursoektog geloods waarna in die volgende paragrafe verwys word. In hierdie soektog kon geen inligting bekom word oor die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping iemand se Godsbeskouing kan beïnvloed nie. Hierdie spesifieke verband met verwerping is tot dusver blykbaar nog nie vanuit 'n pastorale perspektief bestudeer nie.

Die probleemstelling van die huidige studie, is dat daar 'n gebrek aan beskikbare navorsing is oor die *wyse* en *mate* van verwerping se invloed op iemand se Godsbeskouing. Daarom sou die navorsingsfokus wees om hierdie genoemde aspekte vanuit 'n pastorale perspektief na te vors.

1.4.3 Stand van navorsing

Met behulp van die Ferdinand Postma-biblioteek personeel aan die NWU, Potchefstroomkampus is soektogte met die volgende sleuteltermes onderneem: *verwerping, Godsbeskouing, Godsbeeld, verwerpe persone, verwerping van God, godsdienstigheid en geestelikheid; rejection, Godview, image of God, rejected persons, rejecting God, religiosity and spirituality*. Soektogte is ook in die EbscoHost-koppelvlak gedoen in die Academic Search Premier, Africa-Wide Information, ATLA Religion Database met ATLASerials, eBook Collection, E- Journals, MasterFILE Premier, Psyc-ARTICLES, PsycINFO en SocINDEX.

Die volgende prominente terme het gereeld na vore gekom: *selfverwerping, self-rejection, withdrawing, protecting, rebellious attitude, self-hate, selfhaat, inferiority, minderwaardig, depression, depressie, inadequacy, onvoldoende, ontoereikend, shameful, parental acceptance, relation, Godsbeeld, God image*.

Soektogte is ook geloods in die databasisse SACat (nasionale katalogus van boeke en tydskrifte in Suid-Afrika), SAePublications (Suid-Afrikaanse tydskrifartikels), ProQuest

(internasionale proefskrifte en verhandelinge in vol-teks) en NEXUS (die NRF se databasis van voltooide en navorsing wat tans in proses is).

Die onderwerp is in beskikbare verhandelinge en proefskrifte nagevors. Sommige verwys na die Godsbeskouing (vgl. Denton, 2005; Herbst, 2008; Kruger, 2007; 2010; Pieterse, 2006; 2010) vanuit die psigologiese, maatskaplike, opvoedkundige, teologiese, en/of mediese vertrekpunte. Hoewel sekere aspekte van verwerping behandel is, blyk daar 'n leemte aan indiepte-navorsing oor die verband tussen verwerping en 'n individu se Godsbeskouing – hoe en in watter mate laasgenoemde geraak kan word.

Die stand van ander navorsing dui aan dat talle bronne handel oor verwerping en die uitwerking daarvan op mense se innerlike lewe. Die volgende word alfabeties vermeld: Anderson (2000); Bradshaw (2005); Briere (1992a; 1992b); Coetzer (2009); Corby (1993); Garbarino *et al.* (1986); Hepden (1992); Jantz en McMurray (2009); Kellmer Pringle (1980); Lewis (1999); Lyon en De Cruz (1990); McDonald (2001); Mills en Duck (2000); Prince (1993); Taylor (1987); Van Wijk (2010); Winton en Mara (2001). Die gevolge van verwerping op die menslike gedrag is nagevors en daaruit blyk eweneens dat verwerping iemand se Godbeskouing kan beïnvloed. Tog is hierdie uitwerking van verwerping en die verband met mense se Godsbeskouing nie as sodanig binne pastorale konteks in diepte ondersoek nie.

Tydskrifartikels vanuit die verskillende vakdissiplines wat die klem op die psigiese aspekte van mishandeling plaas, sluit die verskynsel van verwerping in. Verskillende vorms van mishandeling en die impak daarvan op die mens se psige is nagevors deur byvoorbeeld Ansari en Qurenschi (2013); Bierman (2005); Brezina (1998); Briere (1992a, 1992b); Crisp (2007); Decker (1993); Ellison en Sherkat (1993); Finkelhor, Hotaling, Lewis en Smith, (1989); Hall (1995); Harrison, Koenig, Hays, Eme-Akwari en Pargament (2001); Hussain en Munaf (2012); Kane, Kane, D., Cheston en Greer (1993); Kennedy en Drebing (2002); Kirkpatrick (1992); Lotter en Hoepfner (2011); McAdams III, Dewell en Homman (2011); McDonald, Beck, Allison en Norsworthy (2005); Pritt (1998) en Ryan (1998a, 1998b). Hierdie skrywers meld eweneens dat verwerping die Godsbeskouing kan beïnvloed, maar fokus nie verder op die manier waarop dit gebeur en hoe ver die impak strek nie.

Outeurs wat die onderwerp Godsvoorstelling of -beskouing ondersoek het, sluit in Cavanagh (1992); Dayringer (2011); Green (1989); Louw (1999a); Miller (1994); Rasar, Garzon, Volk en O'Hare (2013). Hierdie studies fokus egter nie spesifiek op die invloed wat verwerping op 'n individu se Godsbeskouing uitoefen nie.

Uit die voorlopige navorsing blyk dus dat beperkte navorsingsdata beskikbaar is oor die besondere verband tussen verwerping en 'n individu se Godsbeskouing. Die huidige studie sou dan *eerstens* 'n akademiese bydrae kon lewer om die leemtes te help vul op die gebied

van verwerping se uitwerking op Godsbeskouing. Dit sou *tweedens* in die vakgebied Praktiese Teologie ook 'n bydrae kon lewer om beradingsvoorstelle te formuleer vir pastorale gesprekvoering met individue wat weens verwerping 'n ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouing handhaaf.

1.4.4 Motivering vir keuse van navorsingsarea

Die motivering en keuse vir hierdie studie is om vanuit Skriftuurlike en teologiese perspektiewe en die menswetenskappe nuwe, verhelderende perspektiewe oor die navorsingstema te vind (vgl. Osmer 2008:4; Denton, 2014:3-4; De Klerk, 2012:4). Hierdie perspektiewe sou kon dien as basis om 'n bruikbare begeleidingsproses vir pastorale gesprekvoering voor te stel (vgl. Osmer, 2008:175). Die gesprek fokus op iemand wie se Godsbeskouing as gevolg van verwerping sodanig beïnvloed is dat daardie persoon 'n nie-Skriftuurlike beskouing van God handhaaf wat sy/haar lewe nadelig raak.

Osmer (2008:4) se vier vrae vir Praktiese Teologie rig die fokus van die huidige studie op die Pastoraal-teologiese aspekte van verwerping en hoe dit persone se Godsbeskouing kan benadeel. Die navorsingsproses behels om antwoorde op die volgende vrae te kry:

- Wat gebeur hier?
- Hoekom gebeur dit?
- Wat behoort te gebeur?
- Hoe behoort daar opgetree te word?

1.5 NAVORSINGSVRAAG

Die vraag wat die huidige navorsing wou beantwoord is op watter manier (hoe) en tot watter mate (hoedanig) 'n individu se Godsbeskouing deur verwerping beïnvloed kan word. Met hierdie insig kan 'n ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouing reggestel word.

1.5.1 Vrae wat uit die navorsingsvraag spruit

Gebaseer op Osmer (2008) se prakties-teologiese navorsingsmetodologie is die volgende vrae gehanteer om die navorsingsvraag oor verwerping en die uitwerking op daardie persoon se Godsbeskouing te beantwoord:

1. Watter kwalitatiewe perspektiewe kan deur 'n empiriese ondersoek 'n verhelderende bydrae lewer tot die navorsing van verwerping asook die *manier* waarop en die *mate* waarin dit daardie persoon se Godsbeskouing negatief beïnvloed?
2. Watter bydrae kan navorsing vanuit aangrensende vakwetenskappe lewer om verwerping te definieer as agtergrond vir 'n teologiese ondersoek oor die invloed wat hierdie belewing op 'n verworpene se Godsbeskouing kan uitoefen?
3. Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif op verwerping en hoe dit 'n verwerpe persoon se Godsbeskouing tot 'n vlak van dieper vertroue kan laat ontwikkel?
4. Watter Skriftuurlike, teologiese perspektiewe en riglyne kan vanuit die navorsingsresultate geformuleer word wat die pastorale gesprek kan help rig met persone wat verwerping beleef of beleef het en wie se Godsbeskouing daardeur benadeel is?

1.6 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.6.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die huidige studie is om 'n prakties-teologiese ondersoek te loods na die *manier* waarop en die *graad* waartoe verwerping 'n individu se Godbeskouing negatief kan beïnvloed. Sodoende kan 'n ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouing pastoraal reggestel word.

1.6.2 Doelwitte

Die volgende spesifieke doelwitte vir hierdie studie vloei uit die algemene doelstelling voort:

1. Benut 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek om inligting en perspektiewe van verwerpe persone te bekom rakende hul belewenis van verwerping en hoe dit hulle Godsbeskouing beïnvloed het.

2. Onderzoek die geesteswetenskappe vir gegewens oor die psigiese trauma van verwerping te bekom as agtergrond vir 'n teologiese ontleding van die manier waarop en graad waartoe dit iemand wat verwerping ervaar het of steeds beleef, se Godsbekouing kan beïnvloed.
3. Vors die normatiewe en teologiese perspektiewe in die Skrif oor verwerping na en stel vas hoe en hoever hierdie ervaring 'n persoon se Godsbekouing kan beïnvloed. Sodoende kan 'n ontoepaslike/nie- Skriftuurlike Godsbekouing reggestel word.
4. Formuleer uit die navorsing rigtinggewende Skriftuurlike en teologiese perspektiewe wat kan bydra tot die pastorale gesprek met persone wat verwerping beleef of beleef het en waar die genoemde verwronge Godsbekouing reggestel sou moes word.


1.7 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat verwerping iemand se Godsbekouing kan beïnvloed. Gevolglik moet die manier waarop (hoe) en die graad waartoe (hoedanig) verwerping plaasvind, pastoraal verken word om 'n ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbekouing te kan regstel.

1.8 METODOLOGIE

Die huidige studie volg die model wat Osmer (2008) vir Praktiese Teologie ontwikkel het om die doelstelling (1.5.1) en doelwitte (1.5.2) te bereik. Die navorsingsmodel kan uiteengesit word soos in Figuur 1.1 hier onder (Osmer, 2008:4).

Figuur 1.1: Skematiese voorstelling van Osmer (2008:11) se model



Metodologies behels Osmer (2008:4) se navorsingsmodel die volgende vier kerntake en word soos volg kortliks inleidend deur die vier vrae hier onder aangedui.

- Die *beskrywend-empiriese* taak verken en beskryf die navorsingstema in die lig van 'n huidige situasie; die vraag wat die taak rig, is: *Wat is besig om te gebeur?* (vgl. De Klerk, 2012:3).
- Die *interpreterende* taak bestudeer vanuit 'n toepaslike literatuurstudie die perspektiewe en navorsingsresultate van aangrensende vakwetenskappe om te verstaan watter oorsake tot die huidige situasie gelei het. Die volgende vraag rig die taak: *Waarom gebeur dit/het dit gebeur?* (vgl. De Klerk, 2012:4).
- Die *normatiewe* taak se doel is om insigte, konsepte en vertrekpunte vanuit die Skrif en teologiese perspektiewe vas te stel. Dit is om uit te vind watter norme kan geld om die verlangde of korrekte situasie (konteks) te interpreteer en te beskryf. Die vraag wat die taak rig, is: *Wat behoort te gebeur?* (vgl. De Klerk, 2012:4).
- Die *pragmatiese* taak behels die formulering en implementering van 'n strategie of aksieplan vir die oplossing van die probleem wat in die empiries-beskrywende taak geformuleer is. Die praxis sou dan wees om pastorale hulp te verleen en gevolglik is die vraag wat hierdie taak rig: *Hoe behoort daar opgetree te word?* (vgl. De Klerk, 2012:4).

Volgens die prakties-teologiese interpretasie sou 'n navorser by die navorsingsvraag deurlopend in 'n spiraal eerder as 'n sirkel tussen die vier take beweeg namate nuwe insigte na vore kom (Osmer, 2009:11; vgl. Heyns & Pieterse, 1998:43). Die studie fokus op Christelike

geloofshandelings, dus beskryf dit 'n teologiese spiraal binne die konteks van 'n geloofsverhouding met God onder die leiding van die Heilige Gees. Hierin tree die navorser op volgens sy/haar verstaan van die onderliggende teologiese teorieë (De Klerk, 2012:8).

1.8.1 Beskrywend-empiriese taak

In die hantering van die eerste vraag is die ingesteldheid uiters belangrik, naamlik om “priesterlik” te luister (Osmer, 2008:33; vgl. Denton, 2014:2). In hierdie taak kry die berader te doen met individue wat met werklike probleme worstel. Om hulle optrede binne konteks te kan interpreteer, is opregte belangstelling 'n vereiste vir pastorale intervensie.

Dit kan moontlik geredeneer word dat Osmer (2008:4) se eerste stap reeds hierdie funksie moes of kon vervul het. Tog sou dit nie moontlik wees nie, omdat die fenomeen van verwerping nog nie nader ondersoek is nie. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp word ingespan (hoofstuk 2) om op die navorsingsvraag *Wat gaan aan?* 'n antwoord te probeer vind.

Die toepaslikheid van hierdie studie lê in die fokus op die subjektiewe belewenis van persone wat vanweë verwerping 'n Godsbeskouing voorhou wat met die Skrif se openbaring bots. Eufemisties gestel, sou só 'n beskouing as *ontoepaslik* beskryf kon word, dit wil sê dit is nie op God van toepassing nie omdat dit onwaar is. Hierdie persone sal gelei word om hul ervarings oor verwerping te verwoord asook en die manier waarop en die mate waarin dit hulle Godsbeskouing benadeel het.

Die navorsingsprosedure is volledig in die hoofstuk uiteengesit. Ter oriëntering word egter kortliks aangedui dat die aanvanklike generering van die data geskied het deur 'n gestruktureerde vraelys wat deur elke deelnemer ingevul is (verw. Bylaag B). Vanuit die oorkoepelende vraelys is daarna vir elke deelnemer afsonderlik 'n lys ongestruktureerde vrae saamgestel waarvolgens 'n indiepte-onderhoud gevoer kon word (Greeff, 2011:348). Die respondente het bestaan uit persone tussen die ouderdom van 20 tot 71 jaar. Uiteraard is dit persone wat verwerping beleef het of steeds beleef, en wie se Godbeskouing daardeur benadeel is (Strydom & Delport, 2011:394). Die deelnemers aan hierdie studie is gekontak deur kommunikasie met kundiges op die vakgebied van die navorsing. Hierdie medewerkers was hoofsaaklik pastorale terapeute en predikante wat die navorser verwys het na moontlike deelnemers wat aan die omskrywing van die navorsingstema voldoen (verw. 1.10.1).

Die resultate van die onderhoude is in 'n struktuur verwerk en só aangebied (Marshall & Rossman, 2006:155; Creswell, 2014:184). Die evaluering van die bydraes uit die beskrywend-empiriese ondersoek word in hoofstuk 2 bespreek.

1.8.2 Interpretierende taak

In die interpreterende ondersoek word gevra: *Hoekom gebeur dit?* (Osmer, 2008:7). In die huidige studie is die oogmerk om agter te kom *hoedat* (wyse) en *hoedanig* (graad) verwerping iemand se Godsbeskouing of Godsbegrip benadeel, met ander woorde hoe dit daardie een se religieuse perspektiewe of denke negatief raak (vgl. Denton, 2014:3).

Vir so 'n interpretatiewe beoordeling is 'n studie van beskikbare vakliteratuur uit toepaslike bronne onderneem deur analise, interpretasie en sintese van die inligting wat vir hierdie studie ingesamel is. Vir dié doel is relevante vakgerigte artikels, beskikbare perspektiewe en navorsingsresultate uit die geesteswetenskappe en teologiese vakdissiplines ingespan. Relevante raakvlakke met hierdie navorsingstema en geesteswetenskappe asook teologie met betrekking tot die tema is in ag geneem en relevante inligting is verwerk om geloofwaardigheid aan hierdie studie te verleen. Die aangrensende wetenskappe se bydrae en perspektiewe betreffende die tema is in hoofstuk 3 ontleed, verduidelik en bespreek.

1.8.3 Normatiewe taak

Die hoofdoelwit was om moontlike gevolge van verwerping vas te stel, naamlik dat dit 'n verworpe persoon se Godsbeskouing kan beïnvloed. Daarby is daarop gekonsentreer om Skrifperspektiewe uit te lig wat sodanige (moontlike negatiewe) beïnvloeding sou kon regstel. In die normatiewe taak (hfst 4) is die Skrif sentraal om 'n basisteorie oor die fenomeen van verwerping te kan aandui – hoe dit gebeur en hoe ernstig dit die invloed kan wees. Sodoende is gepoog om die navorsingstema nader aan te dui en riglyne te vind om moontlike ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouings reg te stel. Hiervoor is Osmer (2008:8) se vraag, *Wat behoort te gebeur?* noodsaaklik om praktykgerigte, Skrifgefundeerde etiese norme vas te stel (vgl. Denton, 2014:6).

Die genoemde verwronge Godsbeskouings is aan Skrifwaarhede getoets. Die doel was om individue wie se Godsbeskouing weens verwerping benadeel en verdraai is, insig te gee in wie God werklik is. God is juis nie hoe sulke persone hom beskou of bedink nie, naamlik 'n liefdelose, onbarmhartige, onbetrokke, ongenadige en wrede God wat hulle ook sal verwerp. Daarteenoor moet die insig oorgedra word: God is louter liefde (vgl. 1 Joh 4:16); vol barmhartigheid (Rom 9:16); vertroosting (Matt 11:28-29); en veral nie iemand wat verwerp nie (Joh 6:37), maar die genadige Vader wat vir sy kinders omgee (Rom 8:1).

1.8.4 Pragmatiese taak

Die pragmatiese taak (soos in hfst 5 beskryf) behels die proses om data uit die normatiewe ondersoek in verband te bring met gegewens uit die beskrywend-empiriese en die interpretatiewe studie. Hier geld die vraag *Hoe behoort daar gereageer te word?* (Osmer, 2008:4). Deur hierdie vraag kan die navorsingsprobleem (verwonge, nie-Skriftuurlike Godsbeskouing) aangepak word om verandering en vernuwing teweeg te bring by 'n ontvanger van pastoraat (pastorant).

Prakties-teologiese perspektiewe kan rigting gee aan die pastorale gesprek met persone wat in hierdie studie ter sprake is. Riglyne word aangebied om individue se ontoepaslike Godsbeskouings te herstruktureer. Hierdie persone moet besef dat hulle denke oor verwerping in geheel vernuwe moet word. Sodoende kan hulle gelei word om die emosionele skade wat verwerping veroorsaak het te hanteer deur 'n pad van geestelike groei tot volwassenheid in Christus te volg (vgl. Ef 4:13).

Skrifgefundeerde bevindings is aangedui en gevolgtrekkings gemaak waaruit 'n strategie voorgestel word as moontlike intervensie vir die probleem van mense wie se Godsbeskouing beïnvloed is (Osmer, 2008:176; vgl. Denton 2014:3-4).

1.9 ETIESE ASPEKTE

Hierdie navorsing is streng volgens die riglyne van die Etiese Komitee van die NWU uitgevoer. Besonderhede oor die etiese aspekte word in 2.4.1 aangedui.

1.10 DEELNEMERS AAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

1.10.1 Deelnemerprofiel

Die keuse van die deelnemers vir die huidige studie is deur die doelwitte van die navorsing bepaal. Daar is oorweging gegee aan volwassenes wat:

- enige vorm van verwerping in enige stadium in hulle lewe ervaar het;
- vanuit die vraelys aantoon dat hulle sukkel om 'n verhouding met God te hê; en
- met die konsep “Godsbeskouing” probleme ondervind.

Weens die navorser se opleiding in pastorale sorg en praktykondervinding in funksionele terapie is aspekte wat relevant tot hierdie studie is noukeurig geassesseer. Tersaaklike faktore is uitgewys wat as deel van die studie fokus en as tematiese riglyn dien vir die seleksie van gevalle. Hierdie faktore het die volgende behels: belewing van verwerping, vorming van 'n Godsbeskouing, godsdienstige agtergrond, persoonlike worsteling en deelnemers se wêreldbeskouing.

1.10.2 Aantal deelnemers

Die ideale aantal deelnemers aan 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek behoort nie 15 te oorskry nie en moet nie minder as 10 wees nie (Babbie, 2007:289). Daar is gepoog om deelnemers met 'n breë ouderdomsverskil van tussen 20-80 jaar oud te kry. Die doel hiermee was om 'n ryk beeld en indiepte-verstaan te bekom van die manier waarop en die graad waartoe 'n individu se Godsbeskouing beïnvloed is (vgl. Strydom & Delpont, 2011:392). Die deelnemers se demografiese profiel word hieronder uiteengesit.

1.10.2.1 Demografiese profiel van deelnemers

Die respondente wat in die navorsing betrek is, is wit Afrikaanssprekende persone. Die rede hiervoor is dat die navorser 'n algemene beradingspraktyk bedryf wat hoofsaaklik wit Afrikaanssprekende persone met hierdie profiel bedien. Die navorser het deur die onderskeie kerkgenootskappe van die respondente te hore gekom (verw. 1.8.1; 1.10.1). Dit het hoofsaaklik met Afrikaanssprekende persone behels wat die gereformeerde Christelike geloof handhaaf. Demografies sien die besonderhede soos volg daar uit:

- **Taal:** Al die respondente is Afrikaanssprekend. Dit is die navorser se taalmedium waarmee die beste gewerk kan word ten opsigte van die inligting wat bekom is uit die onderhoude wat in Afrikaans gevoer is.
- **Geloofsoriëntasie:** Al die respondente bely die Christelike geloof. Dit het die verstaan van Christelike konsepte vergemaklik. Respondente was ook vertrouwd met die terminologie van die Christelike geloof. Die respondente het ook 'n Christelike opvoeding gehad en een of albei ouers het die Christelike geloof aangeneem.
- **Etnies:** Wit persone het aan die navorsing deelgeneem omrede die navorser hoofsaaklik te doen het met dié deel van die land se bevolking.
- **Geslag:** Daar is gepoog om 'n gebalanseerde verteenwoordiging tussen manlik en vroulike deelnemers te verseker. Die verdeling was ses manlik en vyf vroulik. So 'n deelname kan as sterk punt van die navorsing beskou word omdat mans en vrouens se belewenis van

verwerping heelwaarskynlik kan verskil (Erozkan, 2009:5).

- **Ouderdom:** Respondente se ouderdomme het gewissel tussen 20 tot 80 jaar. Weens die moontlike risiko's en beperkings om met minderjariges te werk is sodanige moontlike deelnemers nie ingesluit nie. Die breë skopus van ouderdom-verteenwoordiging sou eweneens as sterk punt in die navorsing beskou kon word omdat dit mense uit verskillende lewensfases insluit.

1.11 AKSIES EN BEVOEGDHEID VAN DIE NAVORSER

Navorsers is eties verplig om seker te maak dat hulle bevoeg, eerlik en genoegsaam opgelei is om die beplande navorsing te kan doen (Merriam, 2009:88; Strydom, 2011:127; vgl. Denton, 2014:3-7). In belang van navorsing moet streng aan die voorgestelde etiese standaarde voldoen word (Henning, Van Rensburg & Smit, 2004:73; Strydom, 2011:127). Die navorser het op honneursvlak gekwalifiseer in Pastorale Terapie en is as 'n lewensafripter bekwaam. Binne dié terapeutiese milieu kry die navorser gereeld te doen met mense wat vanweë 'n nie-Bybelse Godsbeskouing dit moeilik vind om geloofskrisisse en die daaglikse hantering van hul lewensomstandighede te hanteer. Die navorser het bevind oorsake hiervan kan na verwerping herlei word: dit het tot die huidige studie aanleiding gegee.

1.11.1 Kwaliteit van navorsing

Om die kwaliteit van die navorsing te verseker het die navorser moeite gedoen dat alle inligting geldig en betroubaar is en op 'n etiese manier geproduseer is, om sodoende geloofwaardige resultate te verseker (Merriam, 2009:210). Die bevindings en gevolgtrekkings wat die versamelde data opgelewer het, is sorgsaam aangebied om die realiteit te weerspieël van wat gebeur of gebeur het. Dit dra by tot die interne geldigheid van die navorsing (Merriam, 2009:210).

1.11.2 Publisering van inligting

Die studie se onderskeie fasette is volledig in die navorsingsverslag gerapporteer met die oog op volledigheid, objektiwiteit en duidelikheid (Strydom, 2011:126). Ingevolge navorsingsetiek is seker gemaak dat alle bronne stiptelik erken en in die bronnelys opgeneem is (Strydom 2011:126). Indien van die resultate van hierdie studie in 'n vaktydskrif gepubliseer sou word, word die handhawing van deelnemers se anonimiteit as noodsaaklik aanvaar (Strydom 2011:126).

1.12 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukke is soos volg ingedeel:

HOOFSTUK 1: Inleiding tot die navorsingsontwerp.

HOOFSTUK 2: Beskrywend-empiriese taak – empiriese kwalitatiewe navorsing om perspektiewe van verwerpe persone te bekom oor hul belewenis van die fenomeen verwerping; om vas te stel hoe en hoedanig het verwerping hul Godsbeskouing beïnvloed.

HOOFSTUK 3: Interpreterende taak – 'n literatuurstudie onderneem om gegewens oor verwerping vanuit die menswetenskappe na te vors en toe te pas op die beïnvloeding van 'n individu se Godsbeskouing.

HOOFSTUK 4: Normatiewe taak – Skriftuurlike en teologiese perspektiewe wat op die fenomeen verwerping van toepassing is, nagegaan om individue se ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouings aan die hand van die Skrif te herstruktureer.

HOOFSTUK 5: Pragmatiese taak – formulering van praktyk-teoretiese pastorale perspektiewe wat rigting kan gee aan die pastorale gesprek met persone wat verwerping beleef of beleef het en wie se Godsbeskouing daardeur benadeel is.

HOOFSTUK 6: Samevatting en gevolgtrekkings.

1.13 BIBLIOGRAFIESE GEGEWENS

Tensy anders aangedui, is alle Bybelteksverwysings geneem uit die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel (Nuwe Afrikaanse Vertaling, in die studie na verwys as NAV, 1983).

Bronne is erken en die bronnelys ooreenkomstig die Harvard-metode van bronverwysing saamgestel. Die tegniese handleiding *Verwysings* van NWU (NWU, 2012) is hiervoor geraadpleeg. Daar is gepoog om (veral die langer) *verbatim* aanhalings tot die minimum te beperk.

HOOFSTUK 2

BESKRYWEND-EMPIRIESE TAAK

2.1 INLEIDING


In sy model vir Praktiese Teologie stel Osmer (2008:4) eerstens die beskrywend-empiriese taak om uit te vind wat het geskied, of is besig om te gebeur met die aspek, fenomeen of gebeure wat ondersoek word. Die navorsingsonderwerp van die huidige studie ondersoek die invloed wat verwerping op iemand se Godsbeskouing kan uitoefen. Die studie is daarop gerig om vernuwende insigte te bekom oor die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping iemand se Godsbeskouing kan beïnvloed. Die taak wat hier uitgevoer word, is dus beskrywend-empiries.

Die navorsingsproses behels 'n aantal fasette wat noodsaaklikerwys uiteengesit en verduidelik moet word, waarna die verkrygte data geïnterpreteer word. Om die eerste vraag oor wat aangaan te beantwoord is van 'n kort vraelys (Bylaag B) gebruik gemaak. Dit is aangevul met indiepte-onderhoude, gebaseer op terugvoer uit die vraelys. Daar is vir elke deelnemer 'n lys semi-gestruktureerde vrae vir die onderhoud saamgestel (vgl. Greeff, 2011:341; Henning, Van Rensburg & Smit, 2004:32-33) om daardie individu se ervaring van verwerping te verneem. In die onderhoud is die aspekte uitgelig oor die manier en mate waartoe verwerping iemand se Godsbeskouing kon beïnvloed het. Die doel was om 'n praktykteoretiese riglyn voor te stel vir die herstrukturering van so iemand se Godsbeskouing (Heyns & Pieterse, 1998:76).

In hierdie deel van die studie is empiries gewerk met mense en hul ervaring van iets wat hulle benadeel het. So 'n navorsingstrategie vereis dat die navorser 'n aanbiddende teenwoordigheid handhaaf, wat 'n empatiese meelewing sou vereis waarvolgens “priesterlik” na 'n deelnemer geluister word (Osmer, 2008:34; vgl. Denton, 2014:2). Hierin vervul gebed 'n uiters belangrike rol om namens 'n beradene te kan intree, aangesien mense as't ware hul hart oopmaak om hul belewenis te verwoord (Osmer, 2008:34). Om hierdie rede moet spesifiek gelet word op episodes, situasies en die konteks van die ondersoek tydens die beskrywend-empiriese taak. Só kan vasgestel word wat gebeur en aandag kan geskenk word aan wat in die lewe van individue, families en gemeenskappe aangaan (Osmer, 2008:38).

Die volgende aspekte word kortliks aangedui: die plek of rol van die navorser; die konteks waarbinne die navorsing gedoen is; die kwaliteitsversekering en etiese oorwegings; data-analise en die bespreking van die resultate wat uit die vraelyste verkry is. So word daar 'n beter begrip gevorm van wat aangaan binne 'n spesifieke episode, situasie of die konteks waarin dit plaasgevind het (Osmer, 2008:4, 38-39). In die geval van die huidige studie is dit mense se belewenis van verwerping, hoe en in watter mate dit hulle Godsbeskouing beïnvloed het. Figuur 2.1 hier onder beeld uit waar die beskrywend-empiriese taak binne die navorsings-geheel inpas.

Figuur 2.1: Beskrywend-empiriese taak (Osmer, 2008:11)



Om aan te sluit by Osmer (2008:4) se beskrywend-empiriese vraag na wat gebeur, word die volgende navorsingsvraag (verw. 1.5.1) in hierdie hoofstuk beantwoord:

Watter kwalitatiewe perspektiewe kan deur 'n empiriese ondersoek 'n verhelderende bydrae lewer tot die navorsing van verwerping asook die manier waarop en die mate waarin dit daardie persoon se Godsbeskouing negatief beïnvloed?

2.2 EMPIRIESE NAVORSING

Die aard van elke studieveld bepaal die mees geskikte metode van ondersoek vir daardie veld. In teologiese kringe is daar soms 'n negatiewe instelling teenoor die begrip “empirie” omdat gemeen word dat dit konnotasies met positivisme en empirisme suggereer (Heyns & Pieterse, 1998:73). In Praktiese Teologie het empirie egter te doen met teologiese teorieë waarmee die werklikheid krities en evaluerend ondersoek word (Heyns & Pieterse, 1998:76). Sodanige teorieë word beïnvloed deur die konteks waarin teologies gewerk en 'n empiriese werklikheid gevorm kan word (Heyns & Pieterse, 1998:73). In die breë beskou, sou teologiese uitsprake, indien daar nie 'n wetenskaplike proses in die empiriese metodologie gebruik is nie, hoogstens uitsprake wees wat op ervaring berus (Heyns & Pieterse, 1998:73).

2.2.1 Doel van die empiriese ondersoek

Vir die noodsaaklike eerste taak om uit te vind wat aangaan (Osmer, 2008:33, 48) is 'n kwalitatiewe empiriese werkwyse die aangewese benadering om mense se ervaring van en funksionering binne hul werklikheid te bestudeer (vgl. Babbie, 2007:289; Heyns & Pieterse, 1998:74; Osmer, 2008:52). Empiriese navorsing is wetenskaplik bruikbaar om inligting te bekom wanneer daar nie voldoende of volledige inligting oor 'n bepaalde fenomeen bekend is of indien daar nog nie 'n verduidelikende teorie daaroor ontwikkel is nie (Heitink, 1999:163-164). In so 'n geval word doelgerig, sistematies en gekontroleerd op die ervaringproses gebou (Heyns & Pieterse, 1998:75) om mense se werklike ervarings vas te stel – binne 'n bepaalde navorsingskonteks of verskynsel soos in die huidige studie (Pieterse, 2010:236). In betrokke persone se leefomgewing word hulle ervaring dan wetenskaplik verken, beskryf, getoets en verklaar. Dit behels drie subprosesse (Heyns & Pieterse, 1998:75), naamlik:

- vermoed – in sekere mate die kennis van bepaalde samehang en prosesse wat in die omgewing opgedoen is;
- verwag – die afleidings uit die vermoede gemaak;
- toets – die korrektheid van die verwagtings nagegaan.

Hierdie bogenoemde subprosesse vorm die onderbou van die empiriese kringloop waaruit waarneming, vermoede, verwagting, toetsing en evaluering spruit (Heyns & Pieterse, 1998:75).

Teorie en praktyk moet uit die subprosesse nader aan mekaar kom. Dit sou veral 'n antwoord vereis (en kon verstrek) op die vraag na wat gebeur (Osmer, 2008:33). Sodoende kan 'n teorie geformuleer word wat 'n mens empiries kan toets (De Vos & Strydom, 2011:39-40; Heyns &

Pieterse, 1998:77). Dit sou uiteindelik bydra om 'n praktyk-teoretiese riglyn vir die pastorale gesprek te formuleer. In die konteks van die huidige studie sou 'n persoon wat verwerping ervaar het en wie se Godsbekouing daardeur beïnvloed is, begelei kon word om sy/haar Godsbegrip te herstruktureer (vgl. Heyns & Pieterse, 1998:76).

2.2.2 Metodologie van empiriese navorsing

Osmer (2008:33) benut die beskrywend-empiriese fase om bykomende metateoretiese insig te verkry. Hierin fokus hy op tersaaklike, sekulêre of nie-religieuse studieverelde om uit te vind: Wat is aan die gang? (Osmer 2008:4). Die Praktiese Teologie put ook groot waarde uit ander wetenskappe vir 'n geskakeerde beeld van die werklikheid (Heyns & Pieterse, 1998:36). Gevolglik is daar 'n voortdurende wisselwerking tussen pastoraat en psigologie as “buurmanwetenskappe” (Louw, 1999a:22) wat as sodanig die noodsaaklikheid vir 'n meta-teoretiese studie benadruk.

Dit is noodsaaklik om 'n geskikte en geldige werkwyse vir 'n studie te vind – wat die beste sal pas by die navorsing, die navorsingsbenadering en die navorsingsprobleem (Bloomberg & Volpe, 2012:27; Wellman, Mitchell & Kruger, 2005:5). Om die navorsingsprobleem te kan hanteer word bepaalde riglyne gevolg wat deel uitmaak van 'n gestruktureerde navorsingsraamwerk. Vir die verstaan van 'n probleemsituasie moet die klem val op die navorsingswerkwyse, paradigma en metodologie wat die geestes- en sosiale vakwetenskappe gebruik.

2.3 NAVORSINGSMETODE

Daar is hoofsaaklik drie algemene benaderinge tot empiriese navorsing: die kwantitatiewe, die kwalitatiewe en die gemengde metode (Mertler, 2016:89- 160). Die metodologie van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek (in hierdie studie gevolg) stel die navorser in staat om teorieë te ontwikkel wat aandui hoe bepaalde verskynsels kan ontwikkel en wat wetenskaplik voorspel watter gang en rigting iets volg (Heyns & Pieterse, 1998:71). Sodoende kan teorieë ontwikkel word wat verbande tussen verskynsels aandui. Empiriese metodologie stel navorsers ook in staat om teorieë meer op die praktyk te betrek wat weer tot 'n verbeterde praktyk lei (Heyns & Pieterse, 1998:72).

Die deurslaggewende eerste stap in navorsing is om 'n antwoord te verkry op Osmer (2008:33,48) se vraag: *Wat gaan aan?* Die antwoord hierop behels die volgende vyf aktiwiteite: die navorsingsvraag; die navorsingsontwerp; data-insameling deur 'n vraelys en

onderhoude; data-analise asook interpretasie; 'n navorsingsverslag wat terugwerkend die navorsingsvraag beantwoord (Terre Blanche, Durreim & Painter, 2006:35).

2.3.1 Keuse van navorsingsontwerp

Navorsing begin met 'n vraag waarop 'n ontwerp volg wat hierdie vraag beantwoord. Die navorsing word gedoen en bevindings aangeteken (Terre Blanche *et al.*, 2006:35). Aan die een kant moet die navorsingsontwerp omsigtig deurdink en gevolg word. Aan die ander kant moet dit ook buigsaam en aanpasbaar wees om ander opsies of veranderings in gedagte te hou (Boeije, 2010:19).

'n Kernbelangrike vraag sou wees hoe 'n berader sou kon leiding gee wanneer hy/sy in gebreke bly om aandag te gee aan ander se besonderheid en andersheid (Osmer, 2008:34). In die konteks en belang van hierdie studie is die navorsingsontwerp gevolglik só gekies en aangewend dat dit die besonderheid en andersheid van die deelnemende persone na vore kon bring. Die respondente in hierdie studie se belewenisse van verwerping en hoe dit hulle Godsbeskouing moontlik kon beïnvloed, het geblyk onderling te verskil.

2.3.2 Analise en interpretasie van die navorsingsontwerp

Data word deur analise en interpretasie vanuit 'n deduktiewe en induktiewe strategie sinvol gesistematiseer en georden (Badenhorst, 2008:181; Berg, 2009:113; Delpont & De Vos, 2011:48,49; Mouton & Marais, 1992:105). Deur 'n deduktiewe strategie word 'n projek met 'n duidelike konseptuele verwysingsraamwerk geloods, naamlik 'n model, tipologie of teorie. Daarteenoor kan die induktiewe strategie 'n projek begin sonder 'n duidelike konseptuele raamwerk. Hier is slegs 'n algemene hipotese of vermoede genoegsaam wat breedweg die navorsing lei (Berg, 2009:113; Delpont & De Vos, 2011:48,49; Mouton & Marais, 1992:105).

Interpretasie van die navorsing beteken om betekenis te heg aan inligting wat ingesamel is, om sin te maak uit bevindings en die aanbieding van verklarings. Dit behels verder om gevolgtrekkings te maak, lesse daaruit te lig (ekstrapolering) asook deduksie en oorweging van betekenis en inskakeling van eie indrukke (Badenhorst, 2008:181; Marshall & Rossman, 2006:163). Interpretasie gee betekenis en samehang aan die tema deur patrone en kategorieë uit te lig en te koppel. Dit skep ook 'n storielyn wat insig verskaf en inligting insiggewend weergee (Badenhorst, 2008:181; Marshall & Rossman, 2006:162).

Die navorser moet bepaal hoe bruikbaar die data-gedeeltes is wat ondersteuning gee aan die lewenstorie wat na vore kom. Die fokus is hoe hierdie data die navorsingsvraag help verhelder

en sentraal is tot die storie wat ontvou oor die sosiale verskynsel (in hierdie geval, verwerping en Godsbeskouing) (Badenhorst, 2008:181; Marshall & Rossman, 2006:163). Uit ontvinding in die praktyk en literatuurstudies van verskeie navorsers (vgl. 1.3.1) blyk dat verwerping 'n beduidende rol speel in hoe mense hulleself na waarde skat. Hieruit sal belyk dat selfwaardering ook 'n beduidende invloed uitoefen in die konseptualisering van persone se Godbeskouing. Met ander woorde, hulle innerlike belewenis kan as impetus dien in die vorming van hulle denke en gevoelens oor God.

2.3.3 Navorsingsparadigma

Die paradigma vir die navorsing behels die perspektief wat 'n logiese begroning verskaf (Terre Blanche *et al.*, 2006:40). As sodanig bied dit nie net die vertrekpunt vir navorsing nie, maar bepaal ook die empiriese werkwyse binne die navorsingsveld, deur die navorser te verbind tot 'n metode vir die insameling, waarneming en interpretasie van die data. Paradigmas is sentraal vir die navorsingsontwerp, deurdat dit beide die aard van die navorsingsvraag asook die manier beïnvloed waarop hierdie vraag bestudeer word (Terre Blanche *et al.*, 2006:40).

Die betroubaarheid van interpretatiewe navorsing word versterk deur die oorspronklike data wat ingesamel is waar die respondent se ervarings volledig beskryf word (Bertram & Christiansen, 2014:27). Die interpretatiewe paradigma neem dus voortdurend in ag dat mense aktief binne die proses besig is om van hul lewe sin te maak (Bertram & Christiansen, 2014:26; Denzin & Lincoln, 2008:31,32; Willis, 2007:95, 98). Mense gee betekenis aan hul lewe deur hul omgewing te interpreteer, skeppend te wees, betekenis daaraan te heg en dit te definieer; ook deur redes en motivering vir die handeling te verskaf (Du Toit, 2008:40).

Die waarde van die huidige studie lê daarin dat dit die realiteit ondersoek van deelnemers se subjektiewe ervarings van verwerping en hoe dit hulle Godsbeskouing beïnvloed of beïnvloed het. In hierdie proses van datagenerering deur 'n vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude vervul die navorser 'n interaktiewe rol.

2.3.4 Kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese ondersoek

Hierdie studie volg 'n kwalitatiewe benadering vir die empiriese ondersoek aangesien die navorser geïnteresseerd is om vas te stel hoe mense hulle ervarings van verwerping interpreteer, hoe hulle hul leefwêreld georden het en watter betekenis hulle aan daardie ervarings geheg het (Boeije, 2010:11; Denzin & Lincoln, 2008:46; Merriam, 2009:5; Willis,

2007:189).

In 'n kwalitatiewe studie word die veranderlike gewoonlik nie beheer nie (Babbie, 2007:286; Henning *et al.*, 2004:3). Dit laat die navorser dus toe om data kreatief te kan insamel en interpreteer (Denzin & Lincoln, 2008:34). In belang van die navorsingsvraag kan juis hierdie kreatiwiteit, vryheid en natuurlike ontwikkeling wat 'n kwalitatiewe ondersoek bied, aan so 'n studie geldigheid verleen. Kwalitatiewe studies betrek ten nouste die data-insameling en analise om 'n samehangende interpretasie te bereik (Creswell, 2003:184; Marshall & Rossman, 2006:155). Hierdie interpretasie moet voorts buigbaar en sensitief wees vir die sosiale konteks waarin die data verkry word. Daarom moet die data akkuraat wees om die geldigheid daarvan te verseker (Boeije, 2010:20; Denzin & Lincoln, 2008:34). Hierin word navorsers gelei deur oorspronklike begrippe wat hulle rondskuif of verander namate nuwe data ingesamel en geanaliseer word. Sodoende omskep kwalitatiewe analise die data in hanteerbare bevindings (Marshall & Rossman, 2006:157).

2.3.4.1 Die voor- en nadele van kwalitatiewe navorsing

Die voordele:

- Menslike belewenis kan in meer diepte bestudeer word.
- Daar kan gehou word by die belewenis van die deelnemers en die navorser.
- Persone wat die navorsingsverslag lees, kan 'n dieper en mensliker begrip van die navorsingsbevindings vorm (Louw & Edwards, 2005:34).

Die nadele:

- Dit is tydrowend en minder deelnemers kan bestudeer word.
- Vergelykings kan nie altyd getref word nie en 'n algemene gevolgtrekking is nie moontlik nie.
- Wiskundige en statistiese tegnieke kan nie aangewend word om die bevindings te verwerk nie.
- Resultate en bevindings van deelnemers se response kan deur die navorser se interpretasies subjektief beïnvloed word (Louw & Edwards, 2005:34).

2.3.4.2 Die plek en rol van die navorser in die kwalitatiewe benadering

In kwalitatiewe navorsing moet die navorser begrip toon vir die belangstelling wat die deelnemers se perspektiewe rig en moet uiteraard nie belangstellings wees wat die navorser ingelees het nie (Merriam 2009:14). In hierdie verband is die priesterlike meelewende luister waarna hier bo verwys is bepalend. Hiervolgens vertolk 'n navorser die rol van fasiliteerder vir

die insameling asook die interpretasie en analise van die data (Merriam, 2009:14; vgl. Denton, 2014:4). Hiervoor moes die vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude so opgestel word dat dit kontroleerbaar is en genoeg data oplewer om die vraag *Wat gaan aan?* (Osmer, 2008:4) te antwoord.

2.3.4.3 Beskrywende navorsing

Die haalbaarheid en gevolglik die geldigheid van die huidige studie het feitlik in geheel daarvan afgehang of die deelnemers hulle Godsbeskouing so noukeurig moontlik kon beskryf (Mouton & Marais, 1992:46). Daarmee kon die deelnemers se belewenisse geïnterpreteer word, insig bekom word en hoe hulle hul eie wêreld konstrueer. Daar kon ook vasgestel word watter betekenis hulle toeskryf aan hulle belewenisse van die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed het of steeds raak (Merriam, 2009:14).

2.4 ETIEK IN NAVORSING

Navorsing oor mense se belewenis van 'n lewensomstandigheid is onderhewig aan die streng etiese kodes wat in die Sosiale Wetenskappe geld. Die Professionele Etiese Kode (PBP, 2007) dien as riglyn om navorsing te bedryf binne die etiese raamwerk wat vir sielkundiges geld. Kwalitatiewe navorsing voer nie eksperimente op individue uit nie, maar is daarop ingestel om antwoorde te kry op die vrae wat die beste verstaan word. Dit geskied deur die insameling van narratiewe en lewensverhale wat begrip soek vir mense se lewenservarings (Savin-Baden & Major, 2013:322).

Die beskerming van deelnemende persone is noodsaaklik en die navorsing moet so gedoen word dat selfs die geringste moontlike benadeling weens die navorsingsprojek tot die minimum beperk word (Bloomberg & Volpe, 2012:76; Boeije, 2010:44). Daar moet seker gemaak word dat die regte, privaatheid en welsyn beveilig word van die mense en gemeenskap wat die fokus van so 'n studie uitmaak (Berg 2009:60; Boeije, 2010:46). In die huidige studie het die navorser verseker dat respondente teen nadelige gevolge beskerm is, deur byvoorbeeld persoonlike verleentheid te voorkom en te beklemtoon dat deelname aan die navorsing vertroulik en anoniem is (Berg, 2009:94).

2.4.1 Etiese riglyne

Voordat die empiriese studie begin is, is die voorgeskrewe etiese goedkeuring by die Etiekkomitee van die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry (verw. 1.9). Die NWU se Institusionele Navorsingsetiek Regulatoriese

Komitee (NERK) het etieknommer NWU-00312-16-A6 vir die doeleindes van hierdie navorsing toegeken. Daar is streng volgens die voorgeskrewe riglyne van NERK en die Navorsingsetiekkomitees (NEK's) gewerk en die belange van die deelnemers is deurgaans eerste gestel. Die basiese etiese riglyne is noukeurig gevolg soos hier onder verduidelik.

2.4.1.1 Inligting aan die deelnemers

Deeglike voorsorg is getref dat die inligting wat met hierdie navorsing verband hou nie roekeloos of onbedagsaam bespreek is nie (vgl. Berg, 2009:92). Die navorser het seker gemaak om die relevante inligting oor die navorsing volledig deur te gee aan al die deelnemers wat vrywilliglik aan die navorsingsprojek deelneem. Inligting is aan die potensiële deelnemers voorsien deur 'n dokument (Bylaag A) wat aandui waaroor die studie handel en wat daarmee beoog word.

2.4.1.2 Vrywillige deelname en ingeligte toestemming

Respondente is van alle toepaslike inligting voorsien oor hulle vrywillige deelname aan die projek. Om te help dat hulle 'n ingeligte besluit oor deelname kon neem is 'n week toegelaat om daaroor na te dink (Bloomberg & Volpe, 2012:85), waarna hulle skriftelik verklaar het dat hulle bereid is om deel te neem (Henning *et al.*, 2004:73). Respondente het 'n verklaring oor hulle deelname aan die navorsing onderteken (vgl. Bylaag A). Vrywillige deelname magtig 'n respondent om enige stadium van die navorsing te onttrek sonder verpligting om 'n rede te verstrek (Berg, 2009:94; Strydom, 2011:113-130). Die toestemming wat van die ingeligte deelnemers verkry is verseker ook anonieme deelname. Al die deelnemers se deelname aan die navorsing was vrywillig en toestemmingsbriewe is verkry (Bylaag B).

Die volgende aspekte oor die navorsing is saaklik en eerlik aan die deelnemers verduidelik (vgl. Henning *et al.*, 2004:73):

- die doel van die studie;
- belang van die beoogde studie;
- navorser se kwalifikasies, ervaring en kredietwaardigheid;
- moontlikheid van enige ongemak (fisies of psigies) of enigiets wat die respondent se bereidwilligheid om deel te neem aan die projek sou kon beïnvloed;
- dat deelname vrywillig is en sonder vergoeding;
- dat die deelnemer op enige tydstip van die navorsing mag onttrek sonder verpligting om 'n rede/s te verstrek.

2.4.1.3 *Reg tot privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid*

Dit is praktyk om 'n vertroulikheidsooreenkoms met elke deelnemer van die navorsingspan aan te gaan (Berg, 2009:92). Hierdie verklaring van vertroulikheid onderskryf die sensitiwiteit waarmee die navorser die navorsingsprojek benader. Dit bied ook aan die deelnemers die versekering dat die inligting wat van enige van die deelnemers bekom is, nie met ander bespreek sal word nie (Berg, 2009:92; Boeije, 2010:46).

Die navorser het seker gemaak dat deelnemers se privaatheid gerespekteer word terwyl alle inligting wat verkry is vertroulik hanteer is. Daar is voorts seker gemaak dat die identiteit van deelnemers vertroulik gehou is. Net die navorser dra kennis van wie die deelnemers is en alle inligting is vertroulik deur die navorser en studieleiers gehanteer.

2.4.1.4 *Geen nadeel vir deelnemers*

Daar is die versekering gegee dat indien 'n deelnemer om watter rede ook gedurende die projek sou onttrek, dit geen nadelige gevolge inhou nie (Bloomberg & Volpe, 2012:76; Henning *et al.*, 2004:73; Marshall & Rossman, 2006:72; Creswell, 2014:62-67).

2.4.1.5 *Potensiële risiko en ongemak*

Die doeleindes van die navorsing was om kwalitatiewe inligting in te samel oor die belewenis, gevoelens en ervaring van persone wat verwerping ervaar het en wie se Godsbeskouing moontlik daardeur beïnvloed is. In die lig van hierdie doeleindes is nie enige fisiese ongemak voorsien nie.

Alle onderhoude is gevoer in 'n professionele omgewing waar deelnemers veilig en gemaklik kon voel. Hulle was algeheel vry om te praat oor hul belewenis, gevoelens en ervarings rakende die navorsing se onderwerp. Daar is met deelnemers ooreengekom dat die tydsduur van onderhoude nie langer as 90 minute sou wees nie. Geeneen van die onderhoude het egter so lank geduur nie; die gemiddelde tyd vir al die onderhoude was 60 minute.

Die navorser het gesorg dat deelnemers nie ongemak tydens die onderhoud beleef het nie. Daar is seker gemaak dat alle inligting oor die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente hulle kon blootstel akkuraat en volledig deurgegee is (Henning *et al.*, 2004:74; Silverman 2010:156).

2.4.1.6 *Potensiële voordeel vir deelnemers*

Die verwagte bydrae van die studie tot die vakgebied is om 'n gespreksproses saam te stel wat pastorale hulpverleners kan bemagtig om persone wie se Godsbeskouing weens verwerping beïnvloed is tot genesing en 'n dieper verhouding met God te begelei. Die potensiële voordeel vir deelnemers aan hierdie studie is nie slegs dat respondente wedersyds

by mekaar se insette kon baat nie. Die troosvolle versekering is aan deelnemers gekommunikeer dat die seer wat iemand ervaar het in God se hand ook die pad tot genesing vir ander kan help baan.

2.4.1.7 Vergoeding

Volgens die etiese vereistes vir empiriese navorsing is geen voorsiening gemaak of verpligtings gelê om respondente te vergoed nie.

2.5 METODOLOGIE VAN DATA-INSAMELING

Wanneer data ingesamel word, is dit belangrik om die bevindings in die lig van die navorsingsvraag na te gaan (Silverman, 2011:227). Tydens hierdie eksakte proses kan die aangewese of gekose metodes, bevindings en konsepte ook getoets word (Silverman, 2009:152). Sleutelvrae met die oog op analise kan gestel word om die navorsing te ondersteun. Sodanige sleutelvrae hang gewoonlik af van die navorsingsonderwerp en voorkeurmodel vir kwalitatiewe navorsing (Silverman, 2009:153; vgl. Yin, 2014:10).

2.5.1 Gevallestudie

'n Gevallestudie is 'n benadering wat geskik is om ingewikkelde of eenvoudige verskynsels binne 'n navorsingskonteks te ondersoek (Berg, 2009:317). As sodanig is 'n gevallestudie 'n intensiewe, holistiese beskrywing en analise van 'n enkele begrensde eenheid (Merriam, 2009:203). Dit behels om 'n saak volledig te beskou deur dit vanuit verskeie hoeke te besigtig (Thomas, 2011:23; vgl. Yin, 2014:16).

In die huidige studie handel dit oor 'n besondere saak (verwerping wat Godsbeskouing beïnvloed) en die navorser veralgemeen nie. Thomas (2011:3, 23) stel dat navorsers juis daarna streef om veralgemening uit die ondersoekproses te weer. Die navorser wil 'n ryk beeld en analitiese insig kry in persone se belewenis van verwerping en die vorming van hulle Godskonsep (Thomas, 2011:23). Daar is gefokus op holistiese beskrywings en verduidelikings van 'n geselekteerde aantal individue vanuit hulle werklikheidsservarings van verwerping asook hoe en hoedanig dit hulle Godsbeskouing beïnvloed het (Berg 2009:318; Babbie & Mouton, 2004:280-281; Merriam, 2009:49).

2.5.1.1 Doel van 'n gevallestudie

Die gevallestudie is 'n indiepte-analise wat – in die huidige studie – die realiteit, respondente se belewenis en gedagtes oor die verwerping te ondersoek. Dit is gedoen om vas stel hoe en in watter mate verwerping iemand se Godsbeskouing sou kon beïnvloed (Bertram & Christiansen, 2014:42). Die bevindings is met reeds ontwikkelde teorieë vergelyk (Henning *et al.*, 2004:14) binne die prakties-teologiese teoretiese raamwerk waarmee gewerk. Só is tot gevolgtrekkings gekom wat as bevindings geformuleer is (Fouché & Schurink, 2011:321; Heyns & Pieterse, 1998:82).

2.5.1.2 Keuse van gevalle

Die keuse van die gevalle om in hierdie studie te ondersoek, is bepaal deur die doelwitte vir die navorsing. Daar is oorweging gegee aan volwassenes wat:

- enige vorm van verwerping in enige stadium in hulle lewe ervaar het;
- wie se Godsbeskouing daardeur beïnvloed is; en
- wat probleme ondervind met die konsep “Godsbeskouing”.

Weens die navorser praktykondervinding van funksionele terapie kon sy aspekte wat vir hierdie studie relevant is, noukeurig assessee. In die lig van die studiefokus en as tematiese riglyn is die volgende tersaaklike faktore uitgewys om die seleksie van gevalle te rig. Hierdie faktore behels: die belewing van verwerping, die vorming van Godsbeskouing, godsdienstige agtergrond, mense se worsteling en deelnemers se wêreldbeskouing.

Verwerping en die vorming van 'n persoon se Godsbeskouing is ondersoek om empiriese bevindings oor praktykteoretiese teorieë verder te ondersoek, te bevestig en uit te brei. Die oogmerk was om persone wat verwerping ervaar het en wie se Godsbeskouing daardeur beïnvloed is, terapie by te staan. Om die toepaslike data te genereer is die deelnemers se beskrywing van hul belewenis van verwerping en sekere aspekte van hulle Godsbeskouing gebruik.

2.5.1.3 Getal deelnemers

Elke studie is uniek en die aantal deelnemers wat dit nodig, verkieslik tussen 10 en 15 lede (Babbie, 2007:289; vgl. Yin, 2014:64), word bepaal deur die hoeveelheid inligting wat in besonder van elke geval nodig en/of verkry moet word (Terre Blanche *et al.*, 2007:289). In ooreenstemming met Babbie (2007:289) se aanwysings, het 11 persone aan die navorsing deelgeneem. Dit het ook daartoe meegewerk dat elke ouderdomsgroep deur minstens twee deelnemers verteenwoordig is.

2.5.1.4 Skending van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Alle deelname was anoniem en deelnemers se persoonlike inligting en identiteit is streng vertroulik gehanteer. In die verslag is die deelnemers se identiteit beskerm deur betrokkenes onpersoonlik te identifiseer deur kodering en numeriese vermelding (R [Respondent] 1-11) (vgl. Henning *et al.*, 2004:73; Metler, 2016:56; Silverman, 2010:167).

Die aard van die navorsing het vereis dat klankopnames van onderhoude gedoen moes word om deeglike en akkurate interpretasie van die inligting te verseker (Silverman, 2010:199). Na die afloop van die navorsing is die opnames saam met die persoonlike inligting van deelnemers veilig weggesluit in 'n liasseerkabinet waartoe slegs die navorser toegang het.

Inligting wat op rekenaar gestoor is, is beveilig deur 'n wagwoord wat net die navorser ken. Alle resultate sal minstens sewe jaar ná voltooiing van die studie gestoor word (Henning *et al.*, 2004:74; Berg, 2009:92).

2.5.2 Selfpersepsieskaal en pastoraal-semantiese differensiaalanalise

Die metode waarvolgens data ingesamel en geïnterpreteer word, dui aan hoe die navorser die empiriese data bekom om die navorsingsvraag te beantwoord (Boeije, 2010:58). Hiervoor is die geskikte insamelingsmetodes gevind in Hanekom (2005:123) se gestandaardiseerde selfpersepsieskaal en Louw (1999a:399) se pastoraal-semantiese differensiaalanalise). Hierdie instrumente is ideaal om inligting te bekom rakende die respondente se innerlike belewing van verwerping en die vorming van hul Godsbeskouing. Omdat die mens die onderwerp van geesteswetenskaplike navorsing is, bring dit 'n eie problematiek na vore wat nie in byvoorbeeld die natuurwetenskappe voorkom nie. Hier moet in ag geneem word dat mense rasionele, historiese en normatiewe wesens is. Deur hulle rasionaliteit het mense die vermoë om oor hulle eie bestaan as mens te kan besin (Mouton & Marais, 1992:77).

2.5.2.1 Gestandaardiseerde selfpersepsieskaal

Die selfpersepsieskaal (Hanekom, 2005:85-87), (Addendum A) bestaan uit drie konstrunkte, naamlik:

- innerlike onsekerheid – vrees/bang;
- skuldgevoelens – skuld; en
- gebrek aan selfwaarde – skaamte.

'n Verbinding van hierdie drie konstrunkte bepaal die innerlike belewenis wat bepalend op 'n persoon se selfpersepsie inwerk. Hoe individue hulleself beskou en beleef bepaal hoe hulle

ander mense se optrede beleef en hoe hulle dus in verhouding tree met ander, insluitend God.

2.5.2.2 *Pastoraal-semantiese differensiaalanalise*

Die doel van Louw (1999a:399), se pastoraal-semantiese differensiaalanalise (verw. Addendum B) (hierna verkort as PSD) is om 'n persoon se geloof-verhouding en ook sy/haar verstaan en vertolking van God binne die konteks van eksistensiële vrae oor lewensin waar te neem en te ontleed. In Louw se pastorale analise is die oogmerk om herstel te laat plaasvind en geloofsgroei te stimuleer (Louw, 1999a:374). Hiervoor identifiseer Louw (1999a:375) drie faktore in die pastorale analise:

- die aard van geloof;
- godsdiens; en
- Godsvoorstelling.

Deur 'n verbinding van Hanekom (2005:123) en Louw (1999a:399) se metodologieë is struktuur aan die gesprek met deelnemers gegee. Hierdie strategie maak dit moontlik om sensitief ("priesterlik" soos Osmer [2008:29] dit stel) te luister en beter te verstaan wat aangaan. Dit het insig gebied in die *manier* waarop en *mate* waarin iemand se Godsbeskouing as gevolg van verwerping beïnvloed kon word.

'n Nadere blik op Louw (1999a:396) se metodiek is nodig. Louw (1999a:396) het Osgood se model van semantiese differensiaalanalise vir die pastoraat so aangepas dat dit beter insig bied ten opsigte van mense se algemene begrip of konsep van byvoorbeeld God. Dit help om hierdie begrip en konsep te kan evalueer. Louw (1999a:396) se doel met die aanpassing is dat begrippe wat met God se handelings in die heilsgeskiedenis in verband gebring word in hul teenoorstellende waardes uitgedruk kan word. Hierdie begrippe word in vier dimensies verdeel (Louw, 1999a:397) naamlik:

- **Waarskynlikheid:** God se regverdigheid teenoor kwaad en lyding speel 'n belangrike rol.
- **Evalueerend:** Bepaal of 'n persoon 'n assosiasie oproep wat opbouend is en sekuriteit bied, of een wat remmend en ontwrigtend inwerk,
- **Potensiaal:** Dui kontrabegrippe van sterk of swak aan wat bepaal of 'n persoon 'n sekere verwagting oor God koester en aan in watter mate die persoon met hierdie Godsbeskouing kan identifiseer.
- **Aktiwiteit:** Verband tussen God se algemene handelings en spesifieke dade tree hier na vore wat óf aksie/doenend of passief/onbetrokke kan wees.

In die PSD (Louw, 1999a:399) kom 'n persoon se onmiddellike ervaring, waarneming, identifikasie en verwagting van God na vore. Hierdie analise fokus op die kognitiewe

assosiasies van 'n persoon se verstaan van die konsep "God". Dit is dus nie bloot gerig op die affektiewe assosiasies van geloofsbewegings nie (Louw, 1999a:396).

Die volgende inligting vanuit die subtemas is belangrik: werklikheidsgestalte, waarde, potensiaal en doeltreffendheid in die PSD (Louw, 1999a:398). Dit word hieronder uiteengesit.

- 'n Hoë (positiewe) telling in elke afdeling dui op 'n positiewe identifikasie tussen die persoon en God.
- 'n Telling wat in elke afdeling om die 0 (neutrale posisie) konsentreer, dui op 'n moontlike neutrale houding teenoor God wat kon ontstaan het: as gevolg van:
 - o 'n gebrekkige kennis; of
 - o 'n gebrek aan belangstelling en/of toewyding.
- 'n Lae (negatiewe) telling in elke afdeling dui op moontlike krisis-vlakke wat die persoon ervaar en hoe hierdie krisis sy/haar verstaan van God beïnvloed.

'n Telling wat 'n neutrale posisie weerspieël, dui op 'n gebrekkige groei of oppervlakkige identifisering met God. Hierdie dempende uitwerking wat 'n neutrale verstaan van God op 'n persoon se geloofsgroei het, kan deur konstruktiewe konfrontasie gehanteer word (Louw, 1999a:398).

Met die implementering van Louw (1999a:398) se PSD moet die volgende faktore in ag geneem word:

- Die persoon wat verwerping ervaar het moet aangemoedig word om in stilte na te dink oor sy/haar onmiddellike ervaring met God en daarna so eerlik en opreg moontlik teen die aangeduide skaal die konsep "God" evalueer.
- Dit is belangrik dat aan die persoon verduidelik word dat die verskeie konstrunkte in die PSD nie etiese kategorieë is wat goed of sleg/kwaad weerspieël nie. Gevolglik hoef hy/sy nie bang te wees om 'n negatiewe assosiasie van God op te roep nie. Voorts hoef negatiewe assosiasie nie opgeroep te word soos dit "behoort te wees" of soos die kerk of dogmatiek dit voorskryf nie.
- Aan die persoon wat verwerping ervaar het, moet verduidelik word dat die positiewe sowel as die negatiewe dimensies 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van gelowiges se spiritualiteit.
- Wanneer 'n persoon gevra word om die PSD te voltooi, is dit belangrik dat die analise en die begrippe wat daarin voorkom en betekenis daarvan aan so een verduidelik word.

Vanweë die PSD se fokus op 'n persoon se Godskonsep in die algemeen, word die PSD

tweede in die onderhoud gedoen. Sodoende kan die navorser die deelnemer aan die hand van die inligting wat bekom word verder uitvra oor sy/haar beleving van God as Vader (vgl. Hoefner, 2009:87).

Respondente het tydens die onderhoud die PSD ingevul. Daar is vooraf aan elkeen verduidelik wat elkeen van die waardes van die abstrakte begrippe beteken voordat hy/sy dit tydens die onderhoud ingevul het.

2.6 DATA-ANALISE

Tydens die verwerking van die ingesamelde data is twee stappe gevolg, naamlik analise en interpretasie van die data van elke deelnemer. Die data as sodanig bekom deur gevallestudies (wat eerstens aangedui word). Daar bestaan geen regte of verkeerde benadering vir data-analise in kwalitatiewe navorsing nie (Fouché & Schrink, 2011:335). Daar is wel algemene riglyne wat 'n navorser kan verkies asook strategieë wat met data-analise gevolg kan word (Fouché & Schrink, 2011:335).

Data-analise is 'n ingewikkelde en tydrawende proses waartydens die navorser vorentoe en agtertoe beweeg tussen konkrete uittreksels van data en kortbegripkonsepte, tussen induktiewe en deduktiewe beredenering en tussen beskrywing en interpretasie (Merriam 2009:176).

2.6.1 Data-analise en interpretasie

Data word deur analise en interpretasie sinvol gesistematiseer en georden (Badenhorst, 2008:181; Creswell, 2003:205; Mouton & Marais, 1992:105). Dit kan geskied deur 'n deduktiewe of induktiewe strategie wat tot datareduksie (kan) lei (Louw, 2005:42). Soos reeds gesien, werk 'n *deduktiewe* strategie met 'n konseptuele verwysingsraamwerk (model, tipologie of teorie), waar 'n *induktiewe* strategie nie 'n raamwerk volg nie, slegs 'n algemene hipotese of vermoede wat breedweg die navorsing lei. Die navorsing is dus minder gestruktureerd (Mouton & Marais, 1992:105).

In die huidige studie moet vasgestel word of daar 'n verband bestaan tussen verwerping en die manier waarop en mate waarin dit 'n persoon se Godsbeskouing kan beïnvloed. Hiervoor is van 'n *induktiewe* werkswyse gebruik gemaak (Delport & De Vos, 2011:49). Die navorsing is gedoen deur belangrike patrone, temas en tussenverhoudings in hulle natuurlike omgewing uit te wys (Babbie & Mouton, 2004:273). Soos reeds aangedui (verw. 2.3.2), is daar 'n leemte in literatuur oor hoe en hoe ver verwerping as sodanig 'n persoon se Godsbeskouing kan

beïnvloed. Deur onderhoude met die deelnemers kon egter 'n hipotese gevorm word (Heyns & Pieterse, 1998:79).

Die interpretasie van die inligting uit die onderhoude het betekenis en samehang aan die tema van die navorsing verleen. Dit het ook die navorser insig gegee in die verband tussen verwerping en deelnemers se Godsbeskouing en hoe dit beïnvloed is of steeds geraak word (Badenhorst, 2008:181; Marshall & Rossman, 2006:162). Daar kon sin uit die insigte gemaak word en dit is bevind dat verwerping nie slegs 'n beduidende invloed op iemand se Godsbeskouing kan uitoefen nie (Badenhorst, 2008:181; Marshall & Rossman, 2006:163). Op die een of ander manier beïnvloed hierdie negatiewe beleving 'n Godsbeskouing *deurlopend*.

Daar moes vasgestel word hoe bruikbaar die data-gedeeltes is om ondersteuning te kon gee aan die lewensverhale wat te voorskyn getree het. In hierdie opsig het die data die navorsingsvraag help verhelder en aangetoon hoe dit die middelpunt vorm van die lewensverhale wat ontvou het rondom die sosiale verskynsel van verwerping (Badenhorst, 2008:181; Marshall & Rossman, 2006:163).

2.6.2 Rapportering van data

In enige navorsing is dit noodsaaklik dat die ingesamelde data geldig en betroubaar sal wees (Merriam, 2009:210). Dit vereis van navorsers om 'n studie noukeurig te konseptualiseer in die manier waarop hulle die verkrygte data verwerk, dit wil sê die data-analise, die interpretasie daarvan en die manier waarop die bevindings weergegee of gerapporteer word (Merriam, 2009:210). Kwalitatiewe navorsing vereis dus dat die een wat rapporteer die verantwoordelikheid neem dat diegene wat die resultate lees, nie sal kan twyfel of die prosedure getrou gevolg is nie. Met ander woorde, die studie moet konsensusueel valideerbaar wees (Rousseau, 2010:200). Hierdie proses is vir enige studie van die grootste belang (Lieblich, Tuval-Mashiach & Zibert, 1998:173) ten einde die betroubaarheid van daardie narratiewe navorsing te verseker. Dit is veral belangrik dat die bevindings sin maak en vir ander navorsers en ingeligte individue geldig is (Rousseau, 2010:200).

Daar is twee soorte geldigheid, naamlik interne geldigheid of geloofwaardigheid en deeglikheid of ooreenstemming (Merriam, 2009:210). Interne geldigheid handel oor die vraag hoe die navorsingsbevindings met die werklikheid ooreenstem. Deeglikheid of ooreenstemming benadruk hoe die navorsingsbevindings herhaal kan word (Merriam, 2009:210). Die interne geldigheid van die huidige navorsing is versterk deur die vraelys (verw. Addendum A) aan geïdentifiseerde persone (verw. 2.8.3) wie se Godsbeskouing moontlik weens verwerping beïnvloed is. Die deelnemers is gevra om die semi-gestruktureerde vraelys

(Neuman, 2000:260) wat in samewerking met die studieleier opgestel is (vgl. Rousseau, 2010:192), skriftelik te beantwoord.

Dertien vraelyste is aan voornemende deelnemers uitgestuur. Elf response is terugontvang (2 respondente het aan die studie onttrek) en die response het gedien as die basis om vir elke deelnemer 'n ongestruktureerde vraelys op te stel vir indiepte-onderhoude (Greeff, 2011:352).

2.7 EMPIRIESE BEVINDINGS

2.7.1 Inleiding

Die semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met behulp van die vraelys (Addendum A) soos hier bo verduidelik (Greeff, 2011:351). Die resultate uit die onderhoude word vervolgens aangedui volgens die temas, subtemas en kategorieë wat tydens die proses van data-analise geïdentifiseer is.

2.7.2 Deelnemers se besonderhede

Die deelnemers se besonderhede is soos volg getabuleer en in die rapportering van die data word anoniem verwys na R1, R2, ensovoorts:

Tabel 2.1: Lys deelnemers

DEELNEMER	GESLAG	OUDERDOM
Respondent 1	Vroulik	62
Respondent 2	Manlik	36
Respondent 3	Vroulik	57
Respondent 4	Vroulik	50
Respondent 5	Vroulik	46
Respondent 6	Manlik	32
Respondent 7	Vroulik	55
Respondent 8	Manlik	71

Respondent 9	Manlik	20
Respondent 10	Manlik	55
Respondent 11	Manlik	67

2.7.3 Onderhoude

Die eerste stap tydens die beplanning van die onderhoude was om te besluit watter soort onderhoude gevoer behoort te word. Die rede vir die navorsing bepaal die metode van onderhoudsvoering (Greeff, 2011:341). Daar is gebruik gemaak van een-tot-een-onderhoude wat semigestruktureerd is (Greeff, 2011:351). Hierdie manier van data-insameling bied die navorsingsonderwerp die nodige beweeglikheid om soveel moontlik inligting oor die navorsingsvraag te bekom en verleen ook die nodige privaatheid aan die deelnemers in die huidige studie (Greeff, 2011:351).

2.7.3.1 Doel van onderhoude

Die doel van onderhoude was om spesifieke data of inligting te bekom. Hierdie strategie is nodig wanneer die navorser nie die gedrag, gevoelens en hoe mense hulle leefwêreld interpreteer, kan waarneem nie (Merriam, 2009:88).

2.7.3.2 Die onderhoudskedule

Die onderhoudskedule behels 'n lys moontlike vrae of onderwerpe wat die navorser aan die deelnemers tydens die onderhoud stel (Merriam, 2009:81; Silverman 2009:153). In die huidige studie is van oop vrae gebruik gemaak (Greeff, 2011:347) en 'n lys vrae is aan elke deelnemer verskaf. Dit was gebaseer op die antwoorde wat 'n deelnemer in die skriftelike vraelys verstrek het. Ofskoon van die vrae voor die tyd geformuleer en neergeskryf is om aan die onderhoud 'n semi-gestruktureerde formaat te verleen, was die volgorde van die vrae nie bepalend vir die onderhoud nie. Daar is sodoende buigsaamheid aan die onderhoud verleen om maksimum inligting oor die deelnemers se beleweniswêreld te bekom (Merriam, 2009:90).

Elke onderhoud het bestaan uit vrae waarmee relevante kwessies verken kon word. Die vrae is gestel in vorms waarna Merriam (2009:97) verwys as hipoteties, duiwelsadvokaat, ideale posisie en interpretatief. Hierdie vorms word hieronder nader aangedui.

- **Hipoteties:** Verwys na hoe iets of iemand moontlik mag wees of hoe daar in 'n spesifieke situasie moontlik opgetree sou word, en begin gewoonlik met: "Wat van ..." of "Sê nou net ..."

- **Duiwelsadvokaat:** Is geskik wanneer die onderwerp aanvegbaar is en uitgevind moet word wat die deelnemer se gevoel of mening oor 'n saak is. Die vraag sou kon begin met: “Sommige sou sê ... en wat sou jy hulle antwoord?” Hierdie manier van vrae stel was in die huidige navorsing veral doeltreffend waar 'n deelnemer nie gemaklik was om sy/haar Godsbeskouing te verwoord nie, omdat iemand dalk kon meen dat 'n mens nie op sekere maniere oor God mag dink of praat nie.
- **Ideale posisie:** Ontlok beide inligting en mening omdat die deelnemer gevra word om sy/haar ideale situasie oor 'n saak te beskryf.
- **Interpreterend:** Behels 'n interpretasie deur die navorser van wat hy/sy dink die deelnemer gesê het. Dit skep die geleentheid vir die deelnemer om te antwoord sodat meer inligting bekom word en menings en gevoelens duideliker raak. Die deelnemers kan hier verduidelik wat hulle werklik van 'n situasie verstaan of hulle indrukke daarvan weergee. Die vraag begin gewoonlik met: “Sou jy dalk kon of wou sê ...?”

Oop vrae is die beste manier om 'n onderhoud te voer soos dit vir die huidige studie geld (Merriam, 2009:99), en lewer beskrywende inligting. Hoe meer beskrywende die inligting vanuit die onderhoude is, hoe meer baat dit die navorsing. Die volgende oop vrae kan gestel word om beskrywende inligting te bekom (Merriam, 2009:99):

- “Vertel my van die tyd toe ...”
- “Gee vir my 'n voorbeeld van ...”
- “Vertel my meer van ...”
- “Hoe was dit toe jy ...?”

2.7.3.3 *Semi-gestruktureerde een-tot-een-onderhoude*

Deur 'n semi-gestruktureerde een-tot-een-onderhoud kon die deelnemers die moontlikhede opper waaraan die navorser nie gedink het nie. Dit is moontlik omdat 'n deelnemer immers die betrokke situasie eerstehands ervaar (Rousseau, 2010:191). In dié sin funksioneer die deelnemer as “kenner” op daardie navorsingsgebied (Greeff, 2011:342). Daar kan dus met reg na 'n deelnemer as “insider” verwys word (Rousseau, 2010:191). Dit spreek vanself: “insiders” kan waarskynlik die beste insig bied oor hoe 'n verskynsel daar uitsien of hoe dit “werk” en gevolglik hoe 'n mens daarvan kan vry kom (Rousseau, 2010:191). Dit is noodsaaklik dat aan so 'n kenner die maksimum geleentheid gebied word om sy/haar verhaal te vertel (Greeff, 2011:352). Sodoende word verskillende lyne van terugvoer in 'n beradingstrategie betrek.

Oor die tydsduur van onderhoude is vooraf met die respondente ooreengekom. Die indiepte- en semigestruktureerde onderhoude is gemiddeld binne die bestek van een uur gevoer. Deelnemers is op hul gemak gestel en gevra om terug te dink oor hul belewenis van die verwerping. Waardevolle agtergrondinligting is ingewin oor agente wat vir die verwerping verantwoordelik was of steeds is. Deelnemers moes aandui watter soort verwerping hulle ervaar het. Vandaar af is die volgende fokuspunte gehanteer: die *manier* waarop (hoe) en die *graad* waartoe (hoedanig) die verwerping die deelnemer se Godsbeskouing beïnvloed het.

Die doelwit van die onderhoude was nie dat deelnemers die verwerping wat ervaar is in fyn besonderheid beskryf nie. Daar is eerder gekonsentreer om soveel moontlik te wete te kom oor die bogenoemde twee fokuspunte by elkeen se ervaring van verwerping en hoe dit die deelnemer se Godsbeskouing beïnvloed het.

2.7.4 Datagroepering

Soos reeds daarop gewys, verg dit 'n tydrowende, sikliese proses om die klankopnames te transkribeer (Rousseau, 2010:192). Tog is dit waardevol omdat dit help om die navorser deegliker vertrouwd te maak met die data en eindelijk die analisering te vergemaklik (Braun & Clarke, 2006:87). Daarbenewens werk dit veral mee om die geloofwaardigheid van die studie te verhoog (Botes, 2003:180).

Deur herhaaldelik na die digitale opnames te luister, het die navorser doelgerig (vgl. Rousseau, 2010:192) deur die vrae en antwoorde van elke deelnemer gewerk. Die soort narratiewe analise wat gebruik is om die data te ontleed, berus op 'n kategoriale inhoudsperspektief ("categorical-content perspective"; Lieblich *et al.*, 1998:16-17, 112). Tydens die inhoudsanalise (Rousseau, 2010:195), word gefokus op 'n bepaalde aspek van 'n persoon(e) se lewensverhaal (Lieblich *et al.*, 1998:16). In die huidige studie handel dit oor respondente se beleving van verwerping en daardeur oor die benadeling van hul Godsbeskouing.

Die data is gerapporteer onder die hooftemas en in kategorieë onder die verskillende subtemas bespreek waar terugvoer deur deelnemers gemeld is. Deelnemers word as R1 – R11 aangehaal (R = Respondent). Vanweë talle raakpunte en ooreenstemming tussen respondente se belewenis is nie al die inligting van elke respondent gerapporteer nie, slegs data wat 'n variasie op 'n aspek aandui, selfs al sou so 'n verskil gering wees. Respondente se terugvoer is in numeriese volgorde onder die kategorieë weergegee. By 'n kategorie waar geen verwerping aangedui is nie, is die kategorie weggelaat en 'n verkorte weergawe is aangebied waar dieselfde indiepte-benadering gevolg is by gevalle wat by ander subtemas en kategorieë betrokke is.

Uit die kodering van die onderhoude is die gepaste temas, subtemas en kategorieë geïdentifiseer. Kodering help om 'n groot hoeveelheid inligting doeltreffend op te som en om belangrike punte uit te wys. In die huidige studie is selektief met direkte aanhalings te werk gegaan omdat die respondente se belewenisse en gevoelens heelwat ooreengestem het. Daar is nogtans gepoog om respondente naastenby gelykwaardig aan te haal. Sodoende kom die respondente nie net self aan die woord nie, maar dit dra veral by om die navorsing geloofwaardig te maak (Rousseau, 2010:197). Relevante aspekte van verwerping as sodanig is reeds in hoofstuk 1 aangedui (verw. 1.1; 1.3; 1.4.1) en word in hoofstuk 3 breedvoerig bespreek. Vanuit die vraelys (Addendum A), die lewensverhale daarin en die onderhoud met die respondente, is spesifieke hooftemas gedurende die data-analise geïdentifiseer.

Die volgende hooftemas is geïdentifiseer gedurende die data-analise:

- **Hooftema 1:** Verwerping
- **Hooftema 2:** Gesinsverhoudings
- **Hooftema 3:** Selfkonsep
- **Hooftema 4:** Godsbeskouing

Die bogenoemde hooftemas asook die relevante subtemas en kategorieë word in Tabel 2.2 hier onder uiteengesit.

Tabel 2.2: Skematiese voorstelling van hooftemas, subtemas en kategorieë

Hooftema 1	Subtemas	Kategorieë
Verwerping	Verwerping deur ouers en ander betekenisvolle nabypersone	• Verwerping deur die biologiese ma • Verwerping deur die biologiese pa • Verwerping deur die grootouers • Ouers wat deur woorde, dade en skuldgevoelens verwerp
		• Ouers met 'n voorkeur vir een kind • Ouers wat verwerp op grond van geslag • Ouers wat verwerp deur te mishandel of emosionele verwaarloosing
	Verwerping deur 'n onderwyser	• Onderwysers wat deur woorde en dade verwerp
	Verwerping deur skoolmaats	• Verwerping deur skoolmaats se woorde en dade

	Verwerping deur kollegas	• Verwerping as gevolg van jaloesie en afguns van kollegas • Verwerping deur kollegas se woorde en dade
Hooftema 2	Subtemas	Kategorieë
Gesinsverhoudings	Disfunksionele gesinsverhoudings	• Onderlinge gesinsverhoudings • Patologiese gesinsverhoudings
Hooftema 3	Subtemas	Kategorieë
Selfkonsep	Negatiewe innerlike belewenis	• Bang • Skaam • Skuldig
	Negatiewe selfpersepsie	• Mislukking • Minderwaardig • Onseker • Bang • Verwerp • Kwaad • Magteloos
Hooftema 4	Subtemas	Kategorieë
Godsbeskouing	Werkliedsgesalte	• Waarskynlik • Waarskynlik
	Waarde (Evaluerend)	• Opbouend • Remmend
	Potensiaal	• Sterk • Swak
	Doeltreffendheid (Aksie)	• Aktief • Passief/onbetrokke

2.7.4.1 Hooftema 1: Verwerping

As antwoord op die eerste vraag ("Van wie het u verwerping ervaar?") het die meerderheid respondente aangedui dat dit van 'n biologiese ouer gekom het. In sommige gevalle is 'n respondent deur beide ouers en 'n grootouer verwerp. Verwerping deur 'n ouer/s kan beide aktief en passief voorkom met direkte of indirekte verbale vorms of passiewe nie-optrede (Pieterse, 2006:16). In tabel 2.3 hieronder is 'n skematiese voorstelling van hooftema 1, subtemas en kategorieë.

Tabel 2.3: Skematiese voorstelling van hooftema 1, subtemas en kategorieë

Hooftema 1	Subtemas	Kategorieë
Verwerping	Verwerping deur ouers en ander betekenisvolle naby-persone	• Verwerping deur die biologiese ma • Verwerping deur die biologiese pa • Verwerping deur die grootouers • Ouers wat deur woorde, daade en skuldgevoelens verwerp • Ouers wat 'n voorkeur vir een kind het • Ouers wat verwerp op grond van geslag • Ouers wat verwerp deur te mishandel of deur emosionele verwaarloosing
	Verwerping deur 'n onderwyser	• Onderwysers wat deur woorde en daade verwerp
	Verwerping deur skoolmaats	• Verwerping deur skoolmaats se woorde en daade
	Verwerping deur kollegas	• Verwerping as gevolg van jaloesie en afguns van kollegas. • Verwerping deur kollegas se woorde en daade

Hier onder word die terugvoer volgens subtemas en kategorieë gehanteer. Enkele gevalle word verbatim gerapporteer. Aan die einde van die kategorieë onder 'n subtema word 'n waarneming gemaak (onder daardie subtema) van die respondent/e se reaksie op die verwerping wat hul beleef het.

a. Subtema 1: Ouerlike verwerping

Die verskynsel dat iemand soos 'n kind, broer, suster of ouers deur iemand in die gesin of familie verwerp word, is moeilik om te verstaan (verw. 3.4.3.3). Dit is immers diegene wat veronderstel is om die meeste vir mekaar behoort om te gee.

i. Die biologiese ma

Verwerping kan reeds so vroeg soos by konsepsie plaasvind. Gevolglik word hierdie onwelkome fetus in 'n omgewing gevorm wat gewoonlik as veilig beskou word, daar waar God liggaam, siel en gees van die mens aanmekaar weef (Ps 139:13-16). Daar is ma's wat die baba heeltemal verwerp omdat hulle glo dat hulle die baba nie kan versorg, vertroetel of akkommodeer nie (De Kock, 2006:50; Lotter & Hoepfner, 2011, 558; Lourens, 2002:22). Uit die bevindings kan die volgende respondente se verwerping uiteengeesit word:

R1, R2, R3 en R4 is onderskeidelik deur hul biologiese ma verwerp.

R1, R2 en R4 noem onderskeidelik dat die verwerping hulle onwelkom en nie geliefd laat voel het nie.

R3 noem dat sy kwaad en geskok was toe sy uitgevind van die ware omstandighede waartydens sy verwek is het: "Ek het gewonder hoekom het God dit toegelaat."

R1 en R2 noem dat hulle wonder hoekom God hulle aan sulke liefdelose ma gegee het en wat hulle gedoen het om dit te verdien.

ii. Die biologiese pa

Die rol van die pa is ewe belangrik as die ma s'n in die ontwikkeling van gehegtheid by kinders. Dus het pa's net so 'n groot invloed op die vorming van die kind. Ongunstige ervarings met die pa steek vas in die kind se onderbewuste en maak sulke persone kwesbaar om opnuut seer te kry (Louw, Louw & Van Ede, 1998:225; Pieterse 2010:119).

R2, R5, R6, R7, R8 en R10 het verwerping deur hul biologiese pa ervaar en dui hulle onderskeidelike gevoelens aan as: kwaad, moedeloos, verwerp, minderwaardig, wantrouig, alleen, 'n mislukking, bang, misbruik, magteloos, verkleineer, opstandig en seer. Die volgende uittreksels uit response onderstreep die gevoelens:

My pa het my later jare begin verwerp en dit het my laat besef ek is regtig 'n fout en 'n ongewenste kind ... dit sou beter gewees het as ek maar liever gesterf het as om so verwerp te word ... ek het begin om te rebelleer teen God en stel nie belang om die Here te dien nie (R 2).

Ek is deur my pa verwerp, hy wou net seuns gehad het en nooit 'n dogter nie... hy het geen geheim daarvan gemaak dat ek onwelkom is nie (R 5).

Ek kan God nie sien as pa nie; ek weet nie wat 'n pa is nie ... my pa het nooit 'n goeie woord vir my nie en vermy my eerder as om met my te praat (R 6).

iii. Die grootouers

Grootouers kan 'n kleinkind verwerp weens verskeie faktore, byvoorbeeld: tienerswangerskap, verwerping van die ouers, sosiale omstandighede of die kleinkind se temperament (Dolbin-MacNab, 2006:60-68; Stulting, 2006:22). Een respondent druk hierdie ervaring soos volg uit:

Later in my lewe het ek uitgevind dat my ouma wou hê my ma moes my opgee vir aanneming ... dit het my baie onwelkom en verwerp laat voel ... ek vermoed dat God my wil straf en ek wil niks met godsdiens te doen hê (R 2).

iv. Ouers se woorde, dade en deur skuldgevoelens

Woorde kan dien as 'n kragtige instrument of wapen waarmee 'n mens ander te na kan kom of mee kan vernietig, maar ook waarmee jy ander kan prys en lewenswaardigheid aan iemand gee. Kinders wat negatiewe en afbrekende boodskappe ontvang, begin later glo hulle verdien wat met hulle gebeur (De Kock, 2006:57).

R1, R2, R4, R5, R6, R7, R8 en R10 het aangetoon dat hulle verwerp gevoel het as gevolg van wat hulle ouers vir hulle gesê en hoe hulle ouers teenoor hulle opgetree het. Hulle ouers het beskuldiging en skuldgevoelens gebruik om hulle minderwaardig te laat voel, byvoorbeeld die suggestie dat as hulle beter mense was hulle vir hul ouers aanvaarbaarder sou gewees het.

“As jy minder stout was en nie so baie gehuil het kon ek dalk vir jou lief wees.”... ek het onwelkom, nikswerd, waardeloos en hartseer gevoel ... ek het gevoel ek moet werk vir God se aandag, liefde en aanvaarding en as ek iets verkeerd doen verdien ek God se straf en verwerping (R 1).

Ek sê eerder vir mense ek het nie 'n middelste kind nie, voor ek moet leer wat jy doen ... ek het onderwys gaan studeer en baie goed presteer, maar dit is nooit raakgesien nie ... my ouers het nie eers my gradeplegtigheid bygewoon nie en ek was 'n Dux-student. Tot vandag toe maak dit nie vir my sin nie, want watter soort ouers doen so iets? ... ek voel nie welkom nie, ongelukkig, kwaad, hartseer, waardeloos en wantrouig ... ek is so afgebreek deur die mense die naaste aan my dat ek nie kan dink of glo dat God wil hê ek moet mense in my lewe hê nie, ek moet seker maar alleen wees (R 6).

Ek moes baie verbale verkleinering verduur ... my pa het my verkleineer deur vir my goed te laat verstaan akademiese prestasies is al wat tel ... ek voel angstig, gestres, verkleineer, alleen, nie die moeite werd, skreeulelik, nikswerd en minderwaardig ... die beeld wat ek gevorm het van God is dat Hy baie kwaai en ongenaakbaar is, dat Hy my om elke hoek en draai wil uitvang en met 'n sweep slaan, dat God nie vir my lief is nie en dat Hy nie vir my sal sorg of koester nie, want ek is nie goed genoeg nie (R 7).

My pa sal altyd 'n aanval loods op my geloofsoortuigings sodra hy uit skietgoed geraak het

en dit het my baie kwaad gemaak. ek is verbaal baie deur my pa mishandel en soms fisies ook. ek voel 'n mislukking, verwerp, bang, vernederd, onseker, kwaad, magteloos en minderwaardig (R10).

v. Ouers met 'n voorkeur vir een kind/wat voortrek

Daar is min dinge wat so vernietigend is vir 'n kind as wanneer ouers 'n broer/suster liever het as vir hom/haar. Kinders kom gou agter wanneer ouers onderskeid tref in die manier waarop hulle liefde aan hul kinders betoon (Coetzer, 2009:589; Jantz & McMurray, 2006:97).

R2, R4, R6 en R8 het almal genoem dat 'n voortrekkery voorgekom het in hul gesinne en dat hulle nie die een was wat so bevoordeel is nie.

R2 en R6 het gemeld dat hulle broers openlik bo hulle bevoordeel is en dat dit hulle laat glo dat God ander mense bo hulle verkies.

Ek het verwerp gevoel deur my ma omdat sy my broer openlik bo my verkies het ... ek voel verwerp en minderwaardig ... ek sal nooit goed genoeg wees vir my ma ... ek het hartseer gevoel omdat God dit toelaat en was soms nie lus om tyd met God te spandeer nie, want ek was kwaad vir God omdat Hy dit toelaat.... ek voel ek moet altyd iets doen om God te behaag (Respondent 4).

My ouer broer was lewenslank almal se held en ek was die onwelkome een....my pa se totale aanvaarding van my broer deur dik en dun en my totale verwerping soms sonder oorsaak en selfs as ek goed presteer het, het daartoe aanleiding gegee dat ek my broer gehaat het... ek het onwelkom, hartseer, verwerp en kwaad gevoel (R 8).

vi. Op grond van geslag verwerp

Soms verkies ouers kinders van 'n bepaalde geslag om spesifieke funksies te verrig of selfs om finansiële kostes te help verminder (Hank & Kohler, 2000). Dit blyk uit die respons hier onder.

Ek is verwerp op grond van my geslag, my pa wou nie 'n dogter gehad het nie,... dit het my minderwaardig, lelik, alleen, onseker, bang, kwaad, misbruik, magteloos, vernederd, opstandig, wantrouig, seer en 'n mislukking laat voel. Ek het gevoel dat al wanneer ek aanvaarbaar is, is wanneer ek vol doen aan my pa se wense en sy behoeftes bevredig ... moet net doen wat my pa wil hê ek moet doen dan is ek aanvaarbaar vir hom. Ek het God nooit ontken nie, maar ek het geen persoonlike verhouding met Hom gehad nie. Ek het Hom gesien as iemand wat ek elke dag moet plesier en tevrede moet hou dan sal Hy my seën. In my hart het ek Hom glad nie vertrou om net vir my lief te wees vir wie ek is nie (R 5).

vii. Ouers wat mishandel of deur emosionele verwaarloosing

Mishandeling word as 'n vorm van overte of direkte ouerlike verwerping beskou (Rautenbach, 1994:33). Kinders wat emosioneel verwaarloos word, ervaar nie die normale liefde dat hulle welkom is nie. Gevolglik ontbeer hulle die basiese gevoel van sekuriteit en is emosioneel onstabiel as gevolg van die aanhoudende wrywing in die huis of deur onmin in die huwelik (Jantz & McMurray, 2009, 109-111; Rautenbach, 1994:39).

R1, R2, R6, R8 en R10 het aangetoon dat hulle verwaarloos is, met ander woorde, daar is net met hulle gepraat indien dit nodig was.

Ek het baie gehuil as kind, partykeer somer ure aanmekaar ... dan het my ma my pak gegee en gesê dat sy vir my 'n rede sal gee om te huil ... sy het altyd gesê dat sy sal my slaan tot ek ophou huil. Dit het my verward en moedeloos laat voel. Latere jare was ek baie kwaad vir God, ek het soms in opstand gekom teen Hom en gevoel Hy het my nie lief nie en gee ook nie om vir wat met my gebeur nie (R 1).

Ek en my boetie is gedurig afgeknou deur my pa wat ons somer met die vuig geslaan het ... dit het my kwaad gemaak (R 2).

b. Subtema 2: Verwerping deur 'n onderwyser

Psigologiese mishandeling word deur menslike interaksie oorgedra (verw. 3.4.5). Mense kan dit ook regstreeks of onregstreeks ervaar en kom dit voor in families, skole, gemeenskappe of op sosiale terreine. Persone kan hierdie aksies beleef as 'n direkte of onskadelike aanval op 'n spesifieke kind of groep kinders (Hart, 1987:170).

i. Deur woorde en dade

Emosionele of psigiese mishandeling kan in die klaskamer voorkom. Dit geskied deur die onderwyser se optrede deur byvoorbeeld die kind as dom te etiketteer, name te noem, te skree, te beledig of oormatige huiswerk te gee. Dit kan ook geskied deur onvanpaste dreigemente te maak, fisieke straf toe te dien, of om die kind in die klas te ignoreer (Hart, 1987:170; Shumba, 2004:139). Die volgende uittreksels uit response belig hierdie ervaring:

Ek is uitgeskel omdat ek baie met wiskunde gesukkel het, vir dom en dat ek dit nooit sal maak nie ... dit het my dom, minderwaardig en nikswerd laat voel (R 4).

Aan my is gesê wat maak abnormale kinders soos jy in 'n normale skool, is daar nie skole vir julle nie? Dit het my negatief, kwaad en wantrouig gemaak (R 6).

c. Subtema 3: Verwerping deur skoolmaats

Benewens die ouers dien die portuurgroep en ander spesifieke mense as sosialiseringagente en leer kinders hoe om binne 'n groep se opset op te tree (Botha Van Ede, Louw, Louw & Ferns, 1998:300, 317; Pieterse, 2006:30; verw. 3.4.6). Mense wat met 'n liggaamlike

gestremdheid moet saamleef, ervaar dikwels dat hulle nie aanvaar word nie. Hierdie persone word daagliks gekonfronteer met mense wat hulle anders behandel. Hulle ware menswees, vaardighede, gevoelens en intellektuele vermoëns word nie raakgesien nie (De Kock, 2006:54).

Baie dikwels het ander kinders my ook laat voel ek is dom en lelik en somer net “useless” ... niemand wou my ooit in hul span hê nie ... ek kon nie ’n bal vang nie. Dit het my altyd uit laat voel ... ek het baie keer getwyfel of ek regtig ’n kind van God is (R 4).

Ek is geboelie en emosioneel afgeknou deur hulle ... hulle het aan my geslaan, gestamp, gestoot en het vir my gesigte getrek, my gekoggel en vir my gelag oor my gestremdheid. Soms was ek vies vir die kinders se optrede teenoor my, maar ek het nooit getwyfel aan God se liefde nie, want ek het geborge en geliefd gevoel deur my ouers en hulle het my altyd verseker van hulle liefde en God se liefde vir my (R 9).

i. Deur woorde en dade

Kinders tree vele keer wreed op deur vir maats te lag, hulle te spot, te terg en om ’n sondebok te kies op wie hulle hul frustrasies kan uithaal (Bradshaw, 2005:90).

Omdat ons in ’n charismatiese kerk grootgemaak is, was ek gereeld gespot oor my duiwelskerk ... van my eerste skooljare was ek ’n alleenloper wat my eie geselskap verkies het (R 5).

Die skoolboelies het my probeer seermaak, ten spyte daarvan dat ek hulle uitgelos en vermy het ... ek is baie geterg oor my gestremdheid en gesigte is getrek vir my: soms openlik blatant en soms agter my rug, dan het hulle gelag en dit het my baie skaam en agterdogtig gemaak. Ek het baie alleen, eensaam, skaam, verneder, agterdogtig en kwaad gevoel; maar nooit teenoor God nie ... hierdie dinge kan eerder met my gebeur as met ’n ander kind wat nie so bevoorreg is om deur sy ouers ondersteun te word en van God se liefde verseker te word nie (R 9).

d. Subtema 1.4: Verwerping deur kollegas

Aanmerkings wat wreed en ongevraagd is, kan individue se gees ernstig verwond en letsels laat wat hulle negatief kan beïnvloed. Hierdie wrede aanmerkings het ’n vernietigende uitwerking op diegene aan die ontvangkant daarvan (Prinsloo, 2012:12; verw. 3.4.7).

i. Weens jaloesie of afguns

Dit gebeur dat kollegas voel hulle kry nie dieselfde of soortgelyke aandag nie, bereik nie soortgelyk sukses nie, of beskik nie oor dieselfde kwalifikasies nie. Soms glo hulle dat hulle nie dieselfde finansiële voordele as hul kollegas geniet nie. Hierdie genoemde omstandighede kan maak dat individue jaloers en afgunstig op hul kollegas raak (Hepden, 1992:38, 53; Özkoç

& Çalışkan, 2015:41). Die uittreksels hier onder demonstreer hierdie gevoel:

Ek het my ervaring van verwerping in 'n professionele beroepsituasie opgedoen toe ek 59 jaar oud was en in 'n terugblik lei ek af dat dit kollegiale jaloesie was omdat ek as 'n bedreiging deur die betrokke persoon beskou is ... Dit het my laat wonder of dit is hoe God se geregtigheid veronderstel is om te werk. Ek het kwelvrae gehad oor hoekom (God) so iets (laat) gebeur terwyl ek my heel beste gelewer het en die goeie vrug daarop duidelik te sien was (R 11).

ii. Deur woorde en dade

Werknemers wat afgunstig op kollegas is, kan van verskeie metodes gebruik maak om ander in 'n swak lig te stel. Hulle kan byvoorbeeld seker maak die kollega behaal nie sukses nie. Of hulle kan 'n skinder- of smeerveldtog begin – selfs deur onwaar stories oor die betrokke individu te versprei (Özkoç & Çalışkan, 2015:41).

My kollega het met 'n smeerveldtog teen my begin en mense opgesteek om op my te spioeneer en is ek in vergaderings beskuldig daarvan dat ek werk met die duiwel kop-in-een-mus is om die Bybel in diskrediet te bring. Dit het my kwaad, verwerp en deurmekaar laat voel. My konserwatiewe Godsbeskouing het deur twyfel verander of God altyd regverdigheid laat seëvier. Twyfel en soms hartverskeurende hartseer en teleurstelling is omgekeer in die nederige en onwrikbare wete dat God is, soos die Skrif sê, loutere goedheid ... ek moes besef God was heeltyd in volle beheer (R 11).

e. Reaksie van respondente op verwerping

Die respondente het verskeie soortgelyke reaksies op die verwerping getoon. Dit behels gevoelens van onwelkom wees, onbeminde, kwaad, moedeloos, minderwaardig, wantrouig, alleen, mislukking, bang, misbruik, magteloos, verkleineer, opstandig, seer, niks werd, angstig, stres, lelik, onseker, hartseer, verward, dom, negatief, haat en skaamte.

f. Samevatting op en gevolgtrekkings oor hooftema 1

Uit die bevindings is dit duidelik dat die respondente 'n gebrek aan demonstratiewe en ekspressiewe liefde van hul ouers beleef het, 'n ingesteldheid wat gehoor, gesien en gevoel kan word. Die volgende aspekte kan uitgelig word:

- 'n Verlies aan aanvaarding van 'n betekenisvolle nabypersoon beïnvloed persone se Godsbeskouing.
- Individue is weerloos in hulle reaksie jeens optrede teenoor hulle. Vanuit die liefdelose en onverdraagsame optrede, vorm persone negatiewe gedagtes rondom hulle eie menswees en bestaan.

- Ouers asook ander nabypersone se liefdelose en onverdraagsame werkwyse behels eintlik dat daardie individu beroof word binne sy/haar basiese behoefte en reg om bemin en aanvaar te word.
- Persone wat verwerping ervaar het of steeds beleef, vind dit moeilik om hulleself te aanvaar omdat hulle allerlei aannames oor hulleself maak.
- Vernietigende, kwetsende en onverskillige woorde kan wonde toedien wat lewenslank in die onderbewussyn van 'n persoon vassteek.

2.7.4.1 **Hooftema 2: Gesinsverhoudings**

In die sosialiseringproses van die mens is die gesin onvervangbaar. Binne hierdie sosiale ruimte word die eerste hegte en intieme verhoudings tussen gesinslede gesluit. Só word die basis gevorm vir toekomstige sosiale ontwikkeling en verhoudings (Becvar, 2009:108; Van der Vlies, 2013:88).

Tabel 2.4: Skematiese voorstelling van hooftema 2, subtemas en kategorieë

Hooftema 2	Subtemas	Kategorieë
Gesinsverhoudings	Disfunksionele gesinsverhoudings	• Onderlinge gesinsverhoudings • Patologiese gesinsverhoudings

a. Subtema 2.1: Disfunksionele gesinsverhoudings

Gesinsdisfunksie bestaan as 'n toestand wat met gesonde gesinsfunksionering inmeng. Die gevolg is dat kinders se behoeftes nie op 'n konsekwente grondslag gehanteer word nie (Coetzer, 2007:2; verw. 3.5). Heel dikwels word negatiewe patrone van ouerlike gedrag ook oorheersend in die lewe van kinders sigbaar (Coetzer, 2009:19). Stoop en Masteller (2004:43) gee 'n treffende beskrywing van sodanige gesinne: "When we talk about dysfunctional families, we mean situations in which the bonds of covenant love, especially between parents and children, have been stained or broken."

Om die gesin se funksionering vas te stel, moes respondente die volgende twee vrae oor hulle gesinsopset beantwoord:

- "Watter van die volgende onderlinge gesinsverhoudings het voorgekom in u gesinstruktuur?"
- "Het u enige van die volgende patologiese gesinsverhoudings beleef?"

i. Onderlinge gesinsverhoudings

Wat binne gesinsverhoudinge en tussen familielede gebeur, speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van verhoudings tussen ouers en kinders. Daar kan egter faktore binne hierdie gesins-/familiestrukture voorkom wat daartoe kan lei dat kinders verwerp voel. Onder sulke faktore geld: ongelukkige ouers, finansiële probleme, konstante kritiek van familielede, die spot dryf met 'n lid se voorkoms, ontrouheid, en oorbeskerming, om net 'n paar voorbeelde te noem (Hepden, 1992:46).

R1, R2, R3, R4, R5, R6, R7, R8 en R10 het aangetoon dat daar chroniese rusies, gebrek aan vertroue en vele wanverhoudings in hulle gesinne voorgekom het. Hierdie toestand het hulle bang, angstig, “gestres” en opstandig gelaat, soos uit die respons hier onder duidelik word.

Ek het altyd in angs en bewing geleef – wanneer is die volgende baklei weer en dikwels het ek gedink dit is my skuld dat hulle baklei (R 4).

Daar was geen vertroue in mekaar as gesinslede nie ... my ouers stry en argumenteer die heeldyd met mekaar (R 6).

My pa was baie streng, militaristies en het baie reëls gehad wat nagekom moes word, hy het baie “moodswings” gehad (R 7).

My ma is 'n toegewyde Christen en het ons kerk toe geneem, my pa is 'n ateïs. My pa was die een wat ons verbaal mishandel het en my ma het altyd probeer om die vrede te bewaar” (R 10).

ii. Patologiese gesinsverhoudings

Psigopatologie verwys na 'n abnormale toestand, disfunksie, geestesiekte, of familiepatologie wat na vore kom in gedrag, interpersoonlike, emosionele, kognitiewe en psigofisiologiese funksionering (Kumar & Tiwari, 2008:140; Stomczyńska, 2014:263).

R1, R2, R3, R4. R6. R7. R8 en R10 het aangetoon dat hulle vorms van patologiese gesinsverhoudings beleef het. Hieronder geld: voorwaardelike liefde, voortrekkery, konflik tussen broers en susters, onregverdige vergelyking tussen kinders en emosionele mishandeling. Hierdie respondente het daarop gewys dat dit hulle angstig, bang, negatief, ongelukkig, vreesbevange, skaam, skuldig en kwaad laat voel het.

My pa was 'n alkoholis en 'n baie aggressiewe en gewelddadige mens wat nie geskroom het om sy frustrasie uit te haal deur ... sy vuiste te gebruik. Ek was bang vir hom ek was ook as 'n jong kind blootgestel aan seksuele molestering (R 5).

My pa was bi-polêr en 'n alkoholis ... daar was baie rusies in ons huis (R 7).

My ouers het my oorbeskermend grootgemaak; hulle het my die heeldyd opgepas. Dit het my kwaad en gefrustreerd laat voel (R 3).

My pa het ons seuns geboelie en vir my spesifiek as teiken gebruik om te argumenteer

mee ... dit het my opstandig en kwaad gemaak (R 10).

b. Reaksie van respondente op hul gesinsverhoudings

Respondente het verskeie reaksies getoon op die patologiese gesinsverhoudings wat hier bo genoem is. Hierdie reaksies sluit in: gevoelens van frustrasie, woede, bangheid, negatiwiteit, ongelukkigheid, angstigheid, skuld en skaamte.

c. Samevatting en gevolgtrekking oor hooftema 2.

Uit die voorafgaande bespreking oor hooftema 2 kan die gevolgtrekkings gemaak word soos hier onder uiteengesit.

- In disfunksionele gesinne word kinders blootgestel aan chroniese rusies, liefdeloosheid en manipulasie.
- Daar word van skuldgevoelens gebruik gemaak om gesinslede te manipuleer en emosionele verwaarlosing kom voor.
- Pa's stel dikwels 'n struktuur van chaos in hierdie gesinne daar deur hul afwesigheid as rolmodelle en as leiers van die gesin.
- Alkoholafhanklike ouers skep gevoelens van onveiligheid by gesinslede en 'n verlies aan beheer oor die lewe kom in hierdie gesinne voor.
- Geweld word in hierdie gesinne as hanteringsmeganisme vir konflik aangewend.
- In sodanige gesinsopset is skuldgevoelens, selfverwyt en verleentheid aan die orde van die dag.

2.7.4.2 Hooftema 3: Selfkonsep

Selfkonsep is 'n belangrike aspek van iemand se persoonlikheid en het te maak met 'n mens se siening en evaluering van hom- of haarself. Die selfkonsep begin vorm kry wanneer iemand van hom- of haarself as individu bewus word (Louw *et al.*, 1998:214; Pieterse, 2006:39-40; Rautenbach, 1994:22; verw. 3.7).

Om die selfkonsep vas te stel is tydens die onderhoud gevra:

- “Watter negatiewe innerlike belewenisse beleef jy?”
- “Watter negatiewe selfpersepsies het jy gevorm?”

Die bevindings uit die onderhoude oor selfkonsep word in Tabel 2.5 hier onder uiteengesit.

Tabel 2.5: Skematiese voorstelling van hooftema 3, subtemas en kategorieë

Hooftema 3	Subtemas	Kategorieë
Selfkonsep	Negatiewe innerlike belewenis	• Bang • Skaam • Skuldig
	Negatiewe selfpersepsie	• Mislukking • Minderwaardig • Onseker • Bang • Verwerp • Kwaad • Magteloos

a. Subtema 3.1: Negatiewe innerlike belewenis

Emosies van vrees, skuld en skaamte ontwikkel as gevolg van negatiewe innerlike belewenisse. Vrees is 'n emosie – innerlik of fisiek – wat mense tydens gevaar rondom persoonlike veiligheid beleef. Die funksie van vrees is nie bloot om die mens te beveilig nie; dit begrens ook individue se gemaksone (Kruger, 2010:62; verw. 3.7.1).

i. *Vrees (Innerlike onsekerheid)*

'n Persoon ervaar innerlike onsekerheid wanneer hy/sy bang is om emosioneel seer te kry. Sulke mense is bang om verwerp te word en vrees dat hulle sal misluk. Voorts meen hulle dat hulle nie op hulleself kan staatmaak nie, dat omstandighede min of geen sekuriteit bied nie, en dat die toekoms duister is (Hanekom, 2005:69; verw. 3.7.1.1).

R1, R2, R4, R5 en R7 het onderskeidelik genoem dat hulle verwerp voel en verdere verwerping vrees. Hierdie ervaring word deur die onderstaande uittreksels duidelik.

Ek vrees dat ek nie goed genoeg is vir die Here nie en dat Hy my nooit sal vergewe vir al my sondes nie. ... God sal my ook verwerp (R 1).

Ek is tog nie in staat tot iets goeds nie en God sal my ook seker verwerp en daarom probeer ek nie eers om 'n Christen te wees nie (R 2).

Ek het gevrees dat my ma my sou agterlaat. Ek het gevoel ek het God gefaal (R 4).

Die vrees dat ek nie sal inpas nie ... ek het meer en meer begin doen om God se liefde te behou en het net altyd gevoel ek skiet tekort in my geestelike lewe (R 5).

Ek vrees God, want ek voel Hy is baie kwaai en ongenaakbaar (R 7).

ii. Skuld

Skuld sentreer om mense se persepsie dat hulle nie hul lewe verantwoordelik kan bestuur nie. Hierdie persone aanvaar skuld vir alles wat verkeerd gaan, hulle vind dit moeilik om hulself te vergeef vir foute wat hulle kan begaan, is selfveroordelend en blameer hulleself voortdurend (Hanekom, 2005:69; verw. 3.7.1.2).

R1, R4, R5, R6, R7, R8 en R10 het genoem hulle het skuldgevoelens. Hulle het bevestig dat hulle skuldig voel weens hulle woede teenoor God omdat Hy toegelaat het dat hulle so verwerp word. Die onderstaande uittreksels uit response demonstreer hierdie gevoelens.

Dikwels het ek gedink dit is my skuld dat my ouers baklei (R4). Ek het skuldig gevoel omdat ek gevoel het ek het God nie regtig nodig nie, ek kan na myself omsien ... ek het geen vertroue in God gehad nie (R 5).

Ek voel skuldig omdat ek nie met die Here kommunikeer nie ... ek is nie baie spontaan teenoor God nie, en sukkel om met God as 'n Vader te kommunikeer. Ek kommunikeer makliker met Jesus as 'n Vriend as met God as 'n Vaderfiguur (R 6).

Ek voel skuldig omdat ek God blameer vir my lyding en omdat ek my broer haat vir die feit dat my pa hom eintlik bo my verkies het (R 8).

Ek voel skuldig omdat mense my deur piëtisme laat skuldig voel het (R10).

iii. Skaamte (nikswerd/waardeloos)

Skaam, nikswerd en waardeloos is die persepsie wat 'n persoon van hom- of haarself koester. Sulke persone ontwikkel die persepsie dat hulle onbelangrik is en niks beteken nie, en voel hulle verdien geen respek (Hanekom, 2005:69; verw. 3.7.1.3).

R1, R2, R8 en R10 het gevoel hulle is nikswerd, soos die uittreksels hier onder duidelik wys.

Ek voel skaam teenoor God omdat ek in opstand gekom het teenoor Hom en Hom blameer vir die feit dat my ma my nie kan lief hê nie (R1).

Ek voel waardeloos ... ek sukkel om 'n intieme verhouding met God aan te knoop (R6).

Ek voel waardeloos, want ek voel ek sal nooit 'n kind van die Here wees nie ... ek is nie so goed soos ander Christine nie – ek het by die agterdeur ingeglip. Ek voel skaam oor my verlede en voel God gaan my nooit vergewe nie (R 7).

Ek voel skaam omdat ek God blameer vir my omstandighede (R 8).

My negatiewe innerlike belewenis was een van skaamte – omdat ek as waardeloos afgemaak is en my werk as nikswerd bestempel is, het ek in tye wanneer ek so wou voel, myself bejammer (R 11).

b. Subtema 2.2: Negatiewe selfpersepsie/selfwaarde

Persone se selfpersepsie is afhanklik van hoe goed daardie individue hulleself waarneem in verhoudings wat hulle as belangrik beskou (Pieterse, 2006:41).

Tydens die onderhoude het verskeie vorms van selfpersepsie na vore gekom by **R1, R2, R4, R5, R6, R7, R8 en R10** onderskeidelik. Hieronder geld: 'n gevoel van mislukking, domheid, verwerp, niksword, minderwaardig, kwaad, magteloos, alleen, lelik, onseker, bang, misbruik, slagoffer, verneder, verkleineer, wantrouig en opstandig. Die uittreksels hier onder belig van hierdie uitings.

Ek het slegs 'n slagoffer gevoel wanneer ek aan die omstandighede dink waartydens ek verwek is en magteloos omdat ek geen beheer daaroor gehad het nie (R 3).

Ek het baie alleen gevoel wanneer die kinders nie met my wou speel nie, maar gou geleer om my nie daaraan te steur nie (R 9).

c. Reaksie van respondente op selfpersepsie/selfwaarde

Respondente se selfpersepsie en/of selfwaarde het in 'n verskeidenheid emosies en ervarings uitdrukking gevind. Dit beskryf die volgende gevoelens: niksword, waardeloos, skaamte, mislukking, vrees, skuld, selfblamering, opstandigheid, verkleinering, vernedering, minderwaardigheid, wantrouigheid, verwerp, kwaad, magteloos, slagoffer, deurmekaar, misbruik, alleen, lelik, onsekerheid en dom.

d. Samevatting en gevolgtrekking oor hooftema 2

Uit die bespreking hier bo kan die gevolgtrekkings soos volg uiteengesit word.

- Die gevoel van vrees, skuld en skaamte het 'n regstreekse invloed op die selfpersepsie of selfwaarde van 'n persoon wat verwerping ervaar het.
- Mense het 'n voortdurende behoefte om liefde te ontvang en aanvaar te word. Hierdie behoefte word egter versteur by persone wat verwerping ervaar het in verhoudings met diegene naaste aan hulle.
- Verwerping lei daartoe dat gevoelens van vrees, skuld en skaamte wakker gemaak word.
- Die mens is 'n verhoudingswese en beleef liefde en sekuriteit in verhoudings met die medemens, God en die natuur. Omdat 'n persoon wat verwerping ervaar het die teenpool van liefde beleef, ontketen dit 'n vrees vir verdere verwerping en ontwikkel daar gevoelens van skuld en skaamte teenoor God.
- Verwerping ontlok negatiewe emosies by so 'n persoon wat gevolglik die selfkonsep regstreeks aantast.

- Verwerping kan enige tyd in 'n persoon se leeftyd plaasvind en is dus nie beperk tot 'n sekere stadium of 'n bepaalde lewensfase nie.
- Wanneer kinders verwerping deur ouers beleef, verwring dit hulle hele selfkonsep asook hulle konsep van God.
- Niemand aanvaar verwerping bloot gelate nie, en verwerpe persone toon feitlik deurgaans gevoelens van kwaadwees en 'n diep ongelukkigheid.
- Verwerping veroorsaak verwonding wat nie oppervlakkig is nie. Dit laat so 'n persoon met pynlike emosionele ontwrigting waarvan die herinnerings diep in die geheue ingebrand lê.
- Disfunksionele en patologiese gesinstrukture lei tot angs, verwarring, skuld, skaamte, woede en 'n intense gevoel van ongelukkigheid.
- Wanneer verwerping in die vroeë kinderjare voorkom, lei dit daartoe dat negatiewe denkpattre gevorm word wat persone se gedrag en hulle Godskonsep beïnvloed.
- Die manier waarop met 'n persoon gekommunikeer word, oefen 'n deurslaggewende invloed uit op daardie een se selfpersepsie en selfwaarde.
- As gevolg van verwerping verloor mense hulle eiewaarde, identiteit en gesonde selfbeeld, en daarmee gevolglik ook die vermoë om sinvol met ander en God te kommunikeer.

2.7.4.3 **Hooftema 4: Godsbeskouing**

Respondente moes eers in die vraelys aandui of hulle dink dat verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed het (verw. 3.8). Tydens die onderhoud is deelnemers versoek om die PSD- skaal te bestudeer en in te vul. Daarvolgens moes hulle aandui volgens watter differensiaal hulle hul Godsbeskouing sou beoordeel. Respondente se individuele terugvoer is in die PSD saamgevat en met die respondentnommer/s getabuleer. Tersaaklike inligting wat respondente tydens die onderhoud verstrek het, word hier onder in Tabel 2.6 weergegee en bespreek om die individuele Godskonsepte te verhelder.

Tabel 2.6: Skematiese voorstelling van hooftema 4, subtema en kategorieë

Hooftema 4	Subtemas	Kategorieë
Godsbeskouing	Werklikheidsgehalte	• Waarskynlik • Onwaarskynlik
	Waarde (evaluerend)	• Opbouend • Remmend
	Potensiaal	• Sterk • Swak
	Doeltreffendheid (aksie)	• Aktief • Passief/onbetrokke

Die PSD is aan die respondente verduidelik sodat hulle met die inhoud vertrou kon wees en sodoende in staat gestel was om hul onmiddellike ervaring met God tydens verwerping op 'n skaal te kon aandui. Nadat die analise ingevul is, is respondente gevra om hulle belewenisse te beskryf rondom elk van die pare kontra-adjektiewe identifiserings asook hulle selfpersepsie binne hul verhouding met God. 'n Opsomming van response gebaseer op Louw (1999a:399) se differensiaalanalise word skematies in Tabel 2.7 hier onder weergegee.

Tabel 2.7: Skematiese voorstelling van die pastoraal-semantiese differensiaalanalise

Werklikheidsgehalte

A. Werklik	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Onwerklik
Werklik	R3 R5 R9 R11	R4 R6 R10		R2 R7	R10 R1d		R8	Fiktief
Kenbaar	R3 R5 R9 R11	R4		R6 R7	R10	R1 R2 R8		Onkenbaar
Voorstelbaar	R3 R5 R9 R11	R4	R10		R7	R1 R2 R6 R8 R10		Vaag
Persoonsmatig (<i>God as Persoon</i>)	R3 R5 R9 R11	R4	R10	R1 R6	R8	R7 R10	R2	Algemene Idee (<i>'n skimbeeld</i>)

Waarde (evaluerend)

B. Opbouend	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Remmend
Regverdig	R3 R10	R11	R9	R3	R7 R10	R4 R6	R1 R2 R5 R8	Onregverdig (<i>partydig</i>)
Betroubaar	R3 R9 R10 R11	R4	R6	R3 R8	R7 R10	R5	R2	Veranderbaar
Liefdevol	R3 R11	R10	R4 R9	R3 R6	R10	R1 R5	R7 R8	Vyandig
Duursaam (<i>permanent</i>)	R3 R9 R10 R11		R4	R2 R3 R6 R8	R10	R5 R7		Wisselvallig

Genadig	R3 R9 R10 R11	R4		R3		R1 R7	R2 R5 R6 R8 R10	Onbarmhartig (hardvogtig)
---------	---------------------	----	--	----	--	----------	-----------------------------	------------------------------

Potensiaal

C. Sterk	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Swak
Almagtig	R3 R5 R7 R9 R11	R4 R10		R1 R2 R3 R6 R8		R10		Magteloos
Medelye	R3 R10 R11		R9		R10	R6	R1 R2 R5 R7 R8	Onsimpatiek
Kenbaar (wil)	R3 R5 R9 R10 R11		R6	R1 R10			R2 R7 R8	Onbekend

**Doeltreffendheid
(aksie)**

D. Aktief	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Passief/ onbetrokke
Teenwoordig (nabyheid)	R3 R4 R11	R6 R10		R9		R10	R1 R2 R5 R7 R8	Afstand/afwesig (ver)
Verlos	R3 R9 R11	R10		R6	R4 R10		R1 R2 R5 R7 R8	Verwerp
Seën (gee gawes)	R3 R9 R11	R6	R4 R10			R10	R1 R2 R5 R7 R8	Vloek (weerhou gawes)

Hulp (<i>bystand</i>)	R3 R9 R11	R10	R4 R6	R1	R10		R2 R5 R7 R8	Onttrek
-------------------------	--------------	-----	----------	----	-----	--	----------------------	---------

a. Subtema 4.1: Waarskynlikheidsdimensie

Die waarskynlikheidsdimensie dui die respondente se oortuiging aan oor die werklikheidsgehalte van hul Godservaring. Daar moet aanvaar word dat aangename en onaangename lewenservarings 'n groot rol gaan speel in hoe persone hul konsep van die werklikheid beskryf en verwoord (Louw, 1999a:397). Die respondente se direkte aanduiding van hul waardebeepaling is hul konsep van wat hulle weens verwerping as werklik ervaar.

i. *Werklik/onwerklik*

Die werklikheid/onwerklikheidsdimensie dui op individue se oortuiging rakende die werklikheidsgehalte van hulle Godservaring en of hulle tydens lyding en swaarkry God as werklik of onwerklik ervaar. Hier het aangename of onaangename lewenservarings 'n ingrypende invloed (Louw, 1999a:397), soos uit die response hier onder blyk.

R1, R2 en R8: God is as 'n werklikheid beleef, maar wat nie altyd kenbaar is nie. Respondente het God gesien as 'n vae skimbeeld en dat God nie regtig betrokke wil wees by wat met hulle gebeur nie.

R3: God is positief beleef, maar sodra sy aan haar verlede herinner is, het sy 'n neutrale houding teenoor God ingeneem veral wanneer sy gekonfronteer is met haar aanneemouers se piëtistiese denke en leefstyl.

R4: God is positief beleef, omdat sy tydens die verwerping bly glo het God sal haar sal uit daardie situasie red.

R5: God is as werklikheid, kenbaar, voorstelbaar en persoonsmatig beleef ten spyte daarvan dat die respondent deur haar pa verwerp is. Haar ma het haar op 'n vroeë ouderdom uit die situasie verwyder, en haar Christelike opvoeding het bygedra tot haar positiewe belewenis van God.

R6: God is as 'n werklikheid beleef wat wissel van neutraal tot onwerklik.

R9 en R11: God is as positief voorgestel ten spyte van verwerping wat beleef is. Beide respondente het 'n deeglike bewustheid gehad van hul waarde en posisie in Christus tydens verwerping.

Respondent **R10**: God is as werklikheid beleef wat nie altyd kenbaar is nie, veral wanneer die respondent met piëtisme gekonfronteer is.

b. Subtema 4.2: Evaluerende dimensie

Die evaluerende dimensie dui op die emosionele begripswaarde van die respondent se Godsbeeld en kan óf meer affektief óf meer kognitief wees. Die respondent kan 'n positiewe assosiasie oproep wat óf opbouend is en sekuriteit gee, óf wat remmend is en ontwrigtend inwerk op bestaande assosiasies oor en identifikasies met God (Louw, 1999a:397).

i. Opbouend of remmend

Die konstruk opbouend of remmend fokus op 'n persoon se emosioneel-kognitiewe waarde van begrippe. Hierdie begrippe kan of opbouend wees en sekuriteit gee of remmend wees en ontwrigtend op assosiasies en identifikasies inwerk (Louw, 1999a:397). Hieruit word die respondente se Godsbeeld duidelik.

R1, R2 en R8: stel God voor as onregverdig, partydig, veranderbaar, vyandig en onbarmhartig. Hulle neem ook 'n neutrale houding teenoor God in wat spruit uit 'n gebrekkige kennis van God.

R3: sien God positief, maar sodra sy aan haar biologiese ma se omstandighede dink asook haar aanneemouers se piëtistiese optrede teenoor haar, neem sy 'n neutrale houding in teenoor haar Godskonsep.

R4: God is onregverdig en partydig, maar wel betroubaar, liefdevol en genadig – God sien wat haar ma doen en sal haar (die verworpene) daarvan vrymaak.

R5, R7 en R8: stel God voor as onregverdig, veranderbaar, vyandig, wisselvallig en onbarmhartig – God laat toe wat met hulle gebeur en gee nie om nie.

R6: God is onregverdig en onbarmhartig. God verander na willekeur en gee nie regtig om nie, hy wil graag glo dat God betroubaar en genadig is.

R9 en R11: sien God positief en druk 'n positiewe identifikasie met God uit ten spyte daarvan dat hulle verwerping ervaar het.

R10: sien God positief en hy geniet wel 'n positiewe identifikasie met God, maar wanneer hy verwerping ervaar en met piëtisme (die ouers sin en geloofsgemeenskap) gekonfronteer word, verander sy Godsbeeld na negatief.

c. Subtema 4.3: Potensiaaldimensie

Die potensiaaldimensie dui op vermoë of potensiaal saam met die kontrabegrippe wat swak of sterk aandui. Wanneer die respondente God tydens verwerping voorstel, speel hulle

spesifieke behoeftes en verwagtings 'n rol in dinge wat hulle wil hê God vir hulle moet doen (Louw, 1999a:397).

i. Sterk/swak

Potensiaaldimensie fokus op die vermoë wat die betrokke konsep veronderstel en word in die PSD as sterk of swak aangedui. Dit bepaal of die persoon 'n spesifieke verwagting of behoefte oor God voorhou, en dui sy/haar Godsvoorstelling aan (Louw, 1999a:397), soos uit die response hier onder blyk.

R1 en R2: stel God voor as magteloos en onsimpatiek, in die sin dat God nie beheer het oor wat die mens op aarde maak nie, of gee ook nie om wat met hulle gebeur nie. Hulle kon God nie voorstel as medelydend nie, en dat God se wil onbekend is aan hulle.

R3: stel God voor as almagtig, medelydend en kenbaar; Hy het haar uit haar situasie gered en haar laat aanneem. Wanneer sy egter aan haar biologiese ma dink, voel sy dat God nie kon ingryp in wat met haar ma gebeur het nie.

R4: stel God voor as almagtig en medelydend; daar is 'n rede dat sy deur verwerping moes gaan. Daarby hou sy vas aan die gedagte dat God 'n hoër roeping vir haar lewe het, en dat daar 'n rede is hoekom sy verwerping moes ervaar.

R5: stel God voor as almagtig; Hy bepaal wat met 'n mens gebeur. Sy erken dat daar 'n rede vir haar lyding is, maar dat God onsimpatiek is teenoor haar lyding; God laat dit toe en gee nie regtig om wat met haar gebeur nie.

R6: stel God voor as onsimpatiek. God geen nie om wat met hom gebeur nie. Hierdie respondent staan neutraal teenoor God se almag, maar glo dat God wel 'n doel met sy lewe het.

R7 en R8: stel God voor as almagtig: God kan doen wat God wil en toelaat wat God wil, maar is onsimpatiek en onbekend. God gee nie om wat met hulle gebeur nie. Ook weet hulle nie wat God se doel daarmee is dat hulle so verwerp moes word nie.

R9 en R11: sien God positief as almagtig: God het 'n doel met hulle lyding en het medelye met hulle.

R10: God Almagtig is, maar magteloos oor wat sy pa met hom doen. God het medelye met die mens, maar is onsimpatiek teenoor wat met hom gebeur, God het wel 'n doel met die mens se lyding, maar hierdie respondent weet nie regtig wat God se wil daarmee is dat sy pa hom nie kan aanvaar en liefhê nie.

d. Subtema 4.4: Aktiwiteitsdimensie

Die aktiwiteitsdimensie fokus op aksie. Hier tree God se handeling en daade sterk na vore in

kontra-adjektiewe identifisering. Dit gee 'n direkte aanduiding van die respondent se waardebeepaling en dui op die behoefte dat God in mense se omstandighede sal ingryp of behoort in te gryp (Louw, 1999a:397).

i. Aktief/passief/onbetrokke

In die aktiwiteitsdimensie kan die assosiasies met God of in die aksie/handelende óf in die passiewe/onbetrokke rigting beweeg (Louw, 1999a:397).

R1, R2, R5, R7 en R8: God word op 'n afstand beleef. Hulle verwag dat God hulle ook gaan verwerp. God gee sy gawes aan wie God wil en hulle is nie een van die gekose individue nie. God help nie tydens hul lyding nie, maar het aan hul omstandighede onttrek.

R3: God is teenwoordig. God verlos, gee gawes en verleen hulp en bystand – God het haar verlos deur haar te laat aanneem en 'n beter lewe vir haar te voorsien.

R4: God is teenwoordig en naby in haar lyding, Sy kan haar hartseer en pyn met God deel, maar as sy God nie gaan behaag nie, gaan sy verwerp word. God sal haar seën en bystand solank as wat sy God tevrede stel behaag en vir God werk.

R6: God is teenwoordig en naby. God seën en verleen bystand, maar dat hy nie weet of God hom aanvaar nie.

R9: God is teenwoordig en naby. God verlos, sal hom seën en van hulp wees, maar tydens sy lyding het hy neutraal teenoor God gestaan. Met die verwerping het die respondent nie geweet hoekom God toelaat dat die kinders dit aan hom doen nie.

R10: God is op 'n afstand in sy lyding, glo dat God hom sal verlos, seën en uithelp. Tog glo die respondent ook dat God hom sal verwerp, goddelike gawes van hom weerhou en dat God aan sy lyding onttrek het.

R11: beleef God positief en twyfel geensins aan God se teenwoordigheid, verlossing, seën, hulp en bystand nie, ten spyte van die verwerping wat hy ervaar het.

e. Samevatting en gevolgtrekkings oor hooftema 3

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die bevindings saamgevat word soos hier onder uiteengesit.

- Die waarskynlikheidsdimensie bepaal of persone God as werklikheid of onwerklikheid ervaar. Persone se belewenis van verwerping verander hulle konsep van God van positief na neutraal tot baie negatief. Hierdie verandering kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis van wie God werklik is, asook 'n gebrek aan toewyding en belangstelling om God te dien en/of om God beter te leer ken.

- Die evaluerende dimensie bepaal of persone 'n assosiasie van God kon oproep waarmee hulle kon identifiseer. Verwerpte persone se waardebegrippe word tydens hul belewenis van verwerping oor die algemeen meer neutraal tot negatief beïnvloed. Verwerping het in meerdere mate 'n negatiewe invloed op hoe persone wat hierdie belewing ervaar het of steeds ervaar, met God assosieer en identifiseer.
- Die potensiaaldimensie bepaal of persone spesifieke verwagtings en behoeftes oor God se potensiaal daarop nahou. Persone wat verwerping ervaar het of steeds beleef, se spesifieke verwagtings en behoeftes raak hulle konsep van God se potensiaal. Hulle sal ook die mate waarin hulle met God se potensiaal identifiseer, as meer neutraal tot negatief beleef. Verwerpte persone se belewenis van 'n neutrale tot negatiewe beeld van God kan toegeskryf word aan gebrekkige kennis van God se potensiaal asook swak insig in die mate waartoe hul verstaan van God beïnvloed is weens hul ervaring van verwerping
- Die aktiwiteitsdimensie bepaal of persone in hul behoefte aan optrede 'n assosiasie koester wat doeltreffende aksie suggereer. Sodanige persone beleef God as oorwegend passief en onbetrokke as gevolg van hul belewenis van verwerping. Hierdie negatiewe belewenis van God kan toegeskryf word aan gebrekkige kennis van God se alomteenwoordigheid, verlossing, seën en genade asook die intense belewenis van verwerping en die emosionele pyn wat so 'n ervaring teweeg gebring.

2.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp en paradigma beskryf waarvolgens die navorsing verloop het. Die doel hiermee was om Osmer (2008:4) se eerste taak te beantwoord deur middel van die vraag oor wat aan die gebeur is te vra. Dit is gedoen deur 'n empiriese ondersoek met 'n aanvanklike vraelys en is deur semi-gestruktureerde onderhoude opgevolg.

Uit die analise en interpretasie van die ingesamelde data kon konkrete gevolgtrekkings gemaak word oor verwerping en die uitwerking daarvan (hoe en hoedanig). Kollektief beskou, blyk dit dat verwerping duidelik 'n negatiewe invloed op iemand se Godsbeskouing kan hê. Hierdie bevinding beantwoord die sentrale teoretiese argument vanuit die empiriese ondersoek.

Daar is bevind dat elke respondent op die een of ander manier verwerping beleef en elkeen 'n eiesoortige betekenis aan die gebeure geheg het. Respondente het heelwat ooreenkomste getoon. Uit die navorsing is bevind dat verwerping deurgaans 'n invloed op 'n persoon se Godsbeskouing het, maar dit is nie deurlopend nadelig of negatief nie. Al die respondente het

in die een of ander stadium in hulle lewe verwerping ervaar en sommige beleef dit steeds.

Met die uitsondering van twee respondente het almal aangedui dat hulle Godsbeskouing soms erg deur verwerping benadeel is. Hierdie twee respondente het verduidelik: Hoewel verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed het, is dit nie benadeel nie. Die verwerping het uiteindelik meegewerk om hulle beskouing van God te versterk. Hierdie laaste bevinding gee 'n verrassende wending binne die konteks van die studie. Só 'n konsep sou inderdaad 'n uiters relevante studieonderwerp kon daarstel, soos Schoeman (2005) se navorsing oor die positiwiteit wat mislukking kan inhou.

Die twee fokuspunte, wyse waarop (hoe) en die mate waartoe (hoedanig) verwerping individue se Godsbeskouing kan beïnvloed, word hier onder aangedui. Uit die data het dit ook duidelik geblyk dat sake anders verloop het vir iemand wat in 'n geborge huis- en gesinsomgewing grootgeword het, dit wil sê, as kind nie verwerp is nie. Sulke persone se Godsbeskouing word oor die algemeen nie negatief deur latere ervarings van verwerping beïnvloed nie. 'n Persoon wat geborge en gelief groot geword het, beleef wel geloofskrisisse, byvoorbeeld om neutraal teenoor God te staan weens 'n gebrek aan kennis, maar twyfel nie aan God se getrouheid, liefde, aanvaarding en verlossing nie.

2.8.1 Die wyse waarop (hoe) verwerping 'n Godsbeskouing kan beïnvloed

Die bevindings oor die eerste fokuspunt van die huidige studie (die aard van verwerping) word hier onder saamgevat.

- Verwerping veroorsaak dat persone grootword met 'n diepgewortelde gevoelens van vrees, skuld en skaamte oor hulleself. Hierdie negatiewe gevoelens lei dit tot 'n ontoepaslike Godsbeskouing asook die oortuiging dat God hulle ook sal verwerp.
- Persone wat verwerping ervaar het of steeds beleef, glo dat hulle is die oorsaak dat hulle ouers hulle nie liefhet of aanvaar nie. Daarby glo hulle dat hulle die ouers se guns en goedkeuring nie waardig is nie en maak dat hulle dit ook van God glo.
- Verworpenes glo dat hulle moet werk vir hul ouers se guns en goedkeuring. Weens hierdie misplaaste aannames wil hulle ook werk om God se goedkeuring en guns te verdien.
- Vals gedagtepatrone wat as gevolg van verwerping gevorm word, skep 'n afwaartse spiraal wat verworpenes se selfrespek wegneem. Sodoende vorm hulle sekere verwagtings van God en wil later self vir God voorskryf.
- Negatiewe innerlike belewenisse veroorsaak dat persone hulleself nie lief het nie. Dus glo hulle niemand anders het hulle lief of kan hulle liefhê nie. Gevolglik kan hulle op niemand

vertrou nie; daarom skram hulle van God se liefde en trou af weg deur te glo God het hulle nie lief nie en hulle kan God nie vertrou nie. Uiteindelik maak hulle op hulleself staat.

- Disfunksionele ouerhuise waar kinders die een of ander vorm van verwerping beleef, laat 'n sekere verwagting van God vorm kry. Dit is dat God op bonatuurlik in hulle 'n situasie sal ingryp. So word God ook voorgeskryf, deurdat hulle van God verwag om hulle van die lyding of slegte omstandighede vry te maak.
- As gevolg van foutiewe en irrasionele aannames wat oor die "self" en oor God, kan die Godskonsep nie aan die waarheid of werklikheid gekoppel word nie.
- God se menslikheidseienskappe en emosionele betrokkenheid by die mens word aan individue se eie emosies en belewenisse van die situasie gekoppel. Dit lei tot foutiewe aannames, naamlik dat God kwaai, liefdeloos, wreed, onregverdig en onvergewensgesind is en dat God nie werklik omgee nie.

2.8.2 Die graad waartoe (hoedanig) verwerping die Godsbeskouing beïnvloed

Die bevindings oor die tweede fokuspunt (die graad van verwerping) word hier onder saamgevat en enkele slotsomme gemaak.

- Die persepsie is: God versaak 'n persoon en deel net straf uit.
- Daar word geglo dat God ook verwerp.
- God word as vyand beskou, en die mens verdoem. Gebed dien geen doel nie.
- As gevolg van wantroue in mense wat ander verwerp, word geglo dat God nie vertrou kan word en ook nie beloftes nakom nie.
- Verworpe mense voel op hulleself aangewese en moet dus leef asof hulle sonder God kan klaarkom.
- Die oortuiging is dat God nie omgee nie, en net 'n skimbeeld is, dus waarom met God 'n verhouding probeer handhaaf?
- God word in negatiewe terme beskou: onregverdig, veranderbaar, vyandig, wisselvallig, onbarmhartig, magteloos, onsimpatiek, afwesig, verwerp, weerhou gawes en onttrek. Daar is geen sin daarin om God te probeer dien nie.
- Verworpe persone glo dat God se teenwoordigheid in hulle lewe verlore gegaan het en keer hulle innerlik en openlik van God af weg. Verskeie van hierdie individue wil niks met God te doen hê nie, en maak die hartseer keuse om God heeltemal die rug toe te keer.

Ten slotte moet aangedui word dat verwerping nie beperk is tot 'n spesifieke tyd of tot bepaalde individue nie. Verwerping kan selfs binne oënskynlik, diep godsdienstige omstandighede plaasvind, soos een van die respondente ervaar het. Met ander woorde, naamlik niemand is gevrywaar van verwerping en die negatiewe gevolge daarvan nie.

Mense wat van kindsbeen af nie geborge en gelief gevoel het nie, kan byna nie anders nie, as om te glo dit is God se skuld. Dit lei daartoe dat hulle in hul worsteling en lyding soek na tekens en bevestiging van God se teenwoordigheid, betrokkenheid en dat God omgee. Probleemomstandighede en langtermyn-emosionele ontwigting oefen 'n negatiewe invloed uit op sulke persone se selfpersepsie. In hulle persoonlike ontwikkeling ontwikkel 'n verwronge begrip en beskouing van die waarheid oor God en God se handeling. Dit lei daartoe dat hulle van God af wegdraai en God van hulle kant af verwerp.

Die volgende hoofstuk (hfst 3) fokus op die geesteswetenskaplike definiëring van verwerping en die gegewens oor verwerping asook *hoe* en *hoedanig* hierdie ervaring mense se Godsbeskouing kan beïnvloed.

HOOFSTUK 3

INTERPRETERENDE TAAK

"The biggest disease today is not leprosy or tuberculosis, but rather the feeling of being unwanted" – Moeder Teresa


3.1 INLEIDING

Die interpreterende taak behels die ondersoek van teorieë in die wetenskappe om te verstaan en te verduidelik waarom sekere patrone en gebeure voorkom (Osmer, 2008:4). Die taak is in hoofstuk 2 gedeeltelik gehanteer deur 'n empiriese ondersoek waarin gefokus is op dinge *wat* gebeur. Hierdie taak is voltooi met die ondersoek na *waarom* dit gebeur.

Geldige meetinstrumente uit die sosiale wetenskappe is 'n vereiste om 'n informatiewe beeld oor die waarom-vraag te vorm (Osmer, 2008:4). Daarmee kan 'n situasie-analise van die empirie gemaak word wat tot die vorming van 'n metateorie lei (De Wet, 2006:73). Wetenskaplike vertrekpunte moet uitgestippel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dus word aspekte van studierigtings binne dieselfde werklikheidsveld bestudeer (Osmer, 2008:4; vgl. De Wet, 2006:72-74; Heyns & Pieterse, 1998:50; Van den Berg & Dreyer, 1995:212; Venter, 1993:247). Hierdie insigte kan bydra tot die verklaring en begronding van 'n teologies-normatiewe teorie met die oog op wetenskaplike volledigheid.

Die huidige studie gebruik Osmer se model (2008:11) om die interpretatiewe taak in verhouding tot die ander kerntake aan te dui. Dit word in Figuur 3.1 hier onder skematies uiteengesit.

Figuur 3.1: Interpreterende taak (Osmer, 2008:11)



Die waarom-vraag sluit die volgende navorsingsvraag in:

Watter bydrae kan navorsing vanuit aangrensende vakwetenskappe lewer om verwerping te definieer as agtergrond vir 'n teologiese ondersoek oor die invloed wat hierdie belewing op 'n verwerpe se Godsbeskouing kan uitoefen?

3.1.1 Doelstelling

Die fokus van hierdie studie is op die vrae *Hoe gebeur dit en Waarom gebeur dit?* (Osmer, 2008:4). Binne hierdie konteks het die huidige studie die volgende nagevors: die *manier* waarop (hoe) en *mate* waarin (hoedanig) verwerping 'n persoon se Godsbeskouing beïnvloed. Hierdie doelwitte vereis 'n nadere ondersoek van vyf kwessies wat hier onder (vanaf 3.4) gehanteer word:

- Wat behels verwerping?
- Hoe geskied verwerping?
- Wat het in die persoon se onderbewussyn vasgesteek?
- Hoe vorm Godskonsep by die mens?
- Watter invloed het verwerping op die vorming van 'n Godskonsep?

3.2 DIE INTERPRETERENDE TAAK

Om die bogenoemde vyf kwessies te hanteer word die interpretatiewe taak ingespan (vgl. Osmer, 2008:79-128; Smith, 2010:104-106). In hierdie taak word gesteun op die sosiale vakwetenskappe en Louw (1999a:151) se teologies-antropologiese vertrekpunt. Die doel is om die aard waarvolgens en mate waarin verwerping 'n persoon se Godsbeskouing beïnvloed (in hfst 2 empiries nagevors) in 'n verklarende raamwerk te plaas.

Volgens Osmer (2008:7, 83, 164) is dit noodsaaklik om aspekte wat ingesluit is in spesifieke gebeure, situasies en kontekste te identifiseer. Sodoende kan 'n mens verskynsels wat in die beskrywend-empiriese taak waargeneem is, beter verstaan, verklaar en verduidelik (vgl. Smit, 2014:66-67). Dit help begrip vorm oor redes waarom sekere dinge in mense se lewe gebeur soos verwerping. Op dié manier kan beraders die kern van die probleem hanteer en individue deur 'n lewensbegeleidingproses in die pastoraat bystaan (vgl. Smit, 2014:67-89; Denton, 2014:3).

Binne hierdie taak moet drie aspekte die interpretasie rig asook kenmerk, naamlik: nadenkendheid, teoretiese interpretasie en verstandige oordeel (Osmer, 2008:82).

Nadenkendheid: beteken dat individue wat verwerping ervaar het diep sal moet besin oor die omstandighede waartydens dit gebeur het. Sodoende kry hulle insig in die besondere omstandighede van individue wat verwerping ervaar asook hoe en hoedanig verwerping hul Godsbeskouing beïnvloed het. Hierin moet die hulpverlener veral gekenmerk word deur “kindness on our part” (Osmer, 2008:82). Nadenkendheid is veral noodsaaklik in omstandighede waar onsekerheid kan bestaan oor hoe om verder te gaan. Inderwaarheid help sodanige situasies individue om dieper te besin “treating others with consideration and kindness often involves pausing to reflect on their circumstances. Thoughtfulness... strives for insight into the particular circumstances...being brought up short often challenges us to deepen our thoughtfulness” (Osmer, 2008:82-83).

Met die toepassing van die interpretatiewe taak is deeglik oor inligting uit die empirie besin (Osmer 2008:82) om die verskynsels in die konteks van die huidige studie te plaas. Respondente kon in 'n bevorderlike omgewing nadink oor die *manier* waarop en *mate* waarin verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed het.

Teoretiese interpretasie: kan beskou word as “the ability to draw on theories of the arts and sciences to understand and respond to particular episodes, situations, or contexts” (Osmer, 2008:83). Dit interpreteer die *aard* en *invloed* van verskynsels (soos verwerping in hierdie geval) uit die oogpunt van beide die teologie en die geesteswetenskappe.

Verstandige oordeel: behels die interpretasie van episodes, omstandighede en kontekste deur drie verbandhoudende metodes (Osmer, 2008:4):

- Eien die toepaslike besonderhede van spesifieke gebeure en omstandighede.
- Onderskei die morele uiteindes wat op die spel is.
- Stel die doeltreffendste metodes vas om hierdie uiteindes te bereik in die lig van die beperkings en moontlikhede wat 'n spesifieke tyd en plek inhou.

Die gevolglike verwagtings is dat die Bybel se wysheid in samehang met die geesteswetenskappe in die pastoraat doeltreffend kan wees om die navorsingsvraag te kan ondersteun.

3.2.1 Teoretiese raamwerk

Die sleutelaspek van die interpreterende taak is om 'n teoretiese raamwerk daar te stel waaruit die studie gelei en gerig kan word. Hiervoor die volgende drie aspekte belangrik (Osmer, 2008:114):

- Identifiseer, assesseer en konseptualiseer die spesifieke situasie.
- Identifisering die vakwetenskaplike perspektiewe binne die situasie en stel die situasie se invloed binne sosiale konteks vas.
- Identifiseer en evalueer die hoofkonsepte van die bestudeerde situasie.

3.3 LITERATUUR VANUIT DIE AANGRENSENDE VAKWETENSKAPPE

'n Deeglike begrip van die navorsingstema is nodig om die studie binne die konteks van die bestaande navorsing te plaas en verder te rig. Relevante literatuur vir die huidige studie isgeanaliseer en bespreek om sodoende 'n teoretiese raamwerk oor die navorsingsvraag uiteen te sit.

'n Literatuuroorsig bied 'n kontekstuele agtergrond waarteen die navorsing plaasvind. So 'n oorsig verskaf spesifieke inligting en navorsers kan hulle eie idees oor die navorsing genereer, ontleed en 'n oorsigtelike kennis vorm van dinge wat reeds in die navorsings- en akademiese gemeenskappe plaasvind (Badenhorst, 2007:43; Jesson & Lacey, 2006:139).

Die taak en verantwoordelikheid van die pastoraat is om geloofsin van God te maak en bedien binne die konteks van (in hierdie geval) verwerpe mense. Hiervoor moet mense self binne

hulle konteks verstaan en vertolk word in die lig van God en die evangelie (Louw, 1999a:23). Mense as sodanig kan nie verklaar word nie, maar moet verstaan word. Gevolglik ontstaan die vraag: “Hoe moet die mens verstaan word ten einde die mens tot ’n doelgerigte en sinvolle lewe te begelei?” (Louw, 1999a:157). Louw (1999a:157) bied die antwoord op hierdie vraag in sy stelling: “’n Verstaan van menslike gedrag benodig ’n teologiese antropologie ’n verstaan van die mens in terme van die normatiewe dimensie van sy bestaan.”

Louw (1999a:157) se antwoord is belangrik vir die huidige studie, aangesien die individu wat verwerping ervaar het en ’n nie-Bybelse Godsbeskouing huldig, begelei moet word tot ’n toepaslike Godsbeskouing. Een wat in ooreenstemming met die Skrifgetuigenis is. Die uiteinde-like doel is dat die persoon as ’n spirituele wese die eer van God op die voorgrond kan stel (Smith & Dreyer, 2000:309).

Die huidige studie fokus nie slegs daarop om die mens volgens ’n persoonlikheidsprofiel te verstaan asook mense se selfverstaan te peil nie, ook nie om gedrag te analiseer nie. Alhoewel die menslike gedrag en ontwikkeling belangrik is, gaan dit hier oor ’n verstaan van hoe verwerping die mens se verhouding met God beïnvloed (Louw, 1999a:157).

In die lig van hierdie fokus word die vyf kwessies waarna hier bo verwys is (verw. 3.1.1) vervolgens gehanteer

3.4 WAT IS VERWERPING?

Die eerste kwessie raak die aard van verwerping. Verwerping dui op die onvermoë by individue om liefde te ontvang of te kan gee en dikwels kan dit terugverwys word na ervarings as kind, en heelwaarskynlik na ouers wat ook verwerp was (Hepden, 1992:6). Verwerping en afwys van die self gaan oor die algemeen hand aan hand (Breines, 2013:1; Kruger, 2010:62). Enersyds beteken verwerping individue word beroof van die kans om emosioneel te kan ontwikkel (’n natuurlike menslike behoefte); andersyds is dit die resultaat van ouers wat misluk het om die nodige versorging (*nurturing*) aan hulle kinders te bied (Coetzer, 2009:10; vgl. Rautenbach, 1994; Van den Berg, 1989; Pieterse, 2006; Pieterse, 2010).

Verwerping kan voorkom in verhoudings wat strek van koud en afsydig, vyandig en aggressief of tot agterlosigheid en verwaarlosing (Rohner *et al.*, 2012:2). Laasgenoemde vorm van verwerping geskied wanneer kinders glo dat hul ouers nie regtig vir hulle omgee of hulle liefhet nie (Rohner *et al.*, 2012:2). Verwerping beïnvloed nie slegs een tipe persoonlikheid nie, dit het ’n uitwerking op enige soort innerlike geaardheid of persoonlikheid. Gevolglik sal persone verskillend teenoor verwerping optree en daarop reageer. Soms kom hierdie reaksie in ’n persoon se lewe na vore as opstand, selfverwerping en/of as selfbeskerming (Erozkan,

2009:2, 5; Hepden, 1992:29; Khaleque, 2002:114).

3.4.1 Etiologie van verwerping

Verwerping is verskans in die verskillende vorms van psigiese mishandeling (Loh *et al.*, 2011:2246) en kan as sodanig nie in 'n eie kategorie afgegrens word nie. Vanweë die feit dat dit met ander vorms van mishandeling gepaardgaan, is dit moeilik om te onderskei wanneer verwerping as so danig voorkom (Loh *et al.*, 2011:2246). Sommige navorsers gaan so ver soos om verwerping af te lees teen 'n middelklasagtergrond waar mense wel goed aangepas en blykbaar vry van klaarblyklike sosio-ekonomiese en verhoudingsdruk is (Jones, Pickett, Oates & Barbor *et al.*, 1982:95).

Volgens hierdie laasgenoemde siening handhaaf ouers in gesinne waar verwerping voorkom, wel 'n liefdevolle, normale verhouding met die ander kinders. Daar heers ook blykbaar 'n goeie standaard van fisiese en materiële versorging (Jones *et al.*, 1982:95). Nogtans kan dit nie as algemene riglyn beskou word nie.

'n Ma wat 'n kind verwerp, kan ook soms kwaadwillig en boosaardig teenoor die baba optree namate hy/sy ouer word. So byvoorbeeld vermy die ma dit om tyd met die kind deur te bring, en voel maklik geïrriteerd en selfs aggressief as gevolg van die versorging wat sy aan die kind moet gee (Jones *et al.*, 1982:95). Die individuele verantwoordelikheid kan so 'n ma sodanig beïnvloed dat (haar) verwerping van die kind psigiese, emosionele en fisieke vorms kan aanneem en dus aan mishandeling grens (O'Hagan, 2006:3-15).

3.4.2 Definiëring van verwerping

Kundiges op hierdie terrein definieer verwerping as 'n stroping van 'n persoon se menswaardigheid. Hieronder geld die navorsing van verskeie eksponente: (Briere, 1992:9; Coetzer, 2009:10; Dean, 1979; Garbarino *et al.*, 1986:3; Hart, 1987; Hepden, 1992:7; Potgieter, 2011:186; Rohner *et al.*, 2012:3; Taylor, 1987:59; Winton & Mara, 2001:90-94). Verwerping behels die ontkenning van sulke persone se menswees deur van hulle liefde te weerhou, hulle te ignoreer, weg te stoot, of om hulle onwaardig, onaanneemlik en onwelkom te laat voel. Volgens hierdie kundiges sluit die definiëring van psigiese en emosionele aantasting aan by dié van verwerping. Elmer (1985:68); Evans (2004:16); Jantz en McMurray (2009:12); Kairys, Johnson & Committee on Child Abuse and Neglect (2002:1) en Rohner (1986:121) dui verwerping aan as 'n onafgebroke/konstante patroon van onredelike en onbillike behandeling. Met verloop van tyd raak dit die kenmerk van daardie verhouding.

Hoewel psigiese en emosionele mishandeling as afsonderlike realiteite onderskei kan word, (O'Hagan, 1993:456-458), word dit vir die doeleindes van hierdie studie as sinonieme met verwerping in verband gebring

3.4.3 Hoe geskied verwerping?

Om omvattend aan te dui hoe verwerping plaasvind, moet eers gelet word op wat elke mens se basiese behoeftes is

3.4.3.1 Die basiese behoefte van die mens

Die mens word gebore met 'n basiese behoefte aan liefde en sekuriteit, want sonder liefde leef 'n mens nie regtig nie, so iemand bestaan net (Coetzer, 2009:36; Kellmer Pringle, 1980:34-43). Mense het van kleins af en veral in die vroeë stadia van hulle lewe 'n behoefte aan liefde wat gesien, gehoor en gevoel kan word. Dit sluit in sigbare bewys van liefde van ander naby-persone wat 'n betekenisvolle rol gedurende daardie eerste lewensfase van die kind se bestaan speel (Lyon & De Cruz, 1990:20). Wanneer aan hierdie basiese behoefte voldoen word, vorm dit die basis van alle verhoudings. Dit geld nie slegs vir die onmiddellike familie nie, maar werk ook verder deur na vriende, kollegas, en uiteindelik die latere uitgebreide familie (Kellmer Pringle, 1980:34).

Vlakke van behoeftes: Meyer en Van Ede (1998:70) wys daarop dat Maslow in sy hiërargie van basiese behoeftes tussen twee vlakke onderskei, naamlik 'n laer vlak wat hy die gebreksbehoeftes noem, en 'n hoër vlak wat hy groeibehoeftes noem. Iemand wat ten volle ontwikkel het, funksioneer dus op die hoogste vlak, naamlik "selfaktualisering" (Meyer & van Ede, 1998:70). Hierdie vlak kan net bereik word wanneer iemand se gebreke of basiese behoeftes normaal of gereeld bevredig word. In hierdie sin is emosionele mishandeling regstreeks in teenstelling met basiese menslike behoeftes (Meyer & Van Ede; 1998:70).

3.4.3.2 Wanneer verwerping voorkom

Verwerping kan in enige fase van 'n persoon se lewe voorkom; vanaf die wieg tot met die laaste asemteug. Hierdie negatiewe belewing neem verskillende vorms aan en kan byvoorbeeld openlik of bedek, blatant of subtiel, aktief of passief, werklik of denkbeeldig wees (Jantz & McMurray, 2009:12). Verwerping kan ook fyn vermom voorkom en in hierdie vorm is dit die ingewikkeldste, want dit strek vanaf 'n subtiel onttrekking van toegeneentheid tot intense emosionele mishandeling (Elmer, 1985:68; Evans, 2004:16; Kairys *et al.*, 2002:1; Rohner, 1986:121). Uys (2014:45) is dus korrek met die bewering dat verwerping beteken om demonstratiewe, ekspressiewe liefde van iemand te weerhou.

Verwerping kan 'n magdom oorsake hê. Dit kan onder meer selfs voorkom as gevolg van die ongunstige omstandighede waartydens 'n persoon verwek is, byvoorbeeld: verkragting, bloedskande, 'n buite-egtelike verhouding, losbandigheid of inhibisies wat oorboord gegooi is. Verdere oorsake kan die volgende wees: aanneming of skeiding, verkeerde geslag, baba wat nie met ma bind nie, fisieke trauma weens 'n motorongeluk, gesinsgeweld, onsuksesvolle vrugafdrywing, spanning, tienerswangerskap en moeilike geboorte (De Kock, 2006:50-55; Hank & Kohler, 2000; Hepden, 1992:42; Hoepfner, 2009:89; National Research Council, 1993:115; Obadina, 2013:292; Rautenbach, 1994:31; Stulting, 2006:23-32).

3.4.3.3 Verwerping deur ouers

Die ergste vorm van verwerping wat enige persoon kan beleef is dat hulle deur een of beide ouers verwerp word (Evoy, 1981:6; McAdams *et al.*, 2011:28). Hierdie ervaring kan verskeie kenmerke toon: ouers se outoritêre optrede teenoor die kind, oorheersing, ontoegeeflikheid, besitlikheid, oorbeskerming, verwaarlosing, hoë verwagtings, inkonsekwente dissipline en afsydige ouer-kind-verhoudings (Pieterse, 2006:17-19; Rautenbach, 1994:30). Vroeë ervarings met ouers beïnvloed persoonlikheid en karaktervorming en die positiewe ontwikkeling van die kind hang uitsluitlik af van interaksie en verbintenis met die primêre versorger (Obadina, 2013:290; Pieterse, 2010:112). Uys (20014:45) noem dat verwerping moeiliker is om te aanvaar indien die kind dit ervaar van iemand wat die naaste aan hom/haar is. Gevolglik is dit een van die pynlikste belewenisse.

Die grootste struikelblok vir navorsing oor ouer-kind-verhoudings is dat die data gewoonlik afkomstig is van waarnemings of persepsies uit 'n enkele bron, naamlik óf die ouer óf die kind (Hussain & Munaf, 2012:150). Ouers en kinders begryp nie noodwendig die voorkoms van ouer-aanvaarding dieselfde nie. Ouers wat psigologies onbetrokke by hul kinders is, is geneig om daardie kinders te ignoreer, af te sonder en uiteindelik te verwerp (Garbarino *et al.* 1986:53).

Verwerping is nie slegs tot een ouer beperk nie (verw. 2.7.4.1). Hoewel ma's hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik is, kan beide ouers hulle aan hierdie misdryf skuldig maak (Hussain & Munaf, 2012; 150; Jones *et al.*, 1982:95; Kuterovac-Jagocić & Keresteš, 1996:477; Rohner, *et al.*, 2012:17). Die meeste ouers wat wel hulle kind(ers) verwerp, kry dit ook buitengewoon goed reg om hulle optrede weg te verduidelik en te regverdig (Carl, 1993:20-21; Elmer, 1985:70).

a. Gebondenheid en gehegtheid

Daar bestaan geen twyfel nie dat 'n kind se vroeë ondervinding van die verhouding met die ouers daardie persoon se latere ontwikkeling beïnvloed. Hierdie vroeë ondervinding het 'n diepgaande uitwerking op aspekte soos bewustheid, gedrag, sosiale vaardighede,

emosionele reaksies, persoonlikhede en portuurverhoudings (Fraley, 2002:125; Malekpour, 2007:81; Özen, Sümer & Demir, 2010:164; Pieterse, 2010:112). Om geheg te wees is om veilig en verseker te voel. Wie onsekerheid in hulle gehegtheid aan hulle primêre versorger beleef, kan gemengde emosies teenoor hierdie persoon toon. Dit wissel van gevoelens van intens liefde en afhanklikheid tot vrees vir verwerping, geïrriteerdheid en oorversigtigheid (Holmes, 1993:67).

Nadat Mooney (2010:7) verskeie kenners se teorieë oor gehegtheid bestudeer het, lig hy die volgende aspekte uit:

Everyone agrees that the effects of early relationships stay with us throughout our lifetime ... poor early attachment triggers serious and irreversible challenges for children ... All agree that our earliest relationships tend to stay with us.

Daar kan betoog word dat 'n persoon wat 'n gebrek aan sekuriteit beleef, ambivalente gevoelens toon. Daar is gelyktydig 'n behoefte om naby die bindingsfiguur te wees, maar ook die neiging om woede teenoor hierdie persoon te toon deur hom/haar te straf wanneer daar enigsins bevestiging is van verlating (Holmes, 1993:67).

b. Vormingsjare van 'n kind se lewe

Wanneer ouers afwesig en onbetrokke is by hulle kind tydens daardie kritieke tyd van ontwikkeling kan dit beskou word as uiterse emosionele verwaarlosing (vgl. Trent, Osborn & Brunder, 2000:107). Hierdie verwaarlosing wat ook as emosionele mishandeling beskou kan word, vind veral plaas deurdat die ma haar weersin verbaliseer en demonstreer (Elmer, 1985:69,71). Bowlby (1979:8; vgl. Mooney 2010:16) is sterk oortuig daarvan dat in die mens se eerste (primêr) verhouding, gewoonlik met die ma, 'n beduidende deel van die kind se toekomstige welsyn vasgelê word. Elmer (1985:69-71) stel dit dat ouers 'n belangrike rol speel tydens 'n kritieke tyd van 'n kind se ontwikkeling, naamlik die eerste vier jaar (vgl. Trent *et al.*, 2000:107). Hierdie standpunt is dalk te ongenuanseerd gestel. Die vraag kan geopper word: Is daar enigsins 'n tyd in 'n kind se lewe wanneer ouerbetrokkenheid nie belangrik is nie?

Inteendeel vanuit navorsing oor ouers se betrokkenheid is bevind dat hierdie bystand deurgaans tydens 'n kind se ontwikkeling belangrik bly (vgl. Van Biljon, 2013:96-106; McDonald, 2015:33).

c. Spieëling

Spieëling (*mirroring*) beteken dat persone op enige gegewe oomblik weerspieël wie hulle werklik is. Ouers wat met 'n klomp onverwerkte emosionele behoeftes worstel, kan nie die rol van spieëling teenoor die kind vervul nie (Coetzer, 2009:35-36). Gedurende die vormingsjare van 'n kind se lewe is die gees oop vir beïnvloeding. In hierdie fase "spieël" kinders hulle met

die ouers of familielede naaste aan hulle (Pringle, 1985:35). Coetzer (2009:35-36) sluit aan by Louw *et al.* (1998:166) met die gedagte dat kinders gedurende die eerste drie jaar van hulle lewe heelwat erkenning moet kry en daarby ernstig opgeneem behoort te word. Mense behoort aanvaar te word vir wie hulle is. Sodanige aanvaarding voorsien in mense se heel basiese behoefte en is die resultaat van goeie spieëling deur ouers wat oor goeie grense beskik waarvolgens hulle hul self handhaaf (Coetzer, 2009:35-36; verw. 3.4.3.1).

3.4.3.4 Verwerping deur ouers se woorde, dade en aangewakerde skuldgevoelens

a. Direkte verbale verwerping

Woorde kan kragtige positiewe faktore wees wat mense kan opbou, maar ewe verwoestend negatiewe wapens wees wat veral gebruik word om mense emosioneel te verwond, beheer, verneder en om mag uit te oefen (Coetzer, 2009:41). Indien negatiewe boodskappe dikwels en met nadruk herhaal word, filtreer dit tot in die diepste menswees van die persoon wat verwerp word (Kellmer Pringle, 1980:35). Woorde graveer boodskappe diep in die denke van diegene wat dit moet aanhoor. Sodanige boodskappe vorm dan die manier waarop persone hulleself waardeer. As die boodskappe negatief en afbrekend is, veroorsaak dit lewenslange emosionele skade (Jantz & McMurray, 2009:61-78; Leary, Twenge & Quinlivan, 2006:111-119; Loh *et al.*, 2011:2244; Peretti, 2002:133; verw. 2.7.4.1. iv).

Kinders wie se ouers hulle verbaal mishandel, is meestal fisies meer aggressief en antisosiaal ingestel teenoor ander kinders, en toon meer interpersoonlike probleme as diegene wat nie 'n verbale aanslag moes beleef nie (Leary *et al.*, 2006:111; Loh *et al.*, 2011:2245). Adollesente beleef egter verbale mishandeling die felste. Juis diegene wat tuis bly, loop die ergste deur, soos adollesente wat nie in koshuise of by ander mense loseer nie (Loh *et al.*, 2011:2245). Emosionele en verbale mishandeling in die kinderjare kan positief in verband gebring word met beide adollesente en volwasse vorms van psigopatie (Loh *et al.*, 2011:2245).

Jong kinders vind dit nie (altyd) moontlik om te kan onderskei tussen 'n grap, dreigement, geterg of die waarheid nie. Gevolglik neem hulle sarkasme en gespot op sigwaarde en dit laat hulle met 'n gevoel van vernedering of vrees (Forward, 1989:97). Hierdie negatiewe en afbrekende boodskappe gaan soms gepaard met fisieke geweld en aanranding (De Kock 2006:57; Winton & Mara, 2001:87; verw. 2.7.4.1). Inligting wat uit die empiriese ondersoek bekom is (verw. 2.7.4.1), lewer afdoende bewys van die soort negatiewe boodskappe en kwetsende uitdrukkings waaraan persone blootgestel word wat verwerping beleef, byvoorbeeld:

- Ek het nie tyd vir jou nie.
- Jy is onnosel, pateties of lamsakkig.
- Jy sal nooit 'n sukses van jou lewe kan maak nie.

- As jy minder stout is en nie so baie huil nie, kan ek dalk vir jou lief wees.
- Ek sê eerder vir mense ek het nie 'n middelste kind nie, voordat ek eers meer te wete moet kom oor waarmee jy in die lewe besig is.
- As jy nie vir 'n dokter nie leer, is jy niks.
- Ek wens jy het liever gesterf.

'n Kind se diepste emosies word verguis wanneer sy/haar individuele geaardheid en persoonlikheid deur neerhalende optrede aangeval word. Dit sluit in en om kinders vir hulle prestasies erkenning te gee nie, maar eerder ongunstig of neerhalend met ander te vergelyk (Elmer, 1985:68-69; Jantz & McMurray, 2009:11; verw. 2.7.4.1).

b. Indirekte verbale verwerping

Verwerping kan ook geskied waar geen woord geuiter word nie, en wanneer in stilte negatief met 'n persoon gekommunikeer word. Niks word gesê nie, maar 'n gevoel van onwelkom wees word juis deur die stilswye geprojekteer. Hierdie behandeling val binne die kategorie van verwerping waar nie 'n woord geuiter en geen vinger gelig word nie (Coetzer, 2009:62). Dit veroorsaak verwarring met die gevolg dat kinders nie weet wat hulle verkeerd gedoen het en/of hulle welkom is of nie. Dit is 'n behandeling wat iemand ervaar en van bewus is, maar nie kan bewys nie sodat hierdie gebeure in daardie een se psige weerklank vind. Die skade van sodanige emosionele mishandeling en verwaarloosing het gewoonlik langtermyngevolge vir die een wat verwerp word (Coetzer, 2009:63).

c. Ouerverwerping binne die kringloop van mishandeling

Sommige individue ervaar dat hulle ouers hulle as verwikkelde, hoë sorg (*high maintenance*), veeleisende kinders ervaar. Hulle moet dag na dag hoor, voel of ervaar dat hulle die lewe vir hulle ouers ondraaglik of onaangenaam maak. Kinders interpreteer hierdie ongunstige terugvoer as verwerping; hulle voel op 'n manier onwelkom (Elmer, 1985:70; De Kock, 2006:50; verw. 2.7.4.1). Ouers kan hulleself die een of ander tyd aan emosionele mishandeling skuldig maak. Vir sommige ouers is die emosionele verwaarloosing van hulle kinders 'n leefwyse. Dit kom na vore in 'n bese kringloop van uitbarstings van frustrasies wat weer opgevolg word deur verskonings en liefdebetoning, en om daarna net weer uit te bars (Carl 1993:20-21; Jantz & McMurray, 2009:11).

i. Verwerping deur ouers as gevolg van verwagtings

Dit gebeur dat ouers soms onrealistiese of te veel verwagtings van 'n kind kan koester. Uiteraard sou sodanige verwagtings inderwaarheid niks van eise of vereistes verskil nie. Kinders se geaardhede kan egter bots met dié van die ouers wat dit dan moeilik vind om

teenoor die kind toegeneë te wees. Dit is nie onnatuurlik dat mense in 'n bepaalde liefdesverhouding bepaalde verwagtings sou koester nie (Potgieter, 2011:185). Tog kan onrealistiese verwagtings en oormatige druk van ouers af groter skade berokken. Dit kan uiteindelik die kind met 'n gevoel laat dat hy/sy nikswerd is, indien daardie kind nie aan die verwagtings sou voldoen nie (Pieterse, 2006:45). Wanneer dit gebeur, word die kind in 'n erge mate gekwes en diep seergemaak (vgl. Gen 4:5). So 'n kind kan dit beleef en interpreteer as kwalik bedekte verwerping (Potgieter, 2011:185).

ii. Voortrekkery/witbroodjies

Die witbroodjie (ouergunsteling) is die kind wat tot nadeel van die ander kinders voorgetrek word (Moharib, 2013:1497; Salmon *et al.*, 2012:357). Ouers kan verskeie redes hê waarom hulle een kind bo 'n ander sou kies. Onder hierdie redes geld die volgende:

- Koester 'n sagte plek vir oudste of jongste kind.
- Het voorkeur vir bepaalde geslag.
- Ouers is afhanklik van die kind se sorg.
- Vind by die kind aanklank.
- Verwagtings tussen kinders verskil en hulle word volgens individuele standarde geoordeel.

(Coetzer, 2009:59; Moharib, 2013:1499; Salmon, Shackelford & Michalski, 2012:357; Sutor, Gilligan, Johnson & Pillemer, 2013:581-582).

Dit is nie vreemd nie dat ouers wel 'n voorkeur kan toon vir byvoorbeeld, die oudste of die jongste kind. Navorsing toon dat die jongste kind gewoonlik 'n voorkeur by pa's het (Kiracofe & Kiracofe, 1990:79; Salmon *et al.*, 2012:357). Die middelste kind word dikwels as die "moeilike een" geëtiketteer, dus voel sulke kinders dikwels emosioneel verwerp omdat hulle nie met hulle ouers so 'n besondere verhouding soos die oudste kind geniet nie (Louw *et al.*, 1998:358). Wanneer een kind bo 'n ander gekies word, toon kinders gevoelens van woede, aggressie, depressie asook 'n reaksie van identiteitsverwarring (verw. 2.7.4.1). Daarteenoor ontwikkel die voorkeur-kind 'n oorverantwoordelikheid vir die ouer (Harris & Howard, 1985:55; Kiracofe & Kiracofe, 1990:74, 79; Moharib, 2013:1505).

iii. iOuververwerping op grond van geslag

Volgens Hank en Kohler (2000) is "parents' gender preferences for children ... embedded in cultural and religious traditions and community norms, shaping individual attitudes and behaviour". Daar is wel bepaalde aannames dat manlike nasate byvoorbeeld 'n groter ekonomiese bydrae as dogters kan lewer, in die landbou asook om in 'n primitiewe sosiale

sekuriteitsstelsel te voorsien (Hank & Kohler, 2000; verw. 2.7.4.1). Voorts bestaan daar 'n voorkeur vir seuns omdat hulle bepaalde geslagsrolle vervul. Sodoende word hoofskap in 'n patrilineêre gemeenskap (waar die manlike geslagslyn deur geslagte voorbestaan) verseker. In sommige gemeenskappe word selfs sover gegaan dat wanneer die minimum hoeveelheid manlike nasate gebore is, die aanwas van verdere kinders beperk word (Hank & Kohler, 2000).

In sekere gevalle het ma's weer 'n voorkeur vir dogters, en pa's vir seuns (Moharib, 2013:1499; vgl. Weber & Custer, 2005:55-71). Gevolglik hou die ouer die kind wat nie voorkeur geniet nie, op 'n afstand. Wanneer afstand en identiteit gevoed word met weerstand en van die samebindingsfaktor in saamwees losgemaak word, ontwikkel 'n klimaat van verwerping wat die ontwikkelende kind nie anders as vyandig sou kon interpreteer nie (Louw, 2005:78). Die volgende boodskap van verwerping word gekommunikeer: Weens my geslag stel Ma of Pa nie regtig in my belang nie; hulle wil my nie regtig hê nie; ek is ongewens, 'n las en geen vreugde vir my ouer/s nie (Louw, 2005:78).

iv. Ouerverwerping deur psigiese mishandeling en emosionele verwaarloosing

Mense het 'n emosionele en 'n psigiese lewe en ontwikkel ook so. Hoewel hierdie begrippe nou verwant is, maak dit dikwels op mekaar inbreuk, maar kan onderling afhanklik wees. Tog is dit nie sinonieme nie (O'Hagan, 2006:42). Emosionele mishandeling kom voor as isolasie, vernedering, verwerping en openbare vernedering (Elliot *et al.*, 2002:3-6, 13-14; Sosteric, 2012:1-2). Psigiese mishandeling gaan gewoonlik gepaard met 'n intense belewenis dat die kind te nagekom, verneder, hulpeloos oor die toekoms en magteloosheid is. Hierdeur word die jong kind beroof van ontwikkeling in sy/haar vertroue, asook van die vermoë om emosie/s te kan verbaliseer (Briere, 1992a:25-26; Pieterse 2006:3).

Psigiese mishandeling vind meestal plaas deurdat kinders herhaaldelik boodskappe ontvang dat hulle waardeloos en ongewens is, slegs waarde het wanneer hulle aan die behoeftes van ander voldoen; 'n fout en nie goed genoeg is nie (Hamarman, Pope & Czaja, 2002:304; Trickett, Mennen, Kim & Sang, 2009:1). Dit behels 'n vorm van emosionele mishandeling wanneer ouers daarop aandring dat 'n kind fisiek "siek" is, maar wat met alle mediese bewyse strydig is (die sg. *Munchausen syndrome*) (Daro, 1988:35; Doyle, 1997:337; Winton & Mara, 2001:92). Om dan gedurig as "siek" of "sieklik" bestempel te word, terwyl iemand niks makeer nie, kan daardie een ook laat voel hy/sy is in die pad.

Daar kan 'n wye spektrum emosies en gedrag voorkom by persone wat emosionele mishandeling ervaar het of steeds beleef. Hieronder geld: woede, ontoegeeflikheid en 'n afsydigheid teenoor die versorger, gebrek aan kreatiwiteit, volharding en entoesiasme, depressie, gebrek aan emosionele gehegtheid met die ouer of versorger, lae kognitiewe

vermoë en opvoedkundige prestasie, aggressie, misdaad en swak sosiale vaardighede (Denton, 2010:210-211, 229; Leary *et al.*, 2006:111, 113-116; Sosteric, 2012:1-2).

3.4.3.5 Verwerping deur die grootouers

Die emosionele nabyheid wat oupas en oumas met hul kleinkinders het, kan beïnvloed word deur die omstandighede waartydens die kleinkind die lewe van daardie grootouers binne gekom het. Voorbeelde is: 'n tienerswangerskap, finansiële las wat die ouers op die grootouers plaas omdat hulle nie self vir die kind kan sorg nie, ongenoegsame kennis oor kinderontwikkeling, stres, verwerping, ouderdomsgaping, gesondheidsprobleme, sosiale omstandighede, grootouers wat skaam en skuldig voel oor swangerskap, of die kleinkind se temperament (Dolbin-MacNab & Keiley, 2006:60-68; Stulting, 2006:22, 31).

3.4.3.6 Verwerping deur 'n onderwyser

Onderwysers het die besondere verantwoordelikheid om jong mense binne die skoolomgewing te bestuur en rig. In daardie sin vervul hulle die rol van plaasvervanger vir die ouer/s wanneer die kind in die skool is (Hart, 1987:169). Skole en dagsorgsentrums vorm belangrike sosiale stelsels waarbinne sosialisering en lering plaasvind en waarbinne die kind geleer word hoe om binne 'n georganiseerde groep-opset op te tree (Botha, Van Ede, Louw, Louw & Ferns, 1998:317).

Kinders wend hulle byvoorbeeld na hulle onderwysers vir goedkeuring en lof (Botha *et al.*, 1998:318). Wanneer daardie kind dus verstoot word, kan dit neerkom op emosionele mishandeling deur die optrede van 'n onderwyser/s. Psigiese of emosionele mishandeling het 'n direkte uitwerking op 'n kind se daaglikse werklikheid. Gevolglik beleef kinders vrees en stres (Hart, 1987:170; McEachern, Aluede & Kenny, 2008:3; Shumba, 2004:139; Tomison & Tucci, 1997:13), wat weer hulle selfkonsep en Godsbeskouing raak (verw. 2.7.4.3).

3.4.3.7 Verwerping deur portuurgroep

Benewens die ouers dien die portuurgroep as uiters belangrike sosialiseringsagent. Die rede is dat die kind binne 'n speelsituasie aanvaarbare gedrag leer soos samewerking, wederkerigheid, regverdigheid en om aggressie te beheer (Botha *et al.*, 1998:316). By adolessente is daar 'n dwingende behoefte om te behoort en die meeste individue beoordeel hulle self-waarde aan ander se reaksies. Hulle is afhanklik van die portuurgroep se ondersteuning, goedkeuring en aanvaarding vir gesonde ontwikkeling. Indien hulle daarom verwerping deur die portuurgroep ervaar, kan dit daardie adolessente se ontwikkeling strem (Denton, 2010:182; Leary *et al.*, 2006:120; Thom, Louw, van Ede & Ferns, 1998:454-457).

Kinders wat verwerp voel, is gewoonlik diegene vir wie die portuurgroep aktief vermy (Erozkan, 2009:2). Wanneer adolessente binne die portuurgroep ongewild is, is hulle dikwels

emosioneel ontwrig, toon 'n negatiewe selfkonsep en is behep met hulleself. Wanneer die groep hulle verwerp, kan sosiale isolasie toeneem en hulle selfvertroue daal (Erozkan, 2009:2; Thom *et al.*, 1998:454-457). Indien kinders vroeg uit die portuurgroep gesluit word, kan hulle 'n negatiewe selfpersepsie vorm (Pieterse, 2006:31; verw. 2.7.4.1; 2.7.4.3).

3.4.3.8 Verwerping deur kollegas

Afguns ontstaan weens werknemers wat kollegas se kwalifikasies, sukses en finansiële voordele begeer. Uit hierdie afguns ontstaan jaloerse optrede en gevolglik word kollegas uitgestoot en uitgewerk (Dogan & Vecchio, 2001:57, 60; Özkoç & Çalışkan, 2015:40; verw. 2.7.4.1). Hierdie persone ervaar negatiewe gevoelens teenoor hulleself wanneer hulle in die werksplek uitgewerk of gemarginaliseer word. Hulle voel verwerp deur hulle kollegas en sodoende selfs geneig om God se regverdigheid te bevraagteken (Andries, 2011:27; Özkoç & Çalışkan, 2015:42; verw. 2.7.4.1).

3.5 GESINSVERHOUDINGS

Die gesin vervul 'n belangrike rol in die samelewing, want binne hierdie ruimte vind individuele ontwikkeling plaas. Só dien gesinne as boustene vir gesonde en stabiele gemeenskappe. Binne die gesin word ook gesonde én ongesonde gedragspatrone aangeleer. Vir die sosialiseringproses van die mens is die gesin onvervangbaar (Stoop & Masteller, 1996:50; Van der Vlies, 2013:85; vgl. Louw, 2005:65, 71).

Dit is belangrik om eers 'n begrip te vorm van wat funksionele gesinsverhoudings behels voordat aanbeweeg word na 'n definisie van disfunksionele gesinsverhoudings. 'n Goed aangepaste gesin het die balans gevind tussen twee teenstrydige konsepte naamlik om naby en/of om apart te wees (Stoop & Masteller, 1996:74).

3.5.1 Funksionele gesinsverhoudings

Volgens Stoop en Masteller (1996:74, vgl. Van der Vlies, 2013:86) kom die volgende kenmerke in 'n deeglik aangepaste gesin voor, naamlik:

- Gesinslede het wedersydse respek vir mekaar se verskille en hegte onderlinge gesinsverbin-
- tenisse bestaan tussen die lede oor generasiegrense heen.
- Lede van die gesin is vry aan eie behoeftes om uitdrukking te gee.
- Probleme word op 'n gesinsbasis gehanteer en nie op 'n individuele basis nie.

- Lede deel regstreeks met mekaar nie deur ander gesinlede nie.
- Onderlinge verskille word aanvaar en aangemoedig.
- Ander se gedagtes en gevoelens word aanvaar en gerespekteer.
- Individuele lede weet wat hulle aan ander kan gee en van hulle kan ontvang.
- 'n Positiewe klimaat word as hoë prioriteit beskou en gehandhaaf.
- Elke gesinslid waardeer die gesin as 'n voortreflike plek om in te leef.
- Gesinslede leer mekaar aanmoedig deur gesonde terugvoer.

Die deeglik aangepaste gesin dien as lewensondersteunende sisteem. Binne hierdie ruimte ervaar gesinslede geborgenheid, 'n gevoel van samehorigheid word geskep en gesinslede voel veilig sodat die ontwikkeling van hulle volwassenheid en identiteit bevorder word (Louw, 2005:76) Om hierdie ontwikkelingsproses te stimuleer tree ouers as model en voorbeeld op en vervul die rol van gids en tolk met die oog op die internalisering van lewenswaardes. In 'n Christelike verband tree die ouers namens God op en vertolk die rol as verbonds-verteenvoerder (Louw, 2005:76).

3.5.2 Disfunksionele gesinshoudings Disfunksionele gesinne slaag meestal nie daarin om probleme op te los nie. Vanweë ongeorganiseerdheid binne die gesin kan lede nie tot klarigheid kom en oplossings vind vir die hoofprobleme binne die gesin nie (Stoop & Masteller, 1996:78; vgl. Mc Donald, 2015:75-77). Binne hierdie gesinne is daar dikwels een of meer lede wat die rol van "tiran" uitspeel (Coetzee, 2007:17).

Volgens navorsers bestaan daar verskillende soorte gesinsisteme wat lei tot swak aangepaste families (Stoop & Masteller 1996:79-98; vgl. Coetzer, 2007:2-3; Coetzer & De Klerk, 2014:23). Dit behels die volgende sisteme:

- Rigiede gesin – die outoritêre gesin, almal weet wie die leier en die baas is en almal ken die gesinsreëls.
- Chaotiese gesin – die opvoeding en dissiplinering van kinders is inkonsekwent.
- Verstrikte of ineengestremde gesin – die lede is so ingewef met mekaar dat dit moeilik is om te onderskei wie het met wie 'n nabyverhouding het; die ingeweftheid word as so belangrik beskou dat enige poging om apart of onafhanklik te probeer funksioneer, gesien word as dislojale gedrag teenoor die gesin; vals lojaliteit is aan die orde van die dag sodat individue versmoor voel.

- Onverbonde gesin – word gekenmerk deur erge tekort aan emosionele verbintenis; hulle waarde lê in onafhanklikheid en verhoudings buite die gesin; min saamwees word ervaar en lede weet min van mekaar; interne grense word sterk toegepas terwyl dié buite gesinsverband weer aanpasbaar is; individue voel geïsoleer.
- Sondebokgesin – iemand word gekies om die skuld te dra vir die familie se probleme en daardie persoon word as buitestaander behandel; veral by gesinne waar drank misbruik word en vasgelegde persepsies bestaan oor “goeie” en “slegte” familieledes.

Gesinsdisfunksie hou verband met enige toestand wat inmeng met gesonde funksionering binne gesinne. Die disfunksionele gesin is geneig om 'n kroniese geaardheid te begin ontwikkel deurdat kinders se behoeftes nie konsekwent aangespreek word nie (Coetzer, 2007:2; vgl. Kumar & Tiwari, 2008:141-143; Louw, 2005:77).

3.5.3 Onderlinge gesinsverhoudings

Die jong kind se ontwikkeling binne die gesin word veral beïnvloed deur die verhouding met die ouers, die aard van opvoeding en die atmosfeer tuis. Onvervulde behoeftes het 'n besliste invloed op die kind se funksionering binne die gesin. Onder hierdie behoeftes geld: liefde, sekuriteit en aanvaarding, om te behoort, kritieke gebeure in die gesin en posisie in die gesin (Engelbrecht, 2002:30-31). Wanneer gesinslede binne hierdie onderlinge gesinsverhoudings negatiewe gedragspatrone beleef, toon hulle gevoelens van vrees, skuld, skaamte, woede en depressie. Gevolglik lei hierdie afbrekende gevoelens tot die vorming van 'n negatiewe Godsbeskouing (Coetzer, 2007:17; Coetzer & De Klerk, 2014:28-29; verw. 2.7.4.2).

3.5.4 Patologiese gesinsverhoudings

Die patologiese gesin is een waar die lede nie bevoeg is om hulle verantwoordelikheid binne die gesinsopset teenoor ander lede van die gesin na te kom nie. Dit geld wedersydse liefde, vriendskap, minsaamheid, geluk, empatie en begrip vir mekaar (Stomczyńska, 2014:263). Die gevaarlikste voorkoms van patologie in die gesin sluit geweld in, ongeag die sosiale status van so 'n gesin. Die slagoffers van geweld in patologiese gesinsverhoudings is meestal vroue, kinders, gestremdes en ouer mense. Die geweld kan wees in die vorm van fisieke straf of as 'n psigiese mishandeling (Stomczyńska, 2014:265; verw. 2.7.4.2). Verskeie faktore kan tot patologiese gesinsverhoudings bydra. Dit sluit in: verwerping, oorbeskerming en ingeperktheid, oordrewe onderdanigheid en dinge toelaat, onrealistiese verwagtings, onbehoorlike dissipline en onvanpaste rolmodelle (Kumar & Twari, 2008:141-142; verw.

2.7.4.2).

Alkoholisme is 'n vorm van sosiopatologie en dra by tot sosiale armoede, gesinsgeweld, haweloosheid en wetlike probleme. Vir talle gesinne is alkoholmisbruik 'n manier van ontvlugting of 'n uitweg om ekonomiese probleme te hanteer (bv. verlies van werk). Dit kan ook wees om traumatiese gebeure in die gesin of gestremdheid te kan hanteer (Stomczyńska, 2014:265). Wanneer 'n persoon opgroei binne 'n gesin waar patologiese verhoudings voorkom, beleef hulle God as verwyder; hulle glo dat God nie omgee nie, en ervaar gevoelens van skuld, skaamte en vrees (verw. 2.7.4.2; 2.7.4.3).

3.6 DIE ONDERBEWUSSYN SE ROL

Tradisioneel was die opvatting dat die mens se lewe eintlik met geboorte begin. Gevolglik is die tydperk voor geboorte grootliks misken (Stulting, 2006:25). Trauma wat die fetus voor geboorte ervaar, is nie in aanmerking geneem nie. Daar is aanvaar dat hierdie ervarings van die fetus nie werklik 'n betekenisvolle invloed sou hê op die mens se latere lewe nie (Stulting, 2006:25). Sommige gedragswetenskaplikes ondersteun hierdie siening en meen dat kinders jonger as twee jaar nie die volwassenheid het om ervarings te beleef en gevoelens te kan hê nie (Meyer & Van Ede, 1998:57). Die aanvegbaarheid van so 'n stelling word geopper en hier onder nader beskou.

3.6.1 Breinontwikkeling

Babas en kleuters is van nature geprogrammeer om op te groei tot volwassenheid in reaksie op die omgewing waarbinne hulle is en die mense rondom hulle. Dit is uiters noodsaaklik dat daar 'n sterk band tussen ouer en kind gevorm word. Dit geskied deur fisiese nabyheid, aanraking, oogkontak en gehoorstimulasie. Hierdie ervaring lei daartoe dat positiewe breinontwikkeling gevestig word (Coetzer, 2009:63; Malekpour, 2007:84). Die brein is betrokke by mense se denkpatrone en gedragings. Die brein is die sentrum waaruit gedrag, persoonlikheid, emosies, kognitiewe vermoëns en denke ontstaan en voortspruit (Rohner, Khaleque & Cournoyer, 2012:7; Ziegler, 2002:110). Perry (2001:3), 'n internasionaal gerekende gesag op die terrein van breinontwikkeling en getraumatiseerde kinders, meen dat 90% van die volwasse grootte van die menslike brein gedurende die eerste drie lewensjare ontwikkel (vgl. Van Niekerk, 2007:78, 81). Gedurende hierdie ontwikkelings tydperk word die oorgrote hoeveelheid sisteme en strukture gevestig waaraan toekomstige emosionele gedrag, sosiale en psigologiese funksionering verbind is. Voorts geld hierdie breinontwikkeling vir die res van daardie mens se bestaan.

Tydens die kleuterjare ontwikkel die breinstam en middelbrein (die laer, eenvoudige bringedeeltes) eerste (Perry, 1997:130; vgl. Van Niekerk, 2007:27, 79). Die oorstimulering van die breinstam of middelbrein, of die onderstimulering van die limbiese sisteem of korteks, lei tot 'n wanbalans in die verhouding tussen die breinstam en die middelbrein teenoor die limbiese sisteem en die korteks. Hierdie wanbalans kan veroorsaak dat die persoon aggressiewe of gewelddadige gedrag toon (Perry, 1997:130).

Schore (2001:10) verwys na van sy eie werke wat onderskeidelik in 1994 en 1998 gepubliseer is in verband met die regterbrein wat oorheers tydens die eerste drie jaar van die mens se lewe. Die regterbrein is nie slegs betrokke in die prosessering van sosiale emosionele informasie en die fasilitering van die bindingsfunksie en die regulering van die liggaam nie. Dit is ook in beheer van die noodsaaklike oorlewingsfunksies wat 'n organisme in staat stel om spanning aktief of passief die hoof te bied.

Hierdie veranderlike, rypwordende en regulerende regterbreinkapasiteit maak staat op dinge wat die individu beleef. Hierdie belewenis word vasgelê in die gebondenheidsverhouding tussen die jong kind en die primêre versorger. Sodanige belewenisse kan ook 'n positiewe of 'n negatiewe invloed uitoefen op die rypwordende brein, wat weer die psigiese ontwikkeling van die jong kind kan raak (Schore, 2001:10; Ziegler, 2002:20). Wanneer 'n kind vanaf geboorte emosioneel verwaarloos sou word, lei dit later tot emotiewe belemmering, want die dele van die brein wat die emosionele gebeure eerste registreer, naamlik die regterkantste korteks, nie laat ontwikkel nie. So 'n kind kom emosioneel afgestomp voor en bied weerstand teen enige vorm van toenadering (Perry, 1997:132; Ziegler, 2002:20).

3.6.2 Die onderbewussyn

Ervarings van verwerping en verlies word onuitwisbaar op die onderbewuste van 'n kind ingeprint (Lotter & Hoepfner, 2011:559). Van die wrede woorde wat teenoor die persoon geuit is of word, word afdrucke gemaak wat in die onderbewussyn gestoor word. Deur die herhaalde afbeeldings van wat gehoor en gesien word, word hierdie nuwe afbeeldings deel van die voriges wat reeds in die onderbewussyn gestoor is. Só vorm dit later 'n skildery van verwerpingstaal, skuld en skaamte (Bradshaw, 1988:32; Malekpour, 2007:82; vgl. Van der Merwe, 2005:74; Van Niekerk 2007:30, 31; verw. 2.7.4.3).

Ouers, stiefouers of versorgers wat buite beheer of onbeheersd optree, maak die meeste negatiewe indruk op kinders. Hierdie optredes word in die amigdala (oorlewingsentrum van die brein) geregistreer en as't ware daar ingebrand (Bradshaw, 1988:32; vgl. Van Niekerk, 2007:28). Erozan (2009:4) en Özen, Sümer & Demir *et al.* (2010:165) verwys na Bowlby

(1969, 1973, 1982) dat kinders denkwyses van hulleself en oor verhoudings vorm wat hul latere interaksie met hulle medemensse beïnvloed. Erozan (2009:4) verduidelik wat dan gebeur:

When caregivers tend to meet children's needs sensitively and consistently, children develop secure working models that incorporate the expectation that others will accept and support them." Daarteenoor, wanneer 'n kind verwerping ervaar "...children develop insecure working models that incorporate doubts and anxieties about whether or not others will accept and support them (vgl. Mellin, 2012:3).

Persone kan nie net bly twyfel en angstig wees of ander mense hulle sal aanvaar en/of ondersteun nie; hulle bedink dit ook teenoor God (verw. 2.7.4.4). Riem, Bakermans-Kranenburg, Van IJzendoorn, Out, en Rombouts (2012:547) verduidelik dit soos volg "Amygdala hyperactivity might be one of the mechanisms underlying the experience of negative emotions ... in insecure individuals and might explain why insecure parents have more difficulty responding to their crying infant in a sensitive way". Die manier waarop ouers optree om die jong kind se basiese behoeftes aan te spreek, dra by tot hierdie hipersensitiwiteit van die amigdala en werk later ongunstig in op die kind en vorming van dié se gehegtheid aan ander. Hierdie onaangename herinnerings word lewendig gehou deur terug te dink aan die verlede en erge pynlike terugflitse uit die onderbewuste laat die individu daarmee identifiseer (Ziegler, 2002:12-13). Feitlik onvermydelik het dit weer 'n invloed op 'n persoon se Godsbeeld (Riem *et al.*, 2012:547; vgl. Van der Merwe, 2005a:71-80; Venter 2005:18; verw. 2.7.4.1; 2.7.4.4).

3.7 SELFKONSEP

Die "self" kan gesien word as die kern van die mens se persoonlikheid en waarin die belangrikste en hoogste waardes setel (Hanekom, 2005:48; Meyer, 1998:12). Die selfkonsep word grootliks beïnvloed deur die bande van gehegtheid wat tussen die baba en die primêre versorger gesluit word (Kruger, 2010:60; Louw *et al.*, 1998:214; Pieterse, 2006:40; Van der Vlies, 2013:143). Mense se selfagting en selfkonsep is positief wanneer hulle hul eienskappe as goed en aanvaarbaar beoordeel, en negatief wanneer hul met hul eienskappe ontevrede is (Hartwel-Walker, 2014:1; Khaleque, 2002:111; Lila, García & Gracia, 2007:116; Zimmer-Gembeck & Nesdale, 2013:30).

Selfwaarde beskryf hoe mense hulleself sien en is afhanklik van hoe goed individue hulleself waarneem in verhoudings met hulle eie mense vir wie hulle as belangrik beskou (Harber, 2005:287; Pieterse, 2006:41; Steenkamp, 2007:28). Wanneer daar konstante verwerping

geskied met woorde en dade deur persone die naaste aan so een, byvoorbeeld die ouers of naaste familie, kom 'n negatiewe selfkonsep tot stand. Hierdie selfkonsep word uit talle afbrekende beelde en gevolgtrekkings gevorm en is bepalend vir die manier waarop individue hulle eie bekwaamhede en vermoëns beoordeel (Pieterse, 2006:43; verw. 2.7.4.2).

3.7.1 Negatiewe innerlike belewenis

Herhaaldelike negatiewe boodskappe kan erg afbrekend werk. Boodskappe soos “Ek sê eerder vir mense ek het nie 'n middelste kind nie,” kan veroorsaak dat die kind emosies van vrees, skuld en skaamte beleef (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3). Dit word opgevolg deur vernietigende gedagtes, gevoelens en gedrag wat tot in volwassenheid kan strek (Ansari & Qureshi, 2013:552; Hepden, 1992:6-7; Khaleque, 2002:114, 116-117; Pieterse, 2006:48). Uit die empiriese navorsing (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4) wil dit blyk dat negatiewe innerlike belewenisse lei tot soortgelyke persepsies van die self en van ander.

Verworpe persone se siening van mense (en God) is dat hulle nie omgee en beskikbaar is nie. Aan die een kant voel individue met veilige, hegte verhoudings positief oor hulleself en ander, hulle is bewus van hulle selfwaarde en vertrou dat ander beskikbaar en ondersteunend sal wees. Aan die ander kant beleef mense wat negatief oor hulleself voel ook die ander as liefdeloos en onbeskikbaar, en beskou hulleself as ongelief (Erozkan, 2009:5). Individue met so 'n negatiewe innerlike vermy intieme verhoudings uit vrees vir seerkry en verwerping en vorm 'n negatiewe selfkonsep (Erozkan, 2009:5; verw. 2.7.4.3). Uit die empiriese navorsing blyk dit ook sulke mense se konsep van God te wees (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4).

3.7.1.1 Vrees (innerlike onsekerheid)

Persone ervaar vrees wanneer hulle fisiese en geestelike veiligheid bedreig word. Daar is 'n dreigende voorgevoel dat iets vreesliks met hulle kan of gaan gebeur (verw. 2.7.4.3). Daarteenoor gaan angs gepaard met die gevoel van vrees vir eensaamheid, mislukking, verlatenheid, isolasie, verwerping en die onsekerheid oor wat môre inhou (Anderson, 2000:268-269, 271; Louw, 1999a:494). Volgens Pieterse (2007:62) kan vrees emosionele verwonde individue verhoed om hulle droom of visie uit te leef; vrees kan die denke verlam, dit breek individuele grense af en stroop 'n persoon van selfrespek. Vrees raak die oorsaak en die gevolg van spesifieke emosies. Dit rig ook die denke en gedragspatrone waardeur individue verhoed word om hulleself te aanvaar en sodoende hulle potensiaal ten volle te bereik en uit te leef (Anderson, 2000:267-273). Sulke persone is nie net geneig om te vrees dat God nie na hulle sal omsien nie. Hulle probeer om vir hulleself sorg terwyl hulle verder glo dat daar nie vir hulle 'n toekoms is nie (Hanekom, 2005:69; Khaleque, 2002:114; Pieterse, 2007:62).

Kinders wat verwerping deur hulle ouers ervaar het, ontwikkel heel dikwels 'n vrees vir verwerping deur ander. Die volgende reaksies spruit uit hierdie vrees (Coetzer & De Klerk, 2014:28):

- Kompulsiewe reaksie om die ouer te plesier en die kind word 'n werkslaaf (*workaholic*) om die ouer deur wie verwerping ervaar word, te probeer beïndruk.
- Opstand – kinders begin rebelleer om hul vrees vir verwerping te oorkom; hulle begin om die ouer van wie hulle dit ervaar, bewustelik of onbewustelik teleur te stel.
- Rolvervanging – 'n plaasvervanger word gesoek vir die ouer wat verwerp; tydelike verligting word gevind, wat uiteindelik weer tot talle pynlike verhoudings lei.

3.7.1.2 Skuld

Volgens Louw (1999a:468) ontstaan skuld wanneer menses objektiewe norme oortree weens onverantwoordelike handelings wat negatiewe gevolge op persoonlike en emosionele vlak inhou. Skuld hang saam met 'n duidelike besef dat diegene teenoor wie 'n mens aanspreeklik is, beskuldig is en dat verantwoordelike optrede nagelaat is. Skuld is 'n verskynsel wat 'n persoon se verhouding met God raak en hoe sulke mense God se wil vir hulle lewe verstaan (Louw, 1999a:468). In teologiese terme dui skuld op die bewustheid dat mense vir God verwerp as Skepper en Herskepper van hulle lewe en hulle rug op God gedraai het (Louw, 1999a:468). Skuld raak persone se etiese raamwerk en hul verstaan van normatiewe. Dit beïnvloed ook die geloofsinhoud van hoe hulle God beskou en teenoor God reageer. Skuld beïnvloed die kwaliteit van menseverhoudings en individue se selfbeeld (Louw, 1999a:468).

'n Persoon voel skuldig wanneer hy/sy uitgevang en bang vir straf is. Mense kan om verskeie redes skuldig voel (Collins, 2005:148), naamlik:

- vorige ervarings en onrealistiese verwagtings;
- minderwaardigheid en sosiale druk;
- foutiewe ontwikkeling van die gewente; en
- bonatuurlike invloede.

3.7.1.3 Skaamte (*nikswerd/waardeloos*)

Die gevoel van skaamte is 'n normale menslike emosie en is nodig om waarlik mens te wees. Skaamte gee dus aan persone die reg om mens te wees. Hierdie emosie is 'n aanduiding van menslike beperkings, handhaaf menslike grense en toon dat die mens nie God is nie (Bradshaw, 1988:xvii). Hierteenoor is *toksiese* skaamte ondraaglik. Dit veroorsaak dat mense hierdie emosie moet wegsteek en nie hulleself kan wees nie, of 'n vals self skep. Sodanige vals self kan 'n mens ook as sielemoord beskou (Bradshaw, 1988:xvii-xviii).

Denton (2010:271-272) beskryf skaamte as 'n intense gevoel van ongemak, 'n bewustheid van foute en tekortkomings in die self en dat skaamte die self en selfwaarde volledig en afbrekend stempel. Bradshaw (1988:21) verduidelik:

The feeling of shame has the same demonic potential to encompass our whole personality. The demonic potential of shame can lead to the most destructive emotional sickness of self a person can have. It is destructive and if unchecked can ultimately kill us.

Volgens Denton (2010:275) word die volledig self as sleg en verwerplik ervaar wanneer 'n persoon skaamte beleef. Dit is 'n negatiewe en pynlike toestand wat morele gedrag beïnvloed en verwar. Skaamte wek gevoelens dat iemand nikswerd en waardeloos is (verw. 2.7.4.3). Dit kan so erg wees dat sulke individue sukkel om 'n intieme verhouding met God te kan hê en daarvan oortuig is dat God hulle nooit vir hul sondes sal vergewe nie. Binne disfunksionele gesinne is skaamte gewoonlik uiters prominent (Coetzer, 2007:2). Dit geld ook tussen gelowiges: Sommige voel nikswerd deurdadig hulle dink hulle is nie so goed soos ander Christene nie. Gevolglik voel hulle skaam teenoor God omdat hulle God vir hul omstandighede blameer (verw. 2.7.4.3).

3.8 FASETTE VAN 'N GODSBESKOUING

Praktiese teoloë onderskei oor die algemeen nie tussen spesifieke fasette vir 'n Godsbeskouing nie. Hulle gebruik die terme Godsbeskouing, -begrip, -konsep, -persepsie, en -beeld vir dieselfde saak. Hier geld onder andere die navorsing van Collins (1993), Dayringer (2012), Goede (2005), Louw (1997), Nel (2005), Smith en Dreyer (2000), Van Jaarsveld en Janse van Rensburg (2002a; 2002b). Semanties gesproke kom die terme basies op dieselfde neer. Wanneer 'n bepaalde begrip gebruik word, veronderstel dit ook die ander fasette, soos aangedui.

Tog kan nuanses aangetoon word. "Godsbegrip" druk byvoorbeeld die manier uit waarop mense hulle eie spiritualiteit voor God uitleef en hoe hulle God se teenwoordigheid beleef (Smith & Dreyer, 2000:310). Rasar *et al.* (2013:268) tref ook 'n onderskeid in hulle definiëring:

- **Godsbeeld:** is die emosionele ervaring wat mense in hulle verhouding met God beleef.
- **Godskonsep:** is geloof wat berus op die intellektuele kennis van God en wat die persoonlike betekenis en waarde insluit wat die gelowige kognitief aan God toewys.

3.9 PERSPEKTIEWE OP DIE BEGRIP “GODSBESKOUING”

Mense vorm 'n spesifieke beeld van God deur diegene wat 'n betekenisvolle rol in hulle lewe speel. Hierdie beeld stem ooreen met dinge wat die individue ervaar tydens hul interaksie met die genoemde hooffigure in hulle lewe (Dayringer, 2012:54; Kane *et al.*, 1993:229; McDonald, Beck, Allison & Norsworthy, 2005:22). Dit blyk dat die meeste mense wel die een of ander beeld van God het waarin hulle opreg kan glo; hierdie beeld verklar meer van die self en is uniek aan 'n persoon (Dayringer, 2012:52; Rasar *et al.*, 2013:268).

In hierdie hoofstuk word slegs kortliks op teologiese perspektiewe gewys, aangesien hoofstuk 4 volledig uitbrei oor die teologiese perspektief vir 'n persoon se Godsbeskouing asook belangrike antropologiese perspektiewe rakende Godskonsepte en -beelde.

3.9.1 Teologiese perspektief

Elke mens streef daarna om betekenis en sin uit sy/haar wêreld te maak. Sodoende ontwikkel en herontwikkel mense 'n onuitgesproke teoretiese raamwerk van verskeie aspekte van die lewe, onder meer ook van God (Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002b:201). Volgens Louw (1997:72) vind die voorstelling wat die mens van God vorm deur verskeie kanale plaas: die bewussyn, konsepte, idees, persepsies, kennisies, en opvattinge van God. Op dié manier wil persone 'n begrip vorm van die abstrakte dinge wat hulle nie kan waarneem nie (Goede, 2005:22; Smith & Dreyer, 2000:295). Verskeie aspekte oefen 'n sterk invloed uit op die vorming van die mens se Godsbegrip. Hieronder geld geloofservaring, fases van geloofsvolwassenheid, kerklike tradisies, lewensvraagstukke, antropologiese voorstellings, kultuuropvattinge en dogma (Nel, 2005:15; Smith & Dreyer, 2000:301; Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:179, 188).

Volgens Louw (1997:64) hou geloofsontwikkeling regstreeks verband met *agogie*, dit is die proses van beïnvloeding en verandering in die mens se geestesfunksies. Die hele doel met geloofsontwikkeling is om te groei tot geloofsvolwassenheid. Daarby word die term “geloofsontwikkeling” vanuit die perspektief van 'n *opbou*proses gebruik (Louw, 1997:64).

3.9.2 Psigologiese perspektiewe

Mense se Godsbeskouing is 'n sensitiewe aanwysing van hulle ontwikkeling, psigososiale welwees en psigiese volwassenheid en weerspieël die vernaamste psigiese kenmerke van daardie persoon (Hunter, Malony, Mills & Patton, 1990:465-466). 'n Positiewe Godsbeskouing

bevorder gevolglik psigiese stabiliteit by die mens en is 'n aanwyser van psigiese gesondheid (Cheston, Piedmont, Eanes & Lavin, 2003:104).

3.9.2.1 *Geloofsontwikkelingsteorie*

Ontwikkelingsteorie behels meer as bloot om 'n persoon se ontwikkeling te beskryf. Dit poog om die mens se lewensfases sistematies uiteen te sit en te verklaar vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk (Meyer, 1998:43). Volgens Meyer (1998:44) het teorieë enersyds verskillende implikasies vir praktiese aspekte van die sielkunde, soos opvoeding, voorligting en psigoterapie; andersyds verskil teorieë volgens die aspek of terrein van ontwikkeling wat beklemtoon word.

Een aspek van die mens se lewe is nie belangriker as ander nie (Hanekom, 2005:10). Voorts bied die Bybel nie 'n wetenskaplike beskrywing van die mens se samestelling nie. Dit gaan oor die openbaring van die lewende God se handelings met die skepping waarbinne die mens 'n psigosomatiese eenheid is (Hanekom, 2005:10). Kennis oor die ontwikkeling van die mens het 'n besondere praktiese waarde vir die individu sowel as vir die samelewing, omdat die mens homself daardeur nie net beter kan verstaan nie, maar dit dra ook by tot 'n beter verstaan van die mens en die normale ontwikkeling van die mens binne 'n terapeutiese omgewing (Meyer, 1998:38).

Vir die huidige studie bied verskillende ontwikkelingsteorieë slegs 'n intellektuele raamwerk vir die verstaan van die navorsingvraag. Dit behels die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping 'n persoon se Godsbeskouing kan beïnvloed deur die optrede van die primêre versorgers en ander persone. Piaget, Erikson, Kohlberg, Fowler en Trent se modelle van ontwikkelingsfases is in hierdie studie ingesluit om sodoende 'n holistiese teologiese-psigologiese perspektief te vorm oor die invloed wat verwerping op persone se geloofsontwikkeling kan uitoefen.

Piaget het baanbrekerswerk gedoen in navorsing oor lewensfases en kognitiewe ontwikkeling. Hy was die voorloper in studie oor die kognitiewe ontwikkeling van kinders. Sy teorieë word as die belangrikste beskou vir navorsing oor kognitiewe ontwikkeling (Meyer & Van Ede, 1998:73). In die huidige studie word Piaget dus eerste bespreek waarna Fowler en Kohlberg se morele ontwikkelingsteorieë oorsigtelik aangedui word wat op Piaget se kognitiewe ontwerpe voortgebou het. Trent se geestelike ontwikkelingsteorie van kinders word laaste bespreek om aan te sluit by Osmer (2008:129) se siening van die normatiewe taak met die vraag: *Hoe behoort ons op te tree?*

a. Psigoanalitiese perspektiewe op geloofontwikkeling

i. *Piaget se kognitiewe ontwikkeling*

Jean Piaget (1896-1980) het 'n invloedryke bydrae gelewer met kennis oor die kind se kognitiewe ontwikkeling in die twintigste eeu. Sy teorie word nie net wêreldwyd bestudeer nie, maar vorm die onderbou van heelwat navorsing in Suid-Afrika (Meyer & Van Ede, 1998:73). Piaget beskou kognitiewe ontwikkeling as die resultaat van 'n persoon se interaksie met die omgewing om te kan oorleef. Hy verdeel die vier stadia van interaksie in vier periodes (Piaget & Inhelder, 1969:3-12)

Piaget se vier fases van kognitiewe ontwikkeling word in Tabel 3.1 weergegee soos aangepas uit Piaget en Inhelder (1969: 3-12).

Tabel 3.1: Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling

Periode 1 Geboorte tot twee jaar	Periode 2 Twee tot ongeveer sewe jaar	Periode 3 Sewe tot ongeveer twaalf jaar	Periode 4 Adolesensie
SENSORIES-MOTORIESE PERIODE Konsep van permanente voorwerp vorm Simboliese funksie ontwikkel uit nabootsing	PRE-OPERASIONELE PERIODE Prekonseptuele denke – begryp nog nie wat 'n konsep behels nie Intuïtiewe denke – denke word nie op logika gebaseer, maak gevolgtrekkings op grond van waarneming Transduktiewe redenering – redeneer spesifiek tot spesifiek	KONKREET-OPERASIONELE PERIODE Denke is konkreet en kan nie abstrak dink nie Redeneer in terme van waarneembare realiteit	FORMEEL-OPERASIONELE PERIODE Interposisionele redenering, kan abstrak dink

Meier, Minirth, Wichern en Ratcliff (1991:251) reken dat Piaget daarvan oortuig is dat kinders tussen drie tot ses jaar feitlik alles wat hul ouers hulle vertel, glo en dink dat die ouers kwaliteite van almag en alomteenwoordigheid besit. Tydens die intuïtiewe fase redeneer kinders nog op 'n *transduktiewe* manier en verbind onverwante situasies oorsaaklik, wat verklaar waarom hulle 'n pa se optrede direk met God koppel en God met hul pa verbind (Mc Donald, 2015:85; Rizzuto, 1979:42; verw. 2.7.4.1). Tussen twee tot twaalf jaar kan kinders nog nie 'n eie selfbewussyn opbou om sodoende hul eie standpunte van ander s'n te kan skei nie. Gevolglik

het verwerping tydens hierdie vroeë vormingsjare 'n skadelike uitwerking op die kind (Rohner, 1986:119).

Meier *et al.* (1991:179) stel dit dat volgens Piaget se teorie leef jong kinders, veral dié voorskools, in 'n fantasiewêreld. Binne hierdie konteks word stories van Jesus en sy opstanding onvoorwaardelik aanvaar. Dinge word dus as magies beleef en vanuit hierdie belewenis word wonderwerke verwag (Die Godsbegrip ontwikkel kwalitatief by kinders deur die verskillende kognitiewe fases vanaf geboorte tot in vroeë adolessensie (Louw *et al.*, 1998:379).

ii. Erikson se ontwikkelingsteorie met agt stadia

Meyer en Van Ede (1998:56) beskryf dat Erikson se teorie uit die psigoanalise ontwikkel het en verteenwoordig 'n wyer en veelsydiger siening van die mens. Erikson bou sy teorie om psigososiale krisisse en deel sy ontwikkelingsteorie in agt stadiums in (Erikson, 1995: 222-247)

Vir Erikson kom 'n krisis eintlik neer op kritiese take wat tydens 'n spesifieke fase bemeester moet word. Wanneer dit gebeur, kom 'n basiese sterk punt of "egokwaliteit" na vore (Hanekom, 2005:52). Erikson se agt stadia van ontwikkeling soos aangepas uit (Erikson, 1995: 222-247) word in Tabel 3.2 hier onder weergegee.

Tabel 3.2: Erikson se agt stadia van ontwikkeling

Die eerste vier stadia			
Stadium 1 Geboorte tot een jaar	Stadium 2 Een tot twee jaar	Stadium 3 Drie tot ses jaar	Stadium 4 Ses tot 12 jaar
Vertroue vs wantroue Sintese Hoop Is die wêreld rondom my voorspelbaar en ondersteunend?	Outonomie vs skaamte/twyfel Sintese Wilskrag Kan ek op my eie iets doen of moet ek altyd van ander afhanklik wees?	Inisiatief vs skuld Sintese Doelgerigtheid Is ek aanvaarbaar of is ek onaanvaarbaar?	Arbeidsaamheid vs minderwaardigheid Sintese Bekwaamheid Is ek bevoeg of is ek waardeloos?

Daaropvolgende vier stadia			
Stadium 5 Adolesensie	Stadium 6 Vroeë volwassenheid	Stadium 7 Middel- volwassenheid	Stadium 8 Bejaardheid
Identiteit vs identiteitverwarring Sintese Betroubaarheid Wie is ek werklik en wat wil ek bereik?	Intimiteit vs isolasie Sintese Liefde Verbind ek my tot 'n verhouding met iemand, of bly ek alleen?	Generatieweet vs stagnasie Sintese Sorgsaamheid Gaan ek 'n sinvolle bydrae lewer tot die samelewing of stagneer en selfbehep wees en stagneer?	Integriteit vs wanhoop Sintese Wysheid Was my lewe betekenisvol deur vuluit te leef?

Binne 'n teologiese antropologie dui identiteit op die volgende aspekte (Louw, 1999a:253):

- mense se ontdekking van God se doel met hulle lewe;
- om as iemand wat deur God geroep word in vryheid te kan kies; en
- om verantwoordelikheid te neem vir die keuses wat gemaak word.

Wanneer agente nie op basiese behoeftes reageer of daaraan voldoen nie, leer die kinders om hulle wêreld te wantrou. Gevolglik begin hulle binne persoonlike verhoudings agterdogtig en wantrouig optree (Mc Donald, 2015:108). Vrees kan op enige tydstip in 'n persoon se lewe vorm aanneem. Dit geskied meestal in die vroeë kinderjare en word lewenslank deel van 'n persoon se gedrag (Anderson & Miller, 2000:40).

Hierdie optrede beïnvloed 'n persoon se Godsbeskouing regstreeks, in so 'n mate dat daardie kind God dan reeds beleef as werklik of onwerklik; opbouend of remmend; sterk of swak; aktief of passief, of onbetrokke (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4). Hierdie belewing bepaal die graad van 'n mens se gevoelens van vrees, skuld en skaamte (verw. 2.7.4.3). Gedurende Fase 2, 3 en 4 volgens Erikson se teorie ontwikkel die kind outonomie teenoor skaamte, inisiatief teenoor skuld en arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Juis in hierdie fases speel ouers se gedrag 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se selfbeeld en die Godsbeeld (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4; vgl. Mc Donald, 2010:110-111).

iii. Kohlberg se morele-ontwikkelingsteorie

Kohlberg is deur Piaget se werk geïnspireer en beide het 'n waardevolle bydra gelewer tot die begrip van die morele ontwikkeling van kinders (Louw *et al.*, 1998:380, 468). Kohlberg het van Piaget se teorie verskil deur die gevolgtrekking dat kinders teen die middelkinderjare verwyderd is van volwasse moraliteit wat op 'n vlak van ontwikkeling is wat gekenmerk word deur outonome individuele gewetensbeginsels. Volgens Louw *et al.* (1998:382) is die verskil tussen Piaget en Kohlberg se teorie dat Piaget van mening is dat kinders feitlik volkome morele rypwording bereik het teen die einde van hul middelkinderjare.

Kohlberg (1978:83-87) deel morele ontwikkeling op in drie vlakke waarna dit weer onderverdeel word in twee fases, met die klem op die morele redeneringsprosesse wat besluitneming voorafgaan. Die opsomming van Kohlberg (1978:83-87) se morele ontwikkelingsteorie word hier onder in Tabel 3.3 uiteengesit

Tabel 3.3: Kohlberg se morele-ontwikkelingsteorie

Ouderdom	Vlak	Stadium	Soort gedrag
Ongeveer vyf tot nege jaar	Vlak 1:	Stadium 1 Heteronome moraliteit – Straf en gehoorsaamheids-oriëntasie	Straf word vermy deur reëls te gehoorsaam.
		Stadium 2 Individualistiese moraliteit – Instrumentele doel en uitruiling	Om beloning en gunste te verkry word reëls gehoorsaam
	Vlak 2:	Stadium 3 Moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformiteit – goeie seun/meisie-oriëntasie	Om aanvaar te word en verwerping te vermy word reëls gehoorsaam

Meeste adolessente asook volwassenes	Konvensionele vlak	Stadium 4 Moraliteit van sosiale sisteme en gewete – wet en orde oriëntasie	Individu aanvaar reëls omdat hy/sy daarmee identifiseer en dit as noodsaaklik beskou vir die handhawing van sosiale orde
	Vlak 3:	Stadium 5 Moraliteit van sosiale ooreenkoms, bruikbaarheid en individuele regte	Reëls word beskou as kontraktuele ooreenkomste om die individue se regte te beskerm en sodoende algemene welsyn te bevorder
Slegs klein persentasie volwassenes	Postkonvensionele vlak	Stadium 6 Moraliteit van universele etiese beginsels	Persoon tree op volgens selfgekoose beginsels wat berus op universele waardes.

Die waarde van Kohlberg se teorie vir die teologie lê daarin dat dit aandui hoe morele waardes ontwikkel en dat daar nie 'n direkte verband tussen 'n kind se ouderdom en peil van morele ontwikkeling is nie (Van Biljon, 2013:47). Volgens Meier *et al* (1991:181) huldig Kohlberg wel die siening dat daar 'n verband bestaan tussen mense se waardes en oortuigings en hulle godsdienstige oortuigings en godsdiensoefening. In die oorgang van die prekonvensionele na die konvensionele vlak is moraliteit uiters individualisties en tot voordeel van die self. Die individu kom reëls na om beloning en gunste te verkry (Louw, 1998:381). Wat ander van 'n persoon dink, raak belangriker, ander mense se perspektiewe word in ag geneem, moraliteit word gebou op die verwagtings van ouers, die gemeenskap, kerk en veral God. Deurlopend word reëls gehoorsaam om verwerping te vermy (Nel, 2000:19; verw.2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4; vgl. Mc Donald, 2013:112).

iv. Fowler se geloofsontwikkelingsteorie

Fowler neem Piaget, Erikson en Kohlberg se onderskeie teorieë in ag in sy samestelling van sy geloofsontwikkelingsteorie, waarin hy ses fases voorstel asook 'n pre-fase vir suigeling (Fowler, 1981:110, 113). In Fowler se teorie word die geloof van 'n kind nie slegs tot godsdiensoefening beperk nie, maar sluit alle dinge in wat in daardie stadium die belangrikste vir die kind is. Fowler fokus nie soseer op geloof as onderwerp nie, maar sy teorie het eerder te doen met die struktuur van geloof (Van Biljon, 2013:48). Fowler (1981:133-134, 149-150, 172-173, 182-

183, 197-198, 200-201) se verskillende fases word hier onder in Tabel 3.4 saamgevat.

Tabel 3.4: Fowler se geloofsontwikkelingsteorie

Ouderdom	Geloofsfasen	Soort gedrag
Net na geboorte	Voorfase: Ongedifferensieerde geloof	Kinders soek koestering, aanvaarding en veiligheid. Moet versorging ervaar om vertroue te kan ontwikkel – vertroue in hul omgewing, die versorger en die self.
Vanaf twee tot ongeveer sewe jaar	Fase 1: Intuïtief-projektiewe geloof	Fantasie en realiteit word gereeld verwar. Nabootsing kom voor. Kinders word kragtig en blywend beïnvloed deur aksies, voorbeelde, stemming en stories deur sigbare geloof van hul versorgers. Mees basiese idee van God word gevorm weens die ouers en die samelewing se invloed.
Ses tot elf jaar	Fase 2: Mities-letterlike geloof	Werklikheid word van fantasie onderskei. Stories word geglo wat deur die gemeenskap vertel word. Geloof, morele waardes, en houdings word op grond van letterlike interpretasies toegepas.
Elf tot vyftien jaar	Fase 3: Sinteties-konvensionele geloof	Verhoudings buite die gesin met dieselfde en teenoorgestelde geslag word as belangrik beskou. Persoon is in staat tot nadenke en bepeinsing oor eie gedagtes en ervarings. Geloof versterk waardes en informasie en voorsien basis vir identiteit.
Jong volwassene	Fase 4: Indivualiserend-reflektiewe geloof	Oorgangsfase waar nuwe identiteit en waardesisteme gevorm word. Groepgebondenheid vorm grootliks die keuses en lewenstyl wat uitgeleef word. 'n Tyd van onsekerheid, disoriëntasie en vrees kan voorkom.
Middel-volwassenheid en ouer	Fase 5: Konjunktiewe geloof	'n Fase van weet, besef en verbintenis word ingegaan en behels meer as die digotomiese logika van fase 4. Uiteenlopende sienings word gelyktydig oorweeg en krities beoordeel. Persoon kom tot besef dat alle dinge organies verbind is.
	Fase 6: Geloofsuniverseling	Min mense bereik hierdie fase. Lewe word voluit geleef in diens van ander sonder enige twyfel of bekommernis.

Fowler (1981) se geloofontwikkelingsteorie was nie bedoel as sisteem om geloofsontwikkeling te klassifiseer nie. Tog kan dit vir die pastoraat 'n diagnostiese riglyn bied om die mens se behoeftes en ontwikkeling met die eiesoortige eise gedurende 'n spesifieke stadium te kan integreer en/of ontleed (Louw, 1999:370). Volgens die voorfase van Fowler (1981:121-134) se teorie ontwikkel vertroue teenoor wantroue deur die kind se verhouding met hul primêre versorger.

Tydens die intuïtief-projektiewe geloofsfasie word kinders se geloof beheer deur hul verbeelding eerder as logiese denke. Hier help fantasie die kind se gedagtes vorm rondom karakters wat beskerm en aanval, byvoorbeeld God en Satan. Gedurende die mitiese-letterlike geloofsfasie word geloof meer letterlik en konkreet ervaar, God word meer antropomorfies (in mensvorm) beskou met wette en straf (Ryan, 1998a:40; Van Biljon, 2013:48). Vanuit die empiriese ondersoek het dit na vore gekom dat wanneer 'n kind tussen die voorfase en die mitiese-letterlike fase verwerping ervaar het (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2), dit hul selfkonsep negatief beïnvloed (verw. 2.7.4.3) het. Dit het weer hul Godsbeskouing regstreeks beïnvloed (verw. 2.7.4.4).

v. *Trent se geestelike ontwikkelingsteorie van kinders*

In die geestelike ontwikkeling van kinders het Trent *et al.* (2000:113, 120, 127, 134) die kind se kenmerkende ontwikkelingseienskappe in ag geneem, naamlik die kognitiewe, geestelike en fisieke ontwikkeling. In Tabel 3.5 hier onder word 'n opsomming van die verskillende stadiums weergegee.

Tabel 3.5: Trent se geestelike ontwikkelingsteorie

Ouderdom	Kenmerkende ontwikkelingseienskappe	Geestelike ontwikkeling
0 tot vier jaar Fondasie word gelê	Die mens word hulpeloos en afhanklik gebore met 'n ingebore behoefte aan versorging, liefde en veiligheid.	Kinders vorm 'n beeld van die wêreld en leer die wêreld is 'n veilige plek en hulle is gelief.
Vyf tot ses jaar Kinders leer en vestig verhoudings	Ontwikkeling van vaardighede en vermoëns. Begin sosiaal verkeer en lof en goedkeuring van ouers vorm 'n belangrike aspek van die kind se lewe. Kan dink oor die verlede en toekoms en leer van hul eie regte.	'n Sterk basiese begrip gevorm van die Bybel en verhouding met God asook 'n verstaan hoe dit bymekaar inskakel. Kind begin verstaan die lewe handel oor verhoudings – God en hulle asook hulle en ander. Kind besit 'n basiese sosiale en geloofsvaardigheid en is gereed om meer te leer.

Sewe tot nege jaar Versekering van geloof	Eie waardes en morele beginsels word geïntegreer deur goeie gewoontes. Portuurgroepe en goedkeuring word belangrik en heldeverering is aan die orde van die dag. Denke is logies en sistematies, en kan konkrete idees hanteer.	Kinders het nodig om God se liefde en omgee gedemonstreer te sien om hul geloof in die lewe te versterk. Leer gewoonte aan om dinge volgens God se riglyne te doen en om na God te gaan vir hulp. God se liefde moet beleef word sodat hulle hul geloof as prakties en werklik te kan ervaar.
10 tot twaalf jaar Kennis van God word in persoonlike geloofsisteem geïnternaliseer	Persoonlike groei en toenemende onafhanklikheid vind plaas. Portuurgroep speel belangrike rol en sterk gevoel van lojaliteit is teenwoordig. Kan logies dink en redeneer en is tot abstrakte denke in staat.	Oorgangstadium in ontwikkeling tot 'n persoonlike verhouding met God. Kinders is gereed om keuses te maak wat gebaseer is op die inligting wat hulle deur die jare versamel het.

Trent *et al.* (2000) se geestelike ontwikkelingsteorie fokus daarop om ouers te lei in hul taak om hul kinders geestelik op te voed en leiding te gee. Trent *et al.* (2000:107) beskou dit as die ouer se plig om in die eerste vier jaar van die kind se lewe die grondslag van liefde en aanvaarding te lê. Hierdie grondslag vestig die wete by die kind dat God 'n werklikheid is, en daarom omgee en sorg. Vanuit die empiriese ondersoek het dit duidelik geword: Waar kinders tussen nul en vier jaar nie gekoester, gelief of aanvaar gevoel het nie, het hulle later getwyfel aan God se almag, liefde, betroubaarheid en kenbaarheid. In teenstelling hiermee het die kinders wat gelief en aanvaar gevoel het, nie getwyfel aan hierdie genoemde aspekte van God se teenwoordigheid nie, ten spyte daarvan dat hulle verwerping ervaar het.

3.9.3 Sosio-maatskaplike perspektiewe

Die beeld van God word gevorm tydens en as gevolg van ervarings gedurende die kindertyd in die ouerhuis (Ratcliff, 2004:7; verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2). Vanuit die empiriese navorsing het dit na vore gekom dat kinders wat min of geen aandag van hul ouers ontvang het, gesukkel het om te dink aan God as werklikheid wat liefdevol, regverdig, betroubaar, genadig, almagtig en medelydend is. Collins (1993:64-65) wys op gevalle waar ouers afwesig is deurdat hulle uitsonderlik besig is en min tot geen belangstelling in hul kinders se belange het of onrealisties hard teenoor hul kinders optree of opgetree het. In sulke gevalle vind kinders tot in hul volwasse lewens dit uiters moeilik om te aanvaar dat God 'n liefdevolle hemelse Vader is.

’n Persoon se Godsbekouing kan en word beïnvloed deur die ouers, grootouers, broers en susters, onderwysers, portuurgroepe, versorgers en die kerk (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4). Wanneer kinders die ouer as versorgend en sterk beleef, geld dieselfde vir hul beleving van God (Aucamp & van Niekerk, 2005:94, 98; Dayringer, 2012:53; Hyde, 1990:85, 221-246; McDonald *et al.*, 2005:21). Wanneer kinders se vertroue egter in ’n ouer geskok word en hulle dit selfs verloor – basiese vertroue teenoor wantroue – is dit uiters moeilik om hierdie vertroue te herstel. Dit kan ook daartoe lei dat die kind God begin wantrou (Kane, Cheston & Greer, 1993:228; Kirkpatrick, 1992:20). Vanuit die empiriese navorsing het dit inderdaad geblyk dat van die deelnemers se negatiewe belewenis van hul ouers op God geprojekteer. Gevolglik en beskou hulle God eweseer as onregverdig, partydig, veranderbaar, vyandig en onbarmhartig, soos hulle hul ouers beleef het of steeds beleef (verw. 2.7.4.4).

3.10 PASTORALE DIAGNOSE EN DIE ONTWIKKELING VAN GELOOF

In pastorale diagnose gaan dit oor ’n hermeneutiese proses, naamlik die verstaan, interpretering en evaluering van prosesse wat geloofsvolwassenheid raak (Louw, 1997:69). ’n Prosedure om ’n persoon se geloofsontwikkeling te klassifiseer kan dalk belangrik wees. Tog gaan dit nie daaroor nie, maar wel oor die inligting wat tydens die gesprek met ’n pastorant bekom is, te verstaan en om ’n sinvolle verband te lê tussen persone se lewenservarings en hul Godsverstaan (Louw, 1997:69). Geloofsinhoud is onlosmaaklik gekoppel aan Godskonsepte en kan nie bloot met ’n funksionele benadering volstaan nie. Dit moet verband hou met ’n Godsverstaan soos dit in die Skrif in verskillende metafore na vore kom (Louw, 1997:69). Die verskillende ontwikkelingsteorieë kan deel vorm van die verstaanproses tydens die pastorale gesprek met die fokus op sensitiviteit en pastorale noukeurigheid. Ontwikkelingsfases het ’n besliste invloed op die aard en kwaliteit van ’n individu se geloof; die modelle van Fowler en Erikson onderstreep hierdie feit (Louw, 2005:428).

3.11 GODSKONSEP

Mense is verhoudingswesens, dus kan individue nie op hulle eie bestaan nie en vind hulle selfkonsep in verhouding met ander. Die ideaal van verhoudings in die Goddelike Drie-eenheid word so vergestalt (Kruger, 2010:62). Die beeld van God dra die boodskap van liefde en outoriteit en daarom ook ouers (Kane *et al.*, 1993:232). Soos kinders die vertroue behoort te hê dat hul ouers hul sal beskerm wanneer gevaar dreig, so beoefen gelowiges die vertroue

dat God daar sal wees om in tye van gevaar te beskerm en te troos (Dayringer, 2012:54; Kirkpatrick, 1992:6). Hierdie gerusstellende geloof in God se nabyheid gee die gelowige die krag om daaglikse probleme en uitdagings met vertroue te benader (Kirkpatrick, 1992:6). So iets kan slegs binne 'n deeglik gevormde Godskonsep werklikheid word.

3.11.1 Die vorming van Godskonsepte

Elke mens vorm 'n konsep van God, al sou dit ook heeltemal van een mens tot 'n ander verskil (Bellous, de Roos & Summey, 2004:202). 'n Godskonsep neem reeds vroeg in mense se lewe vorm aan. Hyde (1990:65-76) stippel die verloop soos volg uit:

- Tussen twee en drie jaar vorm 'n eenvoudige geloof dat God vir hulle sal sorg.
- Van vier tot vyf jaar begin kinders glo dat God sterk is, omsien na mense en iemand straf wat ongehoorsaam is.
- In die volgende twee jaar ontwikkel sommige kinders se konsep van God verder deurdat hulle begin om nader aan God te voel en – raak bewus van God se ordelike optrede en die eerste spore van 'n meer abstrakte konsep van “God is liefde” begin posvat; die feit dat God transendent is dring al meer deur;
- Teen agt en nege jaar word die bewustheid al werkliker van God se transendente attribute, soos almagtigheid, alwetendheid, liefdevolle Vader.
- Van 10 tot 11 word 'n bewustheid van 'n persoonlike verhouding met God word meer werklik, maar meer vrae oor God se natuur word bedink en kan verbind word met elemente van twyfel, onsekerheid of ongeloof.
- Van 12 tot 13 raak aanvoeling vir antropomorfismes, dat oor gedink word, God in menslike gedaante (iemand met hande, voete, ore ens.) veel minder. Ook God se verhouding tot die natuur word as minder belangrik beskou as God se verhouding tot die mens. God word volgens kenmerke beskryf, uitdrukkings van geloof verteenwoordig die kultuur van die betrokke kerk waarin die tiener is, en in 'n soeke na sin en betekenis word God vir die probleme van die wêreld geblameer.
- Op 14 jaar is die stoflike konsep van God geneig om te verdwyn en die begrip van God as liefdevolle, omgee-ouer word veralgemeen,
- Van 15 tot 16 word God as Vaderfiguur minder prominent en 'n ongeloof in God se soewereiniteit kan posvat.

3.11.2 God as bindingsfiguur

Studies rakende mense se konsepte oor hoe God eintlik is, het hoofsaaklik op twee aspekte gefokus:

- verhouding van die beeld van God teenoor konsepte van 'n mens se ouers, en
- die verhouding van God se beeld tot die individu se selfkonsep.

'n Ongunstige beeld van 'n kind se pa kan daartoe lei dat die beeld van God as Vader negatief beïnvloed word. Die rede is dat kinders die slegte ervaring wat hulle met hul eie pa ervaar, op God projekteer (Hoepfner, 2009:79). Bewustelik of onbewustelik speel die pafiguur 'n feitlik deurslaggewende rol in die lewe van kinders asook in die ontwikkeling van hul identiteit (Hoepfner, 2009:78). God as Vader-figuur word tradisioneel meer kragtens die dominante Godsbeeld beskou (Smith & Dreyer, 2000:296). Kirkpatrick (1993:12) en Pritt (1998:275) meen egter dat, vanweë God se sorgsaamheid, God vele male meer as 'n Mafiguur gesien kan word.

Kirkpatrick (1993:12) dui hierop 'n alternatiewe siening aan, naamlik dat die ouer wat die naaste aan 'n kind is of met wie die kind die innigste verhouding het, die een is waarmee daardie kind God sou vergelyk. Hierdie gedagte is uiters belangrik wat ouers se opvoedingstaak betref: hulle moet God vergestalt sodat hulle kinders dit nie moeilik sal vind om in God te glo nie. Dit wil dus voorkom of die beeld van God ingebed kan lê in beide die ouers se versorgingsbeeld by 'n kind (McDonald *et al.*, 2005:22; Nel, 2000:27). Wanneer ouers liefdevol en beskermend teenoor hulle kinders optree, aanvaar daardie kinders dat God dieselfde kenmerke het. Die teenoorgestelde sou uiteraard ook algemeen toepaslike tiglyne kon wees.

Kinders met 'n negatiewe siening van hulle pa's het daardie siening op God gerig (McDonald *et al.*, 2005:22). Daar is ook bevind dat binding met ouers 'n beduidende invloed gehad het op die Godsbeeld en godsdiensontwikkeling van adolessente. Die gevolgtrekking was dat ouers die sterkste invloed uitoefen op adolessente se godsdienssin (McDonald *et al.*, 2005:22).

3.11.3 Die *manier* waarop verwerping die mens se Godsbeskouing beïnvloed

Daar is 'n tipiese hipotese wat kundiges oor kinders se godsdienssin voorhou (vgl. Bierman, 2005:349; Crisp, 2007:303; Finkelhor, Hotelling, Lewis & Smith, 1989:394). is dat slagoffers van mishandeling benewens ander mense en sosiale instellings, oor die algemeen vervreemd voel van godsdiens. Van die gedragsimptome wat in hierdie verband voorkom is 'n gebrek aan selfvertroue, angstigheid, lae selfbeeld, skuldgevoelens, vrees en skaamte. Slagoffers van

verwerping vind dit moeilik of kan nie besef dat hulle wel waarde het nie en dat goeie dinge ook met hulle kan gebeur (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4). In sekere mate stem dit ooreen met wat Johnson en VanVonderen (1991:56) oor patologiese godsdiens aandui: Mense voel dat daar deurgaans fout met hulle is (vgl. Rousseau, 2010:9), met die gevolg dat hulle nie regtig iets goeds kan ervaar nie (Johnson & VanVonderen, 1991:46).

Hierdie gewaande waardeloosheid bring mee dat verworpe mense kan sukkel of nie daarin slaag nie om God se genade en liefde in hulle lewe te aanvaar (Crisp, 2007:303; Hall, 1995:131). Dit kan dalk wees omdat hierdie mense soveel keer vir God kwaad is en voel dat God ver verwyder is (Kane *et al.*, 1993:235). By persone wat weens verwerping ernstige emosionele ontwrigting beleef het (soos diegene in die huidige studie), kan daar uiters negatiewe Godskonsepte bestaan (Anderson, Zuehlke & Zuehlke, 2000:133; Hunter *et al.*, 1990:466; 2.7.5.4). Vanuit die empirie het dit duidelik geblyk: Weens die verwerping wat hulle moes verduur, verkeer sulke persone in 'n patologiese toestand wat verhoed dat hulle God se talle goeie handelings kan raaksien (Smith & Dreyer, 2000:295; verw. 2.7.4.4).

3.11.4 Die *mate* waarin verwerping die mens se Godsbeskouing beïnvloed

Volgens Anderson (2000:173) is persone wat verwerping ervaar het, daaraan toegewy om mense en omstandighede tot voordeel van hulleself te gebruik. Hulle is daarop uit om omstandighede te beheer en te manipuleer. Gevolglik vind hulle dit moeilik om God in beheer van hulle lewe te stel. Die rede is die verkeerde konsep of beeld van God wat by hulle gevorm het. In plaas vra hoe God hulle na nuwe horisonne wil of kan lei (Smith & Dreyer, 2000:295), is die tendens eerder om van God af weg te beweeg.

Verworpenes verloor nie soseer motivering om God te dien nie; eerder om hulle eie magsgebied uit te brei en hulle wêreld te kan beheer. As sodanig bepaal hierdie optrede hulle eiewaarde (Anderson, 2000:173). Dit gebeur dat persone emosionele verwonding beleef weens verwerping deur die mense wat hulle eintlik moes koester. Gevolglik beleef sulke verworpe mense God as “nie goed nie”. Daarby kan hulle ook op God die eienskappe van die oortreder of disfunksionele ouerbeeld projekteer. Hulle beskou God ook maar net as iemand wat ander verwerp (Kruger, 2010:59)

3.12 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die interpreterende fase hanteer. Die relevante aspekte oor verwerping is aangedui en ondersoek die *manier* waarop en die *mate* waarin so 'n ervaring 'n persoon se Godsbeskouing kan benadeel. Vanuit die literatuurstudie kon duidelikheid verkry word dat verwerping die hele spektrum van 'n persoon se menswees beïnvloed en dat die gevolge daarvan iemand lewenslank kan beïnvloed. Verwerping berokken nie net skade aan persone se psige nie, maar het 'n nog nadeliger invloed omdat dit daardie individue se beskouing van God sodanig kan aantast dat hulle hul van God af wegkeer.

Dit het ook geblyk dat verwerpe persone verkleinerende en afbrekende idees van hulleself kan vorm. Gevolglik begrawe hulle talle kere hul gawes en talente diep. Die navorsing het selfs getoon dat verwerpe persone kan glo dat hulle niks vir God kan beteken nie en voel hulle is eenvoudig nie goed genoeg en/of vir enigiets bruikbaar nie.

Mishandeling in die vorm van verwerping raak nie net mense tot in hulle diepste wese nie. Dit het ook 'n uitwerking op iemand se geestelike mens. Gevolglik kan mense wat verwerping ervaar probleme ondervind om hoegenaamd met God as Vader te identifiseer. Hierdie blokkering word vererger deur disfunksionele gesinsverhoudings. Daar voel verwerpenes hulle kan God nie vertrou nie, want God is op 'n afstand en verlaat 'n mens wanneer jy God die nodigste het. Dus lyk dit of God nie omgee vir dinge wat binne die gesinsverband gebeur nie.

Uit die bevindings kan afgelei word dat 'n liefdesvakuum ontstaan by persone wat verwerping ervaar het. Die gevolg is dat daardie persoon se wedersydse liefde, emosionele beheer en sosialisering daaronder ly. Sulke persone kan afbrekende gedrag aanleer om die pyn wat verwerping veroorsaak te kan hanteer en selfs weg te steek.

Verwerpe persone werk hard om hulleself te bewys om aanvaarding te verwerf of verdere verwerping te probeer verhoed. In die proses verwerp hulle weer ander mense en selfs God. Ouers se gehegtheid speel 'n beduidende rol in verwerping en het deurgaans 'n invloed op individue tot in hulle volwasse lewe. Dit sou dus vir beraders noodsaaklik wees om 'n goeie begrip te verkry van die omstandighede waarbinne die beradene verwerping beleef het asook die etiologie van verwerping om sodoende iemand wat aan hierdie misdryf ly, te beraad. Verwerping kan 'n langdurige en soms 'n lewenslange uitwerking hê op 'n persoon se lewe. Hierdie invloed kan so erg wees dat dit so 'n persoon se persoonlikheid en Godsbeskouing verwing.

In die volgende hoofstuk (hfst 4) word vanuit die teologiese vakwetenskap Osmer (2008:4) se derde taak gehanteer – die **normatiewe taak**.

HOOFSTUK 4

NORMATIEWE TAAK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word Osmer (2008:4) se normatiewe taak vanuit die teologiese vakwetenskap benader. Onder meer word besin oor insigte rakende verwerping vanuit die vorige twee hoofstukke. In die teologiese/normatiewe werkfase word, waar nodig, die kollig 'n paar keer laat val op die verskynsel van verwerping. Hierdie hantering wil rekening hou met pastorate¹ se belewenis en of sodanige ervaring hulle beskouing van God beïnvloed.

Die normatiewe besinning is nodig om die negatiewe beïnvloeding reg te stel betreffende die *manier* waarop, en die *mate* waarin verwerping iemand se Godbeskouing kan beïnvloed. Hierdie regstelling geskied deur God se Woord as norm. As sodanig sou die normatiewe taak nie daarop gerig wees om as't ware apologeties vir God in die bresse te tree nie. Die fokus is eerder om gewoon die Skrifinhoude wat die twee aspekte dek van hoe en hoedanig verwerping Godsbeskouing beïnvloed, kategorieë te stel. Vanuit die normatiewe fokus kan dan sinvol, deur van die ander take se bevindings ineen te dink, pragmatiese aanbevelings oor hantering van verwerping gedoen word (vgl. Louw, 1999a:14). Dit sal help om die skade wat verwerping aan iemand se Godsbeskouing berokken het, pastoraal te benader en te hanteer.


Die normatiewe taak behels die vraag oor wat binne 'n gegewe situasie behoort te gebeur (Osmer, 2008:4). Die noodsaaklikheid om die Here se wil in 'n saak te ken, sou dan vereis wat Osmer (2008:133) profetiese insig (*prophetic discernment*) noem. Die interaksie tussen goddelike openbaring en menslike interpretasie bied die leiding om Skriftuurlik begrond op te tree (Osmer, 2008:133). Deur "divine disclosure and the human shaping of God's word" (Osmer, 2008:134-135) kan inligting oor die navorsingsonderwerp vanuit hoofstuk 2 (beskrywend-empiriese taak) en hoofstuk 3 (die interpretatiewe taak) saamgevoeg word om die normatiewe taak vanuit die Skrif en teologiese bronne te omlin. Osmer (2008:11) dui die

¹

Ter wille van eenvormigheid en kontinuïteit word vir die beradingsopset in die huidige studie (hfst 4 en 5) die term *pastorant(e)* gebruik (afhangende van die konteks). Dit is verkieslik in plaas van die omvattende kwalifisering "verworpe persoon" wie se Godsbeskouing deur hierdie ervaring beïnvloed is

normatiewe taak in verhouding tot die ander take skematies aan soos Figuur 4.1 hier onder dit uitbeeld.

Figuur 4.1: Normatiewe taak (Osmer, 2008:11)



’n Nader omskrywing behels dat in die normatiewe taak die berader van teologiese konsepte gebruik maak om spesifieke episodes, situasies en etiese norme daar te stel as handleiding vir wat gedoen moet word of wat behoort te gebeur (Osmer, 2008:4). Dit behels ’n reaksie op die gebeure in die lewe en die wêreld van die mens (Osmer, 2008:8). In hierdie taak is kennis oor God se wil in die realiteit van die hede allernoodsaaklik om reg te kan optree binne die betrokke situasie. Sodoende behoort die berader met “profetiese deursigtigheid” iemand wat met ’n probleem worstel, pastoraal doeltreffend te kan bystaan (Osmer, 2008:132; vgl. Hanekom & Rousseau, 2013:7).

Hierdie taak sluit nou aan by wat Louw (1999a:28) as die *basisteorie* beskryf, naamlik dat die Bybel die teologiese basis en perspektiewe bied waaruit die pastoraat as teologiese wetenskap bedryf word (vgl. Venter, 1993:247; Van den Berg & Dreyer, 1995:214). As sodanig bied die Bybel nie slegs die vertrekpunt nie, maar stel die norm vas vir die pastoraat gebou op die verhouding tussen God en mens wat pastorale inhoude oplewer vir sorg, troos en hulpverlening (Louw, 1999a:28).

In aansluiting by Osmer (2008:4) se normatiewe vraag na wat behoort te gebeur, word die volgende navorsingsvraag (verw. 1.5.1) in hierdie hoofstuk gehanteer.

Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif op verwerping en hoe dit 'n verwerpe persoon se Godsbekouing tot 'n vlak van dieper vertroue kan laat ontwikkel?

Neem 'n mens in ag dat verwerping 'n individu se Godsbekouing negatief kan beïnvloed (verw. 2.8.1; 2.8.2; 3.11.3; 3.11.4), sou die antwoord op Osmer (2008:4, 9) se normatiewe vraag oor wat behoort te gebeur, 'n Skriftuurlike Godsbekouing moet opper. Só kan 'n persoon wat weens verwerping 'n ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbekouing handhaaf, op grond van die geïnspireerde Skrif as norm (vgl. 2 Tim. 3:16-17) deur die proses van verandering gelei word. Dit wil sê die Woord kan remediërend toegepas word om die verwerpe persoon se verdraaide Godsbekouing terug te bring na wat dit behoort te wees, naamlik na hoe die Skrif God aan die mens bekendstel.

Terwyl die uiters belangrike perspektief van die Skrif se norm as basis vir die pastorale praktyk hier aan die orde kom, bied die normatiewe taak 'n belangrike aanloop tot die pragmatiese taak (hfst 5). Daarin word die vraag oor wat gedoen moet word, geopper en gehanteer (vgl. Osmer, 2008:132) om die ontoepaslike Godsbekouing reg te stel.

4.2 METODOLOGIE

Die waarde van metodologiese modelle vir die Praktiese Teologie lê daarin dat dit dien as hulpmiddels om teorie en praksis vlot te verbind (Heyns & Pieterse, 1998:34). Die Skrifgegronde *basisteorie* oor die fenomeen verwerping maak die kernelement van hierdie hoofstuk uit, maar Osmer (2008:4) se vraag: *Wat behoort te gebeur?* veronderstel 'n interdisiplinêre faset. Osmer (2008:130) beveel sterk aan dat teorieë oor familiesisteme vanuit terapeutiese sielkunde by die normatiewe fase in dialoog gebring word met die teologiese en godsdienstige perspektiewe. Dit help 'n normatiewe teologiese perspektief oordra wat vir Praktiese Teologie toepaslik sal kan wees en bied die vooronderstelde teologiese paradigma van waaruit gedink en gewerk kan word (Heyns & Pieterse, 1998:50; Lemmer, 1991:14; vgl. Louw, 1999a:29; Van den Berg & Dreyer, 1995:210).

4.2.1 Metodologiese vertrekpunte: werklikheidsbekouing

Die werklikheid van verwerping as 'n negatiewe aspek in verhoudings asook die manier waarop en mate waarin dit individue se Godsbekouing kan beïnvloed kan nie simplisties bloot uit die Skrif benader word nie (De Wet & Pieterse, 2013:9). Aan die ander kant is die gevaar dat God op die agtergrond kan verdwyn en die teologiese kwaliteit van die huidige studie dus in gedrang sou kom. Om hierdie kwessie te hanteer, word God se manier van openbaring in

die Woord openbaar as besliste vertrekpunt voorgestel. God is in die Woord geopenbaar as die Een wat in 'n skeppende, verlossende en vernuwende verhouding maar op 'n rasionele manier werksaam is. Hierdie openbaring en verbintenis getuig van verbondstrou. Dit is uiteraard noodsaaklik dat pastorate (in dié geval hulle wat verwerping ervaar het) hiervan kennis neem of opnuut daaraan herinner word (De Wet & Pieterse, 2013:9).

4.2.2 Benaderings vir interpretasie: normatiewe fase

Daar is drie benaderings wat toepaslik is vir interpreterende leiding in die normatiewe fase (Osmer, 2008:132-152):

- Behels profetiese onderskeid.
- Gaan oor etiese refleksie.
- Vereis goeie praktyk.

4.2.2.1 Profetiese waarneming of onderskeiding

Die profetiese waarneming en/of onderskeiding behels die veeleisende taak om na God se Woord te “luister” en dit te interpreteer, om sodoende 'n begrip te vorm van bepaalde sosiale omstandighede, gebeurtenisse en besluite (Osmer 2008:135; vgl. Barnard; 2014:26; Le Roux-Weitz, 2015:136; Smith 2014:132). Die “luister” na God se woord verhelder 'n hermeneuties-begronde en vakkundige werk met die Woord om God se leiding in bepaalde situasies, omstandighede te ondersoek asook binne die konteks waarin dit plaasvind (Osmer, 2008:138; vgl. Ek. 4:16; Deut 8:18; Jer 6:16; Luk 1.76; Hill & Walton, 2009:509). Hierdie waarneming kan die prakties-teologiese vertrekpunte daarstel vir die pastorale gesprek met pastorate wie se Godsbeskouing (in die konteks van hierdie studie) as gevolg van verwerping benadeel is (Heyns & Pieterse, 1998:50; Denton, 2014:4).

4.2.2.2 Etiese refleksie

Etiese refleksie moet met universele etiese beginsels gepaardgaan. Dit laat morele gemeenskappe toe om hul huidige praktyke en norme te toets teen algemene etiese beginsels (Osmer, 2008:149). Dit is belangrik vir prakties-teologiese interpretasie om in die normatiewe fase, etiese beginsels, riglyne en reëls te ontwikkel (Osmer, 2008:149; vgl. Denton, 2014:6). In elke prakties-teologiese situasie geld daar waardes en norme. Soms kan hierdie waardes en norme met mekaar bots. Dan is dit die pastor se normatiewe taak om etiese beginsels te identifiseer wat gedrag tydens problematiese omstandighede aan morele waardes koppel (Barnard, 20014:27).

4.3 DOELSTELLING

Relevante Skrifgedeeltes word gebruik om sekere basiese beginsels te identifiseer wat meer lig op die navorsingstema sou kon werp. Die doel van die Skrifgedeeltes is om die Skrif só aan te bied dat God self aan die woord kom (De Wet., 2011:20). Dit vereis die korrekte verklaring van 'n Skrifdeel sodat die boodskap op die volgende aspekte van die volle persoon fokus: wat in die geloofs(on)volwassenheid aangaan, bestaansnood, roepingsbesef en vervulling (Van Rensburg *et al.*, 2011:11). In die konteks van hierdie studie word die Skrif as beide norm en inhoud gestel vir die herstel en heropbou van 'n pastorant se ontoepaslike Godsbeskouing.

4.4 SKRIFTUUR EN TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE

Bybelse narratiewe word aangewend om 'n pastorant te begelei tot 'n Skrifgetroue Godsbeskouing. Beraders moet met werklike empatie poog om die verworpe persoon se (verwonge) begrip van God reg te stel. Hiervoor is konseptualisering ononderhandelbaar. Rapoport (1974:22) stel dit soos volg: "How we conceptualize the problem and the state of being which propels people to seek help will influence the methods and the techniques we develop and the way in which we deploy community and professional resources."

Dit is uiters belangrik vir die proses van geestelike genesing en heelword dat beraders/pastorale werkers die Skriftuurlike perspektiewe verstaan wat op persoonlike probleme betrekking het. Die werklikheid waarvolgens verwerping voorkom wat in die Skrif waargeneem kan word, word geanker in God uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is (De Wet & Pieterse, 2013:10). Vanuit daardie begrip kan pastorate dan uit die Skrif berading ontvang om aan hulle die besef van God se grootheid, liefde en genade oor te dra (Crabb 1978:17; Van Rensburg, *et al.*, 2011:11).

Die aard van verwerping is veelkantig en daar is 'n veelheid voorbeelde daarvan in die Skrif. Gevolglik sou 'n betreklike groot verskeidenheid gevalle gehanteer moes word om die onderskeie fasette en ervarings van verwerping (soos dit uit hfst 2 na vore kom) na te gaan. In die konteks en formaat van die huidige studie is dit nie haalbaar nie. Om dus die studie in ooreenstemming met die empiriese resultate te bring word slegs enkele relevante gevalle van verwerping in die Skrif uitgelig. Dit is Skrifgedeeltes wat verbind kan word met die inligting vanuit hoofstuk 2 (beskrywend-empiriese taak) en hoofstuk 3 (interpreterende taak).

4.4.1 Hermeneutiese vertrekpunt

Die Skrif bied 'n wye verskeidenheid voorbeelde en scenario's van verwerping wat dit moontlik maak om hierdie negatiewe beleving uit verskillende perspektiewe of hoeke te beskou. Sodanige beskouing moet nie óf etnosentries óf anakronisties of deur beide aksente gekleur wees nie. Om dit te verhoed, word in ag geneem dat die mense van die Bybel se beskouing en verstaan van hulleself en ander, grootliks verskil van byvoorbeeld mense in Suid-Afrika vandag. Logies beskou, kon mense verwerping in die Bybelse kulturele milieu dus veel anders, dalk heelwat erger, beleef het (vgl. De Wet & Pieterse, 2013:12).

Die hermeneutiese spanning tussen die eie en die vreemde horisonne van byvoorbeeld die oorspronklike Bybelgehore, dra volgens De Wet en Pieterse (2013:16) dialogies tot die verstaanprosesse by en bewerk 'n versmelting van horisonne. Rousseau (2000:20, met verwysing na Thiselton, 1993:15) stel dit gepas dat die verstaan- en bedoeling-“horisonne” van die moderne leser en die antieke teks onderskeidelik moet ineenvloei. Dit is uiters belangrik, want daarmee kan die Bybelteks se betekenis vir die eie tyd verstaan word. Binne die konteks van huidige studie gelees, kan dus nuwe insig op verwerping bekom word en die manier waarop en die mate waarin dit individue se Godsbeskouing kan beïnvloed. Die Skrif bied beide die inhoud en insig oor hoe mense op verwerping behoort te reageer. Albei horisonne (antiek en huidig) dra elemente tot die nuwe *Einverständnis* by (De Wet & Pieterse, 2013:16).

Daar moet in ag geneem word dat die kultuur waarbinne die Bybel ontstaan het, kollektivisties gerig was en nie individualisties nie. Mense uit die Bybel se tyd was nie soos hedendaagse mense nomadies ingestel nie, dit wil sê dat individue sonder ander kan klaarkom (Rousseau, 2004:74; vgl. Malina 1993:67). Hulle het gefunksioneer binne hulle *diadiese* of kollektiewe oriëntasie: “Dyadic persons are characterised by deep group-embeddedness or strong group-orientation wherein the dyadic personality continually needs another person/s in order to know who he is” (Malina, 1993:67).

Diadiese persoonlikhede se “plek” in die samelewing is bepaal of gedefinieer deur inbedding in een of meer groepe, soos familie, beroep, of kulties-religieuse groepering (Rousseau, 2004:74). Die ervaring en gevolge van verwerping vir só 'n persoon sou dus veel erger as in 'n monadiese milieu kon wees. In hierdie lig word moet gevalle en voorbeelde uit die Skrif in ag geneem word soos hier onder ondersoek.

4.5 SKRIFPERSPEKTIEWE OP VERWERPING

Die mens reageer op verwerping deur een van drie verdedigende houdings in te neem: probeer die stelsel klop, swig daarvoor of kom daarteen in opstand (Anderson, 2000:173). Verwerping beïnvloed die “hele mens” (Hepden, 1992:10) en behels veel meer as bloot ’n geringe optrede wat slegs ’n kort tydjie ’n invloed uitoefen. Hierdie misdryf rig veral innerlike skade aan. Daarom is dit belangrik om aandag te gee aan die eerste belewenis van verwerping om sodoende die eie aard van verwerping te kan verstaan (Hepden, 1992:19). In hierdie afdeling word dus gevalle of voorbeelde en aspekte van verwerping kortliks aangedui waarop ’n Skrifperspektief aangebied kan word.

4.5.1 Die eerste verwerping

Die heel eerste geval van verwerping sou inderdaad na die sondeval as sodanig teruggevoer kon word. So onmoontlik as wat dit kan voorkom, was God die eerste verwerpe Persoon. Binne die konteks van die huidige studie sou aangevoer kon word dat hierdie gebeurtenis die oorsprong en beginsel van verwerping vergestalt. Die gebeure is verwoord in die skeppingsverhaal volgens Genesis 3:8-11. By Adam en Eva (die eerste mense) wat God vanweë ongehoorsaamheid verwerp, het vrees en gevolglike skuldgevoelens ontstaan (vgl. 2.7.4.3.; 3.7.1.1; 3.7.1.2). Dit het hulle uiteindelik vir God laat wegkruip (Hepden, 1992:21).

Hierdie mense se “nuwe” insig vanuit hulle besluit om ongehoorsaam te wees, het hulle afgesonder en geskend laat voel (Hepden, 1992:21). Hierdie skadelike insig is na hul kinders oorgedra. Een van die bekendste verhale wat oor die gevolge van verwerping handel (Gen. 4:1-16) is dié van die eerste gebore mense, die broers Kain en Abel. Uit dié “voorgeskiedenis” van die mens meen Von Rad (1981:104-106) dat wat tussen hierdie twee broers gebeur het, moontlik met enige mens sou kon gebeur. Die gebeure bring kwessies na vore wat die hele mensdom raak en dan veral wat verwerping betref (Van Selms, 1979:17; Von Rad, 1949:29-30; Westermann, 1976:89-95)

Die eerste geval van verwerping waarby ’n mens betrokke was, is dié van Kain. Dit sou wel onhaalbaar wees om te wil sê dat God vir Kain sleg behandel het toe God nie sy offer aanvaar het nie (Harris, 2001:46; Von Rad, 1981:104), en Kain daarop sy ontevredenheid hieroor op Abel uitgehaal het. Tog bied Kain se reaksie op die ontvangs van hulle onderskeie offers ’n goeie insig van maniere waarop iemand wat verwerpe voel kan reageer (Van Selms, 1979:81).

4.5.1.1 Die rol van ouers

In die Skrif is daar verskeie teksgedeeltes oor die rol van ouers en hoe hulle teenoor kinders behoort op te tree. Die Psalmdigter maak in Psalm 131:31 gebruik van 'n treffende metafoor, naamlik om veiligheid en sekuriteit te vergelyk (verw. 3.4.3.3) met 'n tevrede kind of 'n "gespeende kleuter". In hierdie ongewone metafoor word God met 'n ma vergelyk (Jes 66:7-13; 1 Tess 2:7; vgl. ook Burden, 2007:871; verw. 3.11.2).

In Efesiërs. 6:4 rig die apostel Paulus 'n ernstige waarskuwing aan ouers om hul kinders nie seer te maak en te ontmoedig nie (verw. 3.4.3.3; 3.4.3.4; 3.4.3.4; 3.4.3.5). Dit kom veral daarop neer dat ouers geduldig teenoor hul kinders moet wees. Die ouers moet die liefde en erkenning wat hulle van die Here ontvang het, teenoor hulle kinders uitleef (Van Rensburg, 2007a:1833). Efesiërs 6:4 stel dit soos volg: "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here wil." Rousseau (2010:15) het dit vry vertaal: "Ook moet die vaders nie hulle kinders vertoorn nie, maar hulle begelei in tug en onderrig van die Here" en hy wys daarop dat die oorspronklike werkwoord in die Bybel (1999) as "terg" vertaal is. Rousseau (2010:15) verduidelik verder: "Terwyl terg enersyds positief (goedig en genietlik) kan wees, het vertoorn daarteenoor net 'n negatiewe, bose, kritiese kant wat (geestelik gesproke) iemand moedeloos kan stem ... dat hy net nooit goed genoeg is nie".

Uiteraard sou verwerping dan op niks anders neerkom nie, as om doelbewus seer te maak en te vertoorn en om deur iemand te laat voel hy/sy is nie goed genoeg nie. Benewens die moontlikheid dat daardie individue kwaad kan wees vir die een wat hulle so laat voel, kan die seergemaakte persone ook teen hulleself draai. Hulle voel hulle is immers nie goed genoeg. Daarteenoor moet pa's en ma's hul kinders help om te doen waarvoor die apostel Paulus in Efesiërs 3:18-21 bid. Dit is om te begryp hoe onbeperk God se liefde is, sodat mense daarin vervul kan word om God daarin te eer (Rousseau, 2010:15). Dit staan duidelik in algehele kontras met die gevolge van verwerping deur 'n ouer waar dit 'n kind se Godsbeskouing kan belemmer.

Ouers se voorbeeld speel 'n sleutelrol in die opvoeding van kinders binne die Christelike lewenswyse (vgl. Deut. 6:4-7; Pieterse, 2006:114). Hiervolgens moet ouers spesifieke godsdienstige waardes oordra wat gegrond is op die oortuiging dat die mens die beeldraer van God is (Larney & Lotter, 2005:662-664). Wanneer ouers te streng optree en 'n oordrewe sin vir waardes en dissipline toon, kan kinders dit interpreteer as onwelkom en/of selfs dat hulle verwerp word (Pieterse, 2006:26). In Psalm 128:1-4 is die verskillende lede in 'n gesin beskryf en oor Efesiërs 6:4 wys Ingram (2010:21) daarop dat Paulus waarsku teen te veel teregwysing en om dinge van kinders te verwag wat hulle moedeloos kan maak.

Daarteenoor is God se wil duidelik: ouers moet hulle kinders koester en seën. In Matteus 19:13-15 is Jesus se optrede teenoor die kindertjies 'n toonbeeld hiervan. Vaderlike omgee is in Lukas 15:11-32 in die verhaal van die verlore seun vergestalt en daarin staan veral die pa se rol as 'n getroue ouer en sy oorfloedige liefde uit (Graham, 2008:44). Die vernaamste pa-kind-verhouding is egter die tussen God en Jesus as die enigste Seun (Malina, Joubert & Van der Watt, 1995:74).

- Só praat die Vader tydens Jesus se doop goedkeurend vanuit die hemel oor sy geliefde Seun in wie Hy Hom verheug.
- Markus 1:11 en Matteus 11:27 getuig van die Vader se unieke verhouding met sy Seun.
- Johannes 5:20-23; 14:6-11 dui op opregte seunskap deurdat Jesus soos sy Vader optree; Jesus se identiteit is in sy Vader geanker, Hy weet wie Hy is omdat Hy sy Vader ken (14:6-11).
- Jesus se onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy Vader (vgl. Fil 2:5-11) vergestalt nie net eervolle gedrag nie, dit is ook die Skrif se voorskrif vir gelowiges se optrede as "seuns van God" (Rom 8:14; vgl. Malina *et al.*, 1995:74).

4.5.1.2 Die voorkeur vir een kind (voortrek)

In die belang van die teologiese vertrekpunt moet die verhaal van Esau en Jakob in Genesis 25:19-34 reg gelees word. Die verwysing na "liefhê" en "haat" onderskeidelik moenie met verkiesing en verwerping eties verwar word nie. Hierdie terme moet eerder in historiese verband verstaan word (Vosloo, 2007:53). Die gebeure is belangrik, want dit belig die "verskil" wat die ouers getref het tussen die twee broers, Jakob en Esau. Dit geld veral die fokus op die *manier* waarop en *mate* waarin verwerping 'n persoon sou kon beïnvloed waar ouers een kind bo 'n ander een verkies.

Die Woord in Genesis 25:28 skets dit só: "Isak het vir Esau voorgetrek, want Isak het van wildvleis gehou, maar Rebekka weer, het vir Jakob voorgetrek." Hier is 'n tipiese gesin-scenario waar ouers 'n kind begunstig omdat daardie kind se optrede en belangstelling goedkeuring en guns van die betrokke ouer wek (Hartley, 2000:236; verw. 2.7.4.1; 3.4.3.4). In Genesis 27:14; 37:3 word die geval van ouers verwoord wat meer van een kind as 'n ander een gehou het. 'n Natuurlike geneigdheid om meer van iets of iemand te hou oor 'n spesifieke rede kom hier voor.

Isak se gevoel vir Esau word gekwalifiseer deur die kousale gebruik van *omdat*. Omdat Esau vir Isak (wilds-)vleis voorsien het, het Isak vir Esau 'n spesifieke toegeneentheid heens Esau gehad (vgl. Bybel, 1999). Daarteenoor word niks gesê oor Isak se verhouding met sy ander

seun, Jakob, nie. Dit kom dus voor of Isak se voorkeur vir Esau bloot gegaan het oor 'n doel, naamlik dat hy in sy pa se gunstelingvoedsel voorsien. Daarteenoor was Jakob weer sy ma se gunsteling. Sy het hom nie liefgehad omdat hy 'n doel gedien het nie, maar oor wie en hoe hy as mens was, naamlik 'n rustige persoon wat verkies het om tuis te bly (Gen 25:27; Vosloo, 2007:52).

4.5.1.3 *Verwerping deur woorde en dade*

Woorde kan enersyds 'n wapen wees waarmee mense te nagekom of vernietig kan word, maar andersyds kan dit kragtig ingespan word om mense na waarde te prys en hulle in die opdrag van die Woord (Rom. 12:10b) te eer en te erken vir wie hulle is (Coetzer, 2009:41, 45; verw. 2.7.4.1; 3.4.3.4). Jeremia se eie mense (die mense van Anatot) sweer eers saam om hom dood te maak, omdat hulle hom nie as profeet wil hê nie (Jer 18:8, vgl. Botha, 2009:1037). Later sweer hulle weer saam om Jeremia wel nie om te bring nie, maar om hom figuurlik gesproke dood te praat ("met die tong te slaan" – Jer 18:18) en sy karakter te vermoor. In die diadiese, eer-en-skande-kultuur wat die Skrif beskryf (Malina 1993:67, verw. 4.4.1), is dit ewe erg, soms selfs erger, om iemand te marginaliseer deur hom te ignoreer. Anatot se mense het Jeremia onteer, hom as onbelangrik gereken deur te sê dat daar sal altyd priesters, wyse manne en profete wees om God se wil aan die mensdom bekend te maak soos hulle dit graag sal wil hoor (Botha, 2009:1046; Jer. 18:18).

Hierdie tendens kom ook in die Nuwe Testament voor. In onder meer Johannes 7:5; Lukas 4:28-30 en Matteus 13:54-57 verwys Jesus na profete wat nie erken (geëer) word nie, nie eers binne hul eie familie-opset nie. In dié sin verwys Jesus na die Ou-Testamentiese profete wat gereeld deur hul eie mense verwerp is, omdat hulle as volk nie wou luister na die uitsprake en teregwydings van God wat die profete oorgedra het nie (Van Zyl, 2009:1378).

4.5.2 Sosiale verwerping

Die mense van vroeë Israel was volgens die voorskrifte van Levitikus 13:45-46 en 15:1-33 uiters gesteld op die reinheidvoorskrifte wat hulle van God gekry het (Van Eck, 2010:5; Venter, 1993:172). Vir hulle het God se heiligheid gesetel in die "heelheid" van alles en die reinheid van die tempel. Dit was die norm waarvolgens mense geleef het en waarvolgens individue en voorwerpe beoordeel is. Volgens hierdie opvatting was persone met gebreke, byvoorbeeld verlamdes, dowes, blindes, kreupeles en vrouens wat aan bloedvloeïing gely het, nie "heel" nie, maar onrein (en dus verwerplik) (Van Eck, 2010:5; vgl. 2.7.5.1.3). Sulke mense was nie geskik om in die tempel te kom nie. Hierdie opvatting het in oud Israel ook meegebring dat vele pasgebore babas iewers neergesit is (inderwaarheid weggegooi) om te sterf. Dit was

veral die lot van kinders wat liggaamlik misvorm of gebreklik. Hieronder het gegeld die blindes, dowes, kreupeles en stommes, verstandelik gestremdes, melaatses en kinders uit 'n onwettige/buite-egtelike verbintenis gebore (Van Aarde, 2001:139-140; vgl. Howard, 2001:284).

Hierin was die reinheidsreëls van die tempel onverbiddelik. Daarvolgens is alle onreines (nie-heel, nie-heilig), kreupeles, gebreklikes, duiwelbesetenes, siekes en die sogenaamde “sondaars”, wat prostitute en tollenaars ingesluit het, as uiters sosiaal-veragtelik te beskou (Gestemberger, 1993:117-118). 'n Voorbeeld hiervan is Mefiboset (vgl. 2 Sam 4:4) wat fisiek misvorm was. Dit het hom van mense geïsoleer en by hom die gewaarwording gelaat dat hy minderwaardig is. Uiteindelik het dit gelei tot selfverwerping en selfhaat (Hepden, 1992:9).

In hierdie sosiale milieu het Jesus egter gekom om te genees en heel te maak. Sy doel was hierdeur om sosiale stigma, uitsluiting en veragting weg te neem (Van Eck, 2010:5). Dit het beteken dat die persoon weer in die samelewing opgeneem kan word. Die sosiale stigma is verwyder en die afgesnyde persoon word weer binne die “in-groep” terugontvang (vgl. Mark 1:31, 44; Matt 8:20; 9:20; Luk 8:3; 9:42; ook Van Eck, 2010:5). Christus se goddelikheid en almag is meer as honger, blindheid, doofheid, kreupelheid of melaatsheid. Die getuienis teken die Here magtiger as die dood. Die gewone mens staan magteloos teenoor verwerping, maar Christus nie (Van der Walt, 2007:193; verw. 2.7.4.1.c; 3.4.3.7).

4.5.3 Sosiale jaloesie en afguns

Mense kan jaloers en afgunstig raak op ander wanneer hulle nie dieselfde of soortgelyke aandag kry nie. Gevolglik beleef mense verwerping omdat die jaloerse en afgunstige persone hulle probeer uitwerk en van hulle ontslae raak (vgl. Gen 37:11, 19-20; verw. 2.7.4.1.d; 3.4.3.8). Dit het byvoorbeeld met Paulus gebeur (Hand 13:45-50). Lukas beskryf dat die Jode jaloers was op Paulus omdat sulke groot skares na hom kom luister het. Die afgunstiges het Paulus in die openbaar beledig en van hom verskil met die doel om hom te verneder. Só wou hulle Paulus en Barnabas uit die streek verdryf (Du Plessis, 2007:1684). Soos die geval met Paulus en Barnabas wat uitgedryf moes word, kan iemand vandag ook woeker en ander oortuig om te help dat hulle iemand uit daardie persoon se lewe werk. Só 'n optrede word gedryf deur daardie persoon se begeertes en daaruit kan 'n boosheid ontwikkel wat lei tot gruwelike sonde teen ander (Jak. 1:15; Bekker & Punt, 2011:26).

Die eerste-eeuse wêreld was gekenmerk deur beperkte beskikbaarheid. Dinge was min of onbeskikbaar. Mense het daarna gestreef om kos, klere, geld, mag en eer. Diegene wat na méér gesmag het, het nie slegs iets soortgelyks begeer as wat ander besit het nie. Hulle wou

spesifiek besittings van ander wegneem. Sodoende het daar erge jaloesie en afguns ontstaan (Bekker & Punt, 2011:26; verw. 2.7.5.1.4). In Jakobus 3:9-10, 13-14; 2:6 en 4:1-2, 11 word in hierdie verband op twee vergrype gewys:

- Ander te na kom deur kwaadpraat (“slaan” iemand met woorde soos in Jeremia se geval Jer. 18:18; Jak 3:9) asook deur beledigende dade (Jak 4:11).
- Rykes se houding: armes met minagting te behandel asook rusie en tweedrag soek (Jak 5:1-6; Bekker & Punt, 2011:26; verw. 3.4.3.8).

In hierdie bogenoemde vergrype is ’n basiese eienskap van verwerping sigbaar: eiebelang wat geen agting het of omgee vir die persoon wat verwerp word nie. Volgens hierdie gedeeltes is die verwerpe persoon uiteindelik “iets” wat in iemand se pad staan en waarvan ontslae geraak moet word.

4.5.4 Gesinsverhoudings

Binne gesinsverhoudings sou ’n verwerping-scenario soos hier bo geskets nie veel beter daar uitsien nie. Die oorwegende rede vir die ineenstorting van gesinne is dat lede God se bedoeling met die gesin misken (Coetzer & De Klerk, 2014:21). God stel die gesin daar as basiese boublok van die gemeenskap (Gen 1:26-28). In hierdie sin is die huwelik en gesin deel van God se groter plan vir die wêreld (Van der Vlies, 2013:93). Vir alle gesagsverhoudings is die oorkoepelende beginsel dat mense uit eerbied aan mekaar onderdanig moet wees. Hierdie beginsel van Christus se verhouding met mense en hulle s’n met Hom moet die bepalende faktor wees in menslike verhoudings van gesag (Gal 5:21; Van Rensburg, 2007c:1818).

Die huwelik is só ’n afskaduwing van die verhouding tussen Christus en die kerk; man en vrou moet onderdanig wees aan mekaar (Ef 5:21). In Efesiërs 6:1-4 word die opdrag gegee dat kinders hulle ouers eer en ouers hulle kinders met liefde grootmaak. Die tugting van ’n kind is dus gemik op daardie individu se ontwikkeling (Ef 6:4) en nie om hom/haar seer te maak of te ontmoedig nie (Van Rensburg, 2007a:1833; verw. 2.7.4.2.; 3.5; 3.5.1; 3.5.2; 3.5.3; 3.5.4).

4.5.4.1 Disfunksionele gesinne in die Skrif beskryf

In die Mediterreense leefwêreld was iemand se familie die belangrikste bepalende faktor vir individue se kulturele identiteit (Van Eck, 2007:104, 107-109). Christus het Homself teenoor die patriargale familiesisteme gestel (Matt 19:14; Mark 9:38-41) en vir die uitgeworpenes gekies (Matt 4:16; Mark 10:15) om nuwe betekenis aan onderdruktes se lewe te gee (Le Roux, 2002:90; verw. 2.7.4.2; 3.5.2). Dit sou in die konteks van hierdie studie betekenisvol wees,

aangesien verwerping inderwaarheid kan neerkom op die onderdrukking van daardie persoon binne die ruimte van die gesin of familie. Die blote voorkoms van verwerping in 'n gesin of familie veronderstel disfunksionaliteit.

Disfunksionele familiepatrone word gewoonlik van geslag tot geslag oorgedra. Hiervan voorsien die Skrif 'n verskeidenheid voorbeelde (vgl. Gen 17:21, 18:14; 16:2-7; 15:1-21; 16:2; 25:23-29; 26:6-11; 28:13-15; Rut 4:12-22; 2 Sam 11; 12; 14:22). Uit die vier geslagte van Abraham tot Josef het herhalende patrone van disfunksionele gesinne voorgekom. In elke geslag van Abraham tot Jakob was een van die seuns verplig om die gesin te verlaat; daar was ook huwelikskeiding asook die voorkeur vir 'n spesifieke kind ten koste van 'n ander (Coetzer, 2002:16).

In Genesis 38, Rut 4:12-22 en 2 Samuel 11 word ook disfunksionele familieverhoudings beskryf, byvoorbeeld 'n emosioneel afwesige pa (Onan, Juda en Dawid); 'n ma wat oorbeskermend is (Naómi) en 'n jongste seun wat voorgetrek word (Peres) (Coetzer, 2007:16; Kruger, 2007:56-57; vgl. Van Eck, 2010:3).

4.5.4.2 Goeie praktyk

Normatiewe riglyne word uit "goeie praktyk" bekom. Goeie praktyk beteken om 'n bruikbare model wat in die verlede of hede toegepas is, aan te wend en só 'n huidige situasie te verbeter. Nuwe begrip van God, die Christelike lewe en sosiale waardes kan ontwikkel word teenoor wat tradisioneel oorgedra is (Osmer, 2008:152). Goeie praktyk bied die geleentheid dat persone kan begin insien hoe hulle dinge beter of op 'n ander manier kan begin doen, en anders optree (Osmer, 2008:152).

In die daarstelling van 'n goeie praktyk vir 'n pastorale gesprek kan 'n geïntegreerde model van teologiese interpretasie gebruik word. Daar hoef nie net gefokus te word op 'n enkele gespesialiseerde vakdisipline nie (Osmer, 2008:152, 163; vgl. Le Roux-Weitsz, 2015:136; Smith, 2010:111-112; Smith 2014:132). Dit beteken: In die praktyk word Skrifbeginsels aangewend saam met riglyne wat uit 'n metateoretiese perspektief geformuleer word, of te wel, bruikbare data vanuit die hulpdisiplines. Hierdie benadering kan bydra tot die vorming van 'n prakties-teologiese riglyn vir pastorale gespreksvoering met 'n pastorant.

Louw (1999a:14) se konvergensie-benadering sou hier nuttig kon wees in plaas van 'n dualistiese verstaan van die wisselwerking tussen God en die verwerpene, geloof en ervaring, pastoraat en psigologie. Die eskatologiese perspektief en die teologiese verstaan van heil (God se volkome redding en heelmaak) moet 'n deurslaggewende rol in die verhouding tussen geloof en ervaring inneem (Louw, 1999a:14). Osmer (2008:8) se model vir die Praktiese Teologie is gedeeltelik op die konvergensie-benadering gebou deurdat dit 'n normatiewe

(basis-) teorie vanuit die teologiese tradisie ontwikkel, waarna 'n metateorie interdisiplinêr vanuit die sosiale wetenskappe gevorm word.

4.6 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN GODSKONSEP

In hierdie gedeelte word gekonsentreer op 'n teologiese antropologie en Godskonsep in die pastoraat soos dit op die navorsingsprobleem betrekking het. In 'n teologiese antropologie binne die konteks van die huidige studie sou dit nie gaan oor 'n antropologie as sodanig nie, maar oor indiepte-besinning oor die gehalte van menswees. Van Jaarsveld en Janse van Rensburg (2002a:180) meen dat 'n teologiese antropologie die dogmatiese konteks van Godskonsepte die beste kan dien. In enige antropologie sou daar plek vir empiriese menskunde moes wees wat fokus op die mens as dinamiese eenheid binne verhoudings (Louw, 1999a:176). Hiervoor sou 'n teologiese antropologie grootliks kon baat deur kennis vanuit die empiriese menskunde. Dit sou kon meehelp om die *manier* waarop en *mate* waarin verwerping mense se Godsbeskouing beïnvloed, beter te begryp en binne die pastorale konteks toe te pas (Louw, 1999a:176).

Mense tree nie bloot op as historiese wesens binne 'n bepaalde tydraamwerk nie; hulle word ook nie slegs bepaal deur hulle selfervaring nie. Persone is oop, dinamiese en onvoltooide wesens wat grootliks vanuit, en in hulle verhouding met God verstaan behoort te word (Louw, 1999a:159). Met die oog op hulp aan persone wat in die huidige studie ter sprake is (pastorante), moet gefokus word om die mens uit 'n teologiese hoek te beskou. Hiervolgens is die mens 'n sedelike wese wat in 'n verhouding tot God staan en wesenlik van God afhanklik is (Louw, 1999a, 151). Louw (1999a:153) beklemtoon oor hierdie feit dat kennis van God wat los staan van 'n verstaan van die mens, maklik abstrak kan raak en die gevaar loop om spekulatief te word. Dit kan dan *lewensvreemd* en selfs nutteloos raak. Louw (1999a:153) gebruik vir so 'n situasie die beskrywende term “dokteries”, dit wil sê, dat God nie werklik bestaan nie, maar bloot 'n skyngestalte is en daarom nie by die mens betrokke kán wees nie.

Pastoraal vanuit 'n teologiese perspektief beskou, moet die gedagte dat God nie by die mens betrokke kan of wil wees nie, tot elke prys teengestaan word. Dit sou vereis dat die pastoraat binne 'n duidelik omlynde teologiese antropologie moet werk, waarin die feit ingesien moet word dat die mens die beeld van God vertoon: *imago Dei* is (Vorster, 2011:609). God is bowenal nie veraf en verwyderd nie. Pastorante moet dus sonder twyfel weet dat hulle as mense vanuit hul verhouding met God kan leef (Louw, 1999a:156).

Vervolgens word hier onder oor hierdie teologiese perspektief besin met kortlikse verwysing na die regstel van 'n ontoepaslike Godsbeskouing by die onderskeie afdelings.

4.6.1 Die doel van 'n teologiese antropologie

Die doel van 'n teologiese antropologie is om die breë kontoere te ondersoek en te beskryf waarbinne 'n Christelike antropologie en 'n kosmologie (leer van die skepping) uitgebou kan word (Vorster, 2011:593). In die huidige studie sou die doel van 'n teologiese antropologie dus wees om pastorante (verworpe individue) hermeneuties te probeer verstaan veral vanuit hulle verhouding met God (Louw, 1999a:156, 2008). Daaruit kan uitsprake asook aansprake oor die waarheid voorgehou word en die waarde en betekenis van hulle skepselmatige bestaan verder ontsluit word (Louw, 2005:17).

4.6.2 Die verband tussen teologiese antropologie en pastoraat

Daar is 'n hegte verband tussen die pastoraat en antropologie wat daarin bestaan dat teologiese antropologie die manier bied waarop daar (teologies) na die mens as skepsel gekyk en verstaan word met die oog op herstel en genesing (Louw, 1999a:157). Die teologiese antropologie is betreffende persone wat in die studie ter sprake is, uiters belangrik vir hulle verhouding met God (vgl. Barnard, 2014:58; Hanekom, 2005:9; Van der Vlies, 2013:47; Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:181). Dit gaan hier oor 'n nuwe begronding van die pastorante se bestaan waar hulle worstel binne die konteks van innerlike pyn en met 'n eie identiteit, funksie en bestemming (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 3.7; 3.7.1; 3.7.1.1; 3.7.1.2; 3.7.1.3). Hier geld veral hoe geloofsvolwassenheid ontwikkel nadat 'n ontoepaslike Godsbeskouing in 'n Skrifgefundeerde Godsbeskouing herstruktureer is (Louw, 1999a:156-157).

In die Skrif is God se handeling met die skepping bekendgemaak (Hanekom, 2005:9-10). Die Woord handel nie oor die wetenskaplike beskrywing van die mens se samestelling nie. God het nie in die Woord 'n teorie van menswees gegee nie, maar die Woord bied 'n duidelike blik op menswees, met die gevolg dat daar van 'n Bybelsgetroue mensbeeld gepraat kan word (Verhoef, 2000:11). Om mense wesenlik vanuit hulle verhouding met God te kan verstaan, is daar bepaalde grondmotiewe wat 'n beslissende rol in die beskouing van die mens speel. Hierdie motiewe is noodsaaklik in die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte van die pastorant wat na persoonlike lewensvervulling smag. Die pastorante moet volledige vervulling van hulle hoogste roeping in Christus kan vind soos uiteengesit in Filippense 3:14 (Denton, 2010:75; Hanekom, 2005:12; Louw, 1999a:21, 180, 195; Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:182-183). Die rede is dat ontoepaslike opvattinge oor God geloofsgroei rem. Dit is een van die belangrikste redes waarom mense nie hulle geloof as bron van hoop sinvol te midde van eksistensiële lewenskrisisse kan beoefen nie (Louw, 1999a:21).

4.7 TEOLOGIESE GRONDMOTIEWE IN DIE PASTORAAT

Vervolgens word gefokus op 'n pastorale teologiese mensbeeld wat gebou is op die volgende grondmotiewe oor die mens wat vir pastorale terapie onontbeerlik sou wees (Van Jaarsveld & Janse van Rensburg (2002a:182):

- as beeld van God;
- as verbondswese;
- as verhoudingswese; en
- as sondaar.

4.7.1 Die mens as beeld van God

Die Bybelse verwysings wat spesifiek na die mens as beeld van God (*imago Dei*) verwys, ontspring uit Genesis 1:26-27 (Van Wyk, 2013:5). Beeld van God soos waarna in Genesis 1:26-27; 5:1 en 9:6 verwys word, bied die grondslag vir die verstaan van die Bybelse leer oor die natuur en waarde van die mens (Barnard, 2014:44; Hanekom, 2005:15; Van der Vlies, 2013:47; Verhoef, 2000:13; Vorster, 2011:609; vgl. Heb 1:1-4; 1 Kor 11:7; 2 Kor 4:4; 2). Elke mens is uniek geskep en gevorm, anders as enige ander skepsels van God (König, 1991:22; Verhoef, 2000:19). Genesis 1:21, 24 en 25 getuig hiervan in die sin dat al die ander lewende wesens na hulle eie aard gemaak is maar God het die mens na sy beeld en gelykenis gemaak (Gen 1:26-27; 5:1; 9:6; Berkouwer, 1962:70-71; Bezuidenhout, 2005:36, 40; Helberg, 1988:20; Oosterhoff, 1972:101). Alhoewel *imago Dei* deur die sondeval geskend is, is dit nie uitgewis nie (Bezuidenhout, 2005:48; Chapman, 2007:19; Van Wyk, 2013:7).

Toegepas op pastorate is dit 'n noodsaaklike beginsel dat hulle nie vanweë die liefdelose optrede van ander (selfs eie familie) minder beeld van God sou wees nie (vgl. König, 1991:25, 26; Verhoef, 2000:27). Om 'n soortgelyke rede sou geen pastorant ook minder deel van God se heilsplan wees nie. Dit is iets wat so 'n persoon duidelik moet begryp. Ofskoon mense struktureel en funksioneel deur die sondeval aangetas is (Van Wyk, 1992:11), kan hulle binne God se genade in verhouding met God bly (Kol 3:10; Van Wyk, 2013:7). Die mens se waarde en waardigheid (vgl. Gen. 9:6) strek verder as verhoudings met ander, wat beteken dat elkeen ander se menswaardigheid moet respekteer omdat hulle ook draers van die *imago Dei* is (Van Wyk, 2013:7).

4.7.1.1 *Versoening van die mens as beeld van God*

Volgens die Nuwe-Testamentiese getuigenis het Jesus elke mens se sondes op Hom geneem. Dit is kernbelangrik dat pastorate met hierdie wete bemagtig is (2 Kor 3:18). Pastorate mag weet dat hul verhouding met God herstel is (2 Kor 5:21) en hulle in Christus met God versoen is (Van Wyk, 1992:13). Deur God en in God kan individue wat verwerping ervaar het se menswees getransformeer word (2 Kor 3:18). Hulle word so gelykvormig aan die beeld van Christus (Rom. 8:28-29), wat die beeld van God uitdruk (2 Kor 4:4; Kol 1:15; Van Wyk, 1992:13; Bezuidenhout, 2005:45). Kolossense 3:9-10 en Efesiërs 4:24 beskryf die nuut geworde mens (ook pastorate as nuutgeborenes) as iemand wat vernuwe word tot kennis van die beeld van die Skepper. Daarby word die nuwe mens teenoor die ou mens gestel sodat God as Skepper se doel met die mens bereik kan word, naamlik om aan die beeld van Christus gelykvormig te word (Rom 8:28-29; Verhoef, 2000:33). Hierdie verhouding tussen God en mens word deur die genadeverbond omvou (Bezuidenhout, 2005:45).

God het vryheid aan die mens gegee toe Hy die mens na sy beeld geskep en vryheid as die voorwaarde vir liefde gestel het (Van Wyk, 2013:4). God het die mens nie slegs in ware geregtigheid en heiligheid geskep nie, maar juis om God as Skepper reg te kan ken, van harte lief te kan hê, saam met God te kan leef in die ewige saligheid, en God te loof en te prys (Van Wyk, 2013:7; vgl. Van Wyk, 1993:10; Vorster, 2011:599-600). Die belangrikste aspek in die Bybelse leer oor die mens as “beeld van God” is dat gelowiges opgeroep word om God in Christus na te leef (König, 1975:127). Dit geld ook diegene wat deur ander verwerp is of verwerp word.

Die betekenis van “na die beeld van God geskep” lê daarin dat die mens se emosies en eienskappe iets van God se aard weerspieël (Vosloo, 2007:8; Verhoef, 2000:12, 42). Pastorate kan oortuig wees van hul waarde omdat hulle weet dat hul eiewaarde nie bepaal word deur hulle besittings, prestasies, voorkoms, openbare beeld of selfs die aanvaarding deur ander mense nie. Dit setel in die wete dat hulle is na God se beeld geskep en gevorm is (Vosloo, 2007:8).

4.7.2 Die mens as verbondswese

Die gelowige mens leef in 'n liefdesverbintenis met God. Die kernaspek van so 'n verbond is dit wat mense aanmekaar bind en niks is nader aan die hart van die Bybelse konsep as die onaantasbare band van God se verbintenis met diegene wat aan God behoort nie (Robertson, 1980:4). Die verbondsmens is eerstens 'n eskatologiese verbondswese wat gebonde is aan God wat deur hierdie verbintenis aan die mens se lewe sin en betekenis gee. As

verbondswesens is die mense in God geborge en moet hulle by God pas (König, 1991:9, 19, 21). Om in gemeenskap met God te leef, is 'n wesenlike element van die gelowige mens se bestaan. Wanneer die mens dus met God ontmoet, word so iemand God se bondgenoot en God se verhouding met hulle is persoonlik (Helberg, 1996:227; Louw, 1999a:95). Dit is vir pastorante belangrik om aan God gehoorsaam te wees, om Hom lief te hê, dankbaarheid teenoor God te bewys asook om heilig en getrou te leef. Dit bring sulke persone nader aan God (Bezuidenhout, 2005:43).

Ten spyte van die sonde-aspek verwys die mens se verbondsmatige aard na God as genadig, wat in liefdestrou, barmhartigheid maar ook met toorn op die mens gefokus bly (Denton, 2005:85). God tree as Verbondsgod nie slegs bevrydend op teenoor persone wat verwerping ervaar het nie, maar ook eisend en tereg wysend en openbarend deur te handel as die God van reg en geregtigheid (Barnard, 2014:47). God se verbondshandelings is dus tegelyk genade-handeling. In dié verband getuig Genesis 15 en 17 van God se besondere genade in die verbondsluiting met Abraham en sy nageslag (Bezuidenhout, 2005:51). Deur die gebruik van die sakramente (die doop [Kol 2:11,12] en die nagmaal [1 Kor 11:23-29]) is die gelowige verseker van God se verbondstrou in Christus en deur die Heilige Gees. Die uiteindelijke doel (vgl die navorsingstema) is die herstel van die oorspronklike beeld van God in persone wat verwerping ervaar het (Bezuidenhout, 2005:53).

Die verbondsraamwerk bied aan die pastorale gesprek die konteks waarbinne die berader God aan die pastorant as liefdevol en genadig kan kommunikeer (Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:184). God verpersoonlik die verhouding met pastorante deur beloftes van verbondstrou in Christus en deur die werk van die Heilige Gees in hulle (Bezuidenhout, 2005:53).

4.7.3 Die mens as verhoudingswese

Die mens is nie bedoel om slegs één mens in verhouding tot één ander mens te staan nie (König, 1991:11), maar om in gemeenskap met mense te leef. As verhoudingswesens is mense slegs *mense* binne hulle verhoudings, dit wil sê waar individue liefde en sekuriteit in verhouding met God, medemens en natuur beleef (Hanekom, 2005:43; Heyns, 1981:128). Voor die sondeval was liefde en sekuriteit 'n gegewe binne die mens se verhouding met God en mekaar. Die sondeval het egter vrees ingedra saam met skuld en skaamte (Hanekom, 2005:44) (verw. 2.7.4.3; vgl. Gen. 3:10).

Volgens 'n teologiese antropologie staan mense in verhouding tot God, hulleself, die naaste en omgewing. Al hierdie genoemde verhoudings is kardinaal vir die bestaan en voortbestaan

van die mens (Denton, 2010:77; Heyns, 1981:128; vgl. Steenkamp, 2007:72; Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:182). By pastorante is van hierdie verhoudings moontlik versteur of kon selfs vernietig gewees het (soos met een wat die rug op God gekeer het). Gevolglik moet sulke individu se persoonlike verhouding met hulle Verlosser en Middelaar deur die inwonende Heilige Gees in 'n herskeppingsproses herstel word (2 Kor. 3:18; Bezuidenhout, 2005:63). Rousseau (2010:1) wys in dié verband op iets belangriks: die gelowige se hele lewe is inderwaarheid 'n proses waarin hy “gered-wordend” (met verwysing na Hand 2:47) met God in die gemeente saamleef. Dit val saam met die voortgaande soteriologiese stelling in Filippense 1:6 (volkome redding en vrysprak) dat God lewensveranderend in kinders van God werk. Rousseau (2010:1) stel dit soos volg: “Dit is 'n lewe vanuit wat ons reeds in Christus is (1 Joh 3:2) na wat ons ook toenemend moet word, naamlik kinders van God volgens God se verordining” (vgl. Louw, 2005:229; Rom 8:29).

4.7.4 Verhouding tot God

As Skepper en Onderhouer van die mens soos beskryf in Genesis 1, 2 en Psalm 24 staan God in 'n verhouding tot die mens en die mens tot God (Nel, 2005:17). In hierdie wederkeurige verhouding tussen God en mens is die mens 'n aangesproke en antwoordgewende wese (Helberg, 1996:228; Heyns, 1981:128; Vorster, 2011:610). Die mens is deur God geskep as wese wat teenoor die Skepper staan. Kenmerkend van hierdie verhouding is God se selfopenbaring aan die mens deur die Woord waar God terselfdertyd aan die mens die gawe van rasionaliteit gee om daardie Woord te ontvang (Vorster, 2011:595). God bepaal hoe hierdie verhouding moet verloop. Pastorante kan hieruit bemoedig word, naamlik dat God waarde heg aan hulle lewe as lewende beeld wat God verteenwoordig (Gen 9:6; Helberg, 1996:228; Van Wyk, 2013:4).

In hierdie verhouding met God kan die disfunksionele, patologiese scenario waarin iemand se biologiese ouer/s hom/haar verwerp het, omgekeer word: die mens se verhouding met God is 'n Vader-kind-verhouding (Gen 5:1-3; Helberg, 1996:228). In verhouding tot God vind dialoog tussen God en die pastorant plaas. Hulle het die wete: God maak telkens bemoeienis met mense deur hulle op te soek om met hulle te praat; God dink deurentyd aan die mens (vgl. Gen 3:9; 4:6; 7:1; 8:1, 15; Eks 3:12, 14; 7:1). Van die mens se kant tree individue in gesprek met God deur hulle Skepper aan te roep, byvoorbeeld in gebed (vgl. Eks 3:11, 13; Ps. 22:2, 3; 27:7; 28:1, 2).

4.7.5 Verhouding tot die self

Die Skrif spreek die mens in totaliteit aan, dus moet die totale mens voor God verantwoording doen (Hanekom, 2005:11). Voorts besit elke mens 'n bepaalde beeld van die self as skepsel en beelddraer van God (Denton, 2010:78). Die geskaphed van die mens as liggaamlike, religieuse en psigologiese wese bring mee dat individue selfstandig bestaan (Bezuidenhout, 2005:64) maar ook met hulleself in 'n verhouding is. Dit geld nie minder nie vir pastorante (in hierdie geval diegene wat verwerping beleef het). Verhouding tot die self is nie slegs om oop te wees vir ander nie (Heyns, 1981:134), maar behels ook selfwees en selfbly. In kern beteken dit mense se verhouding tot die self weerspieël interne kennis, respek, ontplooiing, kritiek, liefde, refleksie, handhawing, motivering en aktualisering (Bezuidenhout, 2005:64; Denton, 2010:78; Heyns, 1981:134; vgl. Steenkamp, 2007:74-75).

Sommige pastorante beskou hulleself heeltemal anders (negatief) as wat hulle werklik in Christus is (verw. 2.7.4.2.c; 2.7.4.3.e; 2.7.4.4.e). Hulle sien hulle ook nie soos God hulle sien nie en gaan gebuk onder 'n swak selfbeeld (Anderson, 2000:30). Daarteenoor is dit vir alle menses, insluitend pastorante, nodig om hulle identiteit in Christus te verstaan sodat hulle werklik aan 'n nuwe lewe in Christus kan deelhê (Anderson, 2000:34). Hierdie proses is alles behalwe selfverheffing – Paulus doen juis 'n oproep tot gelowiges om nederig te wees en dat individue hulle moet sien soos hulle deur genade in Christus is (Ef 2:8-9; Fil 2:3-4).

Die eerste beginsel wat op alle mense van toepassing is om 'n lewe te lei wat vir God aanneemlik is (Rom 12:1). Dit beteken om nie meer van die “self” te dink as wat 'n mens mag nie. Hierdie ingesteldheid is uitgestippel in Romeine 12:3 en sou dus van alle gelowiges vereis om hulleself te sien soos God hulle sien. Die Skrif lê dit dus neer dat gelowiges niks uit eersug of selfsug moet doen nie (Van Rensburg, 2007b:1841; Van Rensburg, 2009a:1868; Van Rensburg 2009b:1890). In die lig hiervan moet pastorante in die pastorale gesprek begelei word om te besef dat God se geregtigheid seëvier (vgl. Rom 12:19) en die menslike ongeregtigheid tot niet maak deur die kruis en opstanding (vgl. Rom 4:25).

Uit die empiriese navorsing is bevind dat verwerping die weerspieëling van God se eienskappe en oortuigings teenwerk waar dit gaan oor verworpenes se eie waarde en die beeld wat hulle van God het (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4; 2.8.1; 2.8.2). Pastorante (wat dalk steeds verwerping beleef) kan emosies van vrees, skuld en skaamte teenoor God ervaar (verw. 2.7.4.3). Volgens Genesis 3:10 het die eerste mense bang geword en vir God weggekruipt weens vrees, skuld en skaamte wat hulle teenoor God ervaar het (verw. 2.7.4.3). Daarteenoor nooi God die verworpe persoon uit om na die Here toe te kom (Matt 11:28-30):

Kom na My toe, almal wat vermoed en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle

en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;... want my juk is sag en my las is lig.

4.7.6 Verhouding tot die medemens

God het die mens in verhouding met ander mense geskep (Gen 1:26-28) en dit is heel eerste vergestalt deur vir Adam 'n genoot te skep wat by hom pas (Gen 2:18; Helberg, 1988:22). Die mens se omgewing is een van gemeenskap met ander. Voorts is mense slegs binne die volmaakte vertikale verhouding tot God in staat om in 'n meelewende "horisontale" verhouding tot ander te leef (Denton, 2010:79; Heyns, 1981:130). Binne die konteks van verhoudings word God se heiligende werk (Fil 1:3) in gelowiges van krag, want individue kan nie "beter" in hulle verhouding tot God wees as die manier waarop hulle in verhouding tot hulle naaste/medemens leef nie (Matt 22:37). Inderwaarheid sou daar van 'n verhouding tot God geen sprake wees buiten, of sonder opregte naaste-verhoudings nie (1Joh 4:7 e.v.). In hierdie verband verduidelik Rousseau (2010:181-182) die saligspreking in Matteus 5:8 (saamgelees met Matt 5:23-24) dat hierdie opregtheid neerkom op reinheid van hart, dit wil sê dat iemand met 'n skuldgevoel as gevolg van enigiets verkeerd aan 'n ander persoon gedoen, nie in opregtheid tot God sou kon nader nie.

Hierdie aanwysing kan toegepas word deur 'n pastoraal wat verwerping beleef het of steeds beleef van mense en diene wat die naaste aan hom/haar is. Hierdie individu kan steeds kies om, ten spyte van wat hy/sy moet verduur, daardie persoon/e steeds lief te hê (Matt 22:37-40; Joh 13:37-35; 15:9-17; 1 Joh 4:7-21) deur Jesus se voorbeeld van liefde te volg (Blackaby & Blackaby, 2009:36-40). Wanneer 'n verwerpene in die liefde van God bly, deurdring dit alle aspekte van so 'n persoon se lewe en vloei dit ook na ander deur (Blackaby & Blackaby, 2009:39). Dit dien as teenvoeter vir negatiewe innerlike belewenisse (verw. 2.7.4.3) wat lei tot negatiewe selfpersepsies en selfwaardes (verw. 2.7.4.3). So 'n regstelling sou veral uiters belangrik wees vir die manier waarop en graad waartoe iemand se Godsbeskouing beïnvloed is/word (verw. 2.8.1; 2.8.2; Blackaby & Blackaby, 2009:39).

4.7.7 Verhouding tot die omgewing

Die mens en die natuur is wedersyds aangewese omdat die mens uit die aarde geskep is (Gen 2:7). Gevolglik is mense bedoel vir die aarde en vir hulle bestaan van die natuur afhanklik (Heyns, 1981:135; Van Wyk, 1996:27). Mense kan slegs *mense* wees binne verhoudings met God en die medemens, wanneer hulle *mense* binne 'n verhouding met die wêreld/natuur is (Faul

& Hanekom, 2011:44). Die mense het die opdrag van God gekry om die aarde te bewerk en te bewaak (Gen. 1:28, 29; 2:15) en moes hulle in die natuur verbly (Ps 65:104, 147; Heyns, 1981:136; Steenkamp, 2007:75). Toegepas op die huidige navorsing: Persone wat verwerping ervaar het, moet in totaliteit beeld van God wees, ook in die manier waarop hulle in harmonie met die natuur leef. Sonder hierdie harmonie, gaan iets verlore in hulle menswees, iets van om waarlik mens te wees (Van Wyk, 1996:27).

4.7.8 Die mens as sondaar

As gevolg van sonde het mense hulle gemeenskap met God verloor (Rom 5:12) asook die gawes van kennis, geregtigheid en heiligheid (Vorster, 2011:591). Genesis 2 en 3 verhaal in die “tuingebeure” dat die eerste mense uit eie keuse toegegee het aan die versoeking van Satan. Daarmee het hulle hul nageslag onderwerp aan die vervloeking van God en die gevolglike dood (Bezuidenhout, 2005:47).

Sonde skaad die mens as beeld van God, as verbondswese en as verhoudingswese (Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:182). Die konsep van die mens as beelddraer van God word op verskeie maniere verderf en verdraai as gevolg van sonde, maar die mens se verhouding met God, die medemens en die wêreld is nie vernietig nie (Denton, 2010:77; Vorster, 2011:604, Van Wyk, 2013:7). Vir die herstel van verhoudings moet daar verantwoordelik met die vernietiger, naamlik die sonde, gehandel word. Dit is noodsaaklik dat die konsep oor en aard van sonde verstaan om reg te kan leef (Rousseau, 2010:44). Metz (1971:74) stel onomwonde dat 'n verkeerde begrip van sonde ook die verstaan van heiligmaking verdraai. In hierdie verband verwys *heiligmaking* na gelowiges se toegewydheid aan God in die alledaagse lewe (vgl. Rousseau, 2010:1). Die veelkantigheid van sonde in daadvorm (Heyns, 1981:175) kan mislukking, opstand, ongehoorsaamheid, liefdeloosheid, selfsug en hoogverraad insluit. Hierdie begrip is belangrik omdat dit direk met verhoudings in verband staan.

Op die navorsing toegepas, kan pastorante die leuen van die sonde glo wat weens verwerping ontstaan het, naamlik dat hulle nikswerd, onbemin, onwelkom, 'n mislukking, lelik, dom ensovoorts is (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.8.1; 2.8.2). Daarteenoor geld Louw (2005:229) se kwalifikasie van toewyding aan God as daaglikse oorgawe aan 'n gerigtheid op Christus en die koninkryk van God om die sonde te oorwin. Pastorante kan in Christus 'n oorwinnaar wees; Christus het oorwinning behaal oor Satan aan die kruis en God is dus aan die pastorant se kant (Rom 8:31). Christus het ook pastorante se sonde versoen (1 Pet 2:24) sodat God ook hulle vryspreek deur hulle geloof in Christus (Vergeer, 2009:1757, 1756).

4.8 DIE BREIN AS GODGEGEWE DENKMEGANISME

God het die mens as rasionele wese geskep. Die mens se funksionering behels die denke en gedrag (wat weens die sonde verderf is, Rom 5:12) en die uitwerking daarvan. Hierdie menslike aspekte word duidelik sigbaar by die individu (in dié geval verworpenes) se uitgeleefde rasionaliteit (Rom 1:25). Die sondeval het die mens van God vervreem (Gen 3) en menslike denke verduister (Ef 4:18, vgl. Rom 1:21-22). Sonder God is daar geen sinvolle toekoms vir die mens nie, en mense wat só van God vervreemd geraak het, se gedagtes lei tot niks (Faul & Hanekom, 2011:57; Maree, 2010:70).

Die mens kan egter aan die brein (fenomenale skeppende meganisme) instruksies gee om uitdagende doelwitte te bereik (Van der Merwe, 2005C:77). Binne die interaksie tussen die mens se bewuste en onbewuste speel waardes (hoop, wil, doelgerigtheid, betroubaarheid, liefde, geskiktheid sorgsaamheid en wysheid) 'n belangrike rol in die menslike ego (Louw, 1999a:256; verw. 3.9.2.1 – Erikson se ontwikkelingsteorie). Weens die mens se vervreemding van God (Gen 3) word individue se verstand in die war gebring met die gevolg dat hulle nie die waarheid kan insien nie (Faul & Hanekom, 2011:57).

Hierdie ingesteldheid kan inderdaad ook na verwerping deurgetrek word, want die manier waarop en die graad waartoe dit 'n individu se Godsbeskouing beïnvloed (verw. 2.4.4.4; 2.8.1; 2.8.2) bemoeilik die stryd om daardie persone se denke nuut te maak (Rom 12:2). Verwerping veroorsaak dat so iemand dit moeilik kan vind om positief oor God te dink (verw. 2.7.4.4). In die geestelike stryd om vernuwing van die mens se gedagtes (Ef 4:23) vind hierdie wanbeeld aansluiting by Efesiërs 6:11-17 (Faul & Hanekom, 2011:57; Van Rensburg, 2009a:1880). Hier bo is aangedui dat verwerping moontlik 'n mens se Godsbeskouing kan beïnvloed. Gevolglik is daar die moontlikheid dat verworpenes ontoepaslik oor God kan dink (verw. 2.7.4.4). God is dus juis nié soos verworpenes dink nie. God is juis alomteenwoordig (Hand 7:48), alwetend (Heb 4:13), almagtig (Gen 17:1), onveranderlik (Jak 1:17), regverdig (Jes 6:1-3), louter liefde (1 Joh 4:8) en waarheid (Rom 3:4).

4.8.1 Emotiewe breinboodskappe

Van der Merwe (2005c:74) stel dit dat die strewe na intellektuele, fisiese en emosionele doelwitte 'n algemene gevoel van behaaglikheid veroorsaak. Dit geskied weens die verhoogde aktiwiteit van die chemiese (neuro-) oordragstowwe van die brein (vgl. Van Niekerk, 2007:38, 42). Emosies en denke oefen 'n wedersydse invloed uit en speel 'n belangrike rol in die pastorale verstaan van begrippe se betekenis (Louw, 1999a:243; vgl. Van Niekerk, 2007:28).

Die mens as skepsel is emosioneel, want God het emosie; in Genesis 6:6 word God se emosie oor die mens se sondigheid uitgedruk in die stelling dat God die mens se skepping berou het. God voel “diep seergemaak” as gevolg van die mens se ongehoorsaamheid (Chapman, 2007:19; Kruger, 2003:92).

Toorn (heilige woede) word dikwels met God vereenselwig (bv. Rom 1:8; 2:5; 3:20; Spr 24:12; Matt 25:45; Heb 10:31). Tog kan God ook lag (Ps2:4; 37:13; 59:9; vgl. ook Kruger, 2003:92). God se toorn (1 Kon 11:9) is altyd geregverdig. Psalm 30:6 getuig: “Waarlik, sy toorn duur net ’n oomblik, maar sy goedheid lewenslank.” Hierin is as’t ware die norm vir menslike toornigheid, naamlik om soos God woede te ervaar. Teenoor die kortstondigheid van God se toorn, besing die psalmdigter God se goedheid wat lewenslank is en in Psalm 86:17 vra hy dat God van hom ’n voorbeeld van God se goedheid sal maak.

4.8.1.1 *Emosies*

Venter (2005:17) omskryf emosie as “an internal state that often results from our thoughts, it can be pleasant or unpleasant and can motivate our behaviour”. Daar is ’n noue verbintenis tussen gedagtes en gevoelens (vgl. Hanekom, 2005:108). Gedagtes se oorsprong lê in die denke (Venter, 2005:17). ’n Gedagte is ’n boodskap wat van die brein ontvang word en wat ’n wens, begeerte of verwagting verwoord. Die dinge wat ’n mens dink, kan jou gevoelens verander. Die emosionele belewenisse van pastore wat verwerping ervaar het, speel ’n groot rol in hulle emosionele belewenis van God asook manier waarop en die mate waarin dit hul Godsbeskouing beïnvloed (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4; 2.8.1; 2.8.2).

Emosies word in vier hoofgroepe ingedeel, naamlik vrees, woede, droefheid en gelukkigheid (Venter, 2005:17). Day (2004:55) noem byvoorbeeld dat kwaad/woede altyd ’n uitdrukking van emosie teenoor mense is (vgl. Gen 4:5), nie teenoor dinge of voorwerpe nie. In die huidige studie is die fokus op vrees, skuld en skaamte (vgl. Denton, 2010:59-61; 254-305) as gevolg van verwerping. Sonde word in verband gebring met mense se vervreemding van God en die selfsugtige onderhouding van eie belange ten koste van ander (Louw, 1999a:197). Verwerping beïnvloed individue se emosies sodanig dat hulle reaksie daarop is om kwaad, arrogant of krities te wees. Soms word hierdie emosionele reaksie so diep weggesteek dat dit tot ’n uitbarsting kan lei (vgl. Gen 25:31-34; 27:38; vgl. ook Hepden 1992:28).

In Kain se geval het sy gevoel in reaksie op die nie-aanvaarding van sy offer geëskaleer tot ’n bitter jaloesie jeens sy broer. In Genesis 4:8 is die reaksie soos volg verhaal: “Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain vir Abel oorweldig en hom doodgemaak.” Kain se verloëning van God lei tot die miskenning van sy beeldwees van God. Sy woede teenoor God oor sy offer wat nie aangeneem is nie, lei daartoe dat Kain ’n slegte gevoel teenoor sy broer Abel begin koester, wat eindelijk tot sy broer se dood lei (Waltke,

2007:271; vgl. Gen 37:4, 19-20; 27).

4.9 SELFKONSEP

Selfkonsep dui op hoe mense hulleself sien (Hepden, 1992:12). In die Skrif word 'n positiewe selfkonsep voortdurend bevestig, dat die mens:

- in God se oog waardevol is (Jes 49:16; vgl. ook Collins, 2005:367);
- medeskepper van God op aarde is (Gen 1:26-27);
- verteenwoordiger van God is (Gen 1:28; Ps. 8:7, Matt 28:18, Hand 1:8); en
- 'n ewigheidswees is (Joh 10:28; 1 Kor 15:44-49; 2 Kor 5:1-9).

Die mens se negatiewe erfenis uit die sondeval is egter dat eenheid met God verbreek is. In hierdie sin verloor individue wat verwerp word, talle kere ware begrip van wie hulle werklik is (Anderson, 2000:23-24).

Van Wijk (2010:35) stel dit dat die wonde van die verlede 'n persoon se persoonlikheid kan oorheers en later die mense naaste aan daardie een negatief beïnvloed. Hierdie proses word duidelik geïllustreer in Genesis 4:8. Kain se negatiewe gedagtes het daartoe gelei dat hy die moord op sy broer beplan en uitgevoer het. Die verwronge begrip van wie Kain werklik is, naamlik die broer van die mens wat hy gaan doodmaak, het die gaping gelaat vir negatiewe innerlike belewenisse (verw. 2.7.4.3). Die feit dat Kain se offer nie aanvaar is nie, het niks aan sy waarde in God se oog verander nie, maar Kain het dit so bedink en 'n medeskepsel van God vernietig.

4.9.1 Negatiewe innerlike belewenisse

Wanneer mense uit eie krag probeer leef en nie aan God vir hulle lewe erkenning gee nie (Hanekom, 2005:11), kan hulle selfwaarde en innerlike belewenis negatief raak (verw. 2.7.4.3). Sodanige innerlike belewenisse (verw. 2.7.4.3) gee aanleiding tot 'n negatiewe selfbeskouing en selfwaarde (verw. 2.7.4.3). Dit lei feitlik onvermydelik tot 'n ontoepaslike Godsbeskouing (verw. 2.7.4.4; 2.8.1; 2.8.2). Vir die vorming van of herstel tot 'n toepaslike Godsbeskouing is dit, daarteenoor, uiters belangrik dat pastore 'n gesonde persepsie van hulleself het.

Benewens kennis van God is begrip van wie 'n mens werklik is die belangrikste waarheidskennis waaroor daardie een kan beskik (Anderson, 2000:34). Teenoor negatiewe

innerlike belewenisse kan pastorante 'n gesonde selfbeskouing handhaaf wanneer hulle vanuit 'n Bybelse Godsbeskouing hulle vermoëns sien as gawes van God en dit aanwend binne die riglyne wat God daarvoor gegee het (Hanekom 2005:11). Die Here se waardering vir gelowiges spreek uit Matteus 5:14: "Julle is die lig van die wêreld," en Johannes 1:12: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo." Dit is daarom noodsaaklik om pastorante terug te bring na die regte Godsbeskouing om sodoende binne 'n herstelde verhouding tot God ook positief oor hulleself te wees.

Daar is velerlei vorms van negatiewe innerlike belewenisse, wat kortliks hier onder aangedui word.

4.9.1.1 Vrees en skuldgevoelens

Die vrees vir die dood is basies die kern van alle vrese, maar dit sluit ook die vrees vir mense of Satan in (Anderson, 2000:17; Hanekom, 2005:29-37). Teologies gesien, word vrese egter in 1 Korintiërs 15:54-55, Johannes 11:25, 26 besweer deur die wete: Al sterf 'n gelowige, bly hy/sy lewe. Filippense 1:21 gee die versekering dat elkeen wat vry is van vrees vir die dood, vry is om werklik te leef (Anderson, 2000:17). In God se genade kan vestings van vrees afgebreek word (Kol 1:13; Ef 5:8; verw. 3.9.2.1.a. Hierdie insigte is vir pastorante uiters belangrik. Dit is immers die emosionele of waarneembare reaksie van persone wat verwerping ervaar het asook hulle persepsie van wat in hulle lewe gebeur (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; Anderson, 2000:57).

Volgens die skeppingsverhaal het Adam en Eva se skuldgevoelens hulle vir God laat wegkruip (Gen 3:8). Daardie gevoel was die gevolg van die ongehoorsaamheid waarvoor hulle self verantwoordelik was. Verworpe mense word dikwels deur skuldgevoelens geteister ten spyte daarvan dat hulle nie aan enigiets skuldig was nie (verw. 2.7.4.3). Dit sluit aan by die gevoelens van vrees wat pastorante kan koester en hulle laat wegkruip (Vosloo, 2009:19) – al sou die wegkruip bloot beteken dat hulle hul van ander mense onttrek het. Daarteenoor, net soos met vrees, kan persone wat verwerping ervaar het, al daardie skuldgevoelens neem na God wat vir hulle omgee (1 Pet. 5:6-9; Anderson, 2000:87).

Op die huidige navorsing toegepas: Pastorante hoef nie skuldig te voel, bang te wees of weg te kruip oor iets wat hulle nie verkeerd gedoen het nie. Hulle mag God vertrou in en deur Wie hulle van oorwinning verseker kan wees (Anderson, 2000:62; vgl. ook 1 Sam 17:32,37; Fil 4:6). Deur God se genade kan die skuldgevoelens (verw. 2.7.4.3) juis bydrae om bevryding van skuld op te lewer (Denton, 2010:87), want God se genadige vergifnis (Luk 6:27; 1 Joh 1:9; Ps 32:5) staan vas. Jesus se heerskappy is deur vergifnis van sonde bekendgemaak (Luk 5:17-26, vgl. Nel, 2005:123): "... dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op

aarde sondes te vergewe" (Luk 5:24).

4.9.1.2 Skaamte

Skaamte is 'n interne evaluering van die selfbewuste of self-blamerende emosies (Denton 2010:88). Sulke emosies fokus dan op die oortreding en mislukking van 'n persoon se persoonlike of gemeenskaplik geïnternaliseerde morele standaarde (vgl. Hanekom, 2005:1929). Vanweë die sondeval word mense se verhoudings op verskeie maniere geraak (Denton, 2010:89): deur die ervaring van skaamte (Gen 3:8), verhouding met God (Gen 3:8), die naaste (Gen 3:7), hulleself (Gen 3:19) en die natuur (Gen 3:17). Skaamte veroorsaak verwarring en verleentheid (Jer. 3:25; Ps 44:15) en lei ook tot berou (1 Kor 6:5; 15:34; Denton, 2010:89). Berou as sodanig is nie 'n negatiewe innerlike belewenis nie, omdat persone wat ware berou toon oor iets waaraan hulle skuldig is, altyd van God se vergifnis seker kan wees.

Die konsepte "versoening" en "vergifnis" word soms misverstaan en verkeerd voorgehou, gevolglik word hier onder kortliks daarop gefokus.

4.10 VERSOENING EN VERGIFNIS IN DIE SKRIF

Versoening en vergifnis is as eenheid 'n wisselwerkende konsep en beginsel wat deurlopend in die Bybel voorkom. Dit kan met die twee kante van 'n muntstuk vergelyk word: onafskeibaar verbonde, maar elkeen met 'n eie "gesig". Vergifnis loop hand aan hand met versoening. Daarby moet duidelik gestel word dat vergifnis nie sonder versoening moontlik is nie. Dit spreek onteenseglik uit die goddelike soteriologie (2 Kor 5:21). Deur die volkome redding het Jesus vir die mens gedoen (Heb 9:12) wat vir mense self onmoontlik is, naamlik om hulle sonde met God te versoen.

Jesus se bloed het gevloei sodat versoening en vergifnis moontlik geword het. Versoening is die onomseilbare verpligting wat op iemand rus wat aan 'n ander verkeerd gedoen het. Dié plig blyk duidelik uit Matteus 5:23-24 saamgelees met Matteus 5:8, wat lui: "Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien." Enersyds is hierdie saligspreking oor reinheid van hart spesifiek vir die volk van die Here betekenisvol (Rousseau, 2010:182), maar andersyds stel dit die Bybelse standaard vir verhoudings tussen alle mense en veral met God. In Matteus 5:23-24 stel Jesus die noodsaaklikheid om in die regte verhouding tot iemand se naaste (broeder) te wees. So 'n ongeskonde verhouding is noodsaaklik om tot God te kan nader: "As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe." Tereg geld die opvolgende saligspreking in Matteus 5:9: "Salig is die

vrede makers, want hulle sal kinders/seuns van God genoem word.”

Gestel iemand het teen ’n ander verkeerd opgetree, en daardie persoon verwerp, en die oortreder wil die verhouding met die verwerpe persoon herstel. Dan is daardie verontregte persoon verplig om die een wat hom/haar verontreg het, te vergewe. Wie weier of versuim om ’n persoon wat versoenend optree te vergewe, is erger as onversoenlik – nie eens God weier om persone wat hulle sonde bely te vergewe nie (1 Joh 1:9).

Moontlik kan ’n persoon wat iemand verwerp het, glad nie versoenend teenoor die verwerpe een optree deur dít wat gedoen is/word te bely nie. In so ’n geval kan die verwerpe persone steeds deur die genade wat God aan hulle bewys het, vergifnis skenk. Om nié te vergewe nie, is om gevange te bly (2 Kor 2:11) met die gepaardgaande ontoepaslike vrees, skuld en skaamte wat uitloop in negatiewe selfpersepsie en afbrekende selfwaarde (verw. 7.4.3.3). Dit kan weer ’n persoon se Godsbeskouing beïnvloed (verw. 2.7.4.4; 2.8.1; 2.8.2; Anderson, 2000:165). God waarsku gelowiges om nie onvergewensgesind te wees nie, want dit hou gewisse gevolge in (Matt 18:21-35). Daarom is dit noodsaaklik dat persone wat verwerping ervaar/het, diegene wat hulle verwerp/het, sal vergewe sodat hulle ook vergewe kan en sal word (vgl. Matt 6:14-15; 11:25-26, 18:18-35; Luk 6:37; Kol 3:13).

Vergifnis speel gevolglik ’n beslissende rol by individue wat verwerping ervaar het, want dit raak hulle verhouding met God, hulleself en hul medemens (Denton, 2010:92). In God se koninkryk is vergifnis die grondbeginsel vir God se verhouding met die mens asook die mens se verhouding met ander, en dit beïnvloed vertikale sowel as horisontale verhoudings (Maree, 2010:82). Met verwysing na wat hier bo aangevoer is, behels om te vergewe dat ’n mens afstand doen van die negatiewe gevoelens van die verlede. Hierdeur kan die pastorante vry raak van die gevolge van hulle ontoepaslike vrees, skuld- en skaamtegevoelens (verw. 2.7.4.3; Maree, 2010:82). Op dié manier herstel vergifnis die harmonie tussen die hart en die intellek, ongeag of diegene wat betrokke is, die vergifnis aanvaar of nie, en of genesing van verwerping kan plaasvind of nie (Maree, 2010:83).

4.11 GODSBESKOUING

Die voorstelling van God by pastorante het te maak met daardie persoon se bewussyn, konsepte, persepsies, idees, opvattinge en kennisies (Louw, 1997:72). Uit die empiriese navorsing oor die manier waarop en die graad waartoe verwerping respondente se Godsbeskouing beïnvloed het, is bevind dat sekere opvattinge, voorstellings, beelde en konsepte van God deur hierdie ervaring gevorm word. Dit spruit voort uit pastorante se ervarings by die ouerhuis en die naby verhoudings in die kinder- en jeugjare, in die stadia van

hul kinder- en volwasse lewe asook tydens interaksie met hul medemens (verw. 3.4.3.3; 3.4.3.5; 3.4.3.6; 3.4.3.7; 3.4.3.8; 3.5; 3.5.1; 3.5.2; 3.5.3; 3.5.4; 3.9.2.1.a).

Benewens die ervarings in 'n ouerhuis is daar talle faktore wat tot die vorming van 'n Godsbeskouing bydra. Dit sluit in mense se opvattinge oor kultuur, lewensvraagstukke, antropologiese voorstellings, religieuse kontekste, kerklike belydenisse, dogmas, persoonlike konstruksiesisteme, geloofservaring, volwassenheid in geloof, opvoeding en prediking (Collins, 1993:64, 65; Louw, 1997:72; Nel, 2005:15; Smit & Dreyer, 2000:301). 'n Ontoepaslike Godsbeskouing kan by 'n verworpe persoon 'n langdurige of selfs 'n lewenslange uitwerking hê en veroorsaak dat daardie een alle hoop verloor (Louw, 1997:72; verw 2.8.1; 2.8.2). Om so 'n wantoestand die hoof te bied, het pastorante berading nodig en moet gehelp word deur die ontoepaslike Godsbeskouing reg te stel en 'n Bybelse een te vestig. Die faktore wat in hierdie verband noodsaaklik is, word hier onder nader ondersoek.

4.11.1 Die name van God

Om by pastorante hoop te skep, geld die volgende aspekte as noodsaaklike Skrifgefundeerde intervensies in die verstaan van God: die name van God, metafore vir God asook die eienskappe van God (Denton, 2005:88; Goede, 2005:76-77; Louw, 1999a:149; Smith & Dreyer, 2000:302). Vervolgens word kortliks gefokus op die Skrifinhoude oor die uitwerking van God se liefde. Dit doel is om verder in hoofstuk 5 Skrifgefundeerde intervensies vir die herstrukturering van 'n ontoepaslike Godsbeskouing van nader te ondersoek.

Die name van God lewer 'n deurslaggewende bydrae tot die regstel en heropbou van 'n ontoepaslike Godsbeskouing binne die wanvoorstelling wat verworpe persone geneig is om van God voor te hou (Louw, 1998:239). Deur die geïnspireerde skrywers (2 Tim 3:16-17) openbaar God Homself as liefdevol en deur die eeue heen is God se liefde en geregtigheid bekendgemaak (vgl. Smit, 2009:46; Denton, 2014:4). Hierdie volkome liefde kom in die volgende name vir God na vore:

- **Skepper:** God is Skepper-God. God het die heelal en die mens geskep (Gen 1 en 2; Smit, 2009:47) en die Skrif spreek van God se ewige betrokkenheid (Ps 139; Jes 43:1-5). As Skepper is God nie vyandig of veranderlik teenoor die eie handewerk nie. Jesaja 43:1- 5 sê wie God is – binne konteks aan God se volk – en dit sou ook geld vir pastorante dat God hulle ook in nood bystaan. Pastorante kan daarop reken dat God vir hulle ook naby is (Prinsloo, 2009:990) en hulle kan hulle daarin verbly (Fil 4:4-5).

- **God as liefdevolle Vader:**
 - God is liefde – (Joh 13:34; 14:21, 23);
 - die Vader is volkome betroubaar – (Eks 20:2; Deut 32:4; Ps 106:1);
 - die Versorger op Wie daar gehoop word – (Ps 23:3; 36:8-10; Joh 16:23);
 - Beskermer – (Ps 103:13; Joh 9:11; Matt 12:20);
 - die Een wat omgee – (Ps. 139:1-5,15-16; Mark. 10:14);
 - die Een wat lewe gee – (Pred 3:11; Joh 6:44, 47, 54).
- **Geregtigheid:** God se woorde en daade is kongruent en Hy is louter geregtigheid – vergelyk Romeine 14:17 – deur die werking van ('in') die Heilige Gees. Die verlossing wat God skenk bestaan vir altyd (Jes 51:6). Die nuwe begin wat God met sy volk (wat ook vir pastorante sou kon geld) maak is 'n nuwe begin met die wêreld, en die redding wat God bring sal vir altyd wees (Prinsloo, 2009:998). Verwerping is 'n onreg wat teenoor enige persoon gepleeg kan word (verw. 2.7.4.1; 3.4.3.2), maar daarteenoor getuig Psalm 27:10 van God se ewige trou.
- **Die Almagtige:** God se almag word geopenbaar in Sy skeppingswerk deur Sy ingryping in Sy volk (vgl. Gen 1, 2; Gen 17:1; 48:4; Eks 20:2). Hierop kan pastorante eweneens in geloof vertrou.
- **Jesus Christus:** God het Homself volkome in en deur Sy enige Seun (Joh. 3:16) aan die mens geopenbaar (Joh. 1:18). In Johannes 1:14 is die stelling dat Hy mens geword het en veral in Johannes 1:18 blyk dit dat die Seun die Vader (letterlik) "hermeneutiseer", of vir die mens vertolk (vgl. Joh 10:15, 30). Jesus die Seun het Sy lewe gegee sodat daar 'n verhouding tussen Hom en die mens kan wees en verwerping deur 'n mens sluit so 'n verworpene nie van 'n verhouding met Hom uit nie. Die Seun en die Vader se daade is kongruent en niemand kan iemand wat Jesus volg (ook verworpenes) uit Sy hand steel nie en nog minder uit die hand van die Vader (Joh 10:28-29) (Van der Watt, 2009:1605-1606).
- **Verlosser:** God se ewige onveranderlike liefde word in die Persoon en werk van Jesus geken. Hy verlos die mens van die sondemag deurdat Hy hul sondeskuld eenmalig en volledig aan die kruis vereffen het (Heb 12:1-3). Deur geloof in Jesus is daar ook vir pastorante die vreugdevolle vooruitsig om vir ewig in 'n nuwe, volmaakte lewe saam met God die engele en medegelowiges in hemelse heerlijkheid te lewe (Heb 12:22-24; Vergeer, 2009:2034).

- **Opgestane en lewende Here:** Jesus het die dood oorwin, Hy is die opstanding (Joh 11:25) en is vir altyd die lewende Here. Dit gee ook aan pastorante 'n verwagting met 'n vaste waarborg, naamlik die opstanding van die dooies as 'n triomfantlike werklikheid by Christus se terugkeer (1 Kor 15:58; Du Rand, 2009b:1812).
- **Versoening:** Versoening beskryf God se verlossingswerk wat deur Jesus se kruisdood bewerkstellig is. Hy het geen sonde geken nie (2 Kor 5:21) maar ons sondes in Sy liggaam aan die kruis gedra (1 Pet 2:24). Dit is hierdie onskuldige offer wat mense wat aan 'n ander verkeerd gedoen het verplig om hul eie verkeerd-doen aan andere reg te maak (vgl. 4.10 met betrekking tot Matt 5:23-24 hierbo). God het die wêreld met Homself versoen (Rom 5:8) en dit sluit verworpenes nie uit nie. As die mens die versoening ontvang, ontvang hy die Versoener (2 Kor 5:20) – deur versoening het God mense, ook verworpenes, naby aan Hom gebring (Van der Watt, 2009:1905).
- **Die Heilige Gees:** God is gees (Joh 4:24) en Hy is openbaar in sy werke (Eks 3:1-3; Hand 1:8; Smit, 2009:47). Hy is die Een wat tot God se welbehag in mense werk (Fil 2:13).

4.11.2 Metafoor en titel

Binne die Skrif-openbaring laat God die mens toe om Hom te ken in die begrippe wat in sy Woord geopenbaar en in mensetaal daarin oorgedra is (Goede, 2005:22). Metafore word gesien as uitdrukkings van nie-letterlike, figuratiewe wyse van spreke, naamlik dat dit meer wil sê as wat rasonale taal en kognitiewe begrippe kan uitdruk; dit wil iets oor God sê wat nie in rasonale taal uitgedruk kan word nie (Louw, 1999b:339). Deur middel van die talle metafore en titels openbaar God sy liefdevolle en genadige wesenlikheid, só, byvoorbeeld, is Psalm 80 ryk aan sorg- en versorgingmetafore in die woorde God is Herder (Ps. 80:2-8) en die wingerdstok wat sy lote dra (Ps 80:9-20; Goede, 2005:22). In Psalm 23:1 word die titel Herder direk vir God gebruik (Burden, 2007:774), in Johannes 15:1 is God weer die landbouer en in 1 Korintiërs 3:16-17 is God die inwonende teenwoordige (vgl. Maré, 2015:27). Jesaja (64:8) stel God as Vader voor, in 66:13 weer as vertroostende ma; God is ons Rots (Ps 62:3) en Koning (Ps 145).

Die beskikbaarheid van God-metafore is vir die uitvoer van die normatiewe taak baie waardevol deurdat dit help om God te verstaan en wat gerig is op ontmoeting, kommunikasie, sinontsluiting, identiteit en humaniteit van die mens (Louw, 1999b:339) Tydens die pastorale ontmoeting met pastorante wat 'n ontoepaslike Godsbeskouing huldig, kan die negatiewe assosiasies uit iemand se kinderjare reggestel word wanneer die pastor, byvoorbeeld die Vader-, moeder-, of wingerdstok-metafoor gebruik (Louw, 1999a:112). Ouers is onteenseglik

en feitlik vanselfsprekend rolmodelle wat God by die kind verteenwoordig en behoort te vergestalt (Louw, 1999a:112) (verw. 2.7.4.2; 3.4.3.3) en hulle vervul 'n belangrike funksie in die vestiging van die voorstelling van God. Wanneer Godsvoorstellings as gevolg van verkeerde optrede (bv. verwerping deur ouers) versteur word, dan is dit noodsaaklik dat dit aan die hand van die Skrif weerlê word (Louw, 1999a:112; verw. 2.8.1; 2.8.2).

Pastorante moet bewus gemaak word dat die ontoepaslike beskouing wat hulle (moontlik) van God kan hê deur Hom met die persoon/persone wat hom verwerp het te assosieer, gewoon foutief en onwaar is. Die pastorale ontmoeting self kan dan as 'n kragtige metafoor van God se betrokkenheid dien en sy vriendskap, trou en betroubare liefde vergestalt (Louw, 1999a:117). Die begeleiding van pastorante tot die waarheid in Christus asook oor hulleself kan met behulp van die onderstaande metafore aangepak word deur die pastorant met die betrokke persoon of groep te interpoleer:

- **God as Vader:** Die Ou Testament (Deut. 14:1; Jes. 1:2; Hos11:1) stel God voor as 'n liefdevolle pa wat sy kinders (Israel) met liefde versorg en onderhou. Hierdie verhouding tussen God en sy volk word as 'n pa-kind verhouding uitgebeeld. Volgens Psalm 103:13 is God 'n Vader wat Hom oor sy kinders ontferm en Jesaja 63:7-16 teken God as Vader wat in sy groot liefde en genade na Israel (sy volk/kinders) omsien (Groenewald 2006:538-539).
- **Die wingerdstok en die lote:** Jesus se uitspraak in Johannes 15:5, "Ek is die wingerdstok, julle die lote," is sprekend daarvan dat die Here die Lewensbron is. Lewe in Christus behels die volgende:
 - dat mense nie ophou om in Hom te glo nie (Joh 20:30-31);
 - Hom aanneem (Joh 1:12) en voordurend met Hom assosieer (in Joh 6:53-34 uitgedruk om sy vlees te eet en sy bloed te drink);
 - om in geloof te volhard (Joh 14:1); en
 - om deel te hê aan die gemeenskap van die gelowiges, die liggaam van Christus (Du Rand, 2007a:1622; vgl. ook Du Rand, 2009a:1619).
- **Vriend van God:** Jesus verklaar in Johannes 15:15, "Ek het julle vriende genoem," – Hy noem mense sy vriende (Du Rand, 2007a:1622). God as Vriend waarborg intimiteit en bevestig vereenselwiging met die mens. Christus se kruis en opstanding is betekenisvol as gebeurtenis van versoening en bevryding wat tot "vriendskap" met God kan lei. Hierdie begrip deur verworpenes is allerbelangrik sodat hulle opnuut aanvaar word (Louw, 1999a:116).

- **Brood van die lewe:** Johannes 6:35, “Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie” is sprekend van geestelike versorging. Slegs Jesus gee en hou lewe in stand; Hy is geestelike brood wat Homself breek om die mens te kan voed. Hieruit kan verworpenes veel vertroosting put en hoef geestelik gesproke nie weer honger te ly nie. Binne hierdie verhouding met God kan ook hulle in geestelike oorfloed leef (Du Rand, 2007b:1600).

4.11.3 Eienskappe van God

Daar is enersyds 'n verskil tussen God en die mens en andersyds is daar ooreenkomste. Beide aspekte vloei voort uit die verbondsverhouding tussen God en mens (König, 1991:52). God se unieke attribute (almag, alwetend, en nog meer) het met Godheid te doen, maar God se antropomorfe, of menslike eienskappe, het betrekking op emosionele betrokkenheid by en verhouding met die mens (Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002b:209). Wanneer mense beskryf word, word verwys na hulle karaktertrekke of voorkoms-kenmerke, maar feitlik nooit word die woord *eienskappe* gebruik nie. Daarteenoor word daar feitlik deurgaans verwys na God se eienskappe. Collins (2001:67) stel dit gepas “An attribute of God is whatever God has in any way revealed as being true of Himself.”

Om 'n nie-Skriftuurlike en dus ontoepaslike Godsbeskouing teen te werk, is dit noodsaaklik dat 'n pastoraal moet weet hoe God werklik is. Pastoraal moet begryp dat God alles behalwe dit is wat hulle, weens die onmenslike optrede wat hulle moes verduur, vir hulleself verkeerdelik van God voorstel of beskou. Collins (2001:68) verdeel die karaktereienskappe van God se grootheid en goedheid in twee hoofafdelings soos weergegee in Tabel 4.1 wat volg (Collins 2001:170).

Tabel 4.1: God se karaktereienskappe

GOD SE GROOTHEID: Nie-morele karaktereienskappe		
Karaktereienskappe	Definisie	Skrif
Alomteenwoordig	God is oral teenwoordig	1 Kon 8:27; Ps 139:7-10; Jes 66:1; Jer 23:23, Hand 7:48; 17:24
Alwetend	God is alwetend, God weet alles wat daar te wete is omtrent Homself en alles van die verlede, hede en die toekoms van alle mense, oral	Ps 147:5; Jes 46:9-10; Miga 5:2; Hand 15:18; Heb 4.13
Almagtig	God is almagtig en word “die Almagtige” genoem	Gen 17:1; Jes 45:11-13; Jer 32:17; Matt 19:26; Op 4:8; 19:6
Onveranderlik	God is onveranderlik – verander nie in wese, natuur of wil nie	Ps 33:11; 102:26; 103:17; Mal 3:6; Jak 1:17
GOD SE GOEDHEID: Morele karaktereienskappe		
Heiligheid/ regverdigheid	God is sondeloos en foutloos; doen altyd wat reg is. Hy is volmaak en altyd regverdig	Eks 3:1-6; 1 Sam 2:2; Ps 99:1-9; Jes 6:1-13; Op 4:1-11
Liefde	God se liefde vir sy skepping dryf Hom om dit sorgsaam te onderhou tot voordeel van die hele skepping	Deut 7:6-8; Jes 43:4; Hos 11:1,3,4; Joh 3:16; 1 Joh 4:8
Waarheid	Alles wat God doen en sê is die waarheid en realiteit. God word nooit mislei nie en mislei self nooit.	Jes 25:3; Joh 17:3; Rom 3:4; 1 Joh 5:20; Op 3:7

4.12 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Hierdie hoofstuk het ’n nou verband met sowel die beskrywend-empiriese ondersoek as die interpretatiewe taak van Osmer (2008) se interpretasie van Praktiese Teologie. Die normatiewe taak (Osmer, 2008:129-173) help verseker ’n beter wisselwerking tussen die teorie en praktyk. In samehang met die Skrif se getuigenis is ander studieveldde verken. Inligting uit sodanige velde vorm ’n integrale deel van die huidige studie en help die navorsingsvraag vir hierdie deel van die studie beantwoord: *Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif op*

verwerping en hoe laat dit so 'n persoon se Godsbeskouing tot 'n vlak van dieper vertroue ontwikkel?

Met verwysing na die normatiewe taak (Osmer, 2008:129-173) is Skriftuurlike perspektiewe nagegaan oor moontlikhede in die gesprek met pastorate. Die Skrif bied voorbeelde en scenario's van verwerping wat vanuit verskillende perspektiewe/hoeke benader kan word. Dit kan ingespan word om hoop te stimuleer en sinvolle toekomsverwagtings by pastorate te ontsluit. Hierdie perspektiewe kan hulle help om die ervaring van verwerping te bowe te kom. Daarby kan pastorate begelei word om die ontoepaslike Godsbeskouing te herstel wat deur die verwerping ontstaan het. Sodoende kan hulle hul Godsbeskouing met die Skrif se openbaring van God in ooreenstemming bring.

Uit die Skrifgetuigenis is dit duidelik dat verwerping deur die tye deel van menswees uitmaak. Binne die Bybel se kollektiewe kultureel-antropologiese milieu sou mense waarskynlik die verskynsel van verwerping heel anders ervaar het as hoe pastorate dit byvoorbeeld in 'n hedendaagse individualistiese samelewing sou doen. Nietemin sou die emosionele lyding en trauma moontlik nie veel verskil het nie. Dieselfde seer wat mense van verwerping in die Bybelse tyd kon beleef het, geld steeds vandag.

Die volgende hoofstuk (hfst 5) gefokus op die pragmatiese taak (Osmer, 2008:175-218). Data wat in die normatiewe taak aan die orde gekom het word met die ander take (beskrywend-empiriese en interpretatiewe) geïntegreer om teoretiese riglyne vir die praktyk van pastorale hulpverlening aan te bied. Pastorate kan na 'n Skriftuurlik begronde perspektief op God begelei word. Die herstel van 'n pastoraat se waarde en posisie in Christus word só gefasiliteer. Die *manier* waarop (hoe) en die *graad* waarin (hoedanig) 'n verwerpe persoon se Godsbeskouing beïnvloed is, kan deur pastoraat wat in die Skrif begroot is tot 'n nuwe vlak van vertroue herstel en dieper ontwikkel word.

HOOFSTUK 5

PRAGMATIESE TAAK


5.1 INLEIDING

Osmer (2008:176) se pragmatiese taak is doelmatig gerig op 'n verandering by pastorate wat in 'n bepaalde situasie of scenario begeleiding benodig. Om dus verantwoordelik hulp te kan verleen is dit bo-alles noodsaaklik dat die pastor deeglike kennis oor die betrokke pastoraat se probleem inwin. Volgens Osmer (2008:4, 183) se stelwyse beteken dit om vas te stel wat aan die gang is of wat gebeur. In die huidige studie is vasgestel dat mense se Godsbeskouing vanweë verwerping sodanig beïnvloed kan word dat hulle selfs vir God verwerp. Gevolglik sou die pragmatiese taak daarop fokus om pastorate wat met 'n nie-Skriftuurlike, ontoepaslike Godsbeskouing en die gevolge daarvan worstel, tot 'n gesonde verhouding met die Here te lei (vgl. Osmer, 2008:4). Gevolglik moet rigtinggewende perspektiewe en riglyne om sodanige pastorate te help, uit die navorsing se bevindings geformuleer word (vgl. doelwit 1.5.2).

Die Woord van die Here neem deurgaans die primêre posisie by pastorale hulpverlening in. Die onderskeie situasies hou egter ook unieke interdisiplinêre kwessies in (Osmer, 2008:22) waarin die pastor nie-teologiese vakdisiplines nie sou kon ignoreer nie (Denton, 2014:8; vgl. Louw, 1999a:13). Osmer (2008:222) skeep die ruimte vir riglyne waarin die waarde van dialoog met die ander wetenskappe vir verskeie (pastorale) situasies in ag geneem word. Betreffende die huidige studie sou die pastorale gesprek dus daarop fokus om die gevolge van verwerping reg te stel. Hierdie gevolge behels dat pastorate 'n nie-Skriftuurlike (en en dus ontoepaslike) Godsbeskouing ontwikkel het. In hierdie proses is die implementering van die normatiewe (Skrif-) en bykomende teologiese perspektiewe (vgl. hfst 4) van beslissende belang. Die inligting wat uit die beskrywend-empiriese taak oor die probleem verkry en deur die interpreterende taak geïdentifiseer is, sou ideaal gesien met die normatiewe perspektiewe kon saamval (vgl. Louw, 1999a:14-15) om sodoende remediërende pastorale riglyne voor te stel (verw. 4.1).

Met verwysing na Osmer (2008:11) se model kan die pragmatiese taak in verhouding tot die navorsingsgeheel uiteengesit word soos in Figuur 5.1 hier onder.

Figuur 5.1: Pragmatiese taak (Osmer, 2008:11)



5.2 DOELSTELLING

Uiteraard fokus die pragmatiese taak eerstens op die regstelling van die probleem waarmee 'n pastorant te kampe het, maar daarby tweedens ook op spirituele groei (Osmer, 2008:4). Binne die konteks van die navorsingsonderwerp sou pastorate tot ware geloofsverstaan begelei moes word. Dit geskied deurdat die Skrif duidelik geïnterpreteer en prakties toegepas word – “tot spreke kom” (vgl. Collins, 2005:69). Hierdeur kan 'n ontoepaslike Godsbeskouing na 'n toepaslike Godsbeskouing herstel word, dit wil sê in ooreenstemming met die Woord. Wat 'n pastorant betref is 'n persoonlike verhouding met God ononderhandelbaar. Hierin is die eerste noodsaaklike stap om die pastorant tot 'n geloofsverhouding met die Here te lei indien daardie persoon nie 'n belydende gelowige is nie (Rousseau, 2010:236). Indien wel 'n gelowige, moet seker gemaak word dat sy/haar verhouding lewenswerklik is. Adams (1976:45) noem hierdie eerste, noodsaaklike, pastorale werk “pre-counseling” (vgl. Denton 2014:6).

Vir die verandering, inderwaarheid genesing, wat in hierdie studie ter sprake, is word Osmer (2008:11) se vier take soos voorgeskryf vir Praktiese Teologie in 'n gees van diensbaarheid en goeie leiding “servant leadership” geïmplementeer (Osmer, 2008:183). Hiermee word Jesus se voorbeeld van Dienskneg-leierskap nagevolg (Osmer, 2008:185), want daarin is Christus se onbaatsugtige diens (vgl. Mark. 10:45) vergestalt. Dit bring ingrypende verandering in 'n gebroke wêreld waar sonde en dood deel van die mens se daaglikse bestaan is (Collins, 2005:69).

5.3 BEVINDINGS UIT DIE NAVORSINGRESULTATE

Die navorsingsresultate uit die beskrywend-empiriese, interpreterende en normatiewe take wat op hul beurt logies tot die pragmatiese taak lei, is volledig in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit. Om nie groot gedeeltes van die werk hier te herhaal nie, word die bevindings aangedui deur na die numeriese onderafdeling in die betrokke hoofstuk te verwys.

Hoofstuk 2: Osmer (2008:4) se vraag, *Wat gaan aan?* is gehanteer. Uit die data in die kwalitatiewe ondersoek is bevind dat verwerping 'n wel invloed op 'n individu se Godsbeskouing uitoefen.

- Oor die manier waarop verwerping 'n individu se Godsbeskouing beïnvloed, is 'n verskeidenheid bevindings verkry – vergelyk 2.8.1.
- Oor die mate waarin verwerping die Godsbeskouing raak, is die bevindings in 2.8.2 vervat.

Hoofstuk 3: Vanuit die aangrensende vakdissiplines is 'n literatuurstudie onderneem oor verwerping asook die *manier* waarop en die *mate* waarin verwerping 'n individu se Godsbeskouing beïnvloed, naamlik *Waarom gebeur dit?*

Hoofstuk 4: Ten opsigte van die normatiewe taak is gepoog om die antwoorde te vind op die vraag: *Wat behoort te gebeur?* (Osmer, 2008:4). Hiervoor is verskeie Skrifperspektiewe nagevors en aangeteken.

5.4 HOE BEHOORT OPGETREE TE WORD?

Die vraag na hoe opgetree behoort te word, roep Osmer se laaste taak op, die pragmatiese een. Die voorafgaande werk is daarop gerig om pastorante wat hulle bevind in die situasie waar verwerping hulle Godsbeskouing negatief beïnvloed het, tot 'n oplossing in hulle verhouding met God te lei. Uiteraard beteken dit die logiese samevloei van die navorsingsbevindings waarin daar oor pastorale riglyne besin moet word. Louw (1999a:14-15) verwys gepas na hierdie besinning as die “konvergensie” (ineenvloei) van die navorsingsdata waarmee die pastorale gesprek rigtinggewend ondersteun kan word. In die konteks van die huidige studie sou so 'n ineenvloei die genesing van verwerping se gevolge in die oog hê deur versoening met God en met ander (Collins, 2005:4). Sodanige versoening moet by uitstek meebring dat pastorante se ontoepaslike Godsbeskouing ooreenkomstig die Skrif reggestel word, waarna so 'n persoon in die regte verhouding met God en ander kan leef.

Die dialoog waarin die sorg-aksie van die kerk verwerklik word, kan verskeie vorms aanneem. Vir die liefde-koinonia wat die lede van die liggaam van Christus aan mekaar verskuldig is,

(Burger, 1988:264) opper Osmer (2008:164-173) drie moontlikhede:

- **Korrelasiemodel:** dialoog tussen teologie en psigologie word uitgebeeld as een van wedersydse invloed.
- **Transformasiemodel:** beeld die dialoog tussen die teologie en psigologie uit as 'n gesprek tussen mense wat verskillende tale praat, afkomstig is van verskillende kulture en wat verskillende wêreldbeskouings het.
- **Transversale model:** die mees resente een van teologiese dialoog met ander vakdissiplines (bv. psigologie); beeld die verhouding tussen verskeie dissiplines uit as 'n interaktiewe netwerk om rasonale kommunikasie dwarsoor hierdie netwerk te vind.

In die lig van navorsing in aangrensende vakdissiplines (vgl. hfst 3) waarom 'n verskynsel geskied, sou die Christelike godsdiens en die psigologie binne die post-fundamentele benadering nie geïsoleerd funksioneer nie (Denton, 2014:8; vgl. Louw, 1999a:13). Indien navorsers wel sodanige isolasie sou verkies, moet krities gevra word waarom hulle dan hoegenaamd moeite met aangrensende vakdissiplines doen. Met die transversale benadering egter word die beweging oor die grenslyne tussen die verskeie dissiplines bevestig, en daarmee 'n interdissiplinêre, veelvlakkige en holistiese werkbenadering daargestel (Smith, 2014:176).

5.4.1 God Drie-enig in die pastoraat

Binne die konvergensie van die onderskeie dissiplines sou die pastoraat spesifiek gekoördineer kon word om die eiesoortige middele doeltreffend aan te wend, naamlik vertrouwe in die Heilige Gees, die plek van gebed en die gebruik van die Skrif (Louw, 1999a:13). In Praktiese Teologie is God se openbaring deur die Seun Jesus Christus en die Heilige Gees wat gekom het om van Jesus te getuig (Joh. 15:26) die vertrekpunt waarin die pastorale ontmoeting geïnterpreteer en verstaan moet word.

Die Skrif is die bron waaruit die liefdevolle ontferming, empatie en deernis van God die Vader, Seun en Heilige Gees geput word (Van der Merwe, 2005a:68). Dit geld beide die pastor en pastorant. Jesaja 42:3 gee die versekering dat God die geknakte riet nie sal breek nie en ook nie die dowwe lamppit sal uitblus nie. In Jesaja 61:1 stuur God 'n blye boodskap van verlossing:

- om die gebrokenes van hart te verbind (die wat hartseer is te troos);
- om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3); en
- vir die geboeides opening van die gevangenis te verkondig (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4; 2.7.4.4; 2.8.1; 2.8.2).

5.4.2 Vertroue in die Heilige Gees

'n Doeltreffende pastorale gesprek kan nie plaasvind sonder die leiding en bemagtiging van die Heilige Gees nie. Hierin is gebed onmisbaar en die pastoraat moet in die Woord van God begrond wees (Tan, 2011:334; vgl. Van Rensburg *et al.*, 2011:27), wat beteken dat Woord en Gees bymekaar hoort (Joh 6:63; Venter, 1988:32). God die Gees bemiddel die heilswerk van Christus wat geestesgroeï op die pad na geloofsvolwassenheid bewerk (Coetzer, 2013:2). Ofskoon hy 'n feilbare mens is, dra die pastor nogtans die wysheid van God oor (1 Kor. 1:24; 2:7), naamlik die wysheid wat die Heilige Gees leer (1 Kor. 2:13).

Innerlike wonde weens verwerping benodig genesing sodat pastorate vry kan wees om tot volwassenheid in Christus te groei. Die Heilige Gees is die inwonende God (Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7) wat lei en verander in die rol as Parakleet (Adams, 1976:20; vgl. Louw, 1982:13-15; Shirer, 2008:49). Wanneer iemand so oorweldig is deur die pyn van verwerping en nie weet hoe om dit te hanteer of om daaroor te bid nie (Rom. 8:26, 27), tree die Heilige Gees vir so een in (Rom. 8:27).

5.4.2.1 Die Heilige Gees se metode van berading

Die Heilige Gees gebruik enersyds die pastorale sorggewer, maar skenk andersyds aan pastorate innerlike genade en vrede wanneer die een wat sorg nodig het, ook in die stilte van sy/haar hart beraad word (1 Pet. 1:2). In oomblikke van ontsteltenis en beproewing tree die Heilige Gees by die pastorale gesprek in namens 'n pastorant, naamlik as Trooster (Coetzer, 2013:2; vgl. Adams, 1976:21) en beraad in tye van benoudheid (Rom. 8:26, 27). Die Heilige Gees skep veral die moontlikheid om die innerlike mens te verander. Dit doen die Gees deur 'n behoefte vir herstel en heling aan te wakker ten spyte van ontwrigte emosies en moontlike vervreemding van God (Van der Merwe, 2005a:62; vgl. Collins, 2005:8). Hierin speel gebed 'n onvervangbare rol – soos hier onder verduidelik.

5.4.3 Gebed in die pastoraat

Wanneer die pastorale gesprek begin moet saam om God se leiding gebid word. Dit sluit die gebed om bewaring teen die Bose in, want die berading betree die terrein van die onsienlike en die onderbewuste (verw. 3.6.2). Gebed is onmisbaar gedurende die pastoraat. Hier word met die Gees se hulp geworstel, aan Hom skuld bely, die hart voor Hom uitstort en met Hom persoonlik gepraat in tye van vreugde en verdriet (Jes. 63:7; 16-17; Du Plessis; 2012a:2; vgl. McMinn, 1996:68 Tan, 2011:344; Van Rensburg *et al.*, 2011:27-29). Die Heilige Gees is deur gebed aan die werk tydens die pastorale gesprek waarin die pastorant in vertroue tot God roep (Du Plessis, 2012a:2). Gebed is 'n allerbelangrike deel van die helingsproses in pastorale hulpverlening, want in gebed maak pastorate hul harte oop vir God deur die Heilige Gees (Coetzer, 2005:768; Smit, 2009:19, 20).

5.4.3.1 *Gebed as kommunikasie in die pastoraat*

Die fokus van gebed is dat die pastorant die emosionele seer met God kan kommunikeer. Sodoende kan die Heilige Gees toetree en die letsels en seer genees van verwerping wat aan die lig kom (Coetzer, 2005:769). Gebed fasiliteer in sekere sin die ontmoeting tussen die pastorate en God wat genesend en bevrydend op hulle lewe inwerk. Die motief van gebed in pastoraat moenie wees om iets anders te beleef nie, maar om God te ontmoet (Smit, 2009:57).

Deur die gebed kan die Heilige Gees die pastorate terugneem na die presiese en feitlike omstandighede waarin hulle verwerping beleef het (Kotze, 2008:190). Die oogmerk hiervan is dat pastorate vrygemaak word van vrees, skuld en skaamte (verw. 2.7.4.3) wat deur verwerping meegebring is. Gebed kan die weg berei dat pastorate diegene wat hulle verwerp het kan vergewe. Daarby kan dit pastorate veral laat besef dat hulle eweneens vergifnis nodig het. Die rede is dat hulle hul moontlik aan dieselfde sonde skuldig gemaak het deur mense wat hulle sleg behandel/verwerp het in dieselfde munt te wou terugbetaal. Erger, 'n pastorant kon ontoepaslik oor God gedink het deur God te vergelyk met diegene wat hulle verwerp het. Moontlik het pastorate op dieselfde manier opgetree deur selfs God te verwerp.

5.4.4 Skrifgebruik in die pastoraat

Die goddelike inspirasie en gesag van die Woord (2 Tim 3:16) plaas die Skrif sentraal binne die bemiddeling van heil, God se redding en heelmaakproses (Coetzer, 2013:2). Deur verantwoordelike Skrifgebruik word pastorate gehelp om hulle denkfoute en verdraaide beskouings oor God te herstruktureer tot vernuwende denke omtrent hulleself en God

(McMinn, 1996:100, 101). Müller (1981:17) waarsku teen die verkeerde of onhandige gebruik van die Skrif in die pastoraat soos hier onder uiteengesit.

- **Wegsteek:** Gebruik die Skrif om weg te steek dat die pastor nie die vermoë het om 'n betekenisvolle gesprek te voer nie. Die wegsteek geskied deur oppervlakkige oplossings vir die pastorant se probleem uit die Skrif te probeer myn. Soms is dit 'n strategie wanneer die pastorale gesprek nie diepte kry nie, aangesien die werklike probleem van die pastorant nie duidelik genoeg geïdentifiseer is nie.
- **Dwang:** die Skrif word as wettiese norm afgedwing as “die oplossing” vir alle pastorale probleme.
- **Teoretiseer:** teologiseer oor die kwessie in plaas van om die Skrif doeltreffend aan te wend. Dit kan geskied wanneer die pastor innerlik onseker is oor die gesag en werklike doeltreffendheid van die Skrif in sy/haar eie lewe asook dié van die pastorant.
- **Proklameer:** preek en wil onderrig in plaas van om die pastorale gesprek korrek te hanteer.
- **Inlees:** dring betekenis aan die teks op wat die eksegetiese en ware betekenis van die boodskap verdring.

Betreffende 'n ontoepaslike Godsbeskouing geld die riglyne van 2 Timoteus 3:16: “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek” (Pink, 2002:213; vgl. Adams, 1976:51). Deurdat die pastor die Skrif toepaslik vertolk in die pastoraat aan verworpe mense wat 'n ontoepaslike Godsbeskouing het. Sodoende onderrig die pastor die verworpe persoon in die waarheid van wie en hoe God werklik is (vgl. Pink, 2002:214). Dwalings wat in 'n pastorant se gemoed kon posgevat het, word reggestel. Van hierdie dwalings is byvoorbeeld dat God ook sal optree soos die persoon of mense wat die pastorant verwerp het. Gevolglik word die pastorant deur die Inspireerder van die Woord wat ook Parakleet is, bemagtig om in die regte verhouding tot God en tot God se eer reg te leef. Hierin tree die pastor as't ware as die tolk in die interaksie tussen God en mens op om die heil van pastorante te fasiliteer, te realiseer en te konkretiseer (Louw, 1999a:430; vgl. Müller, 1981:11; Louw, 1982:13-15).

Deurdat die Woord aan die pastorant vertolk word, stippel God sy wil verder vir sulke individu uit om sodoende die verhouding met God, met hulself en met ander reg te stel (Joh. 1:4; 1 Joh. 1:4; Maree, 2010:19; Müller, 1981:11). Toepaslike Skrifgedeeltes wat pastorante kan help om hul ervarings volgens die Skrif te verstaan (Kol. 3:16) moet onder die Heilige Gees se leiding lerend oorgedra word sodat die waarheid tot 'n pastorant sal deurdring. Die Woord se werking is lewegewend en herskeppend, dit reinig (Joh. 15:3), heilig (1 Tim. 4:5), maak nuut

(Eseg. 36:26; 2 Kor. 5:17) en bly ewig (Ps. 19:10; 1 Pet. 1:25; Müller, 1981:11; vgl. Hanekom & Hanekom, 2010:131-133).

5.5 PASTORALE RIGLYNE

Die pastorale gesprek verloop in bepaalde fases: verkenning, verstaan en handeling (Louw, 1999a:408). Aanvanklik word die keuse vir 'n bepaalde gesprekstegniek bespreek. Dit word opgevolg met die uiteensetting van elke fase in die pastorale gesprek met die oog op die herstrukturering van 'n ontoepaslike Godsbeskouing. Inligting wat vanuit die beskrywend-empiriese, interpreterende en die normatiewe taak bekom is, word saamgevoeg. Daarmee kan die pastorante begelei word tot 'n geldige verstaan van hulleself wat betref die vrees, skuld en skaamte asook hulle Godsbeskouing (verw. 2.7.4.3; 3.7; 3.7.1; 3.7.1.1; 3.7.1.2; 3.7.1.3; 3.8; 3.9; 3.9.1; 3.9.2.1.a; 3.9.3).

5.5.1 Keuse van gesprekstegniek

Louw (1999a:410 v.) se gesprekstegniek van vier fases kan as 'n riglyn dien waarmee pastorante gehelp kan word om probleme konstruktief te benader (Louw, 1999a:409). Die vier fases van die gesprek-cum-tegniek (Louw, 1999a:409) is die volgende:

- **Fase 1:** handel oor 'n weergawe en uiteensetting van die voorhande situasie waarbinne pastorante begelei word om hulle probleem te identifiseer, te verken en insig daaromtrent te verhelder. Vergeleke met Osmer se model sou dit ooreenkom met die vraag: *Wat gebeur?*
- **Fase 2:** handel oor die pastorante se idee van 'n ideale situasie waarmee hulle ondersteun kan word deur uitvoerbare doelwitte en ooreenkomstige aksieplanne vas te stel. Vergeleke met Osmer (2008:176) se model sou dit vergelyk kon word met die vraag: *Wat behoort te gebeur?* Hierdie strategie bied aan die pastor die ideale geleentheid om pastorante te begelei tot die doelwit van 'n Skrifgefundeerde Godsbeskouing. Die aksieplan/ne sou uiteraard behels dat die pastorante in en deur die Skrif begelei word om te weet dat God verreweg nie is soos hulle Hom verkeerdelik voorgestel het nie.
- **Fase 3:** sluit die operasionalisering in van daadwerklike ondersteuning van die pastorant om gestelde doelwitte te bereik en aksieplanne in werking te stel. Dit sou aansluit by Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag: *Wat moet ons doen?* Die voor-die-hand-liggende taak is dan om te konsentreer op die normatiewe taak waar pastorante se ontoepaslike

Godsbeskouings volgens die Skrif toepaslik herkonstrueer kan word.

- **Fase 4:** konsentreer op die normatiewe aspek en lei die pastorant in Skrifvertolking, asook generering van beloftes en opbou om die invloed van 'n ontoepaslike Godsbeskouing teen te staan (vgl. Louw, 1999a:410).

Die aangepaste skematiese voorstelling van Louw (1999a:399) se pastorale fasemodel word hier onder in Tabel 5.1 weergegee.

Tabel 5.1: Aangepaste skematiese voorstelling van Louw se pastorale fasemodel

	Fase 1	Fase 2	Fase 3	Fase 4
Doel	Ontmoeting (vertroue) Selfverstaan Vertel die verhaal Identifisering van die onmiddellike probleem Bepaal impak op verhouding Huidige oorsake van probleem	Probleem-analise Integrasie van gegewens Perspektief ontwikkeling	Oorspronklike dieperliggende probleem Verantwoordelike gedrag – innerlike genesing Besluitneming – besluit om beheer te neem Doelwit-formulering Programontwerp	Organiese Skrifvertolking – Skrif reaksie op oorsake van probleem Sin-ontwerp Hoopvolle lewe Geloofs-volwassenheid – vrug van die vlees word vervang met vrug van die Gees
Antropologie	Affektief	Kognitief	Konatief	Normatief
Innerlike funksie	Ervaar/emosie	Refleksie	Besluit, handel	Glo /hoop
Respons	Empatie Ondersteuning	Interpretasie Diagnose Vraend Informasie	Konfrontasie Informasie	Opbou Ondersteun Skrifgebruik

5.5.2 Fase 1

Doel: Ontmoeting tussen pastor en pastorant. Die lewensverhaal word vertel en die onmiddellike probleem geïdentifiseer. Daar word vasgestel wat die invloed van verwerping was of steeds is op die verhouding met die self, ander en God. In die pastoraat word primêr aandag gegee aan die oorsake van verwerping met die hoogste intensiteit.

Antropologie: affektief: Fokus op die gemoedservaring. Emosionele belewenisse word aan elke oorsaak gekoppel en denkpatrone geformuleer.

Innerlike funksie : Verwys na ervaring en emosie. Indrukke van die onderbewuste word onder die leiding van die Heilige Gees na die bewuste teruggeroep. Dit behels gebeure, gedagtes, emosies en die invloed op die selfkonsep en Godsbeskouing.

Respons: Reaksie van pastor. Empatiese ondersteuning word verleen aan die pastorant deur goeie luistervaardighede en gevoelsrefleksie, samevatting en afsluiting met gebed.

5.5.2.1 *Ontmoetingsfase en doel*

Die ontmoetingsfase se doel is om 'n vertrouensverhouding tussen die pastor en pastorant te vestig. Die pastor tree tot die leefwêreld van die pastorant toe deur te luister en onder leiding van die Heilige Gees in gebed namens die pastorant in te tree vir leiding, onderskeiding en openbaring (1 Kor 13:1-2; Gal 6; Ef. 2:10; vgl. ook Louw, 1999a:140; vgl. Anderson, Zuehlke & Zuehlke, 2000:37; Louw, 1982:8). In die ontmoetingsfase kom die pastor en pastorant ooreen (kontraksluiting) oor die doel, inhoud en die werkwyse wat tydens die gesprek gevolg sal word (Louw, 1999a:410).

a. Vertel die verhaal

Die pastorant se verhaal is van kardinale belang en ingestel op die openbaring van die Heilige Gees. Dit beteken die pastor moet empaties daarna luister. Deur die Gees se leiding kan die pastor die pastorante help om hulle lewensverhale te verwoord. Dit help hulle om tot selfontdekking, selfontsluiting en selfverstaan te kom van hulle denkprosesse, emosies, gedrag, Godsbeskouings, waardes, geloof asook van hulle verhoudings met hulleself, ander en God (Collins, 2005:33-34; Louw, 1999a:415-416). Deur die narratief kan pastorante tot 'n beter besef kom van die verdedigingsmeganismes wat hulle gebruik om verdere verwerping te vermy asook hoe hulle hulself leer beskerm het.

Die pastor kan pastorale hulpmiddels ondersoek, soos gestandaardiseerde modelle (verw. 2.5.2.1; 2.5.2.2), die integrering van die psigologie met die teologie (verw. 3.9.2.1.a; 3.10) en die Skrif (verw. 4.10.1; 4.11; 4.11.1; 4.11.2; 4.11.3). Dit bied moontlikhede vir verandering.

Daarmee kan 'n pastorant begelei word tot innerlike genesing en om ontoepaslike Godsbeskouings in ooreenstemming met die Skrif reg te stel. Die doel hiervan is nie net om die pastorant se geloofservarings te interpreteer nie. Dit is om 'n beter begrip te vorm van die geloofservaring se inhoud, met ander woorde: Wat verstaan die pastorante van God, en is hulle opvatting oor God? (verw. 2.7.4.4; Louw, 1999b:339; vgl. Heitink, 1979:15; 1983:20).

b. Identifiseer die onmiddellike probleem

Vanuit die ingesamelde inligting moet die pastorante gehelp word om hulle onmiddellike probleem te kan uitken. Hiervoor kan 'n vraelys soortgelyk aan Addendum A gebruik word. In die huidige studie het dit aan die lig gekom dat pastorante disfunksionele gesinsverhoudings (verw. 2.7.4.2) en negatiewe innerlike belewenisse ervaar het (verw. 2.7.4.3) en 'n ontoepaslike Godsbeskouing gevorm is (verw. 2.7.4.4).

i. Oorsake van die onmiddellike probleem

Om die oorsake van verwerping aan te wys, kan vir pastorante gevra word om aan die hand van Addendum C die volgende te doen:

- Identifiseer die huidige oorsake van die probleem.
- Koppel 'n emosionele belewenis aan elke oorsaak.
- Verbind denkpatrone aan die oorsake van die probleme.

Dit is noodsaaklik dat die relevante aspekte uitgewys word wanneer die pastorante oor die oorsake van hulle verwerping nadink en watter van die oorsake tans voorkom. Hierdie aspekte kan die volgende behels: verdedigingsmeganismes, vals geloofsoortuigings, selfpersepsies, gewoontepatrone in verhoudings, gedrag, verkeerde gedagtes, houdings en vals aannames. Dit sluit ook in bepaalde emosies, soos woede, hartseer, skaamte, skuldige gevoel, vrees en aggressie. Daar moet ondersoek word watter van hierdie emosies kan hulle in verband bring met die verwerping wat hulle ervaar het.

5.5.2.2 Antropologie: affektief

Die pastor moet sterk fokus op die pastorante se affektiewe beleving deur te let op die gevoelens, emosie en behoeftes (Louw, 1999a:411). Daar moet ook (kognitief) aandag gegee word aan die pastorante se denkpatrone (verw. 2.7.4.3) omdat hulle weens verwerping bepaalde wanpersepsies van hulleself kon gevorm het (verw. 2.7.4.3). Wanneer mense vanuit ander se perspektiewe leef, neem dit hulle vryheid en keuse weg om positief oor hulleself te kan dink (Pieterse, 2006:136; vgl. Wright *et al.*, 2011:121).

Vir die uitwys van negatiewe selfpersepsies kan die pastorante hulle die volgende vrae afvra:

- In watter mate leef ek volgens wat ander van my sê, hoe hulle teenoor my optree of my behandel?
- Watter gevolge hou dit vir my in?
- Wat is my persepsie van myself?
- Hoe dink ek sien God my?
- Hoe beïnvloed verwerping my verhouding met myself, ander en God?
- Wie gaan ek kies om te glo?

a. Bepaal impak op verhoudings

Deur begrip vir pastorante se gevoelens weens verwerping te toon (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4), bou die pastor 'n vertrouensverhouding met die pastorant op. Binne hierdie vertrouensverhouding kan pastorante die moed skep om teenoor die pastor oop te maak. Só kan pastorante hul diepste gevoelens van vrees, skuld en skaamte kommunikeer (verw. 2.7.4.3) asook hoe God ervaar (verw. 2.7.4.4).

Verkennde vrae kan aangewend word saam met Hanekom (2005:123) se selfpersepsieskaal (vgl. Addendum A). Sodoende kan pastorante tot hulle eie affektiewe funksionering beter verstaan. Louw (1999a:399; Addendum B) se pastoraal-semantiese differensiaalanalise (PSD) kan ook gebruik word om die pastorante 'n dieper verstaan oor die konsep van God te gee (verw. 2.7.4.4). Deur die PSD kan die pastor 'n beter begrip vorm van die waarde wat pastorante aan hulle belewing van God heg asook in watter mate pastorante weens verwerping ontoepaslike Godsbeskouings gevorm het.

Toepaslike vrae aan pastorante oor hul Godsbeskouing kan wees:

- Op watter manier beïnvloed verwerping jou verstaan van God en hoe jy die mens beskou as beeld van God, verbondswese, verhoudingswese, en as sondaar?
- Hoe raak verwerping jou verhoudings teenoor God, jouself, jou medemens en die omgewing?
- Hoe beïnvloed verwerping jou siening van jouself as sondaar?

b. Emosionele belewenis van verwerping

Tydens die pastorale gesprek moet vrae gestel word wat meer lig werp op pastorante se emosionele belewenis van verwerping. Uit die navorsing is dit duidelik dat vrees, skuld en skaamte 'n pastorant se verhouding met die self, God en ander beïnvloed, en dat dit bydra tot

die manier waarop sulke individue oor God dink en redeneer. Dit is veral bepalend vir 'n persoon se Godsbeskouing (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4).

Negatiewe innerlike belewenisse van vrees, skuld en skaamte lei tot die volgende reaksies:

- Dit beïnvloed hoe verworpenes hulleself beleef en na waarde skat. Dit kan daartoe lei dat hulle glo God sien hulle soos hulle hulself beskou, naamlik waardeloos.
- Dit het 'n regstreekse invloed op verworpenes se selfpersepsie van onwaardigheid; dit verwring die selfkonsep deur wantroue, magteloosheid en opstand; hulle konsep van God is dat God hulle straf of ook verwerp en verlaat het omdat hulle waardeloos en nikswerd is en dit veroorsaak eensaamheid en selfblamering.
- Sulke persone verloor die vermoë om met God te kommunikeer deur wantroue, vrees vir verdere verwerping, of oordrewe skuldgevoelens.

Pastorale vrae oor skaamte, vrees en skuld (Hanekom, 2005: 85-87):

Skaamte: (Hanekom, 2005:85)

- Watter rol speel verwerping in jou belewenis van skaamte?
- Hoe beleef jy jouself in terme van skaamte en selftwyfel?
- Watter invloed het die persone wat jou verwerp het, gehad of het hulle steeds op jou belewenis van skaamte?
- Op watter manier dra die belewenis van skaamte by tot jou probleemsituasie?

Die genesingsmiddel vir al hierdie verwarde en beswarende gevoelens vir 'n mens se gemoed is God se Woord. Só kan pastorante deur te verwys na Jesaja 61:1-3 en Psalm 27:1-5 begelei word om die vesting van vrees af te breek. Dit is belangrik dat pastorante weet dat Christus in sy liefde hulle vry wil maak (Joh 8:32; Hanekom, 2005:89-90, 92). Dit is juis die doel van Christus se koms na die aarde.

Hierteenoor is liefde die teenpool vir vrees (Hanekom, 2005:89-90, 92) en die herstel van liefde vind plaas deur versoening (Kol 1:19-22); *posisie* is die teenpool van skuld (herstel vind plaas deur redding, Rom 1:17); en *waarde* is die teenpool van skaamte (herstel vind plaas deur wedergeboorte (Rom 3:23-26). Verworpe mense is oortuig daarvan dat niemand hulle lief het nie, dat hulle alleen en verstoot is. Hulle projekteer hierdie gewaarwording ook op God. Daarom is dit uiters belangrik om aan die pastorant die blye boodskap van ware en volkome redding en vrymaking te verkondig (Rom 5:1; 5:8; Ps 46:1; Jak 5:11; vgl. ook McMinn, 1996:100).

God het die wêreld deur Jesus Christus met Homself versoen (2 Kor 5:18-20). Hierdeur is die bediening van die versoening aan die mens gegee (Venter, 1993:251). Die noodsaaklikheid van 'n verhouding met God kan nie oorbeklemtoon word nie. Slegs binne gesonde verhoudings met God, die medemens en natuur kan pastorante liefde, sekuriteit, warmte, gehegtheid en aanvaarding vind en beleef (Hanekom, 2005:91).

Vrees: (Hanekom, 2005:86)

- Watter rol dink jy speel verwerping in jou belewenis van vrees?
- In watter mate weier jy om jou anker in God se liefde en jou vervulling in die lewe en in die wêreld te vind?
- In watter mate dink jy word jy deur vrees beheer?
- Watter rol dink jy speel jou omstandighede in jou belewenis van vrees?

Tuiswerkopdragte (Addendum D) oor skaamte, vrees en skuld kan pastorante tot beter insig bring oor die invloed van hierdie emosies op hulle belewenis van verwerping en die keuse hoe hulle hul lewe voortsit.

Skuldgevoel: (Hanekom, 2005:87)

- In watter mate word jy deur jou gevoel van skuld beheer?
- Watter rol speel verwerping in jou belewenis van skuld?
- Watter invloed het die persone wat jou verwerp of verwerp het op jou belewenis van skuld?
- Op watter manier dra belewenis van skuld tot die probleemsituasie by?

5.5.2.3 Menslike funksionering

Pastorante moet aangemoedig word om vry te wees dat hulle uitdrukking kan gee aan emosies (slegs wat God se doel sal bevorder), Crabb (1987:188) het die volgende aanbevelings:

- Emosies moet ten volle ervaar en nie vermy word nie.
- Emosies moet ondersoek word om te evalueer wat hulle openbaar oor geloof, doel, beskouings, en 'n persoon se optrede.
- Pastorante vry moet wees om aan hulle emosies uitdrukking te kan gee, maar dit moet tot die doelwitte van liefde beperk wees.

Waar pastorante begelei word om hul emosies te identifiseer, kan hulle hul die volgende vrae afvra (Faul & Hanekom, 2000:89):

- Wat voel ek en waarom voel ek so?
- Is hierdie gevoelens van my tot voordeel van myself, ander en God?
- Wil ek aanhou om so te voel?
- Hoe bestuur ek my emosies?

Tuiswerkopdragte wat voltooi kan word oor die identifisering van pastorante se emosionele belewenis word in Addendum D aangedui.

In die hantering van emosies kan die pastorante aan die hand van Psalm 139:23-24 begelei word waar God gevra word om hulle hart te deurgrond en dat God die donker kolle van hulle verlede aan die lig bring.

a. Identifisering en terugroep van emosies

Tydens die gesprek moet emosies uitgewys (hede) en teruggeroep word (verlede). Met ander woorde, dit is (ongelukkig) nodig dat pastorante oor die seer van verwerping van die verlede en die hede besin. Tydens die herbelewing van die seer van verwerping (Shirer, 2008:51, 53, 56) is dit belangrik dat beide pastorant en pastor op die leiding van die Heilige Gees vertrou. (Joh. 6:44) Die Gees sal die nadenke oor die verlede en die huidige emosies en ervarings rig (Louw, 1982:32-33). Indien pastorante sukkel om hulle emosies te beskryf, kan die emosiebinneprentjies van Faul en Hanekom (2000:34; Addendum E) ingespan word. Dit sal help aandui met watter van die primêre en sekondêre binneprentjies pastorante die beste identifiseer en/of watter van die binneprentjies hulle emosies die bestes beskryf.

Vir die begeleiding om die waarde van emosionele binneprentjies te identifiseer en emosies terug te roep, beveel Crabb (1987:172) drie vrae aan:

- Wat dink jy is die oorsprong van jou emosies? (Waar kom dit vandaan?).
- Wat dink jy is die nut van jou emosies? (Wat kan daar van emosies geleer word?).
- Hoe dink jy behoort emosies gehanteer te word? (Wat is die waarde van emosies en hoe kan dit aangewend word?)

Die waarde daarvan om emosies te identifiseer (Pieterse, 2006:133) is dat dit op verskeie maniere help:

- Wys vals aannames uit oor die self (verw. 2.7.4.3), ander (verw. 2.7.4.1) God (verw. 2.8.1; 2.8.2) en dui vernietigende gelowe en uitsprake asook destruktiewe gedagtes aan.
- Kry insig in die oorsprong van gevoelens en reaksies oor verwerping asook reaksies en gedrag op verwerping (verw. 2.7.4.3; 2.8.1; 2.8.2);
- Besef dat emosies en gedrag nie net sal verdwyn nie, maar dat hulp nodig is vir innerlike genesing, bestuur van gedagtes en heiligmaking.
- Begryp dat die manier waarop emosies tot op hede hanteer is nie die seer van die verlede wegneem nie.
- Raak daarvan bewys dat seer deel van die gebroke wêreld is waarin die mens leef, maar dat Christus gekom het om die seer op Hom te neem en dat Hy 'n toekoms bied waarin mense tot hul volle potensiaal kan leef (Crabb, 1987:173).
- Verstaan dat dit nie verkeerd is om seer te hê nie, en dat emosionele seer deel van die lewe uitmaak (Crabb, 1987:173).

Vanuit die Skrif kan die volgende waarhede oor emosies gedeel word (Van der Merwe, 2005b:26, 27):

- Emosies is 'n gawe van God en daarby 'n eienskap van God se wese.
- Negatiewe emosie word wel in die Skrif beskryf, byvoorbeeld ang (Ps 116:110), benoudheid (Gen 32:7) onrus, (Job 3:26), haat (Ps 35:19), bekommernis (Spr 12:25), vertwyfeling (Ps 42:6, 7), hartseer (Neh 2:2) en woede (Sp. 6:34).
- Negatiewe emosies kan ook die gevolg van sonde wees (Spr 14:21) soos met bitterheid en wraak.
- Positiewe emosies is aan die ander kant weer die resultaat van berou, belydenis van skuld en onvoorwaardelike vergifnis;
- Die Woord vermaan die mens om nie ontsteld te raak nie (Spr 17:22; Joh 14:1, 27) en waarsku dat emosionele ontsteltenis wel negatiewe gevolge inhou: verhoudings vertroebel (Spr 17:18); mense van hulle vreugde en vrede in die Here beroof (Spr. 17:20); en aanleiding tot sonde gee (Spr 19:3).
- Emosionele beheer voorkom foute (Pred 10:4); en om in emosionele selfbeheersing te volhard deur op God te vertrou word 'n mens in vrede bewaar (Jes 26:3).

- Die vrug van die Gees (Fil 4:8) kan 'n mens as gesonde emosies verstaan; dit verwys na Jesus wat die beeld van God weerspieël (Van der Merwe, 2005c:34).

Dit is belangrik dat pastorante daarvan bewus gemaak word dat God aan die mense emosies gegee het om as ondersteunende element in hulle lewe te dien. Emosies is dus deel van die sielsdimensie wat die mens help om die volgende te kan doen (Van der Merwe, 2005b:28):

- Tree volgens die wil van God reg op .
- Toon begrip vir 'n medemens in nood.
- Bly in ooreenstemming met God se standaard van reg en verkeerd
- Bring die ware innerlike mens na vore.
- Beleef beter verhoudings met ander deur die opregte en tydige uitdrukking van emosies.

5.5.2.4 *Respons: empatiese ondersteuning*

Die houding van die pastor is deurslaggewend om 'n veilige ruimte van egtheid, empatie en respek te skep. Hierbinne kan pastorante veilig voel om hul diepste geheime en seer te verbaliseer (Louw, 1999a:305). Die pastorale gesprek moet daartoe bydra om pastorante te begelei tot selfontdekking wat sinvolle en opbouende verandering teweegbring (Louw, 1999a:306). Die doel is immers om deur pastoraat aan pastorante hulp te verleen en hoop te skep vanuit die oortuiging dat God se trou die inhoud van die geloof uitmaak. God vervul die verkondigde beloftes in Christus deur sy kruisiging en opstanding (Louw, 1999a:2). Pastoraat se doel is dus om God se wil in terme van die vraag na die sin van die lewe teenoor die sinlose alternatief te vertolk, sodat pastorante met vreugde en hoop kan leef (Louw, 1999a:2).

5.5.2.5 *Slotsom oor Fase 1*

Aan die einde van Fase 1 behoort pastorante te weet wat die oorsprong van hulle probleem is en insig te vorm van hul gevoelens, emosies en behoeftes. Pastorante behoort ook begrip te kry vir hul emosionele funksionering en wat die Skrifwaarhede oor (hul) emosies deurgee.

5.5.3 Fase 2

Doel: Probleemverheldering, sistematisering en integrering van gegewens en ontwikkeling van perspektiewe: Die pastorant neem 'n besluit oor die probleem deur te erken, bely en te ontkoppel.

Antropologie: Kognitief: nadenke, analise, beoordeling en evaluering.

Innerlike funksie: Refleksie: deur rasonale denke word gegewens geïntegreer, nuwe persepsies gevorm en perspektief ontwikkel.

Respons: Verkennende vrae, interpreterend-diagnostics, informasie, samevatting en afsluiting met gebed.

5.5.3.1 *Probleemverheldering*

Met probleemverheldering is inhoud van die denke meer op die voorgrond omdat dan makliker tussen gevoelens en die werklike probleem onderskei kan word (Louw, 1999a:416). Pastorante kan in hierdie fase begelei word om nuwe vooruitsigte vir hulle toekoms te ontwikkel (Adams, 1981:54; Louw, 1999a:412). Met probleemverheldering moet die analisering van denkinhoude vermy word, omdat pastorante reeds hulleself evalueer deur hul gevormde selfpersepsies of selfwaarde (verw. 2.7.4.3) en hul Godsbeskouings (verw. 2.7.4.4; Adams, 1981:53). Dit is belangrik dat die pastor die pastorante help om hul beskouing van die aanvanklike probleem anders te beskou en om die probleem vanuit die Skrif te benader (Adams, 1981:53; Hanekom & Hanekom, 2010:131- 133).

a. Toekomsvooruitsigte

Pastorante is meestal in hul subjektiewe wêreld vasgekeer weens die verwerping (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4). Hierdie “wêreld” kan met leiding in die Skrifwaarhede ingrypend verander sodat pastorante kan besef wat hulle ware identiteit in Christus behels (verw. 4.11.1; 4.11.2; 4.11.3). Om dan ’n toekoms sonder verwerping te visualiseer moet die pastorante bereid wees om te erken, bely, af te lê, te vergewe, maar veral om te verander volgens elkeen se ware identiteit in die Here (Adams, 1981:57-61; vgl. Van Zyl, 2009:39-41).

Die pastorante moet begelei word om te erken dat hulle verwerping ervaar het en dat dit hul beeld van hulleself en Godsbeskouing beïnvloed het (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4). Pastorante kan ook gehelp word om gegewens wat oor verwerping na vore gekom het te integreer met hoe dit hulle Godsbeskouing raak. Dit kan deur *verbinding* geskied.

Die pastor verbind wat die pastorant nie byeen kan bring nie (Louw, 1999a:416), naamlik hoe negatiewe innerlike belewenisse aanleiding gee tot afbrekende selfpersepsie. Die pastor help pastorante deur verbindingslyne te trek tussen die probleem en verskillende verhoudings waarin laasgenoemde hulle bevind (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4) (Addendum G). Pastorante moet byvoorbeeld ’n verbindingslyn kan trek tussen hulle binneprente van vrees, skuld en skaamte enersyds en andersyds hulle aggressie, aanmatiging en selfverheffing. Dit is die beste manier om pastorante se probleemareas duideliker af te baken sodat hulle kan ontdek hoe die verwerping hul Godsbeskouing beïnvloed het (Louw, 1999a:416, 417; verw. 2.8.1; 2.8.2). Sodoende kan pastorante ook besef en verstaan dat die liefde, posisie en

waarde in Christus nie geld nie wanneer hulle aggressief, aanmatigend en selfverheffend optree.

b. Antropologie

Die antropologie (leer oor die mens) handel oor die kognitiewe, dit wil sê nadenke, analise, beoordeling en refleksie. Die pastorant moet gehelp word om 'n verband te trek tussen die verlede en die hede. Hierin mag hy hulp benodig om tussen die werklike probleem en sy gevoelens te onderskei (Louw, 1999a:416). Die hulp sluit die volgende in:

Maak logiese gevolgtrekkings: deur die gevolge van verwerping wat onduidelik is of waaraan die pastorant nie gedink het, rationeel te deurdink (Louw, 1999a:417). Hierin ondersteun die Heilige Gees die proses sodat pastorate die werklikheid deur Christus se oë kan insien (De Wet, 2005:515; vgl. Shirer, 2008:67). Hiervoor is Louw (1999a:399; vgl. 2.7.5.4) se PSD-analise ideaal om 'n deeglike begrip by pastorate te kweek oor hoe hulle God werklik beleef (manier), en in watter graad (*mate*) (verw. 2.8.1; 2.8.2) hierdie verwerping hul Godsbeskouing beïnvloed het.

Skakel irrasionele gedagtes uit: help pastorate om sodanige gedagtes uit te skakel (gedagtes wat dikwels gepaardgaan met opvattinge wat uit voeling met die werklikheid is). Hulle word gelei om hierdie gedagtes te toets aan hulle eie innerlike belewenisse en selfpersepsies (verw. 2.7.4.3; 2.8.1; 2.8.2) (Louw, 1999a:417). Hiervoor kan Addendum F as hulpmiddel ingespan word om uitdagings en korrekte inligting aan Skrifwaarhede te toets, byvoorbeeld die persepsies wat pastorate van hulleself het (verw. 2.7.4.5.3.3) asook hulle beskouing van God (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2; 2.7.4.3; 2.7.4.4).

In hierdie proses moet pastorate ongetwyfeld weet wat die Skrif van hulle toestand sê. Maar nog meer, by 'n ontoepaslike Godsbeskouing, is dit belangriker om te wete te kom wat God van Homself in die Skrif openbaar. Nuwe gedagtes lei tot nuwe dade en pastorate kan gelei word om vrymoedigheid op te tree in die krag van Christus se versoeningswerk (De Wet, 2005:515; Hanekom & Hanekom, 2010:190).

Pastorate kan voorts gehelp word deur empatiese konfrontasie. Met ander woorde, hulle word gevra om tussen (hul) fiktiewe en die Woord-feitelike aspekte te onderskei (Louw, 1999a:417). Hierdie onderskeiding moet op die volgende aspekte fokus:

- Pastorate se eensydige siening van hulleself (verw. 2.7.4.3): Wie se waarheid is dit wat daardie individue van hulleself glo? God se waarheid in die Woord of die skynwaarheid wat kom van diegene wat die pastorant verwerp?
- Teenstrydighede in beskouings van hulleself (verw. 2.7.4.3; Joh. 1:12; 15:15): Wie sê God

is die pastorant, en wie sê God is God self (Deut 8:1-20; Joh. 6:35)?

- Ontmasker dinge wat die pastorante in hulle situasie verdraai het (verw. 2.7.4.3; 2.8.1; 2.8.2) deur die waarheid uit die Woord aan hulle voor te hou.
- Wys pastorante se afbrekende opvattinge van die “self” (verw. 2.7.4.3) asook hul negatiewe denkpattrone aan hulle uit.
- Vernietig pastorante se rookskerms (verw. 2.8.1; 2.8.2) waardeur hulle verantwoordelike hede ontduik, byvoorbeeld om nie te glo dat God hulle lief het nie te weier om hulleself of ander te vergewe.

c. Innerlike funksie

Die menslike funksie in hierdie geval behels refleksie, dit wil sê deur rasionele denke word gegewens geïntegreer, nuwe persepsies gevorm en perspektief ontwikkel. Deurdat pastorante gehelp is om irrasionele denke te bowe te kom en logiese gevolgtrekkings te maak, kan hulle dan relevante data van die kernprobleem tot ’n geheel integreer (Louw, 1999a:417). Louw stel ’n diagram voor wat die pastorante se probleem grafies voorstel en die kernmateriaal van die gesprek met verbindingspyle aan mekaar koppel. Só “hoor” die pastorante nie net hulle probleem nie, maar kan hulle dit ook visualiseer en identifiseer (Louw, 1999a:417).

Daarna kan pastorante gehelp word om oplossings vir hulle probleem te vind asook “ek-boodskappe” te formuleer. Gevolglik kyk hulle nie meer met ander se oë na verwerping nie, maar met hulle eie (Louw, 1999a:418). Hierdie ek-boodskappe kan help om verantwoordelike gedrag by pastorante te motiveer, naamlik om hulle persepsie te verander oor hulle houding, gesindheid, denke, gevoelens en Godsbeskouing (Louw, 1999a:418; 420).

d. Respons

Die pastor reageer deur om vraend-verkennend, interpreterend-diaagnosties en informatief op te tree.

i. *Vraend-verkennend*

Die volgende verkennende vrae kan aan die pastorant gestel word (vgl. Cheston *et al.*, 2003:105:

- Watter emosies sou u sê is verwant aan u Godsbeskouing, asook in u verhouding met God?
- Hoe sou jy sê sien jy God?
- Hoe beleef jy jou verhouding met God?

- Watter verwagtings koester jy teenoor God?
- Sou jy kon sê dat jou Godsbegrip rasioneel en Skrifverwant is?
- Hoe beïnvloed jou beskouing van God jou gebedslewe?

Hierdie bostaande en soortgelyke vrae kan pastorante help om hul posisie te herevalueer en die oorsaak van verwerping te verken. Vrae moet pastorante help om hulle omstandighede en probleme te verwoord deur hulle lewensverhaal op 'n tydlyn te plaas (Louw, 1999:316). Vrae kan aan pastorante gestel word oor wat hulle van die volgende fases onthou:

- **Kinderjare:** voorgeboorte, voorskools, laerskool en hoërskool; dit kan negatief wees en 'n traumatiese effek hê, of positief en help met die daarstel van opbouende gedrag.
- **Volwasse lewe:** naskools en, indien die pastorant getroud is, getroude lewe; dit kan negatief wees en 'n traumatiese uitwerking hê, of positief en 'n ophoudende gedrag by pastorante help vestig.
- **Kommunikasiepatrone:** tussen die ouers, ouers en kinders, en of die interaksie positief of negatief was.
- **Moreel-etiese waarde/s:** lewensbeskouings en standpunte, byvoorbeeld bepaalde lewenshouding waarbinne keuses gemaak word wat lewensprioriteite beïnvloed.
- **Verliese:** lyding, byvoorbeeld omstandighede wat ontberings veroorsaak en persoonlike pyn meegebring het.
- **Gebeure wat prestasievermoë beïnvloed het:** soos insidente wat die selfbeeld geraak het.
- **Mediese geskiedenis:** siektetoestande, byvoorbeeld beskrywing van sodanige gevalle wat voorgekom het.
- **Seksuele ervarings:** traumatiese gebeure wat die seksuele identiteit beïnvloed het.
- **Intens godsdienste ervarings:** gebeure wat spesifiek godsdienstige of geloofs- probleme veroorsaak het.
- **Persoonlike gebedslewe:** inhoud en aard van hierdie fokus.
- **Godsbeeld:** ervaring van God en hoe God gesien word.

Daarna kan pastorante verduidelik watter van die emosionele primêre en sekondêre binneprentjies (Addendum E; Faul & Hanekom, 2000:34) hulle aan watter stadium of tyd in hulle lewensverhaal kan koppel.

Na Louw (1999a:317) se mening is die beste manier om vrae te stel die volgende:

- **Oop vrae:** dit laat ruimte vir eie verantwoordelikheid en om tussen alternatiewe te kies vir meer deurdagte antwoorde.
- **Informatiewe vrae:** die pastorant kan meer spesifiek wees en vanaf die algemene na die konkrete sy beweeg.
- **Verhelderende vrae:** meer duidelikheid word gesoek.
- **Gevoelsvrae:** lei regstreeks na die pastorant se onmiddellike gemoedstoestand.
- **Suggestievrae:** help om alternatiewe te formuleer, denke word gestimuleer vir probleemoplossings.
- **Kontrolevrae:** kontroleer of gegewens reg is.

Deur vrae te gebruik, kan pastorante begelei word om te besef dat God se realiteit van die mens nie dieselfde is as hulle realiteit hieroor nie, maar dat die Heilige Gees (Joh 14:26; 16:13-15) die gelowige se denke Christus-gerig maak (De Wet, 2005:513). Net in Christus en deur Hom is dit moontlik om in diepgaande geloof van die verwonding van verwerping genees te word. In blote menslike ervaring setel niks nuuts nie, maar in Christus word alles vernuwe deur gehoorsaam te wees aan die Woord van God wat deel van die nuwe mens se bestaan word. In die nuwe verbond (verw. 4.6.2) is die mens in 'n onlosmaaklike verhouding met Christus en is God en mens in wese blywend by mekaar betrokke (De Wet, 2005:514).

Die mens as sedelike wese: Die pastorant word aangespreek deur die Woord van God en herskep tot 'n sedelike wese (verw. 4.6; 4.6.1; 4.6.2; 4.7; 4.7.1; 4.7.1.1; 4.7.2; 4.7.3; 4.7.4; 4.7.5; 4.7.6; 4.7.7; 4.7.8). Binne hierdie herskeppings proses van die verworpene se lewe kom die gewete ter sprake (Louw, 1999a:269). Die gewete is 'n kritiese menslike funksie wat deur skuldbewussyn lewend bly. (Louw, 1999a:269; 2 Kor 4:2; Hand 24:16). Daarby kan geloof en goeie gewete nie geskei word nie, en as sodanig is dit 'n kenmerk van die Christen se lewe (1 Tim 3:9; Louw. 1999a:269).

Pastorante moet besef dat hulle verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle eie aandeel aan gedagtes, gevoelens en gedrag as gevolg van die verwerping. Mense het immers 'n eie wil om verantwoordelike keuses uit te oefen en besluite te kan neem. Doelwitte is belangrik en pastorante moet vir hulleself sulke mikpunte skep wat verandering insluit. Daaruit kan hulle oorgaan hulleself te vergewe asook diegene wat hulle verwerp het. Die pastorante is dan nie meer slagoffers nie, maar in Christus oorwinnaars.

ii. Interpreterend-diagnostics

Die interpreterend-dienstiese aspek se doel is om beweegredes en motiewe vir pastore se optrede te probeer verstaan (Louw, 1999a:329). Die diagnostiese kriteria van die pastorale gesprek word bepaal deur die normatiewe teorie wat die basis vir 'n pastorale model uitmaak. Moontlike benaderings wat in die hulpverleningsproses gevolg kan word, behels:

- Identifiseer bepaalde temas om 'n korrelatiewe verband te tref tussen teologiese en psigologiese temas om pastore se belewenis van verwerping en hul ontoepaslike Godsbeskouing beter te begryp (Louw, 1999a:358);
- 'n Holistiese benadering sou beteken dat verkennende vrae gevra word wat help om tot die kern van die probleem van verwerping deur te dring. Die pastorant kan dan op beide godsdienstige psigologiese vlak tot innerlike genesing en groeipotensiaal begelei word. Dit is moontlik wanneer die pastor insig het in die pastore se teologiese oriëntasie wat hulle Godsbeskouing rig (Louw, 1999:358).
- Konsentreer op die storie-element; daar kan gepoog word om verbande tussen die pastore se lewensverhaal en hulle beskouing van God te trek asook tussen verskillende elemente van daardie lewensverhaal en die invloed op betekenisinhoud (Louw, 1999a:358).
- Poog om geloofsinhoud en denkpatrone oor verwerping en pastore se Godsbeskouing te analiseer. Stel met ander woorde vas wat was/is die invloed van bepaalde rasionele veronderstellinge op geloofsgedrag.
- Beskryf die pastorant se geloof en probeer dit verstaan teen die agtergrond van verskillende menslike ontwikkelingsstadia (verw. 3.9.2.1.a). Hierdeur kan 'n verband tussen menslike of ego-ontwikkeling en geloofsontwikkeling getref word (Louw, 1999a:358).

iii. Normatief

'n Pastorale diagnose behoort die eiesoortige waardesisteem en normatiewe aspekte te kan evalueer wat deurslaggewend vir die persoon se gedrag is (Louw, 1999a:379). Deur die "wat"-vrae te stel, kan die pastore begelei word om hul doelwitte oor die hantering van verwerping te stel. Sodoende kan individue besluit hoe hulle in die toekoms vanuit hulle Godsbeskouing op verwerping wil reageer. Die vraag is dus: Is hulle Godsbeskouing toepaslik of nie?

Die volgende moontlike "wat"-vrae kan hier gestel word (Louw, 1999a:380):

- Wat het gebeur/gebeur steeds?
- Wat het jy gedoen/wat het jy gevoel?

- Wat behoort jy te doen?
- Wat gaan jy nou doen? en
- Wat gaan jy ophou doen/begin doen?

5.5.3.1 Slotsom van Fase 2

Om Fase 2 saam te vat: Pastorante moet begelei word om die volgende te kan doen:

- Aanvaar verantwoordelikheid vir hulle eie emosies en reaksie op verwerping.
- Visualiseer vir hulleself 'n toekomsvooruitsig.
- Verbind emosies wat hulle ervaar met dinge wat met hulle in die verlede gebeur het of steeds met hulle gebeur.
- Skakel irrasionele gedagtes uit wat hulle het oor verwerping en hulle Godsbeskouings.
- Maak logiese gevolgtrekkings tussen die seer van verwerping asook die *manier* waarop en *mate* waarin dit hulle Godsbeskouing beïnvloed (het).

5.5.4 Fase 3

In hierdie fase gaan dit oor die belangrike momente van die pastorale gesprek, naamlik: verantwoordelike besluitneming, doelwitformulering, programontwerp, die kontroliering van die gesprek se verloop, evaluering van suksesse en mislukkings, analisering van bronne, en vasstel van prioriteit (Louw, 1999a:418).

Doel: Verantwoordelike gedrag, besluitneming, doelwitformulering, programontwerp.

Antropologie: Kognitief: nadenke, analise, beoordeling en evaluering.

Innerlike funksie: refleksie, dit wil sê deur rasionele denke word gegewens geïntegreer, nuwe persepsies gevorm en perspektiewe ontwikkel.

Respons: konfrontasie, informasie, samevatting en afsluiting met gebed.

5.5.4.1 Doel

Pastorante moet aksie-strategieë kan ontwikkel deur verantwoordelike gedrag, besluitneming, doelwitte te formuleer en programme te ontwerp (Louw, 1999a:413). Hiermee kan pastorante 'n Bybelse perspektief op hulle nuwe identiteit in Christus kry. Dit is veral noodsaaklik om die ontoepaslike Godsbeskouing uit te skakel deurdat hulle God as Transendente verstaan (Carson, 1999:261; Collins, 1993:74-76; vgl. Durand 1976:46).

a. Verantwoordelike gedrag en besluitneming

Verantwoordelike gedrag behels dat pastorante besluit om die wil van God vir hulle lewe te soek, en om bagasie af te lê, in die Gees te leef, en die begeerlikheid van die vlees (die sondige menslike natuur) te weerstaan (Gal 5:16-26; Anderson, 2000:81; Anderson & Miller, 2000:81-82; DeMoss & Grissom, 2005:66-69). Pastorante moet bewus wees daarvan dat min in hulle lewe sal verander as hulle nie glo en bely dat God 'n lewende Persoon is nie (Nel, 2005:16).

b. Doelwitformulering

Doelwitte word geformuleer deur probleme in doelwitte te omskep. Dit beteken in hierdie konteks om van 'n (verworpe) slagoffer in die "ou mens" na oorwinnaar in die "nuwe mens" te beweeg. Ook hiertoe kan Christus die pastorant in staat stel (Fil 4:13) deur die juk van verwerping af te gooi en as nuwe mens in Christus op te staan.

c. Programontwerp

In samewerking met die pastorant word oor 'n prakties uitvoerbare program besin. Hierdie program moet die uitwerking wat verwerping gehad het of steeds het, doeltreffend met oplossings die hoof te bied. Saam met die pastor kan pastorante al die voor- en nadele van so 'n program tabuleer en besluit hoe dit haalbaar uitgevoer kan word. Dit sou ook behels die hulpmiddels wat nodig is vir die uitvoerbaarheid, die kontrolemeganismes, geleenthede vir terugvoering en tydskedule (Louw, 1999a:418, 422).

i. *Probleemomskrywing*

Pastorante kan begelei word om die feite wat betrekking het op die oorsake van verwerping in 'n tabel voor te stel. Die tabel kan gebruik word om te besin oor gevoelens wat met verwerping verband hou, byvoorbeeld opvattinge wat spruit uit beide positiewe en negatiewe emosies en beskouings van God (Louw, 1999a:418; verw. Addendum F). Pastorante kan sodoende helderheid kry oor die invloed wat verwerping gehad het of steeds het op hul selfkonsep asook emosionele beleving van God (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4; Louw, 1999a:418). Deur middel PSD toe te pas (Louw, 1999a:399; verw. Addendum B), kan pastorante se godsdienstige opvattinge en Godsbeskouing wat op verwerping betrekking het dan gekontroleer en omskryf word.

Hoe doeltreffend bestaande maniere van probleemhantering en gedrag is, moet getoets word. Dit sal pastorante help om hul persepsie van God op affektiewe, konatiewe, kognitiewe en die normatiewe gedrags- en verhoudingsvlak te verander.

Affektiewe vlak (gevoel): Op affektiewe vlak kan verwerping daartoe lei dat pastorate 'n gevoel van vrees, skuld en skaamte beleef (verw. 2.7.4.3). Dit laat hulle met ontwrigte emosies (verw. 2.7.4.3). Wanneer pastorate begelei word tot insig en bemagtigde kennis van hulle gevoelens en hoe om dit te bestuur, kry hulle emosionele en religieuse lewe nuwe dimensie (Kruger, 2003:98). Dit het 'n nuwe gesindheid tot gevolg. Wanneer individue hulle vertroue in God plaas, dra dit by tot 'n kalm gemoed (Spr 14:30) en 'n gesonde gees.

Galasiërs 5:22 dui aan watter emosies en innerlike kwaliteite tot eer van God uitgeleef kan word, naamlik blydschap, vrede, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, vrede, blydschap en lankmoedigheid, wat kenmerkend van God is. Hierdie kwaliteite is nie deel van die natuurlike mens nie – inteendeel, die natuurlike mens ly emosioneel onder byvoorbeeld vrees, skuld en skaamte (verw. 2.7.4.3) waarteenoor die geestelike mense se emosie een van vrede en blydschap is (Kol 3:15; Anderson, 2000:72, 73). In hierdie fase van pastoraat moet pastorate hulleself daartoe verbind om hul emosies te beheer (Addendum H).

Konatiwew vlak (wil): Mense se natuur is om vleeslik op te tree (Ef. 2:1-3) en nie geestelik nie. Gevolglik leef hulle buite die wil van God (Rom 7:14-26; verw. 4.5.1; Anderson, 2000:72). Natuurlikerwys lei dit tot opstand teen die wil van God (Rom. 7:15-23). Daarom is dit belangrik dat pastorate sal kies om hul gedagtes verantwoordelik te beheer, deur nie langer hulle eie wil te volg nie, maar om God se wil te wil doen (Luk 22:42). Aan die hand van Addendum H kan pastorate begelei word om hulle gedagtes te beheer.

Kognitiwew vlak (denke): Uit die “wil”, naamlik die wil om te verander, om God se wil te doen, en om te vergewe, kan pastorate begin om doelgerig en gemotiveerd op te tree. Hierdie aksie is nie meer in eie belang nie, maar om in God se belang te voel en te besluit (Gal 5:22; vgl. ook Ingram, 2009:97-99). Die vernuwing van denke (Rom 7:15) gaan ook meestal met innerlike sekuriteit gepaard (Van der Merwe, 2005c:97; vgl. Addendum H). Pastorate moet begelei word om hulle sekuriteit nie afhanklik te maak nie van wat ander oor of vir hulle sê. Dit moet vir hulle 'n vaste wete wees dat hulle sekuriteit slegs in 'n nuwe identiteit in Christus kan setel (Gal. 2:20; 2 Kor 5:17; Ef 2:5). Ingram (2009:99-100) stel die volgende praktiese metodes voor waarvolgens pastorate hulle denke deur God se Woord kan vernuwe:

- Hoor die Woord (Rom 10:17).
- Lees die Woord (Op 1:3).
- Bestudeer die Woord (2 Tim 2:15).
- Memoriseer die Woord (Ps 119:9, 11).
- Besin daaroor (Jos 1:8).

Wanneer die pastorante begelei word om hulle denke te vernuwe, bring dit hulle in die teenwoordigheid van God. Dan kan hulle hulself vanuit God se perspektief sien en raak sodoende bewus van God se liefde vir hulle (Ingram, 2009:100).

Normatiewe vlak (Skrif): Wanneer die pastorante hulle verheug oor wie hulle in Christus is, kan hulle hulself vir die eerste keer met nuwe oë raaksien, naamlik as kind van God. Hieruit spruit emosies van dankbaarheid oor God se genade, vrede ná hul versoening met God deur Christus, en die hoop op God se koninkryk wat nog moet kom. Hierdie aspekte wek 'n Christelike selfbewussyn by gelowiges op (Roberts, 1992:57). Om doeltreffend selfbeheersing te kan beoefen en nie onbeheerste emosies en gedrag terug te val in nie, verg dat pastorante deurlopend moet vernuwe as nuwe skepping in Christus (Roberts, 1992:57). Die wilskrag om selfbeheersing en geduld aan die dag te lê vra dat hulle volhard in daade van liefde vir die medemens en van barmhartigheid (Heb 12:1-3; Roberts, 1992:55).

5.5.4.2 Antropologie – kognitief

In die nadenke, analise, beoordeling en refleksie uit die inligting wat pastorante met die pastor deel, kan laasgenoemde na aanleiding van die inligting tot die gesprek toetree. Die volgende word aan die hand van die Skrif gekommunikeer aan pastorante oor die mens as beeld van God, as verbondswese, as verhoudingswese en as sondaar. Binne die pastorale ontmoeting kan die verworpene in verskeie hoedanighede bedien word, soos uiteengesit in die hofies hier onder.

a. Verworpene as beeld van God

As mens is die pastorante volgens die beeld van God geskep (verw. 4.7.1) ten spyte van die verwerping wat hulle van medemensse ervaar het. Hierin lê 'n bepaalde verband wat nie slegs vir mense geld nie: niks anders staan in só 'n verhouding tot God nie, nie eens die engele nie (König, 1991:125). Soos God die mens volgens sy beeld eenmaal geskepe het, so is die nuwe mens ook volgens die beeld van God herskep, naamlik 'n nuwe lewe onder die heerskappy van Christus (König, 1991:128; vgl. Hanekom & Hanekom, 2010:136). Pastorante kan slegs God se beeld vertoon as hulle in 'n voortdurende intieme verhouding met God bly leef (Hanekom & Hanekom, 2010:137).

Omdat hulle in die versoeningswerk van Christus mag vertrou, kan pastorante vrede maak met hulleself, met God en met ander ten spyte van al hul tekortkomings en oortredings (verw. 2.7.4.3; Vosloo, 1993:14). Binne hierdie verhoudings is die verwerping deur mense irrelevant. Pastorante kan gevolglik oortuig wees van hulle eie waarde danksy die wete dat Christus gekom het om te “soek en te red wat verlore is” (Luk 19:10; Rom 8:1; Kor 1:30; 6:19, 20).

Met die verblydende besef van hul waarde in God kan pastorante begelei word om die deugde van God te weerspieël. Dit doen hulle deur diegene wat hulle verwerp het en ook hulleself te vergewe soos God maak (Ef 4:32). Die noodsaaklikheid hiervan moet duidelik gekommunikeer word sodat pastorante kan leef in liefde teenoor hulleself en diegene wat hulle verwerp het. Sodoende leer hulle om spreekwoordelik soos God “volmaak” op te tree (Matt 5:48). Hierin geld die volgende noodsaaklike faktore: barmhartigheid teenoor hulleself en hul verwerpers (Luk 6:36) asook heiligheid voor God, teenoor hulleself en hulle medemens (1Pet 1:15; Van Wyk, 1996:25).

Die geestelike herstel van die pyn van verwerping behels dat die pastorante antwoord op die oproep om beeld van God te word (Gal 2:20). Dit behels om Christus te verbeeld, maar geskied nie los van bewussyn en verantwoordelikheid nie. Die pastorant word naamlik opgeroep om soos God en Christus te word en te leef (Kol 3:13; E. 4:32; 1 Joh 3:2, 3; König, 1991:127).

b. Verworpene as verbondswese

As verbondswese staan die pastorant in 'n verbondsmatige verhouding met God deur die kontak waarin hulle en God (verw. 4.6.2) en by mekaar betrokke is (König, 1991:9, 19, 21; Louw, 1999:28; vgl. Hanekom & Hanekom, 2010:22). Volgens die Skrif se getuienis kan die pastorante seker wees van hulle bestaan as deel van 'n verbond ten spyte van die sonde-aspek in hul lewe. Sodoende kan hulle uitsien na God wat genadig is, wat in liefdestrou, barmhartigheid, maar ook toorn op die mens fokus (Miga 7:18; vgl. Neh 9:17; Ps 86:15; 103:8; Joël 2:13; Jona 4:2; vgl. ook Denton, 2010:85; Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002a:184).

c. Verworpene as verhoudingswese

As verhoudingswesens (verw. 4.7.3) kan pastorante verseker wees dat die Skrif waarlik duidelik maak in watter verhoudings mense hulleself behoort te bevind, en só identiteitsvorming help vasstel (Steenkamp, 2007:72; vgl. Breed & Kruger, 2014:11; Bezuidenhout, 2005:63). Die Skrif se waarhede wat verworpe individue kan lei tot insig in hulle identiteit in Christus is soos volg:

- **Filippense 4:11, 19:** Hulle mag op God vertrou (Anderson, 2000:28; Van Rensburg, 2007b:1846; verw. 2.8.1; 2.8.2). Pastorante kan hiervolgens aangemoedig word om hulle te omring met mense wat hul waarde ken en hulle waardeer en liefhet.
- **Johannes 13:34-35:** deur ander lief te hê, toon dit aan die wêreld dat die pastorant 'n dissipel van God is (Blackaby & Blackaby. 2009:39).

Pastorante moet begelei dat hulle begryp: om ander te dien leer hulle die rykdom van hulle gawes. Só kan hulle die vreugde ken om God se genade in ander mense se lewe in te dra sodat God se koninkryk daar 'n werklikheid kan word (Breed & Kruger, 2014:9). Sodoende ontwikkel die pastorante se identiteit as bedienaar aan ander deur hulle gawes (*diakonos*). Dit maak hulle nederig en maak hulle bewus van hul onskatbare waarde in Christus deur die werk van die Heilige Gees in en deur hulle (Breed & Kruger, 2014:9).

d. Verworpene in verhouding tot God

In verhouding met God gee die Skrif die versekering wie die pastorante werklik voor die Here is (Ps 104:29; 139) en watter sin en doel hulle lewe inhou (Ps 81:14; 128:1; verw. 4.6.4). Pastorante is aan God verbind (König, 1991:9) en slegs God kan die herstel in die mens se verhoudings bewerkstellig. Pastorante moet begelei word om die stukkende verhouding met God wat weens die verwerping posgevat het, te kan herstel (Vorster, 2011:611), Dit kan geskied deur vergifnis teenoor diegene wat hulle verwerp het (Rom 12:4-5; 2 Kor 5:17).

e. Verworpene in verhouding tot die self

Verworpe persone vorm 'n bepaalde beeld van hulleself (verw. 2.7.4.3; 4.7.1). In die lig hiervan kan pastorante 'n gesonde selfwaarde hê indien hulle hul vermoëns as 'n gawe van God beskou. Benewens kennis van God, is kennis van wie 'n persoon self werklik is, die belangrikste waarheid wat so iemand kan besit (Anderson, 2000:34). Vanuit die Skrif kan die pastor Skrifgedeeltes aanwend om hierdie werklikheid (wie 'n persoon werklik is) te staaf. Verskeie Skrifgedeeltes kan in hierdie verband aan pastorante voorgehou en uiteengesit word (Matt 5:13,14; Joh 1:12; Rom 6:18, 22; 1 Kor 1:2; 3:16; Gal 3:26, 28 en vele ander).

f. Verworpene in verhouding tot medemens

Pastorante kan slegs tot volwassenheid en rypheid kom in verhouding tot hulle medemens (verw. 4.6.6). Gevolglik is dit belangrik om oor te dra: Wanneer pastorante hulle naaste liefhet (vgl. Matt 22:37-40; Joh 13:37-35; 15:9-17; 1 Joh 4:7-21), kan hulle ten spyte van die verwerping wat hulle beleef het, Jesus se voorbeeld van liefde navolg (Blackaby & Blackaby, 2009:36-40). Om heel te word verg dat die pastorante in Jesus se liefde bly sodat God se liefde die onderskeie aspekte van hulle lewe deurdring en hulle daardie liefde na ander mense laat deurvloei (Blackaby & Blackaby, 2009:39).

Die liefde is 'n teenvoeter vir negatiewe innerlike belewenisse (verw. 2.7.4.3) wat lei tot negatiewe selfpersepsies en selfwaardes (verw. 2.7.4.3) en daardeur tot die manier waarop en graad waartoe pastorante se Godsbeskouing beïnvloed word (verw. 2.8.1; 2.8.2; Blackaby & Blackaby, 2009:39). Om ander te haat of te verwerp vul die pastorante met negatiewe gedagtes en ooreenkomstige gedrag. Daarteenoor, om ander lief te kry is om self heel te word.

Dit skep die moontlikheid van liefdevolle verhoudings met die self, God en ander (verw. 2.7.4.3).

g. Verworpene in verhouding tot die omgewing

Pastorante het 'n verantwoordelikheid nie net teenoor hulleself, God en ander nie maar ook teenoor die natuur (verw. 4.7.7). Die mens is aangestel as heerser, bewerker en bewaker van die aarde (Gen 1:28; 2:15). Wanneer hulle dus verantwoordelik met die natuur besig is, is hulle besig om God se wil te doen. Heelwording vra dat individue aan God gehoorsaam is. Indien pastorante nie hierdie verantwoordelikheid nakom nie, tas hulle nie slegs die natuur aan nie, maar ook hulleself. Die pastorante moet ook heerskappy weerspieël in die manier waarop hulle oor die natuur verantwoordelik optree en God se sorgsame en onderhoudende heerskappy verbeeld (2 Pet 3:12).

h. Verworpene as sondaar

God verwerp nie pastorante as sondaars wat hulp soek nie (Luk 7:48, 50; Joh 6:37; verw. 4.6.8). God treur oor diegene wat hul harte verhard (Joh 5:40; Matt 23:27) en is verheug oor diegene wat na God toe draai (Luk 15:5-7). In Christus kan hulle oorwin (Rom. 8:37) en niks kan hulle van die liefde van God in Christus skei nie (Rom 8:38-390), soos Jesus dit self uitgedruk het: dat niemand hulle uit sy of die Vader se hand kan ruk nie (Joh 10:28; Van Wyk, 1996:28).

5.5.4.3 *Godsbeskouing:*

Die name van God, metafore en eienskappe van God (verw. 4.11.1; 4.11.2; 4.11.3) kan pastorante help om hulle ontoepaslike Godsbeskouings na die werklik toepaslike Godsbeskouing, volgens die Woord, te verander. Gedurende die pastorale gesprek lei en werk die Heilige Gees om pastorante se ontoepaslike Godsbeskouings te herstel.

a. Name van God

Die name van God maak God se natuur en aard bekend en kan binne die pastorale gesprek aangebied word om ontoepaslike Godsbeskouings toepaslik te herstruktureer (Adams, 1979:57-59; vgl. Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002b:206-207; verw. 4.11.1). Louw (1998:239) stel dit gepas: "Whether God is viewed as Shepherd, King, Lord of Hosts or Father (etc.), the naming of God has the following in common: man's need for guidance (leadership); reliability and faithfulness; and tenderness, compassion, solidarity and intimacy." Die name se betekenis kan soos hier onder uiteengesit word.

Liefdevolle Vader: Dit is moontlik dat die woord *vader* meer van 'n negatiewe konnotasie kan oproep by individue wat verwerping deur hul pa ervaar het (verw. 2.7.4.1). Gevolglik is dit

belangrik dat hulle eers ontslae raak van die negatiewe beeld (indien van toepassing) wat hulle van hul eie pa het. Dit help hulle beter verstaan watter beeld Jesus in gedagte gehad het toe Hy van sy Vader gepraat het. Adams (1979:57, 58) beklemtoon dat die naam “Vader” spreek van sorg, bevrediging, warmte, betroubaarheid en omgee. Dit maak pastorate bewus van wat dit beteken om God se kind te wees. Hulle begryp ook dat dié naam bemoediging, gerusstelling, en dissipline weerspieël (Adams, 1979:59). Aan die hand van Deuteronomium 5 asook Efesiërs 5 en 6 kan pastorate wat sukkel om God te vertrou, begelei word om tot God in gebed en gereelde Bybelstudie te nader. Pastorate moet aangemoedig word om interaksie met medegelowiges te hê sodat hulle te wete kan kom hoe God werklik is en wie hulle in God se oog is.

Die Almagtige: God se almag word bekend in die skeppingswerke en deur God se ingryping by sy volk (Smit, 2009:47; vgl. Gen 1, 2; 17:1; Eks 20:2; Job, 11:7-9). Pastorate is meer geneig om God te meet aan “sterk” of “swak” eienskappe, omdat hulle God blameer vir wat met hulle gebeur het of steeds gebeur (verw. 2.7.4.3; 2.7.4.4). Hierteenoor kan die verhaal van Josef wat deur sy broers verwerp is (Gen 37:27) aan pastorate voorgehou word – daardie verwerping het in God se hand volmaak uitgespeel deur die voorsienigheid (König, 2002:104). Hierin is Josef die verworpene, waar sy getrouheid in gehoorsaamheid kragtige aansporing is vir ’n pastoraat om te vertrou op God wat uiteindelik seën (Gen 47:12). Daarby kom Josef tot sy reg om vir sy pa en broers tot seën te wees (Gen. 48:4).

Geregtigheid: God voorsien dit aan gelowiges in Christus (2 Kor 5:21). Christus is gelowiges se geregtigheid wat nooit verander nie (1 Kor 1:30). God se geregtigheid in Christus vrywaar pastorate nie van probleme, lyding of om te moet stry teen die Bose nie. Dit bied hulle wel die onvervreembare waarborg van vrede en blydschap te midde van probleme, lyding en stryd teen die Bose (Jes. 61:10). Psalm 27:10 gee aan die verworpenes die versekering dat hulle met hul klag oor die verwerping wat hulle op aarde ervaar het, in vertroue na God toe kan gaan. God sal waregeregtigheid oor hul uitstort en hul nooit verlaat of verwerp nie (König, 2002:99).

Jesus Christus: God openbaar Hom deur Jesus Christus, die Seun van God wat gebore is as mensekind en onder die mense kom woon het (Smit, 2009:47).

Verlosser: In Christus kan pastorate weet hulle is vrygespreek en geregverdig (Jes 44:22; Rom 5:1). Dus is hulle ewig vry van veroordeling (Rom. 8:1) en deel in Christus se volheid (Kol 2.10; vgl. Kol 1:13; Ef 1:6; 2 Tim 1:7; Anderson, 2000:46-47). Jesus identifiseer volkome met pastorate en in hul tekortkomings deurdat Hy ook as mens sy beperkings geken het net soos die geval met pastorate moet wees. Jesus het die beperkings van sy liggaamskragte ervaar (Mark 1:35; Luk 22:41-45; Heb 5:7), as mens was Hy in aan ander mense gelyk (Heb

2:17, 18) en moes ook onder versoeking ly (Matt 4:3-9). Jesus gee egter die antwoord op hoe om versoekings te deurstaan – deur gehoorsaamheid aan sy Vader (Matt 4:4, 7, 10). Hierin kan pastorante met hulle Here identifiseer deur die werk van sy Gees in hulle lewe.

Opgestane en lewende Here: Pastorante het die reg om vrymoedig voor die troon van God te staan en genade en barmhartigheid te ontvang (Heb 4:16). Deur saam met Christus te sterf (Rom 6:1-6), is die mag van die dood verbreek asook sonde se heerskappy (Anderson, 2000:47). Pastorante kan die versekering hê dat Jesus die dood oorwin het (1 Kor 15:54) en dat daar nie meer rede is vir geestelike doodsheid nie. Deur die geloof kan 'n verworpe persoon in oorwinning leef te midde van selfs die wreedste optrede van mense (verwerpers) (Anderson, 2000:114).

Versoening: Dit lei tot 'n nuwe bestaan in Christus (Rom 8:15; Gal 4:5,6; Ef 2:19) wat pastorante vryheid in Christus bied om los te wees dinge wat hulle kan bind. Deur sy dood en opstanding het Christus *vryheid* gebring (vgl. Rom 1:6, 17; ook Rousseau, 2010:42). Vir gelowiges “in Christus” behels dit vryheid van die *toorn* van God, van *sonde*, vry van die *wet* en om vry van *dood* te wees (Rousseau, 2010:42). Deur Christus se soenoffer kan pastorante 'n nuwe lewe lei (Rom 6:11 ev; Mat. 6:14 ev; Luk 7:47). Christus het die skeidsmure afgebreek (Ef 2:14) en die mensdom is een in Christus en een in God (Kol 3:11; Hartney, 2011:100).

Die Heilige Gees: God se waarheid oor pastorante se identiteit raak 'n werklikheid wanneer die Gees mense nuut maak (Joh 3:5) en hulle uit genade kan weet wat God skenk (1 Kor 2:12). Hierdie geskenk is dat hulle duur gekoop is en aan God behoort (1 Kor 6:19-20; Anderson, 2000:46). Deur die Gees het pastorante toegang tot God (Ef 2:18) en is hulle met geseën met alles wat God hulle wil gee (Ef 1:3; ook Anderson, 2000:46). Die Heilige Gees is God, lewend in elke gelowige (Rom 8:9, 11). Die Gees het gekom om ewig met die verworpenes te wees (Joh 14:16, 26; 15:26; 16:7). Dus kan pastorante weet dat hulle nooit alleen is nie, maar dat God met hulle is. God is ewig (Heb 9:14) almagtig (Job 42:2), alwetend (1 Kor 2:10, 11), alomteenwoordig (Ps 139:7 en heilig (Rom 1:4).

b. Metafore vir God

Deur metafore te gebruik, kan pastorante veel meer verstaan van God, God se werk asook verhouding met hulle (Louw, 1999b:339). Pastorante kan juis deur metafore groter betekenis aan hul lewe heg deur te glo wat God van hulle sê en nié wat mense kwytraak nie (Anderson, 2000:37). Die waarde van metaforiese taalgebruik raak die hart van geloofservarings deurdat dit pastorante daarvan bewus maak dat God in 'n lewende teenwoordigheid betrokke is by hulle wanneer hulle met God kommunikeer (Louw, 1999b:339).

Metafore is nie slegs betekenisvolle begrippe nie. Dit is ook ryk aan belewenis en assosiasies

van ervarings uit die verlede (Smith & Dreyer, 2000:300). Die voordeel van metafore vir die pastoraat is dat dit die werklikheid opnuut uitdaag deur die relevansie van pastorante se Godsbeskouing op nuwe maniere aan te bied (Smith & Dreyer, 2000:303; Louw, 1999b:339; vgl. Van Jaarsveld & Janse van Rensburg, 2002b:205; verw. 4.11). Voorbeelde van sulke metafore word hier onder uiteengesit.

God as Vader: Jesus het na God as sy Vader verwys (Matt. 6:9; 11:25-27), en tegelyk beklemtoon dat God nie net “sy” Vader is nie (Luk 11:2; Matt 6:9), maar ook van gelowiges. Wanneer pastorante binne God se wil leef, doen hulle dit as deel van God se gesin (Joh 8:42,44). Hulle behoort aan ’n nuwe familie, dié van God (Joh 1:12-13; 3:3-10). As kinders van God het hulle dus ’n nuwe identiteit (Joh 1:12-13; 1 Joh 3:1) met Jesus as hulle Broer (Joh 20:17). Pastorante moet weet dat God nie soos ’n menslike pa is nie (Hos 11:9; Es 16:62) en ook nie so optree nie (Hos 11:9; Es 16:62) – veral nie soos ouers (pa) wat ’n kind verwerp nie (verw. 2.7.5.1.1). Pastorante moet weet hulle kan veel meer van God hulle Vader kry (Matt 7:11).

Die wingerdstok en lote: Johannes 15:5 beskryf Jesus se uitspraak oor die wingerdstok en lote. Om in Christus te leef, beteken om te glo en te bely dat Hy die Seun van God is. Dit behels om Hom as Verlosser en Here te ken en God se opdragte uit te voer. Daarby beteken dit om in geloof te volhard en deel te hê aan die gemeenskap van die gelowiges, die liggaam van Christus (Du Rand, 2007a:1622). In Christus kan verworpenes vir die koninkryk van God ’n aanwins wees deur met hul nuwe lewe te getuig van God se genade en volkome redding (Joh 14:31).

Vriend van God: Verworpenes kan ’n verskeidenheid negatiewe ervarings deurgaans soos liefdeloosheid, onveiligheid, vrees, skuld en skaamte (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.2). Hierdie belewenis kan hul Godsbeskouing regstreeks beïnvloed (verw. 2.7.4.3). Dit kan hulle selfs laat glo dat hulle God moeilik as Vriend kan beskou. In Johannes 15:15 stel Jesus juis die teenoorgestelde wanneer Hy sy dissipels sy *vriende* genoem – dit sluit ook verworpenes in (Du Rand, 2007a:1622). Hierdie metafoor sou pastorante veral nuwe insig kon gee in hul belewenis van God (Louw, 1998:239-240). Deur Johannes 15:13 kan hulle verseker word van Christus se getroue vriendskap, in so ’n mate dat Hy sy lewe afgelê het selfs toe die mense nog sondaars was (vgl. Rom 5:8). Pastorante moet weet dat Jesus gekies het om hulle Vriend te wees. Hy het met sy lewe betaal om ook hulle sy vriende te maak al het hulle dit nie verdien nie. Om Jesus se vriend te wees verg egter ook die verantwoordelikheid om in ooreenstemming as sy vriend te leef. Metafories uitgedruk, beteken dit om vrug te dra (Joh 15:16) en Jesus te vergestalt.

Brood van die lewe: In Johannes 6:35 verklaar Jesus: “Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.” Dit beeld ten diepste die verbintenis uit wat pastorante met Jesus as hul Here kan hê. Dit staan ingrypend teenoor die verarming aan liefde en aanvaarding waarin ’n pastorant moes leef. In en deur Jesus kan gelowiges die kwaliteit van die ewige lewe nou reeds smaak (vgl. Joh 17:13; 21-26) deur die Heilige Gees wat in hulle woon (Joh 7:37-39).

Individue wat verwerping ervaar het, kan deur hierdie metafore groter betekenis aan hul lewe gee deur te kies om te glo wat God van hulle sê, en nié wat mense wil oordra nie (Anderson, 2000:37).

c. Eienskappe van God

God word geken aan bepaalde eienskappe soos dit in die Skrif bekendgemaak is. Nie een van God se eienskappe staan los van die ander nie. Daarom, wanneer die eienskappe van God aan pastorante gekommunikeer word, moet daar nie op een ten koste van ’n ander gekonsentreer word nie (Collins, 1993:79). God se vertroosting, gerusstelling en versekering setel in al die eienskappe, naamlik in God se liefde (1 Joh 4:8, 16), grootheid, goedheid, almag, onveranderlikheid, alwetendheid, regverdigheid en waarheid (vgl. Durand, 1976:46)

Die volgende van God se grootheid- en goedheid-kenmerke kan daartoe meewerk om ontoepaslike Godsbeskouings wat pastorante moontlik voorhou, na die ware beskouing om te keer:

- **Alomteenwoordigheid:** Pastorante kan byvoorbeeld dink God weet nie van hulle probleme en hartseer nie. Daarteenoor behels God se alomteenwoordigheid dat daar nie ’n tyd in sulke persone se lewe was waar God nie met of by hulle teenwoordig is nie (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.4). Pastorante moet deur Skrifbewyse verseker word dat hulle in nie een van hul beproewings alleen is of was nie (1 Kol 8:27; Ps 139:7-10; Jes 66:1; Jer 23:23; Hand 7:48; 17:24).
- **Alwetendheid:** Net soos met God teenwoordig is, ken God elke pastorant en alles aangaande hom/haar tot in die fynste besonderhede. God is alwetend oor alle tye heen (Ps 147:5; Jes 46:9-10; Miga 5:2; Hand 15:18; Heb 4.13) dus is ’n pastorant se omstandighede deurgaans aan God bekend. Só kan die pastorant ook verseker wees dat die uiteinde van die pastorale proses in God se hand veilig is.
- **Almagtig:** Niks is vir God onmoontlik nie, niks kan God oorwin of beperk nie (Gen 17:1; Jes 45:11-13; Jer 32:17; Matt 19:26; Op4:8; 19:6) en wat God sê, sal Hy doen (Num 23:19).

- **Onveranderlikheid:** Pastorante kan verseker word dat God dieselfde bly en daarom 'n anker van stabiliteit is (Ps 33:11; 102:26; 103:17; Mal 3:6; Jak 1:17). Verworpenes hoef nooit aan God te twyfel nie, want God verander nooit.
- **Heiligheid/regverdigheid:** Pastorante kan verseker word dat God volkome betroubaar is (Eks 3:1-6; 1 Sam 2:2; Ps 99:1-9; Jes 6:1-13; Op 4:1-11) en boosheid haat. God bring geregtigheid tot stand en vernietig onreg. Geen sonde kan voor God standhou nie en Hy laat reg seëvier (Jes 30:15-18).
- **Liefdevol:** Pastorante moet te wete kom dat God 'n liefdevolle verhouding met hulle wil hê (Deut 7:6-8; Jes 43:4; Hos 11:1,3,4; Joh 3:16; 1 Joh 4:8). God vergewe, aanvaar, bewys liefde en help in die nood van die verworpenes, en is genadig en versorgend.
- **Betroubaarheid:** Pastorante kan bewus gemaak word van God se volkome betroubaarheid (Jes 25:3; Joh 17:3; Rom 3:4; 1 Joh 5:20; Op 3:7). God is deurentyd getrou, nie soos die mense deur wie die pastorant verwerp is nie. Pastorante kan vertrouend in God se waaragtigheid rus vind, want God kan in geen opsig, *nie* eg en waar optree nie (Num 23:19).

Anders as pastorante se belewenis van verwerping en hulle verdraaide beskouing van God wat daaruit ontwikkel het, kan hulle deur kennisbegeleiding in Wie en hoe God is, tot 'n kragtige herstrukturering van hul ontoepaslike Godsbeskouing gebring word (verw. 2.7.4.4; Collins, 2001:68). God maak sy mag bekend om te genees en herstel (bv. in 2 Konings 5:1) aan die verworpenes. Daardeur kommunikeer God ook genade en liefde vir diegene wat 'n ontoepaslike Godsbeskouing gevorm het (Maree, 2010:57). God kan mense red wat verwerping ervaar het, selfs ten spyte van hul ongeloof en vertwyfeling (Maree, 2010:57; verw. ook 2.7.5.1.1).

5.5.4.4 Innerlike funksie

Besinning deur rasonale denke moet as noodsaaklik vir pastorante beskou word. Deur nadenke word gegewens geïntegreer, nuwe persepsies gevorm en perspektiewe ontwikkel.

- Pastorante moet begelei word om rationeel te dink oor die inligting wat vanuit die pastorale gesprek ingewin is. Hulle moet gelei word om dit te integreer, nuwe persepsies te vorm en perspektiewe te ontwikkel oor hul nuwe identiteit in Christus en gevolglik hul beskouing van God.
- Ou denkpatrone oor die self moet afgelê word om nuwes te vorm in die lig van hoe God se Woord uitdruk Wie en hoe God is.
- Pastorante moet ná die herstel weet en aanvaar dat hulle herskepte mense met 'n nuwe

identiteit in Christus is. Op die nuwe mens is die volgende van toepassing, naamlik:

- God het hulle herskep tot 'n nuwe beeld van God en in hulle Here, met die gevolg dat hulle binne God se heerlijkheid en gesin ingebring is.
- Pastorante het deel aan 'n nuwe identiteit in Christus.
- Hulle kan hierna met vertroue in die krag van die Heilige Gees optree.
- Vrygemaakte pastorante kan doelgerig en sinvol hul lewe volgens die skeppingsdoel van God inrig en uitsien na die toekoms en die hiernamaals ewig by God.

5.5.4.5 *Respons*

Die respons behels twee aspekte, naamlik konfrontasie en informasie soos hier onder uiteengesit.

- Die pastorante moet begelei word om te verander in hulle verhouding met God, met die self en met ander.
- Pastorante moet bewus gemaak word van hul negatiewe en afbrekende denke asook hulle ontoepaslike Godsbeskouings. Indien hulle nie deeglik kennis hiervan dra nie, sou daaraan eintlik niks gedoen kon word nie. Hulle mag ook die Heilige Gees vertrou om al meer betrokke te raak by die algehele herstel van die pastorante se innerlike belewenisse van vrees, skuld, skaamte en die regstel van hulle ontoepaslike Godsbeskouings.
- Die pastorante moet begelei word om te breek met denke wat negatief en afbrekend is vir interaksie met hulleself, met God en met ander. Geestelik moet pastorante doelbewus afskeid neem van ongesonde gesinsisteme en persepsies waaraan hulle tot dusver vasgehou het. In sommige gevalle sou dit selfs beteken dat hulle hul afskei deur so min moontlik kontak te hê met die persone deur wie hulle verwerp is of wat hulle steeds verwerp.
- Pastorante moet begelei word tot insig en volle vertroue in God deur Christus (Matt 11:28). So leer die pastorante om self verantwoordelikheid te neem en nie te verwag dat God en ander hulle moet uitred uit die omstandighede waar in hulle hul bevind nie.

5.5.4.6 *Slotsom van Fase 3*

Pastorante behoort na afloop van Fase 3 die ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouings te kon regstel. Dit sou hulle kon doen deur die Skrifwaarhede hul eie te maak en te kies om hulle aan God te onderwerp en God met hulle hele wese lief te hê.

5.5.5 Fase 4

Fase 4 wil pastorante help om hul geloofsbron in te span met die oog op 'n langtermyn, doelgerigte optrede (Louw, 1999a:422). Dit behels die formulering van hul lewenskwaliteit en sinsraamwerk en om hulle geloofspotensiaal toe te pas (Louw, 1999a:423).

Doel: lei pastorante tot organiese Skrifvertolking, sinsontwerp, hoopvolle lewe en geloofsvolwassenheid.

Antropologie: Dra die normatiewe taak oor.

Innerlike funksie: fokus op geloof, hoop en liefde.

Respons: opbou, ondersteuning en Skrifgebruik, samevatting en afsluiting met gebed.

5.5.5.1 Doel

In Fase 4 word pastorante gehelp om die Skrif organies te vertolk, nuwe sin te ontwerp, deur die formulering van lewensin hoopvol te leef en tot geloofsvolwassenheid te groei.

a. Organiese vertolking van die Skrif

Vir die pastorale gesprek moet die pastor gebruik maak van die Skrif om te “luister” na wat God bekendmaak oor die probleem van verwerping en die pastorant se ontoepaslike Godsbeskouing. Die pastor vervul die allerbelangrike rol as tolk van die interaksiegebeure tussen God en mens, om God se Woord as bemiddeling aan te bied en om te help om die heil te realiseer, te konkretiseer, of te fasiliteer (Louw, 1999a:430). Dit is dus imperatief om van 'n pastorant te verneem wat die probleem is (Osmer se taak: om vas te stel wat gebeur). Só kan die pastor deur Skrifwaarhede of temas begelei deur nuwe insig en verandering binne 'n lewenskrisis te bied (Louw, 1999a:430).

b. Nuwe sinontwerp

Pastorante moet gehelp word om nuwe lewensin te formuleer. Dit word gedoen wanneer sulke individue duidelikheid het wat hulle graag wil bereik in hul verhouding met God, hulleself en ander. Hulle moet ook kan weet wat God se Woord van hulle verwag oor hul lewensbeskouing, godsdienst, selfbeeld, en algemeen daaglikse kontak met ander mense. In antwoord op God se verwagting moet pastorante kan onderskei tussen hulle behoeftes, rolverwagtings en saak-karakter van verwerping en Godsbeskouing kragtens die Skrif se getuienis (Louw, 1999a:423). Pastorante moet hulle daartoe verbind om te vergewe en anders te begin dink oor verwerping asook om emosionele beheer toe te pas.

i. Vergifnis as nuwe sinontwerp

Dit is noodsaaklik dat pastorante begelei word om die mens/e deur wie hulle verwerp is, te vergewe en waar nodig, ook hulleself. Hierdie vergifnis is ononderhandelbaar vir pastorante om tot geloofsvolwassenheid te kan groei. Die volgende stappe kan pastorante help om persone wat hulle verwerp het, te vergewe (Anderson, 2000:166-167):

- Identifiseer wie verantwoordelik was vir die emosionele ontwrigting as gevolg van verwerping.
- Stel vas wat het die vrees, skuld, skaamte, negatiewe selpersepsie, verbittering en verwyte veroorsaak.
- Onderskei tussen die werklike en onwerklike (soos dit wanvoorgestel is) gebeure van verwerping.
- Erken hul eie aandeel, indien enige (bv. gedrag, gesindheid of moontlike houding) daarin dat mense hulle moontlik sou verwerp – wees eerlik met hulleself hieroor.
- Erken die betekenis wat die kruisgebeure inhou om hulle vry te maak van die seer van verwerping.
- Neem die besluit om te “wil” vergewe; vergifnis is ’n bewuste keuse en ’n krisis van die “wil”. Vergelding is ’n natuurlike reaksie van die sondige mens wat skade aangedoen is, misbruik of mishandel word. Maar, sonder uitsondering, dra dit die bitter vrug van selfs meer pyn, haatdraendheid en gevangenskap (DeMoss, 2008:37). Pastorante moet egter realisties wees en nie verwag dat die besluit om te vergewe of die vergifnis as sodanig ingrypende veranderings sal meebring in diegene wat verantwoordelik was vir hulle verwerping nie.
- Neem die lysie van die verontregting wat hulle weens verwerping ervaar het, na God toe en vernietig dit nadat dit deurgewerk is – wanneer die betrokkenes volledig vir sake op die lysie vergewe is.
- Probeer die mense wat vergewe is verstaan.
- Dank God vir die lesse wat geleer is en die volwassenheid wat gespruit het uit die gevolge van die verwerping asook die besluit om die oortreders te vergewe.
- Bely eie foute teenoor God en ander (1 Joh 1:9) en gaan maak reg waar moontlik (Matt 5:23-26).

c. Hoopvolle lewe en geloofsvolwassenheid

Pastorante word begelei om 'n Christusgesindheid te weerspieël en volgens die vrug van die Gees te begin leef (Gal 5:22) deur die dinge van die vlees (of sondige natuur) af te lê (Gal 5:24; Ef 29-32) en te volhard in die dinge van die Gees (Gal 5:25, 26; Ef 5:9, 10). Pastorante moet die volgende besluite neem:

- Stel gesonde grense.
- Leer om innerlike vrede en balans te handhaaf.
- Aanvaar slegs skuld wat van toepassing is.
- Ontwikkel potensiaal in Christus.
- Neem 'n positiewe lewensgesindheid aan.
- Neem wilsbesluite en maak keuses in ooreenstemming met die Woord van God.
- Leef nuwe self in Christus uit.

5.5.5.2 Antropologie: normatiewe fokus

Paulus onderskei tussen drie soorte persone en hul verband met 'n lewe in die Gees (1 Kor 2:14; 3:3), naamlik die natuurlike, geestelike en vleeslike mens (Anderson, 2000:71). Dit is belangrik dat pastorante bewusgemaak word van hoe hierdie drie persoonlikhede in geestelike volwassewording funksioneer:

- **Natuurlike mens:** geestelik dood (1 Kor 2:14), van God verwyder, leef heeltemal onafhanklik van God en sondig outomaties. Hierdie mense leef nie in harmonie met God se bedoeling vir hul lewe nie en hul handelinge, reaksies, gewoontes en herinnerings word beheer deur die vlees, die sondige natuur se begeertes (Anderson, 2000:71);
- **Geestelike mens:** het 'n liggaam, siel en gees en die mens wat tot bekering kom se gees word algeheel deur God se Gees nuutgemaak. Hierdie mense se geestelike lewe word gekenmerk deur die vrug van die Gees (Gal 5:22, 23), vergifnis van sonde, aanvaarding in God se gesin en die verwesenliking van persoonlike waardigheid (Anderson, 2000:73);
- **Vleeslike mens:** behoort wel aan Christus en is deur God regverdig verklaar is, maar kan verkies om soos mense sonder die Heilige Gees op te tree. Dan word hulle denke en emosies deur negatiewe gevoelens getreiter en selfs beheer. Só kan hulle hulleself met sondige dade besig hou (Anderson, 2000:75). Die mense wat so optree onderwerp hulle inderwaarheid aan die vlees in plaas daarvan om dit te kruisig. Daarom gaan hulle gebuk onder gevoelens van onsekerheid, ontoereikendheid, vrees, skuld, skaamte, minderwaardigheid, bekommernis en twyfel (Anderson, 2000:75).

5.5.5.3 *Innerlike funksie: geloof hoop en liefde*

Pastorante moet begelei word om 'n nuwe lewe sonder verwerping in die Gees te mag beleef. Dit kan deur die volgende handeling geskied:

- Aanvaar God se onvoorwaardelike liefde (Ps 6:6, 7; 139:13-19) en te glo dat hulle vir God kosbaar is.
- Aanvaar Christus as hulle Here en Verlosser deur hulle nuwe identiteit in Christus as die Here se beeld (2 Kor. 3:18), sy maaksel (Ef. 2:10) en in 'n nuwe identiteit (2 Kor 5:17) hul eie te maak.
- Neem die besluit om te vergewe en met die liefde van Christus te kyk na die omstandighede waartydens hulle verwerping ervaar het asook diegene deur wie hulle verwerp is.
- Kies om die "self" te aanvaar soos Christus die mens aanvaar; die "self" lief te hê soos Christus die mens lief het; met die "self" vrede te maak soos Christus vrede onder die mens bedoel het; en te omhels wie die "self" in Christus is.
- Kies om gehoorsaam te wees aan God se Woord en God se wil ek vir hulle lewe te soek.
- Leef hul nuwe posisie in die Heilige Gees uit en ontvang sodoende die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding van God.

5.5.5.4 *Respons: Opbou, ondersteuning en Skrifgebruik*

In 'n herstelde verhouding met God leef die pastorante wat hulle na Christus gekeer het (Hand 2:36, 38) weg van sonde af (Rom 12:17-19, 21) deur nie aan die wêreld gelykvormig te raak nie (Rom 12:2). Pastorante moet bewus gemaak word wat hulle nuwe lewe volgens die Skrif behels:

- Leef in gehoorsaamheid aan God (Hand 5:23);
- Bely hulle geloof moet bely;
- Bid en vra dat die Heilige Gees hulle sal leiding gee (Joh 7:37; Luk 11:13) om tussen reg en verkeerd te kan onderskei.
- Aanvaar die dinge wat hulle nie kan verander nie.
- Glo dat die Heilige Gees in hulle woon (Mark 11:24).

Dit is belangrik dat pastorante ondanks die seer en teleurstellings van die verlede steeds hulle waarde in Christus sal besef soos McGee (1990:104) dit verwoord:

We need to be honest about the pain, the anger, the disappointment, and the loneliness of our past. Any change in our behavior requires a release from our old selfconcept, which is often found in failure and the expectations of others.

Om te leer wat 'n persoon se nuwe identiteit in Christus behels, is dit belangrik dat pastore hulle selfwaarde baseer op God se siening van hulle. Dit kan hulle deur die volgende handelings regkry: Vertrou in die Gees van God deur gereelde Bybelstudie te doen en om met God in gebed te kommunikeer. Sodoende kan hulle in 'n nuwe verhouding met hulleself en met God staan (McGee, 1990:104).

a. Hoe om deurlopend God se aanvaarding te beleef

Om God se aanvaarding deurlopend te beleef moet die pastore die volgende doen:

- Vergewe onvoorwaardelik diegene deur wie hulle verwerp is (Mark 11:25; Ef 6:2-3).
- Lê die bagasie neer wat as gevolg van verwerping ontstaan het (verw. 2.7.4.1; 2.7.4.3).
- Aanvaar in die geloof dat God hulle aanvaar het en as geliefde kinders aangeneem het (Joh 6:3).
- Beskou en aanvaar die "self" as 'n nuwe skepping in Christus (2 Kor 5:17).
- Skakel in by gelowiges en vorm deel van 'n groep waar hulle liefde en aanvaarding kan ervaar (1 Kor 12:12, 15-16, 21-26; Ef 2:19).

b. Doelwitte ná die genesing van verwerping

Die pastore moet bepaalde doelwitte vir hulleself daarstel om na te streef nadat hulle ontslae geraak het van die juk van verwerping. Sulke doelwitte kan die volgende insluit:

- Getuig van hulle verlossing en die dinge wat God in hul lewe vir hulle gedoen het.
- Leef in die Gees en trek voortdurend God se wapenrusting aan (Ef 5:10-20).
- Plaas die Woord van God in die middelpunt van hul daaglikse lewe.
- Leer van vooraf om God te dank, te verheerlik deur lofprysing en danksegging vir God se genesing van die verwerping en die herstel daarvan.
- Waak oor die denke, emosies en die wil deur die denke te vernuwe en gemoed te suiwer.
- Oefen hoe om positief te kommunikeer deur woorde te uiter van seën, troos en bemoediging en te waak teen negatiewe sefalkommunikasie ("binnegesprek").
- Erken voortdurend hul nuwe identiteit en waarde in Christus en neem die blydschap van die Here as beskutting aan (Neh 8:10);

- Leer God se hart ken deur 'n verhouding op te bou met God deur Bybelstudie en gebed.
- Neem selfrespek, respek vir ander en die natuur aan as deel van hulle daaglikse lewe.
- Herstel die selfwaarde en vertroue.
- Vermoë dit om aan die gemeenskap van gelowiges te onttrek.
- Weerstaan die duiwel deur in die toewyding aan God toe te neem.
- Waak teen die Bose, bewaar hul denke, sodat hulle nie weer in die mag van verwerping beland deur in die verlede terug te gaan nie.
- Aanvaar verantwoordelikheid vir woorde en daade, en vertrou op die Heilige Gees vir leiding dat hulle medegelowiges kan vertrou en hulle ondersteuning geniet.

5.5.5.5 Slotsom van Fase 4

Pastorante behoort na afloop van Fase 4 die keuse te kon maak om daardie mense deur wie hulle verwerp is, heelhartig te vergewe en te wil vrysprek. Op daardie manier kan hulle in Christus die seer van verwerping oorwin.

5.6 SAMEVATTING

Inligting oor verwerping wat bekom is uit die beskrywend-empiriese, interpretatiewe en die normatiewe taak is geformuleer en geïntegreer. Daardeur is praktyk-teoretiese riglyne ontwikkel waarvolgens verwerpe persone pastoraal begelei kan word. Die belangrikste fokus is die herstel van ontoepaslike Godsbeskouings sodat pastorante weer opgeneem kan word in God se gesin waar hulle liefde, waarde en posisie geniet. Riglyne is deur vier verskillende fases geformuleer om individue wat verwerping ervaar het en wie se Godsbeskouing daardeur ontoepaslik geraak is, te kan beraad.

Fase 1: Klem word gelê op die bou van die verhouding tussen die pastor en die pastorant. Persone wat verwerping ervaar het, kan dikwels nie oor die verlede praat nie en ervaar gevoelens van vrees, skuld en skaamte. Hierdie inhibisies word veroorsaak deur vrees vir verdere verwerping, skuldgevoelens teenoor die oortreders en skaamte omdat hulle God blameer vir wat met hulle gebeur (het).

In hierdie fase word met die pastorante 'n verhouding opgebou deur te luister, nie veroordelend te wees nie, en daardie persone te respekteer ten spyte van hulle gedrag en oortuigings. Die Heilige Gees word vertrou om leiding te gee sodat die regte vrae gevra kan word oor bepaalde aspekte van verwerping. Dit lei die pastorant en pastor tot verhelderende insigte oor

hoe en hoedanig verwerping pastorante se Godsbeskouing beïnvloed het.

Deur die fokus op die verhouding tussen die pastor en die pastorant asook die werking van die Heilige Gees, word 'n diep afhanklikheid geskep. Dit stel 'n omgewing daar waar die pastorante veilig voel om hul hart oop te maak en hul lewensverhaal met die pastor te deel.

Daar word deurentyd gepoog om 'n vertrouensverhouding te skep en aandagtig te luister binne God se teenwoordigheid na die dinge wat die pastorante van hulleself vertel. Sodoende word die pastorante aangemoedig en gelei om self 'n begeerte te ontwikkel vir 'n verhouding met God.

Fase 2: Hier word pastorante begelei tot verdere insig in hulle probleem (verwerping en die manier en graad waartoe dit hul Godsbeskouing beïnvloed het). Dit geskied deur verkennende vrae. So kan die pastor begrip vorm van die beweegredes en motiewe van pastorante se optredes. Geloofsinhoude en denkpatrone oor verwerping en pastorante se Godsbeskouing word ontleed om vas te stel wat die invloed van bepaalde rasionele veronderstellings op hulle geloofsgedrag was (steeds is).

Die pastorante se geloof word beskryf en verstaan teen die agtergrond van verskillende menslike ontwikkelingstadia (verw. 3.9.2.1.a) en deur 'n verband te trek tussen menslike of ego-ontwikkeling en geloofsontwikkeling. Fokus word op die skep van toekomsvooruitsigte geplaas deur die pastorante te help om 'n verband te trek tussen emosies en dit wat in die verlede gebeur het of steeds gebeur. Pastorante word ondersteun om vir hulleself 'n toekoms te visualiseer deur besluite te neem oor hoe hulle op verwerping wil reageer en of hulle Godsbeskouing toepaslik is al dan nie. In samewerking met die pastor formuleer die pastorante doelwitte wat verandering insluit. Die doel is om oor te gaan tot die aksie van vergifnis van die self en diegene wat hulle verwerp het asook om die wilsbesluit te neem om van slagoffer na oorwinnaar te beweeg.

Fase 3: Pastorante word in hierdie fase begelei om deur die Skrifgetuigenis weer hulle regmatige plek in God se koninkryk in te neem. Dit gebeur deur aan pastorante die Skrifwaarheid te kommunikeer oor die mens as beeld van God, as verbondswese, as verhoudingswese en as sondaar. In hierdie fase word die ontoepaslike Godsbeskouings uitgewys en word pastorante aan die hand van God se name, metafore en eienskappe begelei tot 'n nuwe begrip van God. Sodoende word die pastorante se ontoepaslike Godsbeskouings herstruktureer en herstel tot Godsbeskouings wat aan Skrifwaarhede gekoppel is.

Pastorante word begelei om deur rasionele denke die inligting wat hulle vanuit die pastorale gesprek verkry het, te integreer. Sodoende kan hulle persepsies vorm en perspektiewe ontwikkel oor hul nuwe identiteit in Christus en hul herstelde beskouing van God. Ou

denkpatrone oor die self word afgelê en nuwes word gevorm in die lig van wat God se Woord oor verworpenes getuig. Pastorante word begelei om hulle herskepte menswees en 'n nuwe identiteit in Christus te aanvaar.

Fase 4: Pastorante word in die finale fase gehelp om vir hulle 'n nuwe lewensin te formuleer. Dit doen hulle deur diegene wat hulle verwerp het, te vergewe en daardeur die vryheid te geniet om God in 'n nuwe identiteit te dien. Pastorante word gehelp om te identifiseer wie verantwoordelik was vir die verwerping wat hulle ervaar het (steeds beleef). Hulle word ook gelei om te kan uitwys watter emosies en persepsies van hulleself het tot hulle negatiewe selfpersepsies gelei. Pastorante gehelp om te onderskei tussen die werklike en onwerklike (soos hulle dit wanverstaan) gebeure van verwerping. Hulle leer om, waar nodig, hul eie aandeel daarin te kan erken en tot nuwe insig te kom oor hul aanspreeklikheid.

Die individue word begelei om die betekenis van die kruisgebeure te erken. Sodoende kan hulle tot aksie oorgaan om diegene betrokke in hulle verwerping, insluitend hulleself, te vergewe. Pastorante word ook gehelp om in die toekoms te leef met 'n gesindheid van Christus. Hierdie ingesteldheid is sprekend van die vrug van die Gees waardeur hulle gesonde grense stel, innerlike vrede en balans handhaaf en slegs toepaslike skuld aanvaar. Sodoende kan hulle hul potensiaal in Christus ontwikkel en 'n positiewe lewensgesindheid aanneem. Dit sluit in wilsbesluite en keuses wat in ooreenstemming met die Woord van God is en riglyne waarvolgens hulle die nuwe self in Christus uitleef.

Na afhandeling van die fases word pastorante uiteindelik begelei om spesifieke doelwitte te stel waarna hulle streef. Dit geskied nadat hulle ontslae geraak het van die gevoel dat hulle verwerp is. Só is hulle vry om voortaan vanuit 'n toepaslike Godsbeskouing te leef en God voluit te dien.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN BEVINDINGS

6.1 INLEIDING

Die navorsingsdoel van die huidige studie was om die manier waarop en die graad waartoe verwerping 'n individu se Godsbeskouing kan beïnvloed vas te stel. Die doel daarmee is om 'n ontoepaslike/nieSkriftuurlike Godsbeskouing reg te stel. In die finale hoofstuk word beoordeel of die navorser daarin geslaag het om die doelwitte van die studie te bereik en die navorsingsvrae te beantwoord.

Die studie is gestruktureer volgens Osmer (2008:4) se beskouing van die vier take vir praktiese-teologiese interpretasie, naamlik die beskrywend-empiriese, interpreterende, normatiewe en pragmatiese taak. Hierdie take is in afsonderlike hoofstukke uiteengesit. Die taak van elke hoofstuk en die vraag wat daardie taak definieer was:

- Beskrywend-empiriese taak – “Wat gaan aan?”
- Interpreterend – “Hoe gebeur dit en waarom gebeur dit?”
- Normatief – “Wat behoort te gebeur – wat staan ons te doen?”
- Pragmaties – “Hoe behoort daar opgetree te word?”

Die vrae hier onder is in die betrokke hoofstuk gehanteer om die taak wat gestel is nader aan te dui:

1. **Hoofstuk 2:** Watter perspektiewe kan vanuit 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek bekom word oor die *manier* waarop en *mate* waarin verwerping 'n individu se Godsbeskouing kan beïnvloed?
2. **Hoofstuk 3:** Watter bydrae kan navorsing vanuit aangrensende vakwetenskappe lewer met betrekking tot die definiëring van verwerping en hoe dit 'n verwerpe persoon se Godsbeskouing kan beïnvloed.
3. **Hoofstuk 4:** Watter normatiewe perspektiewe bied die Skrif op verwerping en hoe kan dit 'n verwerpe persoon se Godsbeskouing tot 'n vlak van dieper vertroue laat ontwikkel?
4. **Hoofstuk 5:** Watter Skriftuurlike uitsprake, teologiese perspektiewe en riglyne kan vanuit

die navorsingsresultate geformuleer word wat rigtinggewend kan bydra tot die pastorale gesprek met persone wat verwerping beleef of beleef het en wie se Godsbeskouing daardeur beïnvloed is.

6.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING OOR TAAK EN UITKOMS

6.2.1 Die beskrywend-empiriese taak

Hierdie taak handel oor 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek oor die *manier* waarop en *graad* waartoe verwerping 'n individu se Godsbeskouing kan beïnvloed. Vanuit die navorsingsproses is bevind dat verwerping nie op 'n bepaalde persoon fokus nie. Niemand is daarteen gevrywaar nie en dit kan 'n vernietigende uitwerking hê op mense wat enigsins verwerping van ander moes of moet verduur.

Verwerping kan skuld, vrees en skaamte veroorsaak selfs sonder so 'n persoon hierdie behandeling sou verdien. Voorts kan so 'n ervaring tot vals gedagtes lei wat weer ongegronde selfpersepsies kan laat ontstaan. Uiteindelik vererger dit tot op die punt waar die individu glo dat God ook sou optree soos die persone wat iemand verwerp. Dit is duidelik dat so 'n ontoepaslike Godsbeskouing strydig met die Skrif se openbaring van God is. Nogtans kan die werklikheid en teenwoordigheid van God vir verwerpte mense irrelevant raak. Gevolglik kan hulle hul innerlik en openlik van God af wegkeer, dit wil sê, vir God verwerp.

6.2.2 Die interpreterende taak

Hierdie taak benut data uit die aangrensende wetenskappe om verwerping te definieer en aan te dui in watter mate hierdie ervaring so 'n persoon se Godsbeskouing kan beïnvloed. Vrae is beantwoord oor wat verwerping behels, hoe dit gebeur en hoe dit meewerk om 'n ontoepaslike Godsbeskouing te vorm wat eindelijk tot bepaalde gevolge lei.

Daar is bevind dat wanneer 'n persoon harteloos en sonder liefde teenoor ander optree, dit geïnterpreteer word as verwerping, wat uiteindelik lei tot intens negatiewe gevoelens teenoor 'n mens self en ander mense. Verwerping het nie dieselfde uitwerking op mense nie. Tog het dit ongetwyfeld 'n uitwerking op alle mense, omdat verwerping staan teenoor die basiese behoefte by elke persoon om aanvaar te word. Veral verwerping deur ouers kan meebring dat die kinders hierdie versorgers nie met God as Vader kan vereenselwig nie en/of mense se Godsbeskouing nadelig beïnvloed word.

Mense kan die ervaring van verwerping onderdruk deur dit diep in hulle onderbewussyn te probeer stoor. Tog vorm dit mettertyd bepaalde gedragspatrone wat lei tot negatiewe innerlike belewenisse van vrees, skuld en skaamte. Hierdie ervarings kan nie slegs die selfkonsep aantas nie, maar ook ontoepaslike konsepte van God laat ontstaan. In 'n reaksie vanuit die onderbewuste wat bewustelike optrede word, kan 'n verworpe persoon ook uiteindelik vir God verwerp.

6.2.3 Die normatiewe taak

In hoofstuk 4 is besin oor die normatiewe perspektiewe vir die pastoraat aan verworpe mense met 'n ontoepaslike Godsbeskouing. Die enigste norm vir die pastoraat van persone wie se Godsbeskouing in stryd met die Skrif is, kan net die Skrif as sodanig wees. 'n Ontoepaslike Godsbeskouing, dit wil sê een in stryd met die Skrif se getuienis, word reggestel deur die Woord met die verwronge Godsbeskouing in gesprek te bring. Sodoende na die Woord se Godsbeskouing teruggekeer om die pastorant tot 'n vlak van dieper vertroue in die Here te bring.

Verwerping as verskynsel is fenomenologies en teologies-antropologies benader om die korrekatief aan te dui as God se selfbekendstelling in die Woord. Skrifperspektiewe waarin die tema van verwerping voorkom, is met die navorsingstema geïntegreer. Perspektiewe is uit die Skrif nagegaan oor die mens as skepsel en beeld van God, as Opperwese. Hierdie perspektiewe is as rigtingwysers in die pastorale gesprek voorgestel. Dit is daarop gerig om hoop te stimuleer en sinvolle toekomspektiewe te ontsluit deur pastorante se ontoepaslike Godsbeskouing in die lig van die Skrif se getuienis te herstruktureer.

Uit die Skrif is dit duidelik dat verwerping so oud soos die mensdom self is. Dieselfde seerkry wat die mense van die Bybelse tyd ervaar het, vind steeds vandag plaas. Hierdie ervaring sou nie slegs individue se beskouing van God kon beïnvloed nie, maar ook kritieke skade aan hulle verhouding met God aanrig. Pastorante bevind hulle deur wat ander mense hulle aangedoen het in 'n wêreld van leuens oor die Here (moontlik deur hulleself geskep). Daarteenoor is dit noodsaaklik dat pastorante bewusgemaak word van Wie, en hoe God is – as die Bron en waarheid waaraan so 'n pastorant se “wêreld” getoets kan word. Sodoende kan ontoepaslike beskouings oor God reggestel word deur God se Woord in te span.

6.2.4 Die pragmatiese taak

Die toepassing en die uitvoer van die vorige drie take verskaf die antwoord op Osmer (2008:4) se pragmatiese vraag oor wat behoort te gebeur, soos dit in hoofstuk 5 geopper is. Vanuit die navorsingsresultate is Skriftuurlike en teologiese perspektiewe en riglyne geformuleer as belangrike rigtingwysers vir die pastorale gesprek met pastorante. Die teorie en praktyk moet doeltreffend gekoppel word, of soos Louw (1999a:14-15) dit stel, “konvergeer”. Sodoende bied dit ’n nuwe geïntegreerde prakties-teologiese basis vir intervensies in die pastoraat om ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouings te kan herstruktureer. Die beskrywend-empiriese en interpreterende take is met die normatiewe taak verbind. praktyk-teoretiese riglyne vir ’n moontlike proses wat pastorante kan begelei in die proses van innerlike heelword is om ’n pastorale begrip te kommunikeer van Wie God vir die mens in nood is.

Pastorante kan aan die hand van die Skrif begelei word deur metafore, die Name van God en die eienskappe van God om ’n ontoepaslike/nie-Skriftuurlike Godsbeskouing reg te stel. Teologies fokus die proses op die herstel van ’n pastorant se verhouding met God. Sodoende word ’n vervulde lewe by pastorante werklik (nie meer as mense wat verwerp is/word nie). Dit geskied deur hulle omhels en uitleef van ’n Skriftuurlike Godsbeskouing.

6.3 BEVINDINGS

Verwerping is ’n traumatiese verskynsel van wat mense aan mekaar doen. Daarby het dit die moontlikheid om mense te vernietig deurdat hulle God verkeerdelik, in stryd met die Woord, as ’n vyand kan beskou. Dit kan iemand teen God laat draai en God uiteindelik ook verwerp.

In die pastorale gesprek word hierdie onhoudbare situasie wat God onteer, doeltreffend omgekeer. Dit geskied deur pastoraat wat van die Gees se leiding afhanklik is en waarin die Skrif vir die pastorant se omstandighede vertolk word. Hier geld ’n noutetiese intervensie in die berading (vgl. Rousseau, 2010:232). Dit beteken dat gelowiges beraad word in die lig van die Skrif as norm. In die konteks van die huidige studie dui dit op diegene wat vanweë verwerping ’n Godsbeskouing het wat strydig met God se Woord is. Hulle moet deur ’n Bybels-verantwoorde begrip van God na ’n verhouding met hulle Here teruggebring word. Só raak 2 Timoteus 3:16 toepaslik: “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek.”

Verwerping kan vernietigend werk, maar die uitwerking daarvan is, deur God se genade, nie onomkeerbaar nie. Deur Jesus Christus kan pastorante aanvaarding vind en kan vry raak van

die seer van verwerping. Slegs Christus is vir soekendes die weg, die waarheid en die lewe – die enigste bron vir gelowiges se herstel van verwerping. Pastorante moet egter kies om die ou dinge agter te laat en hulle uit te strek na die lewe wat God nuut maak. In God die Vader geniet pastorante God se liefde, aanvaarding en sekuriteit waarbinne volle aanvaarding sonder vrees, skuld en skaamte 'n werklikheid is.

Doelwit 4 (verw. 1.6.2) kon in hierdie verband bereik word: naamlik om Skriftuurlike en teologiese perspektiewe rigtinggewend vanuit die navorsing te formuleer wat tot die pastorale gesprek kan bydra om 'n ontoepaslik/nie-Skriftuurlike Godsbeskouing reg te stel by persone wat verwerping beleef of beleef het.

6.4 STERK PUNTE VAN DIE STUDIE

Die huidige studie bevat bepaalde sterk punte wat waarde toevoeg deur 'n ontoepaslike Godsbeskouing by verworpenes tot 'n Skriftuurlike een te herstruktureer. Die empiriese navorsing was nie beperk tot 'n spesifieke ouderdomsgroep nie, maar omvat 'n wye spektrum mense van relatief jong, tot gevorderde ouderdom. Die studie sluit ook nie 'n spesifieke geslag uit nie; beide geslagte is betrek om 'n idee te kry van hoe mense die verskynsel van verwerping ervaar (het). Daarby is 'n verskeidenheid vorms van verwerping verken (wat uiteraard nie veronderstel dat die verskynsel volledig ondersoek is nie).

Die navorsing is versterk deur persoonlike onderhoude wat in die empiriese navorsing ware weergawes van verwerping na vore gebring het. Die onderhoude is met 'n betroubare aantal respondente/pastorante gevoer. Vanuit fase 1 ('n vraelys) is voldoende inligting verkry om met elke deelnemer 'n individuele semi-gestruktureerde onderhoud te kon voer en deur die navorsingsresultate geldigheid aan die navorsing te verleen. Die kwessie van verwerping is reeds deur talle ander navorsers ondersoek. Tog kon die huidige studie 'n duidelike begrip vorm oor die manier waarop en die graad waartoe verwerping 'n individu se Godsbeskouing kan beïnvloed.

6.5 MOONTLIKE BEPERKINGS

Alle navorsingsprojekte moet bepaalde beperkings in berekening bring (Bloomberg & Volpe, 2008:20, 21). Dit kan 'n verskeidenheid faktore insluit, byvoorbeeld dat die navorser gesukkel het om vraelyste betyds van deelnemers terug te ontvang om vir fase 2 van die werk te kon voorberei. Al het daar, volgens die riglyne, genoeg persone aan die studie deelgeneem, sou

'n nog breër verteenwoordiging moontlik meer akkurate bevindings kon opgelewer het.

In die konteks van die huidige studie is gefokus op die negatiewe invloed wat verwerping op persone se Godsbeskouing kan uitoefen. In die geval van een deelnemer is die Godsbeskouing nie beïnvloed nie, hoewel die persoon 'n mate van twyfel getoon het oor die verwerping wat ervaar is. Verwerping kan moontlik ook positiewe gevolge inhou. Hierdie feit het egter nie in dié studie na vore gekom nie. Daar sou uiteindelik bewys kon word dat God se getrouheid deurlopend geld, selfs binne uiters hartseer omstandighede. As sodanig sou die positiewe gevolge van verwerping moontlik 'n haalbare navorsingsonderwerp kan wees.

'n Verdere moontlike beperking is dat die navorsing slegs gefokus het op die ervaring van wit Afrikaanssprekendes wat 'n Christelike opvoeding gehad het en waar een of albei ouers die Christelike geloof aangeneem het. Verwerping is, soos dit hierbo aangedui is, nie 'n aannemer van enige persoon nie en ander etniese groepe, gelowe, ouers wat aan verskillende gelowe behoort of waar verwerpe mense geen blootstelling aan Christelike opvoeding of beginsels gehad het nie kan moontlik verrassende navorsingsbevindings lewer.

6.6 TEMAS VIR MOONTLIKE VERDERE NAVORSING

Met verwysing na sake wat hier bo aangeraak is, sou die volgende moontlik oorweeg kon word as navorsingstemas binne pastorale perspektiewe:

- Die belewenis van verwerping as verskynsel by ander etniese groeperinge (nie net Afrikaanssprekende wit respondente nie).
- Hoe byvoorbeeld nie-Afrikaanssprekendes wat 'n nie-Christelike opvoeding het, die fenomeen verwerping ervaar en hoe hulle deur 'n Christelik-pastorale paradigma gehelp kan word.
- Verwerping as 'n familieverskynsel wat van geslag tot geslag voorkom en die gepaardgaande vraag na wat pastorale hulp vir sodanige mense kan behels.
- Die moontlike "positiewe" gevolge van verwerping, die genesingsproses en hoe dit pastoraal tot voordeel van ander aangewend sou kon word.

6.7 TEN SLOTTE

Die onbedoelde gevolge van verwerping is dat dit vir 'n mens deur 'n Skriftuurlike Godsbeskouing nader aan die Here kan bring en tot 'n verdieping in die verhouding met God as Vader. Slegs in en deur Christus alleen kan verworpenes leer om die seer van die verlede te oorkom. In hierdie nuut gevonde, naby verhouding kan hierdie individue nuwe betekenis vind in Jesus se bergpredikasie, Matteus 5:11 "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê". God gee aan verworpenes die belofte volgens Psalm 27:10 "Al sou my vader en my moeder my verlaat die Here sal my onder sy sorg neem". Gevolglik kan persoon wat verwerping ervaar, verseker wees dat God hulle nie verwerp nie. Vanuit hierdie herstelde Godsbeskouing kan hulle dus die lewe lei waarvoor God hulle gemaak het.

BRONNELYS

- Adams, J.E. 1976. Competent to counsel. Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed.
- Adams, J.E. 1979. More than redemption: a theology of Christian counseling. Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed.
- Adams, J.E. 1981. Ready to restore: the layman's guide to Christian counseling. Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed.
- Anderson, N.T. 2000. 'n Lewe van oorwinning. 2de uitg. Vereeniging: CUM.
- Anderson, N.T. & Miller, R. 2000. Bevryding van vrees. Vereeniging: CUM.
- Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S. 2000. Christ-centered therapy. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Andries, A.M. 2011. Positive and negative emotions within the organizational context. *Global journal of human social science*, 11(9):27-39, Dec.
- Ansari, B. & Qureshi, S.S. 2013. Parental acceptance and rejection in relation with self esteem in adolescents. *Institute of Interdisciplinary Business Research*, 4(11):552-556, Mar.
- Aucamp, B.B. & Van Niekerk, E.J. 2005. Die relevansie van God en soewereiniteit en verbond met betrekking tot die onderwys. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 41(1_2):93-121, Jan.
- Babbie, E. 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont, CA: Thomson/Wadsworth.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. South African ed. Oxford: Oxford University Press.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2004. The practice of social research. South African ed. Oxford: Oxford University Press.
- Badenhorst, C. 2007. Research writing: breaking the barriers. Pretoria: Van Schaik.
- Badenhorst, C. 2008. Dessertation writing: a research journey. Pretoria: Van Schaik.
- Barnard, H.J.J. 20014. Die man wie se vrou 'n mastektomie gehad het: 'n pastorale beradingsmodel. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – DTh).
- Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2009. Family therapy: a systemic integration. 7th ed. Boston, MA: Pearson Education.

- Bekker, C. & Punt, J. 2011. Die huishouding van God volgens Jakobus: rolmodelle en vriendskap onderweg na 'n postpatriargale identiteit. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 52(1&2), Mrt. & Jun.
- Bellous, J.E., De Roos, S.A. & Summey, W. 2004. A child's concept of God. (*In* Ratcliff, D. Children's spirituality. Eugene, OR: Cascade Books. p. 201-218).
- Berg, B.L. 2009. Qualitative research methods for the social sciences. 7th ed. Boston, MA: Pearson Education.
- Berkhouwer, G.C. 1962. Studies in dogmatics: man the image of God. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Bertram, C. & Christiansen, I. 2014. Understanding research: an introduction to reading research. Pretoria: Van Schaik.
- Bezuidenhout, J. P. 2005 Volwassewording as problematiek in pastorale konteks. Bloemfontein: UV. (Proefskrif – DTh).
- Bierman, A. 2005. The effects of childhood maltreatment on adult religiosity and spirituality: rejecting God the Father because of abusive fathers? *Journal for the scientific study of religion*, 44(3):349-359.
- Blackaby, H. & Blackaby, N. 2009. Geroep vir God se doel. Vereeniging: CUM.
- Bloomberg, L.D. & Volpe, M. 2008. Completing your qualitative dissertation: a roadmap from beginning to end. London: Sage.
- Bloomberg, L.D. & Volpe, M. 2012. Completing your qualitative dissertation: a roadmap from beginning to end. London: Sage.
- Boeije, H. 2010. Analysis in qualitative research. London: Sage.
- Botes, A. 2003. Validity, reliability & trustworthiness: to sum up. (*In* Rossouw, D. ed. Intellectual tools: skills for the Human Sciences. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 176-184).
- Botha, A., Van Ede, D.M., Louw, A.E., Louw, D.A., & Ferns, I. 1998. Die kleutertydperk. (*In* Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. reds. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 237-322).
- Botha, P. 2009. Jeremia. (*In* Van Rensburg, F.J., & Nel, M. reds. Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing. Vereeniging: CUM. p. 1019-1079).

- Bowlby, J. 1979. The making and breaking of affectional bonds. London: Tavistock.
- Bradshaw, J. 2005. Healing the shame that binds you. Deerfield Beach, Fl: Health Communications.
- Braun, V. & Clarke, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative reasearch in psychology*, 3:77-101.
- Breed, G. & Kruger, F.P. 2014. 'n Prakties-teologiese besinning oor die begeleiding en toerusting van kinders tot dienswerk as 'n weg tot die navolging van die gesindheid van Christus. *Hervormde teologiese studies*, 70(2):1-11.
- Breines, J.G. & Ayduk, O. 2013. Rejection sensitivity and vulnerability to self-directed hostile cognitions following rejection. *Journal of personality*, 83(1):1-13.
- Brezina, T. 1998. Adolescent maltreatment and delinquency: the question of intervening processes. *Journal of research in crime and delinquency*, 35:71-99.
- Briere, J.N. 1992a. Child abuse trauma: theory and treatment of the lasting effects. Newbury Park, CA: Sage.
- Briere, J.N. 1992b. Methodological issues in the study of sexual abuse effects. *Journal of consulting and clinical psychology*, 60:196-203.
- Burden, J. 2007. Psalms. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1637-1852.).
- Burger, J. H. 1988. Pastoraat en psigoterapie – 'n kursories-oorsigtelike verhoudingsanalise. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 29:262-266, Jul.
- Carl, A.R. 1993. Child abuse: what you can do about it. Cincinnati, OH: Standard.
- Carson, D.A. 1999. God's love and God's sovereignty. *Bibliotheca sacra*, 156:259-271, Jul-Sept.
- Cavanagh, M. 1992. The perception of God in pastoral counseling. *Pastoral psychology*, 41(2):75-87.
- Chapman, G. 2007. Woede is 'n keuse. Vereeniging: CUM.
- Cheston, S.E., Piedmont, R.L., Eanes, B. & Lavin, L.P. 2003. Changes in clients' images of God over the course of outpatient therapy. *Counselling and values*, 47:96-108, Jan.
- Coetzer, W. 2007. Die impak van intergeneratiewe trauma. Verkennende perspektiewe tesame met enkele pastorale kant aantekeninge. *Acta theologica*, 27(2):1-22.

- Coetzer, W. 2009. Verwerping. (Ongepubliseerd)
- Coetzer, W.C. & Snell, L.E. 2013. 'n Voorgestelde matriks vir die pastorale berading van die verwonde geloofsvervreemde. *In die Skriflig*, 47(1):1-11.
- Coetzer, W. & De Klerk, T.C. 2014. Pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener. *Acta theologica*, 34(1):17-39.
- Collins, G.R. 2001. The biblical basis of Christian counseling for people helpers. Springs, CO: NAVPress.
- Collins, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
- Corby, B. 1993. Child abuse: towards a knowledge base. Buckingham: Open University Press.
- Crabb, L.J. 1978. Basic principles of biblical counseling. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Crabb, L. J 1987. Understanding people. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Creswell, J.W. 2003. Research design qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 2nd ed. London: Sage.
- Creswell, J.W. 2014. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 4th ed. London: Sage.
- Crisp, B.R. 2007. Spirituality and sexual abuse: issues and dilemmas for survivors. *Theology & sexuality*, 13(3):301-314.
- Daro, D. 1988. Confronting child abuse: research for effective program design. New York: The Free Press.
- Day, J. 2004. Forgive, release and be free. Kent: Sovereign World.
- Dayringer, R. 2012. The image of God in pastoral counseling. *Journal of religion and health*, 51(1):49-56.
- Dean, D. 1979. Emotional abuse of children. *Children today*, 8(4):8-20.
- Decker, L.R. 1993. The role of trauma in spiritual development. *Journal of humanistic psychology*, 33:33-46.
- De Klerk, B.J. 2012. Die noodsaak daarvan om metateoretiese vertrekpunte in 'n prakties-telologiese wetenskapsbeskouing en -beoefening te verreken. *In die Skriflig*, 46(2):1-11.
- De Kock, L. 2006. Ek voel verwerp, want... (In Maartens, M. Deur trauma. Pretoria: LAPA. p. 50-55).

- Delpont, C.S.L. & De Vos, A.S. 2011. Professional research and professional practice. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 45-60).*
- DeMoss, N.L. 2008. Vergifnis is 'n keuse. Vereeniging: CUM.
- DeMoss, N.L. & Grissom, T. 2005. 'n Soeke na God. Vereeniging: CUM.
- Denton, R.A. 2005. Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God: 'n pastorale Gestaltbenadering. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MDiac).
- Denton, R.A. 2010. Pastorale Gestaltterapeutiese intervensie om mishandelde laat adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – DDiac).
- Denton, R.A. 2014. Exploring biblical reformational theology as a normative perspective for Christian psychology. *In die Skriflig*, 48(1):1-11.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. eds. 2008. Collecting and interpreting qualitative materials. Thousand Oaks, CA: Sage.
- De Vos, A.S., Strydom, H. 2011. Scientific theory and professional research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 28-44).*
- De Wet, F.W. 2005. Om in die Gees te begin en in eie krag te eindig – die noodsaak van 'n Skrifgefundeerde prakties-teologiese pneumatologie. *In die Skriflig*, 39(3):505-525.
- De Wet, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zeffass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57-87.
- De Wet, F.W. 2011. Preekgeboorte as wondergeboorte. (*In Van Rensburg, F.J. De Klerk, B.J., De Wet, F.W., Lambrecht, A., Nel, M., & Vergeer, W. 2011. Preekgeboorte van eksegeese tot preek. Pretoria: PTP. p. 20-26).*
- De Wet, F.W. & Pieterse, H.J.C. 2013. Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese vertrekpunte in prakties-teologiese ondersoek en wetenskapsbeoefening. (*In De Klerk, B.J., De Wet, F.W. reds. Met die oog op God: voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op Praktiese Teologie. Potchefstroom: PTP. p. 1-22).*
- Die Bybel. 1983. Nuwe vertaling. Bellville: Bybelgenootskap van Suid Afrika.
- Die Bybel. 1999. Goodwood: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

- Dogan, K. & Vecchio, R.P. 2001. Managing envy and jealousy in the workplace. *Workplace relations*, 33(2):57-64.
- Dolbin-MacNab, M.L. 2006. A systemic examination of grandparents' emotional closeness with their custodial grandchildren. *Research in human development*, 3(1):59-71.
- Doyle, C. 1997. Emotional abuse of children: issues for intervention. *Child abuse review*, 6:330-342.
- Du Plessis, I.J. 2007. Handelinge. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1646-1722).
- Du Plessis, A.L. 2012. Pastorale begeleiding aan die persoon wat dissosiatiewe identiteitsversteuring. *Acta theologica*, 32(1):1-25.
- Durand, J.J.F. 1976. Die lewende God: wegwysers in die dogmatiek. Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerkboekhandel.
- Du Rand, J.A. 2007a. Johannes. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1586-1637).
- Du Rand, J.A. 2007b. Psalms. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1637-1852).
- Du Rand, J.A. 2009a. Johannes. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1637-1852).
- Du Rand, J.A. 2009b. 1 Korintiërs. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereeniging: CUM. p. 1777-1814).
- Du Toit, T. 2008. Emosionele ondersteuning van moeders met kinders met kogleëre implantings. Stellenbosch: US. (Verhandeling – MA).
- Engelbrecht, G.W. 2002. 'n Opvoedkundig-sielkundige ondersoek na kinders se persepsie van die huwelik. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MEd).
- Elliot, J.M., Sian, C.Y. & Thomas, Y.I. 2002. Emotional maltreatment of children in Singapore: professional and public perceptions. Singapore: Singapore Children's Society.
- Ellison, C.G., & Sherkat, D.E. 1993. Obedience and autonomy: religion and parental childrearing values reconsidered. *Journal for the scientific study of religion*, 32:313-329.
- Elmer, E. 1985. Etiology of emotional maltreatment. (In Mouzakitis, C.M., & Varghese, R., eds. Social work treatment with abused and neglected children. Springfield, IL: Charles C Thomas. p. 67-78).

Els, C. 2006. Verskans teen verdere verwerping. (In Maartens, M. Deur trauma. Pretoria: LAPA. p. 62).

Erikson, E. H. 1995. Childhood and society. London: Vintage.

Erozkan, A. 2009. Rejection sensitivity levels with respect to attachment styles, gender and parenting styles: a study with Turkish students. *Social behavior and personality*, 37(1):1-14

Evans, D.G. 2004. Healed without scars. New Kensington: Whitaker House.

Evoy, J.J. 1981. The rejected: psychological consequences of parental rejection. Philadelphia, PA: Pennsylvania State University Press.

Faul, A.C. & Hanekom, A.J. 2000. Tuisopdragte. Potchefstroom: Perspektief Opleidingskollege.

Faul, A.C. & Hanekom, A.J. 2011. Antropologie. Potchefstroom: Perspektief Opleidingskollege.

Finkelhor, D., Hotaling, G.T., Lewis, I.A. & Smith, C. 1989. Sexual abuse and its relationship to later sexual satisfaction, marital status, religion and attitudes. *Journal of interpersonal violence*, 4:379-99.

Forward, S. 1989. Toxic parents. New York, NY: Bantam Books.

Fowler, J.W. 1981 Stages of faith: the psychology of human development and the quest for meaning. San Francisco, CA: Harper & Row.

Fouché C.B. & Schurink. W. 2011. Qualitative research designs. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 307-327).

Fraley, R.C. 2002. Attachment stability from infancy to adulthood: meta-analysis and dynamic modelling of developmental mechanisms. *Personality and social psychology review*, 6(2):123-151.

Garbarino, J., Guttman, E. & Seeley, J.W. 1986. The psychologically battered child. San Francisco CA: Jossey-Bass.

Gestemberger, E.S. 1993. Das 3. Buch Mose (ATD 6). Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Goede, H. 2005. Metafore: so leer ons God ken. *Die Kerkblad*, 108(3180):22-23, Okt. Potchefstroom: Deputate Publikasies.

Graham, J. & Graham, D. 2008. Doelgerigte ouerskap. Vereeniging: CUM.

- Green, G. 1989. *Imagining God: theology and the religious imagination*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 341-375).
- Groenewald, A. 2006. Teologie kroniek: Godsbeelde van die Ou Testament: Jahwe – liefdevolle Vader en Moeder. *Verbum et ecclesia*, 27(2):534-547.
- Groot Tesourus van Afrikaans. 1997. Halfweghuis: Southern.
- Hall, T.A. 1995. Spiritual effects of childhood sexual abuse in adult Christian women. *Journal of psychology and theology*, 23:129-34.
- Hamarman, S., Pope, K.H. & Czaja, S.J. 2002. Emotional abuse in children: variations in legal definitions and rates across the United States. *Child maltreatment*, 7(4):303-31, Nov.
- Hanekom, A.J. 2005. Die ontwerp en aanwending van 'n selfkonsep as praktykteorie vir pastorale berading. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).
- Hanekom, B. & Hanekom, M. 2010. Ontdek jouself voor God. Vereeniging: CUM
- Hanekom, A.J. & Rousseau, P.A. 2013. Models as facilitators of the flow between theory and praxis. (Unpublished).
- Hank, K. & Kohler, H.P. 2000. Gender preferences for children in Europe: empirical results from 17 FFS Countries. *Demographic research*, 2(1):255-267.
- Harber, K.D. 2005. Self-esteem and affect as information. *Personality and social psychology bulletin*, 31(2):276-288.
- Harris, J.L. 2011. An exposition of Genesis 2:4 – 11:32. *Southwestern journal of theology*, 44(1):39-55.
- Harris, I.D. & Howard, K.I. 1985. Correlates of perceived parental favoritism. *The journal of genetic psychology*, 146(1):45-46.
- Harrison, M.O., Koenig, H.G., Hays, J.C., Eme-Akwari, A.G. & Pargament, K.I. 2001. The epidemiology of religious coping: a review of recent literature. *International review of psychiatry*, 13:86-93.
- Hart, S.N. 1987. Psychological maltreatment in schooling. *School psychology review*, 16(2):169-180.

Hartley, J.E. 2000. Genesis. New international biblical commentary. Peabody, MA: Hendrikson.

Hartney, J.N.M. 2011. Eksegeties-teologiese ondersteuning van die Belydenis van Belhar. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 52 (1&2):94-104, Mrt & Jun.

Hartwell-Walker, M. 2010. Rejecting childhood rejection. *Psych central*.
<http://psychcentral.com/lib/rejecting-childhood-rejection/003517/> Date of access 14 March 2016.

HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Heitink, G. 1979. Pastoraat als hulpverlening. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1983. Gids voor het pastoraat. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1999. Practical theology: history, theory, action domains: manual for practical theology. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Helberg, J.L. 1988. Die Here regeer. Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerkboekhandel.

Helberg, J.L. 1996. Is God 'n verbondsgod? Die aard van die verbond tussen God en die gelowige. *In die Skriflig*, 30(2):223-237.

Henning, E. Van Rensburg, W. & Smit, B. 2004. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik.

Hepden, S. 1992. Rejection. Kent: Hodder & Stoughton.

Herbst, C. 2008. Die pastorale begeleiding van persone wat emosioneel verwond is. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).

Heyns, J.A. 1981. Dogmatiek. Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerkboekhandel.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. Eerste tree in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis

Hill, A.E. & Walton, J.H. 2009. A survey of the Old Testament. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Hoepfner, H.G. 2009. Die betekenis van die Vaderskap van God in die pastorale begeleiding van aangenome kinders. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).

Holmes, J. 1993. John Bowlby and attachment theory. London: Routledge.

Howard, J.K. 2001. Disease and healing in the New Testament: an analysis and interpretation. Lanham, MD: University Press of America.

- Hunter, R.J., Malony, H.N., Mills, L.O., & Patton, J. 1990. Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville, TN: Abington Press.
- Hussain, S. & Munaf, S. 2012. Perceived father acceptance-rejection in childhood and psychological adjustment in adulthood. *International journal of business and social science*, 3(1):149-156, Jan.
- Hyde, K.E. 1990. Religion in childhood and adolescence. Birmingham, AL: Religious Education Press.
- Ingram, C. 2009. Uitdagings tot 'n nuwe lewe in Christus. Vereeniging: CUM.
- Ingram, C. 2010. Suksesvolle ouerskap in 'n stukkende wêreld. Vereeniging: CUM.
- Jantz, G.L. & McMurray, A. 2009. Healing the scars of emotional abuse. Grand Rapids, MI: Revell.
- Jesson, J. & Lacey, F. 2006. How to do or not to do a critical literature review. *Pharmacy education*, 6(2):139-148.
- Johnson, D. & VanVonderen, J. 1991. The subtle power of spiritual abuse: recognizing and escaping spiritual manipulation and false spiritual authority within the church. Bloomington, MN: Bethany House.
- Jones, D.N., Pickett, J., Oates, M.R., & Barbor, P.R. 1982. Understanding child abuse. London: MacMillan Education.
- Kairys, S.W., Johnson, C.F. & Committee on Child Abuse and Neglect. 2002. The psychological maltreatment of children: technical report. *Pediatrics*, 109(4):1-6.
- Kane, D., Cheston, S.E. & Greer, J. 1993. Perceptions of God by survivors of childhood sexual abuse: an exploratory study in an under researched area. *Journal of psychology and theology*, 21:228-237.
- Kellmer Pringle, M. 1980. The needs of children. London: Hutchinson.
- Kennedy, P. & Drebing, C.E. 2002. Abuse and religious experience: a study of religiously committed evangelical adults. *Mental health religion and culture*, 5:225-237.
- Khaleque, A. 2002. Parental love and human development: implications of parental acceptance-rejection theory. *Pakistan journal of psychological research*, 17(3-4):111-122.
- Kiracofe, N.M. & Kiracofe, H.N. 1990. Child-perceived parental favouritism and birth order. *Individual psychology*, 46(1):74-81, Mar.

- Kirkpatrick, L.A. 1992. An attachment-theory approach to the psychology of religion. *International journal for the psychology of religion*, 2:3-28.
- Kohlberg, L. 1978. Revisions in the theory and practice of moral development. (In Damon, W., ed. *Moral development*. San Francisco, CA: Jossey-Bass. (New directions for child development, no. 2). p. 83-88).
- König, A. 1975. Hier is ek! Pretoria: Nederduitse Gereformeerde Kerkboekhandel.
- König, A. 1991. Bondgenoot en beeld: oor die wese van die mens en die sonde. Halfway House. Nederduitse Gereformeerde Kerkboekhandel.
- König, A. 2002. God, waarom lyk die wêreld so? Wellington: Lux Verbi.BM.
- Kotze, H.P. 2008. Die belangrikheid van die stappe van rou en vergifnis in die herstelproses van die emosioneel verwonde persoon – 'n pastorale studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – DPhil).
- Kruger, P.A. 2003. Emosies en die uitdrukking van emosies in die Ou Testament. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 44(1&2), Mrt & Jun.
- Kruger, R. 2007. Die pastorale hantering van oorgeërfde verwonding by tieners. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).
- Kruger, R. 2010. Pastorale begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon met betrekking tot geïnternaliseerde leuens. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Kuburié, Z. 1998. Image of God in religious experience. *Philosophy and sociology*, 1(5):471-484.
- Kumar, P. & Tiwari, S.C. 2008. Family and psychopathology: an overview, Series 1: children and adults. *Delhi psychiatry journal*, 11(2):140-149.
- Kuterovac-Jagocić, G. & Keresteš, G. 1996. Perception of parental acceptance-rejection and some personality variables in young adults. *Department of Psychology*, p. 477-491.
- Larney, T. & Lotter, G.A. 2005. Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes. *Koers*, 70(4):661-683.
- Leary, M.R., Twenge, J.M. & Quinlivan, E. 2006. Interpersonal rejection as a determinant of anger and aggression. *Personality and social psychology review*, 10(2):111-132.
- Lemmer, J.C. 1991. Hipotese-genererende ondersoeke in prakties-teologiese navorsing. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 6(1):10-19.
- Lewis, S. 1999. An adult's guide to childhood trauma: understanding traumatised children in South Africa. Claremont: David Philip.

- Le Roux, J. 2002. Andries van Aarde se vaderlose Jesus. *Hervormde teologiese studies*, 58(1):77-98.
- Le Roux Weitz, Q. 2015. Pastorale inkleding van speeltegnieke by die begeleiding van pre-adolesse wat seksueel misbruik is. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).
- Lieblich, A., Tuval-Mashiach, T. & Zibert, T. 1998. Narrative research: reading, analysis and interpretation. London: Sage.
- Lila, M., García, F. & Gracia, E. 2007. Perceived paternal and maternal acceptance and children's outcomes in Colombia. *Social behavior and personality*, 35(1):115-124.
- Loh, M.I., Calleja, F. & Restobog, S.L.D. 2011. Words that hurt: a qualitative study of parental verbal abuse in the Philippines. *Journal of interpersonal violence*, 26(11):2244-2263.
- Lotter, G.A. & Hoepfner, H.G. 2011. Die pastorale begeleiding van die aangenome kind met betrekking tot die Vaderskap van God. *In die Skriflig*, 45(2&3):551-568.
- Lourens, J.A.E. 2002. Die toepassing van gesinsterapie in gesinne met aangenome kinders. Pretoria: UNISA (Verhandeling – MEd).
- Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 2005. Sielkunde. 2de uitg. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys.
- Louw, D.A., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Die middelkinderjare. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. reds. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 328-387*).
- Louw, D.A., Louw, A.E. & Van Ede, D.M. 1998. Die neonatale fase en babajare. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. reds. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Pretoria: Kagiso. p. 151-233*).
- Louw, D.J. 2005. Ratwerke van die menslike siel. Stellenbosch: SUN Press.
- Louw, D.J. 1982. Pastoraat en lyding. Stellenbosch: Nederduitse Gereformeerde Kerk-Uitgewers. (Teologie aktueel 1).
- Louw, D.J. 1997. Die rol van Godsbeelde/voorstelling in die ontwikkeling van lidmate se geloof. 'n Pastorale diagnostiese model. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 12(1):64-79.
- Louw, D.J. 1998. "God as Friend": metaphoric theology in pastoral care. *Pastoral psychology*, 46(4):233-242.
- Louw, D.J. 1999a. Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Kaapstad: Lux Verbi.

- Louw, D.J. 1999b. Pastoraat as vertolking: metaforiese teologie binne die konteks van 'n pastorale hermeneutiek. *Hervormde teologiese studies*, 52(2&3):334-359.
- Lyon, C.M. & de Cruz, P. 1990. Child abuse. Bristol: Family Law.
- Malekpour, M. 2007. Effects of attachment of early and later development. *The British journal of developmental disabilities*, 53(2)105:81-95, Jul.
- Malina, B.J. 1993. The New Testament world: insights from cultural anthropology. Louisville, KY: Westminster John Knox Press
- Malina, B., Joubert, S., & Van der Watt, J. 1995. Vensters wat die Woord laat oopgaan. Halfway House: Orion.
- Maré, P. 2015. Die metafoor "julle is die tempel van God" as 'n etiese kernmoment in 'n postmoderne leefwêreld. *In die Skriflig*, 49(2):1-7.
- Maree, L.E. 2010. Die rol van pastorale berading in die bring van heil en heilservaring aan die geloofsvervreemde. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Marshall, C. & Rossman, G.B. 2006. Designing qualitative research. London: Sage.
- McAdams III, C.R., Dewell, J.A. & Holman, A.R. 2011 Children and chronic sorrow: reconceptualizing the emotional impact of parental rejection and its treatment. *Journal of humanistic counseling*, 50:27-41, Spring.
- Macdonald, G. 2001. Effective interventions for child abuse and neglect. London: John Wiley & Sons.
- Mc Donald, M. 2015. Godsbeelde van klein kinders met 'n gebrekkige manlike rolmodel: 'n geloofontwikkeling benadering. Pretoria: UP. (Verhandeling – MA).
- McDonald, A., Beck, R., Allison, S. & Norsworthy, L. 2005. Attachment to God and parents: testing the correspondence vs compensation hypotheses. *Journal of psychology and Christianity*, 24(1):21-28
- McEachern, A.G., Aluede, O. & Kenny, M.C. 2008. Emotional abuse in the classroom: implications and interventions for counselors. *Journal of counseling & development*, 86(1):3-10.
- McGee, R.S. 1990. The search for significance. Houston, TX: Rapha.
- McMinn, M.R. 1996. Psychology, theology, and spirituality in Christian counseling. Carol Stream, IL: Tyndale House.

- Meier, P.D., Minirth, F.B., Wichern, F.B. & Ratcliff, D.E. 1991. Introduction to psychology and counselling. 2nd ed. Grand Rapids, MI: Baker Book House.
- Mellin, E.A. 2012. Relational victimization and rejection sensitivity: the long-term impact of social hurt. *Adulthood journal*, 11(1), Apr.
- Merriam, S.B. 2009. Qualitative research: a guide to design and implementation. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Mertler, C.A. 2016. Introduction to educational research. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Metz, D.S. 1971. Studies in biblical holiness. Kansas City, MO: Beacon Hill Press.
- Meyer, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. (In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. reds. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 3-38).
- Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë (In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. reds. Menslike ontwikkeling 3de uitg. Kaapstad: Kagiso. p. 43-99).
- Miller, P.D. 1994. Imagining God (Editorial). *Theology today*, 51(3):341-344.
- Mills, R.S.L. & Duck, S. 2000. The developmental psychology of personal relationships. London: John Wiley & Sons.
- Moharib, N.I. 2013. Effects of parental favoritism on depression and aggression in Saudi Arabian adolescents, *Social behaviour and personality*, 4(9):1497-1510.
- Mooney, C.G. 2010. An introduction to Bowlby, Ainsworth, Gerber, Brazelton, Kennell & Klaus. St. Paul, MN: Redleaf Press.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN Uitgewers.
- Müller, B.A. 1981. Skrifgebruik in die pastoraat. Stellenbosch: *Stellenbosse teologiese studies*, 8: Jul. Nederduitse Gereformeerde Kerk-Uitgewers.
- National Research Council. Panel on Research on Child Abuse and Neglect. 1993. Understanding child abuse and neglect. Washington, DC: National Academy Press.
- Naudé, P. 2006. Die teoloog. (In Maartens, M. Deur trauma. Pretoria: LAPA. p. 68).
- Nel, C. 2000. Die middelskoolkind se Godservaring en die impak daarvan op jeugbedieningspraktyk. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MDiac).
- Nel, M. 2005. Godsbegrip en gebed. Vereeniging: CUM.
- Neuman, W.L. 2000. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 4th ed. Boston, MA: Allyn & Bacon.

- NWU Verwysingsgids. 2012. NWU Harvard, Verwysingstyl van die Fakulteit Regte, APA. Biblioteekdienste, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Potchefstroom: Platinum Press. NWU (Noordwes-Universiteit). 2013. Handleiding vir meestergraad- en doktorsale studie. www.nwu.ac.za/webfm_send/3213 Datum van gebruik: 10 Okt. 2015.
- Obadina, S. 2013. Understanding attachment in abuse and neglect: implications for child development. *British journal of school nursing*, 8(6):290-296, Jul./Aug.
- O'Hagan, K. 1993. Emotional and psychological abuse of children. Buckingham: Open University Press.
- O'Hagan, K. 2006. Identifying emotional and psychological abuse. Buckingham: Open University Press.
- Oosterhoff, B.J. 1972. Hoe lezen wij Genesis 2 en 3? Kempen: J.H. Kok.
- Osmer, R. R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Oxford dictionary of English. 2015. Reject. 3rd ed. http://www.oxfordreference.com.nwulib.nwu.ac.za/view/10.1093/acref/9780199571123.001.0001/m_en_gb0698710?rskey=9yoOwu&result=33 Date of access: 4 Dec. 2015.
- Özen, A., Sümer, N. & Demir, M. 2010. Predicting friendship quality with rejection sensitivity and attachment security. *Journal of social and personal relationships*, 28(2): 163-181.
- Özkoç, A.G. & Çalışkan, N. 2015. The impact of organizational envy on organizational climate created among employees: an application in accommodation enterprises. *International journal of business and management*, 10(1):40-49.
- Peretti, F. 2002. Die gewonde gees. Vereeniging: CUM.
- Perry, B.D. 1997. Incubated in terror: neurodevelopmental factors in the cycle of violence. (In Osofsky, J., ed. Children in a violent society. New York, NY: Guilford Press. p. 127-149).
- Perry, B.D. 2001. Bonding and attachment in maltreated children. The Child Trauma Academy. www.ChildTrauma.org Date of access: 8 June 2015.
- Piaget, J. & Inhelder, B. 1969. The psychology of the child. London: Routledge & Kegan Paul.
- Pieterse, M.E. 2006. Die verband tussen disfunksionele sosiale verhoudings by volwassenes en verwerping deur hulle ouers in hul kinderjare. 'n Verkenning met die oog op pastorale bediening. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).

- Pieterse, M.E. 2010. Kreatiwiteit by volwassenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – 'n pastorale verkenning. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Pink, A.W. The sovereignty of God. Grand Rapids, MI: Baker Books.
- Potgieter, S.T. 2011. Staar op in moeilike tye. Tygervallei: Naledi.
- Prince, D. 1993. God's remedy for rejection. New Kensington, PA: Whitaker House.
- Pringle, M.K. 1985. The needs of children. London: Hutchinson.
- Prinsloo, G. 2009. Jesaja. (In Van Rensburg, F.J., & Nel, M. reds. Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing. Vereeniging: Cum. p. 939-1018).
- Prinsloo, T. 2012. 'n Stukkende mens kan heel word. Vereeniging: CUM.
- Pritt, A.F. 1998. Spritual correlates of reported sexual abuse among Mormon women. *Journal for the scientific study of religion*, 37:237-285.
- Rapoport, L. 1962. The state of crisis: some theoretical considerations. *Social service review*, 36(2):211-217.
- Rasar, J.D., Garzon, F.L., Volk, F. & O'Hare, C.A. 2013. The efficacy of a manualized group treatment protocol for changing God image, attachment to God, religious coping and love of God, others and self. *Journal of psychology and theology*, 41(4):267-280.
- Ratcliff, D. 2004. Children's spirituality. Eugene, OR: Cascade Books.
- Rautenbach, E.A. 1994. Adollesente wat verwerping beleef. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MA).
- Riem, M.M.E., Bakermans-Kranenburg, M.J., Van IJzendoorn, M.H., Out, D. & Rombouts, S.A.R.B. 2012. Attachment in the brain: adult attachment representations predict amygdala and behavioral responses to infant crying. *Attachment & human development*, 14(6):533-551, Nov.
- Rizzuto, A. 1979. The birth of the living God. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Roberts, R.C. 1992. Emotions among the virtues of the Christian life. *The journal of religious ethics*, 20(1):36-68, Spring.
- Robertson, O.P. 1980. The Christ of the covenants. Phillipsburg, NJ: Presbyterian & Reformed.
- Rohner, R.P. 1986. The warmth dimension: foundation of parental acceptance-rejection theory. Beverley Hills, CA: Sage.

- Rohner, R.P. & Khaleque, A. 2002. Parental acceptance-rejection and life-span development: a universalist perspective. *Online readings in psychology and culture*, 6(1). <https://core.ac.uk/download/pdf/10687068.pdf> Date of access: 20 Oct. 2016.
- Rohner, R. P., Khaleque, A. & Cournoyer, D.E. 2012. Introduction to parental acceptance-rejection theory, methods, evidence, and implications. http://csiar.uconn.edu_a.pdf Date of access: 10 Oct. 2016.
- Rousseau P.A. 2000. *Johannese oor inklusiwiteit en eksklusiwiteit van verlossing*. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MTh).
- Rousseau P.A. 2004. *The social meaning of love in the gospel of John*. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – DTh).
- Rousseau, P.A. 2010. *Noutetiese berading vir persone met piëtistiese mistastings oor lewensheiliging*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Ryan, P.L. 1998a. Spirituality among adult survivors of childhood violence: a literature review. *Journal of transpersonal psychology*, 30:39-51.
- Ryan, P.L. 1998b. An exploration of the spirituality of fifty women who survived childhood violence. *Journal of transpersonal psychology*, 30:87-102.
- Salmon, C.A., Shackelford, T.D. & Michalski, R.L. 2012. Birth order, sex of child, and perceptions of parental favoritism. *Personality and individual differences*, 52:357-362.
- Savin-Baden, M. & Major, C.H. 2013. *Qualitative research: the essential guide to theory and practice*. London: Routledge.
- Schore, A.N. 2001. Effects of secure attachment relationship on right brain development, affect regulation and infant mental health. *Infant mental health journal*, 22(1-2):7-66.
- Shirer, P. 2008. *Só klink God se stem*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Shumba, A. 2004. Emotional abuse in the classroom: a cultural dilemma? *Journal of emotional abuse*, 4(3/4):139-149.
- Silverman, D. 2009. *Doing qualitative research*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Silverman, D. 2010. *Doing qualitative research*. 3rd ed. London: Sage.
- Smit, J. 2009. *Gebed*. Vereeniging: CUM.
- Smit, M. 2014. *Lewensbegeleiding tot hoopvolle aftrede: 'n pastorale studie*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).

- Smith, K.G. 2010. Review of Richard Osmer, "Practical Theology: an introduction". *Conspectus: the journal of the South African theological seminary*, 10, Sep. www.sats.edu.za/userfiles/Smith.pdf. Date of access: 30 July 2016.
- Smith, W. & Dreyer, T.F.J. 2000. Godsbegrippe en die funksie van metafore in die rouSMARTproses. *Hervormde teologiese studies*, 56(1): 295-313.
- Sosteric, M. 2012. The emotional abuse of our children: teachers, schools, and the sanctioned violence of our modern institutions. *The socjournal*, 1-5, Mar.
- Steenkamp, A.M. 2007. Mede-afhanklikheid en identiteit: 'n pastorale studie. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).
- Stomczyńska, M.I. 2014. Social pathologies in the context of crisis of the modern family. *Polish journal of social rehabilitation*, 8:261-273.
- Stoop, D. & Masteller, J. 1996. Forgiving our parents forgiving our selves. Ann Arbor, MI: Servant.
- Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).
- Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 390-396).
- Stulting, D. 2006. Deur die trauma van perinatale verwerping en skeiding. (In Maartens, M. Deur trauma. Pretoria: LAPA. p. 22-33).
- Suitor, J.J., Gilligan, M., Johnson, K. & Pillemer, K. 2013. Caregiving, perceptions of maternal favoritism, and tension among siblings. *The gerontologist*, 54(4):580-588.
- Swart, A.E. 2009. Die ooreenkomste tussen die Skrif- en Godsbeskouing van enkele internasionale feministiese teoloë en van teoloë in Suid-Afrika. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Tan, S. 2011. Counseling and psychotherapy: a Christian perspective. Grand Rapids, MI: Baker Academic.
- Taylor, B. 1987. From rejection to acceptance. Nashville, TN: Broadman Press.
- Terre Blanche, M., Durreim, K. & Painter, D. 2006. Research in practice: applied methods for the social sciences. 2nd ed. Cape Town: University of Cape Town Press.

- Thiselton, A.C. 1993. The two horizons: New Testament hermeneutics and philosophical description. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Adollessensie. (In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. reds. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Pretoria: Kagiso. p. 237-322).
- Thomas, G. 2011. How to do your case study: a guide for students and researchers. Los Angeles, CA: Sage.
- Tomison, A.M. & Tucci, J. 1997. Emotional abuse: the hidden form of maltreatment. *Issues in child abuse prevention*, 8:1-24, Spring.
- Trent, J., Osborn, R. & Brunder, K., eds, 2000. Focus on the family parents' guide to the spiritual growth of children. Wheaton, IL: Tyndale House.
- Trickett, P.K., Mennen, F.E., Kim, K. & Sang, J. 2009. Child abuse and neglect. *Child abuse & neglect*, 33:27-35.
- Uys, H.L. 2014. Benutting van groepsterapie vir vroeë adolessente dogters met portuurgroep-verhoudingsprobleme. Pretoria: UNISA. (Verhandeling – MEd).
- Van Aarde, A.G. 2001. Fatherless in Galilee: Jesus as child of God. Harrisburg: Trinity Press International.
- Van Biljon, K. 2013. Spirituele ontwikkeling by kinders: 'n konseptuele studie. Stellenbosch: US. (Verhandeling – MTh).
- Van den Berg, P.S. 1989. Kinderdepressie, ouerlike verwerping en attribusiestyl. Pretoria: UP. (Verhandeling – MA).
- Van den Berg, H.P. & Dreyer, T.F.J. 1995. Die invloed van metateorieë op basisteorieë in die beoefening van die Praktiese Teologie. *Hervormde teologiese studies*, 51(1):207-222.
- Van der Merwe, A.J. 2005a. Sertifikaat in Bybelse hulpverlening. Module 1. Bloemfontein: Filadelfia Opleidingsentrum. (Ongepubliseerde bundel).
- Van der Merwe, A.J. 2005b. Sertifikaat in Bybelse hulpverlening. Module 2. Bloemfontein: Filadelfia Opleidingsentrum. (Ongepubliseerde bundel).
- Van der Merwe, M. 2005. Die intra- en interpersoonlike ontwikkeling en opleiding van die Christelike dienswerker. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).
- Van der Vlies, 2013. Riglyne vir die ontwikkeling van die adolessent se sin vir self binne 'n lesbiese ouerskap-verhouding. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).

- Van der Walt, T. 2007. Die Messias het gekom!: 'n gids in die Evangelies vir toegewyde Bybel-studente. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
- Van der Watt, J. 2009. Johannes. (In Van Rensburg, F.J. & Nel, M. reds. Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing. Vereeniging: Cum. p. 1569-1634).
- Van Eck, E. 2007. Die huwelik in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld: huwelik, egbreuk, egskedding en hertrou. *Hervormde teologiese studies*, 63(1):103-128.
- Van Eck, E. 2010. Die pastor se hantering van trauma na analogie van Jesus se helings en eksorsismes. *Verbum et ecclesia*, 31(1), Art. 416:8:1-8.
- Van Jaarsveld, F.J. & Janse van Rensburg, J. 2002a. Godskonsepte tydens pastorale gesprekvoering. *Acta theologica*, 22(2):179-197, Dec.
- Van Jaarsveld, F.J. & Janse van Rensburg, J. 2002b. 'n Tegniek vir die identifisering van mense se konsepte van God. *Acta theologica*, 22(2):198-218, Dec.
- Van Niekerk, T. 2007. Toepasbare aspekte uit breinnavorsingsliteratuur op klavieronderrig vir beginners met spesifieke verwysing na die heelbreinmodel van Ned Herrmann. Pretoria: UP. (Proefskrif – DMus).
- Van Rensburg, F.J. 2007a. Efesiërs. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereniging: CUM. p. 1823-1847).
- Van Rensburg, F.J. 2007b. Filippense. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereniging: CUM. p. 1836-1847).
- Van Rensburg, F.J. 2007c. Galasiërs. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg. Vereniging: CUM. p. 1804-1820).
- Van Rensburg, F.J. 2009a. Efesiërs. (In Van Rensburg, F.J. & Nel, M. reds. Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing. Vereeniging: Cum. p. 1861-1881).
- Van Rensburg, F.J. 2009b. Filippense. (In Van Rensburg, F.J., & Nel, M. reds. Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing. Vereeniging: Cum. p.1883-1898).
- Van Rensburg, F.J. De Klerk, B.J., De Wet, F.W., Lambrecht, A., Nel, M., & Vergeer, W. 2011. Preekgeboorte van eksegeese tot preek. Pretoria: PTP.
- Van Selms, A. 1979. Genesis deel 1. De prediking van het Oude Testament. Nijkerk: GF Callenbach.

- Van Wijk, T. 2010. *Genees jou trauma*. Kaapstad: ABC Press.
- Van Wyk, J.H. 1992. Imago Dei: diskussie met Adrio König. *In die Skriflig*, 26(1):1-14.
- Van Wyk, J.H. 1993. Homo Dei: 'n prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. Potchefstroom: GTV. *In die Skriflig*, 27, Supplementum 1, 1-112.
- Van Wyk, J.H. 1996. Antropologie en pastoraat: 'n teologiese verkenning. *In die Skriflig*, 30(1):21-36.
- Van Wyk, G.M.J. 2013. Die Heidelbergse Kategismus oor die mens as beeld van God. *In die Skriflig*, 47(2):1-8.
- Venter, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 5:29-38.
- Venter, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.
- Venter, C.J.H. 2005. Aspekte van Emosionele Intelligensie in die lewe van die nuwe mens. *In die Skriflig*, 39(1):1-25.
- Van Zyl, J.D. 2009. *Breek deur die grens*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- Van Zyl, H. 2009. Matteus. (In Van Rensburg, F.J. & Nel, M. reds. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing*. Vereeniging: CUM. p. 1338-1427).
- Vergeer, W. 2009. Romeine. (In Van Rensburg, F.J. & Nel, M. reds. *Die Bybellennium eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê op eietydse toepassing*. Vereeniging: CUM. p. 1725-1776).
- Verhoef, G C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling-MA).
- Von Rad, G. 1949. *Das erste Buch Mose. Kap. 1-12, 9. Das Alte Testament Deutsch 2*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Von Rad, G. 1981. *Genesis*. London. SCM Press.
- Vorster, N. 2011. Die imago Dei in protologiese, Christologiese en eskatologiese perspektief. *In die Skriflig*, 45(2&3):591-612.
- Vosloo, W. 2007. Genesis. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F. reds. *Die Bybel in praktyk (nuwe vertaling) 4de uitg.* Vereniging: CUM. p. 2-92).
- Waltke, B.K. 2007. *An Old Testament theology*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

- Westermann, C. 1976. Genesis Kapitel 1-11. Bibilischer Kommentar Altes Testament I/1. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- Weber, K. & Custer, R. 2005. Gender-based preferences toward technology education content, activities, and instructional methods. *Journal of technology education*, 16(2), Spring.
- Wellman, C., Mitchell, B. & Kruger, F. 2005. Research methodology. 3rd ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Willis, J.W. 2007. Foundations of qualitative research: interpretive and critical approaches. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Winton, M.A. & Mara, A.M. 2001. Child abuse and neglect: multidisciplinary approaches. Boston, MA: Allyn & Bacon.
- Wright, H.N., Woodley, M. & Woodley, J. 2011. Oorwin die storms van die lewe. Vereeniging: CUM.
- Yin, R.K. 2014. Case study research: design and methods. 5th ed. London: Sage.
- Ziegler, D. 2002 Traumatic experience and the brain: a handbook for understanding and treating those traumatized as children. Phoenix, AZ: Acacia.
- Zimmer-Gembeck, M.J. & Nesdale, D. 2013. Anxious and angry rejection sensitivity, social withdrawal and retribution in high and low ambiguous situations. *Journal of personality*, 81(1):29-38.

BYLAAG A

Daphne Geldenhuys

Tel: 072 909 8807

E-pos: dafs@vodamail.co.za

VERSOEK OM DEELNAME AAN NAVORSING

Die pastorale hantering van persone waar verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed.

Hiermee word u versoek om deel te neem aan empiriese navorsing vir 'n Magistergraad in Pastorale hantering van persone waar verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed het. Die navorsing word gedoen deur **Daphne Geldenhuys** (besonderhede hierbo) en dit is gemagtig deur die Fakulteit Teologie, Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus). Die studie verloop onder toesig van Drr. P.A. Rousseau (kontaknommer 082 088 6265) en R. Denton (082 459 9710).

DOEL VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende doel van hierdie studie is om 'n pastorale gesprek-proses saam te stel om persone wat verwerping beleef het en wie se Godsbeskouing as gevolg daarvan beïnvloed is te begelei.

PROSEDURE

Hierdie navorsing geskied streng volgens die riglyne van die Etiese Komitee van die Noordwes Universiteit Potchefstroom waar die navorsingsprojek geregistreer is by die bepaalde NWU-Etik-komitee wat die etiese risiko's verbonde aan hierdie navorsing beoordeel en goedkeuring gegee het vir die uitvoer van die studie.

Na skriftelike verklaring van vrywillige deelname sal deelnemers eerstens 'n gestruktureerde vraelys invul wat onder toesig van en in samewerking met die studieleiers saamgestel is. Dit word opgevolg deur individuele semi-gestruktureerde onderhoude deur die navorser met respondente en voortspruitend uit antwoorde op 'n respondent se vraelys.

Die aantal onderhoude per persoon sal afhang daarvan of die doelwitte vir die navorsingsprojek bereik is al dan nie. Onderhoude word in ooreenstemming met die beleid van die Noordwes Universiteit Potchefstroom se beleid vir navorsing-etiek gevoer.

POTENSIËLE RISIKO EN ONGEMAK

Weens die aard en doeleindes van die navorsing, naamlik om kwalitatiewe inligting rakende belewenis, gevoelens en ervaring te bekom, word daar nie enige fisiese ongemak voorsien nie. Alle onderhoude sal gevoer word in 'n professionele omgewing waar deelnemers veilig en gemaklik sal voel om oor hul belewenis, gevoelens en ervarings rakende die navorsing onderwerp te praat. Onderhoude behoort nie langer as 'n uur per deelnemer te duur nie.

POTENSIËLE VOORDEEL VIR DEELNEMERS

Verwagte bydrae van die studie tot die vakgebied is om 'n gesprek-proses saam te stel wat pastorale hulpverleners kan bemagtig om persone wie se Godsbeskouing weens verwerping beïnvloed is tot genesing en 'n dieper verhouding met God te begelei. Potensiële voordeel vir deelnemers aan hierdie studie is nie net dat almal by almal se insette kan baat nie, maar om die troosvolle wete te verkry dat die seer wat jy ervaar het in God se hand die weg tot genesing ook vir ander help baan.

VERGOEDING

Geen voorsiening of verpligting tot vergoeding van respondente word binne die etiese vereistes vir empiriese navorsing daargestel nie.

VERTROUOLIKHEID

Vertroulikheid en die beskerming van deelnemer-identiteit is 'n gegewe. Alle deelname word anoniem hanteer en persoonlike inligting en identiteit van deelnemers word in strengste vertroulikheid hanteer. In die verslagdoening word deelnemers se identiteit beskerm deur 'n onpersoonlike identifikasie van 'n betrokke hetsy d.m.v. 'n alfabetiese vermelding of skuilnaam by geval.

Die aard van die navorsing vereis dat onderhoude d.m.v. 'n klankopname vasgelê word ten einde akkuraatheid in die interpretasie van die inligting te help verseker. Klankopnames word saam met die persoonlike inligting van deelnemers tydens en na die navorsing veilig geberg in 'n sluitbare liasseerkabinet waartoe net die navorser toegang het.

Inligting op rekenaar word deur 'n wagwoord beveilig wat slegs aan die navorser bekend is. Alle resultate sal minstens sewe jaar na voltooiing van die studie geberg word.

Resultate van hierdie studie kan moontlik in 'n wetenskaplike vaktydskrif gepubliseer word en waartydens die waarborge vir anonimiteit gehandhaaf word.

DEELNAME

Alle deelname geskied met volle medewete en toestemming van deelnemers. Toestemming van deelnemers sluit in dat elkeen saaklik en eerlik oor die volgende aspekte ingelig word:

- die doel van die studie,
- die belang van beoogde studie,
- die kwalifikasies en ervaring van die navorser,
- moontlikheid van enige ongerief hetsy fisies/psigies of enigiets anders wat u as deelnemer se gewilligheid om aan die studie te kan deelneem kan beïnvloed'
- dit staan deelnemers vry om op enige tydstip te onttrek van die navorsing sonder verstrek van red/es of benadeling.

VERKLARING VAN DEELNAME AAN EN ONDERNEMING DEUR DIE NAVORSER TEN OPSIGTE VAN NAVORSING

Navorsing-onderwerp: Die pastorale hantering van persone waar verwerping hulle Godsbeskouing beïnvloed.

Alle inligting rakende die studie is aan my, die deelnemer (NAAM) _____ deur die navorser Daphne Geldenhuys verduidelik.

Ek is vertrouwd met die inhoud van die dokument en die taal waarin dit aan my verduidelik is.

Ek is die geleentheid gebied om enige vrae rakende die navorsing te stel en dit is tot my bevrediging beantwoord.

Hiermee verklaar ek my vrywillige deelname en 'n duplikaat van hierdie dokument is aan my besorg.

Handtekening

Datum

ONDERNEMING DEUR NAVORSER

Hiermee verklaar ek dat ek al die inligting rakende die studie soos dit in hierdie dokumente bevat word aan die deelnemer (Naam) _____ verduidelik het.

Aan die deelnemer is ruim geleentheid gebied om enige vrae te stel ter verduideliking van die aard en omvang van die navorsing. Voldoende tyd is inleidend tot die gesprek gewy om alle vrae van die deelnemer te beantwoord. Alle gesprekke is in Afrikaans gevoer en was 'n tolk /vertaler onnodig.

Handtekening van navorser

Datum

BYLAAG B

VRAELYS: EMPRIESE ONDERSOEK

A. INSTRUKSIES

Eerstens, baie dankie vir u deelname en die tyd wat u afstaan om hierdie navorsingsprojek moontlik te kan maak. Inderwaarheid word u 'n navorsingsvennoot en u insette sal meewerk daartoe om die navorsingsvraag te beantwoord.

Met die vraelys word gepoog om aanvanklike inligting te versamel vir navorsingsdoeleindes soos in die toestemmingsbrief aangedui. Die inligting wat met behulp van die vraelys verkry is word aangewend om die navorsingsvraag te antwoord: Op watter wyse (hoe) en tot watter mate (hoedanig) het verwerping u Godsbeskouing beïnvloed?

Beantwoord die vrae wat op u van toepassing is. Merk u antwoord deur middel van om 'n X te maak in die regte blokkie.

B. PERSOONLIKE INLIGTING

GODSDIENSGROEP:

☐ CHRISTEN

☐ NIE CHRISTEN

OUDERDOM:

☐ 20-30

☐ 30-40

☐ 40-50

☐ 50-60

☐ 60-70

☐ 70 en OUER

GESLAG:

☐ MANLIK

☐ VROULIK

BEVOLKINGSGROEP:

☐ WIT

☐ SWART

☐ BRUIN

☐ INDIËR

B. LEWENSVERHAAL

Skryf u lewensverhaal/ervaring van verwerping in maksimum 500 woorde. Uiteraars belangrik is dat u asb. moet aandui die wyse (hoe) en tot watter mate (hoedanig) dit u Godsbeskouing beïnvloed het.

D. VRAELYS

1. Voltooi die volgende vraelys en **merk** die **antwoorde** wat op u van toepassing is.

Merk u antwoord deur middel van om 'n X te maak in die regte blokkie.

1.1.1 Het u verwerping ervaar?

1.1.1 ☐ Ja

1.1.2 ☐ Nee

1.2 Deur wie het u verwerping ervaar?

1.2.1 ☐ Biologiese mar

1.2.2 ☐ Biologiese pa

1.2.3 ☐ Beide

1.2.4 ☐ Anneem-ma

1.2.5 ☐ Anneem-pa

1.2.6 ☐ Ander _____

1.3 Was u 'n ongewenste swangerskap?

1.3.1 ☐ Ja

1.3.2 ☐ Nee

1.4 Was u die verkeerde geslag?

1.4.1 ☐ Ja

1.4.2 ☐ Nee

1.5 Is u 'n aangenome kind?

1.5.1 ☐ Ja

1.5.2 ☐ Nee

1.6 Het u enige gestremdhede?

1.6.1 ☐ Ja

1.6.2 ☐ Nee

1.7 Watter van die volgende gestremdheid het u?

1.7.1 ☐ Liggaamlike gestremdheid

1.7.2 ☐ Serebraal-gestremdheid

1.7.3 ☐ Leergestremdheid

1.7.4 ☐ Gehoorgestremdheid

1.7.5 ☐ Gesigsgestremdheid

1.7.6 ☐ Ander? Noem kortliks _____

1.8 Ly u aan 'n terminale siektetoestand ?

1.8.1 ☐ Ja

1.8.2 ☐ Nee

1.9 Watter van die volgende onderlinge gesinsverhoudinge het voorgekom in u gesinstruktuur:

1.9.1 ☐ Wanverhoudings

1.9.2 ☐ Kroniese rusies

1.9.3 ☐ Misdaad

1.9.4 ☐ Drankmisbruik

1.9.5 ☐ Molestering

1.9.6 ☐ Verkragting

1.9.7 ☐ Seksuele misbruik

1.9.8 ☐ Buite-egtelike verhoudings

1.9.9 ☐ Egskeiding

1.9.10 ☐ Ander gesinsverhoudinge? Noem kortliks _____

1.10 Het u enige van die volgende patologiese gesinsverhoudinge beleef?

1.10.1 ☐ Oorbeskerming

1.10.2 ☐ Verwaarlosing

1.10.3 ☐ Mishandeling

1.10.4 ☐ Voorwaardelike liefde

1.10.5 ☐ Voortrekkery

1.10.6 ☐ Gebrek aan ekspressiewe liefde

1.10.7 ☐ Onregverdige vergelyking tussen kinders

1.10.8 ☐ Ander _____

1.11 Sou u kon sê dat u Godsbeskouing op enige wyse beïnvloed is as gevolg van die verwerping wat u beleef het?

1.11.1 ☐ Ja

1.11.2 ☐ Nee

1.12 Op watter wyse het verwerping u Godsbeskouing beïnvloed?

1.12.1 ☐ Positief

1.12.2 ☐ Negatief

1.12.3 ☐ Geensins

ADDENDUM A

TOESTEMMINGSBRIEF

Selfpersepsieskaal (Hanekom, 2005:123)



**Perspective
Training College**

**Potchefstroom
South Africa**

PO Box 20842 Posbus
Noordbrug, Potchefstroom, 2522

7 Grietjie Street / Straat 7
Dassierand, Potchefstroom, 2531

Tel +27 18 293 1416
0828450080
Fax 086 692 1322

E-mail / E-pos:
perspektief@lantic.net
persfin@lantic.net

Besoek ons webwerwe:
Visit our websites:

www.perspectivetrainingcollege.com
www.functionalthrapy.co.za

Direkteure/Directors:
AC Faul & AJ Hanekom

Perspektief in Menswees (Pty)Ltd
2013/197332/07

Banking Details:
Perspektief in Menswees
Standard Bank Potchefstroom
Branch Code: 052838
Account Number: 012380040

22 Julie 2016

VIR WIE DIT MAG AANGAAN

Ek, AJ Hanekom, gee hiermee toestemming dat Daphne Geldenhuys
(ID Nommer 640305 0052 08 3) die volgende ekometriese
assesseringskaal as deel van haar studies mag gebruik:

- Persoonlike Multi-sifting Inventaris (PMSI)

Die uwe

Dr AJ Hanekom
Besturende Direkteur

ADDENDUM A


Selfpersepsieskaal - (SPS) - Self-Perception Scale

Naam:

Datum:

Hierdie vraelys in ontwerp om inligting aangaande die persepsie wat u van uself het, te bekom. Beantwoord die onderstaande items so vinnig en eerlik moontlik. Moenie te lank probeer redeneer oor 'n item nie. Die eerste antwoord wat by jou opkom, is gewoonlik die mees akkurate een. Antwoord elke item deur slegs 'n nommer langs elkeen te skryf deur gebruik te maak van die volgende skaal:

With this questionnaire we would like to get an impression of the perception you have of yourself. Grade yourself as quickly and as honestly as possible. Do not speculate too long before you answer. The first answer that comes to mind is usually the correct one. Place the relevant number next to each statement, using the following scale:



Ek is bang ek gaan emosioneel seerkry.	1.	I am afraid that I will be hurt emotionally.
Ek is dankbaar vir wie ek is.	2.	I am thankful for whom I am.
Ek aanvaar die skuld vir alles wat verkeerd loop.	3.	I accept blame for everything that goes wrong.
Ek voel nikswerd.	4.	I feel worthless.
Ek is onbelangrik.	5.	I am unimportant.
Ek raak maklik paniekerig.	6.	I easily get panicky.
Ek lewe met oorgawe.	7.	I am committed to life.
Ek voel ek verdien straf.	8.	I feel I deserve punishment.
Ek is min werd.	9.	I am inferior.
Ek beteken iets vir ander mense.	10.	I am important to other people.
Mense dink baie van my.	11.	People think much of me.
Ek voel veilig binne my omstandighede.	12.	I feel secure within my circumstances.

Ek is spesiaal.	13.	I am special.
Ek ontduik my verantwoordelikheid.	14.	I dodge my responsibilities.
Ek voel skuldig.	15.	I feel guilty.
Ek is bang vir die toekoms.	16.	I am afraid of the future.
Ek beleef sekuriteit.	17.	I experience security.
Skuldgevoelens beheer my lewe.	18.	Feelings of guilt control my life.
Ek voel ek word aanvaar.	19.	I feel accepted.
Ek voel bedreig deur my omstandighede.	20.	I feel threatened by my current circumstances.
Alles is altyd my skuld.	21.	Everything is always my fault.
Ek beleef onsekerheid.	22.	I experience insecurity.
Ek vergewe myself vir die foute wat ek maak.	23.	I forgive myself for the mistakes I make.
Ek voel ek word gerespekteer.	24.	I feel respected.
Ek veroordeel myself.	25.	I blame myself.
Ek leef met selfverwyty	26.	I live with self-reproach.

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in blue on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the above address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Werklikheidsgehalte

A. Werklik	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Onwerklik
Werklik								Fiktief
Kenbaar								Onkenbaar
Voorstelbaar								Vaag
Persoonsmatig (<i>God as persoon</i>)								Algemene Idee (<i>'n Skimbeeld</i>)

Waarde (Evaluatief)

B. Opbouwend	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Remmend
Regverdig								Onregverdig (Partydig)
Betroubaar								Veranderbaar
Liefdevol								Vyandig
Duursaam (Permanent)								Wisselvallig
Genadig								Onbarmhartig (Hardvogtig)

Potensiaal

C. Sterk	+3	+2	+1	0	-1	-2	-3	Swak
Almagtig								Magteloos
Medelye								Onsimpatiek
Kenbaar (<i>Wil</i>)								Onbekend

Doeltreffendheid (Aksie)

[illegible]

ADDENDUM C

Oorsake van verwerping

1. Dui die intensiteit van die oorsake aan:

Oorsake	Minder	Min	Meer	Meeste

2. Verken die emosionele belewenis rondom elke oorsaak:

Oorsake	Emosionele belewenis

3. Formulering van denkpatroon rondom oorzaak

[illegible]

ADDENDUM D

TUISWERKOPDRAGTE TEN OPSIGTE VAN VREES, SKULD EN SKAAMTE

Tuiswerkopdrag 1: **Vrees**

TUISOPDRAG:

1. Watter invloed dink jy het die persone wat jou verwerp gehad of het nog steeds op jou belewenis van vrees?
2. In watter mate dra jou belewenis van vrees by tot jou probleemsituasie?
3. Watter rol het vrees of speel vrees nog steeds in jou manier van funksionering en die keuses wat jy maak?
4. Tot hoe 'n groot mate isoleer jy jouself van God en ander as gevolg van jou belewenis van vrees?

Tuiswerkopdrag 2: **Skuld**

TUISOPDRAG:

1. Watter rol speel skuld in jou optrede en in die keuses wat jy maak?
2. Tot watter mate verontskuldig jy jouself en blameer jy ander en God vir jou omstandighede en gevoelens van skuld?
3. Hoe probeer jy om jou skuldgevoelens te bowe te kom?
4. Hoe geslaagd is jy in jou pogings om jou skuldgevoelens te bowe te kom?

Tuiswerkopdrag 3: **Skaamte**

TUISOPDRAG:

1. Watter rol speel skaamte in jou optrede en die keuses wat jy maak?
2. Tot watter mate isoleer jy jouself van ander en God as gevolg van skaamte?
3. Op watter manier probeer jy jou skaamte te bowe te kom?
4. Hoe geslaagd is jou pogings om jou skaamte te bowe te kom?

ADDENDUM E

Gebruik met toestemming van Perspektief Opleidingskollege

Primêre Binneprentjies

Liefde



Posisie



Waarde



Aggressief



Aanmatigend



Selfverheffing



Bang



Skuld



Nikswerd (Skaamte)



Sekondêre Binneprentjies

Verward/Deurmekaar



Dom

Verwerp



Minderwaardig

Hoogmoed/Trots



Misbruik

Mislukking



Onbelangrik

Kwaad



Lelik



Slagoffer



Verward



Seer



Leeg



Dood



Vernederd



Verkleineerd



Onwelkom



Eensaam



Opstandig



Moedeloos



Wantrouig



Verlate



Hartseer



Nie goed genoeg nie



Gesin- Pas nie in nie



Haat



ADDENDUM F

TUISWERKOPDRAGTE TEN OPSIGTE VAN EMOSIES

Gebruik met die toestemming van Perspektief Opleidings Kollege

1. Maak 'n lys van al jou primêre en sekondêre emosies.
2. Wie of wat was verantwoordelik vir hierdie emosies?
3. Watter invloed het hierdie emosies op my verhouding met God, myself en ander?
4. Hoe probeer ek om my emosies te verwerk?
5. Watter invloed het my emosies op my gevoel van vrees, skuld en skaamte?
6. Hoe reageer ek vanuit my gevoel van vrees, skuld en skaamte?

Primêre Binneprentjies

Liefde



Posisie



Waarde



Aggressief



Aanmatigend



Selfverheffing



Bang



Skuld



Niks werd (Skaamte)



Sekondêre Binneprentjies



ADDEMDUM G

Gebruik met toestemming van Perspektief Opleidingskollege

BSN*-Prentjies, AAS*-Gedrag, LPW*-Doelwit en Gevolge


Doelwit / Behoeft				
	Liefde	Posisie	Waarde	▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
Hoe tree ek op en waarom?	Aggressief	Aanmatigend	Selfverheffend	▼
				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
▲				▼
Watter binneprentjie is gesneller?				▼
	Bang	Skuld	Skaamte Niks werd	▼

* BSN / BSS = Bang, Skuld, Niks werd (Skaamte); *AAS = Aggressief, Aanmatigend, Selfverheffend;

*LPW = Liefde, Posisie, Waarde

ADDENDUM H

GEDAGTEBEHEER



DIT BEGIN MET 'N GEDAGTE



GEDAGTES
GEDAGTES LEI TOT
EMOSIES




EMOSIES
EMOSIES LEI TOT
GEDRAG



GEDRAG
GEDRAG VERSTERK
JOU GEDAGTES

Neem besluit - Ek leef nie meer in eie belang nie, maar in GOD se belang.



JOU NUWE IDENTITEIT



- 1 Doen selfondersoek
- 2 Kom tot selfinsig
- 3 Besluit om God se wil te doen
- 4 Maak keuse

KONSTANTE VERNUWING VAN GEDAGTES

BEWAAK JOU  DEUR TE KIES

1 ERKEN negatiewe gedagtes	2 LÊ AF bely en vergewe spreek vry	3 OEFEN bedink positiewe dinge
4 VUL gedagtes met GOD se Woord	5 TRIOMFEER in Christus lewe in oorwinning	6 BEHAAL

oorwinning